

**'n Korpuslinguistiese ondersoek  
na pragmatiese merkers  
in Omgangsafrikaans**

**Annamarie Fourie**

**'n KORPUSLINGUISTIESE ONDERSOEK NA  
PRAGMATIESE MERKERS IN OMGANGSAFRIKAANS**

deur

**ANNAMARIE FOURIE**

voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

**STUDIELEIER: PROF E.O. SAAL**

Januarie 2020

**Studentenommer: 33786313**

# Verklaring

**Naam: Annamarie Fourie**

**Studentenommer: 33786313**

**Kwalifikasie: MA(Afrikaans)**

## **'n KORPUSLINGUISTIESE ONDERSOEK NA PRAGMATIESE MERKERS IN OMGANGSAFRIKAANS**

Ek verklaar hiermee dat die bogenoemde verhandeling my eie werk is en dat al die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui en erken is deur volledige verwysing.

Ek verklaar voorts dat ek die verhandeling onderwerp het aan sagteware wat die oorspronklikheid daarvan nagegaan het en dat dit aan die vereistes van oorspronklikheid voldoen.

Ek verklaar voorts dat ek nog nooit voorheen hierdie werk, of enige gedeelte daarvan, voorgelê het vir eksaminering by Unisa of enige ander hoërsonderwysinstelling nie.



\_\_\_\_\_

Handtekening

24/01/2020

\_\_\_\_\_

Datum

## Opsomming

Pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans dien as belangrike kontekstualiseringswenke. Dit rig gespreksgenote in terme van uitingrelevansie en stel die spreker in staat om, op bondige wyse, 'n houding teenoor die proposisie van die uiting te openbaar. Dit dra ook by tot die gesprekstruktuur. Die sistematiese ondersoek na pragmatiese merkers volg 'n eklektiese benadering: die relevansieteorie, grammatikalisasieteorie, diskoersanalise, sosiopragmatiek en korpuslinguistiek word ingespan om die verskynsel te bestudeer en te verklaar. Die pragmatiese merkers “rêrig/regtig”, “oukei”, “soos”, “hoor” en “weet” is bestudeer aan die hand van die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (PO) vanweë hul hoë gebruiksfrekwensie in die korpus. 'n Vergelyking van die gebruiksfrekwensies van hierdie pragmatiese merkers onder verskillende groeperinge van sprekers toon aan dat jong, volwasse en bejaarde mans en vroue dit verskillend gebruik. Die onderskeie funksies bied voorts leidrade waardeur die grammatikalisasie van pragmatiese merkers nagespeur kan word. Dit wil voorkom asof jong vroulike sprekers die voortou neem in die gebruik en ontwikkeling van pragmatiese merkers teenoor jong manlike sprekers. Die studie het verder bevind dat veral volwasse vroulike sprekers aktief bydra tot die ontwikkeling van hierdie pragmatiese merkers.

## Abstract

Pragmatic markers in interactional Afrikaans serve as important contextualising cues. They guide interlocutors as to the relevance of utterances and equip the speaker to signal an attitude towards the proposition of the utterance in a succinct way. They also contribute to the conversation structure. The systematic investigation of pragmatic markers follows an eclectic approach: relevance theory, grammaticalisation theory, discourse analysis, sociopragmatics and corpus linguistics are engaged in order to study and explain the phenomenon. The pragmatic markers “rêrig/regtig”, “oukei”, “soos”, “hoor” en “weet” are studied on the basis of the Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (PO) owing to their high frequency in the corpus. A comparison of the usage frequencies of these pragmatic markers among various groups of speakers indicates that young, adult and elderly men and women use them differently. The respective functions offer clues by which the grammaticalisation of pragmatic markers may be traced. It appears that young female speakers take the lead in the use and development of pragmatic markers compared to young male speakers. The study further found that especially adult female speakers contribute actively to the development of these pragmatic markers.

# Tshobokanyo

Matshwao a puo mo puong ya kgolagano ya Afrikaans a dira jaaka matshwao a botlhokwa a bokao. A kaela babui ka bomaleba jwa dipuo le go thusa sebui go bontsha maikutlo malebana le polelo e e tshitshinngwang ka boripana. Gape a tshwaela mo sebopegong sa puisano. Tshekatsheko e e rulaganeng ya matshwao a puo e ne e dirisa mekgwa e e farologaneng: tiori ya bomaleba, tiori ya tiriso ya thutapuo, tshekatsheko ya puisano, matshwao a puoloago le thuto ya dipuo e e lebelelang dikwalo tse di gona (corpus linguistics) di dirisitswe go batlisisa le go tlhalosa dikgagamatso tseo. Matshwao a puo a “rêrig/regtig”, “oukei”, “soos”, “hoor” le “weet” a batlisisitswe go lebeleletse *Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans* (PO) ka ntlha ya go nna teng ga ona thata mo dikwalong. Tshwantshanyo ya seelo sa tiriso ya matshwao ano a puo magareng ga ditlhopho tsa dibui e supa gore bašwa, bagolo le bagodi ba banna le basadi ba a dirisa ka ditsela tse di farologaneng. Ditiro tse di rileng di bontsha disupi tse ka tsona go ka latedisiwang tiriso ya thutapuo ya matshwao a puo. Go bonala fa dibui tsa bašwa ba basadi di eteletse pele mo tirisong le kgodisong ya matshwao a puo fa di ntshwantshannngwa le dibui tsa banna. Thutopatlisiso e fitlheetse gape gore dibui tsa bagolo ba basadi bogolosegolo di tshwaela ka botlhaga mo kgodisong ya matshwao ano a puo.

## Key Terms / Sleutelwoorde

Pragmatic markers, corpuslinguistics, grammaticalization, discourse, sociolinguistics, sociopragmatics, gender, intensifiers, quotative, appealers, vague category markers, focus marker, hedge, Afrikaans, vernacular, conversations.

Pragmatiese merkers, korpuslinguistiek, grammatikalisasie, diskoers, sosiolinguistiek, sosiopragmatiek, geslag, intensiveerders, kwotatiewe, appelleerders, vae kategoriemerkers, fokusmerkers, skermers, Afrikaans, omgangstaal, gesprekke.

# Bedankings

Alle eer aan my hemelse Vader vir die gesondheid, krag en genade wat ek ontvang het om hierdie werk te voltooi. Sonder U sou dit eenvoudig nie moontlik gewees het nie.

Baie dankie aan my man, Erik, wat my altyd sonder voorbehoud ondersteun en liefhet. Jy was vir drie jaar dikwels ma én pa vir ons kinders. Hierdie stuk werk is net soveel joune as myne. Ek is baie lief vir jou. Dankie ook aan my kinders, Barend en Philippa, wat verstaan het as ek moes werk en nie kon saamspeel, sportbyeenkomste kon bywoon of slaapydstories kon lees nie. Veral dankie dat julle so selfstandig huiswerk en take gedoen het. Julle is my hart se punte.

Hartlike dank aan my studieleier, professor Elvis Saal, vir die bekwame, dog deernisvolle wyse waarop jy my begelei het in hierdie studie. Jy het, selfs te midde van groot persoonlike omwentelinge, die ure ingesit om te lees en te herlees. Die gesprekke met jou was telkens rigtinggewend en 'n bron van inspirasie. Jou goeie raad, jou medemenslikheid en jou algemene lewenswysheid sal my nog lank bybly.

Dankie ook aan almal wat my kinders gevoer en vervoer het, etes aangedra het, saam met my gebid en belangstelling getoon het. 'n Besonder innige dankie aan Maria Skosana wat so blymoedig my huishouding aan die gang help hou het.

Adéle Vorster, baie dankie vir jou harde werk met die taalversorging. Jy het 'n groot bydrae gemaak tot die gehalte van die werk.

Aan die veldwerkers wat gehelp het om data in te samel en te transkribeer: Baie dankie! Veral groot dank aan Magdel du Toit, Amanda Kaltwasser en Surina Cloete en aan elkeen wat bereid was om aan hierdie studie deel te neem en "in die masjien te praat". Ek hoop dat hierdie studie reg sal laat geskied aan julle bydrae. Dankie ook aan KykNet wat die opnames van die program "Sêr" goedgunstiglik aan my beskikbaar gestel het.

Vir finansiële steun bedank ek graag die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat 'n beurs toegestaan het vir hierdie navorsing.



# Inhoudsopgawe

VERKLARING .....	II
OPSOMMING .....	III
ABSTRACT .....	IV
TSHOBOKANYO.....	V
KEY TERMS / SLEUTELWOORDE.....	VI
BEDANKINGS.....	VII
INHOUDSOPGAWE .....	VIII
LYS VAN TABELLE .....	XIV
LYS VAN FIGURE.....	XV
LYS VAN GRAFIEKE .....	XVI
LYS VAN AFKORTINGS.....	XVII
HOOFSTUK 1 : AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING .....	1
1.1 Agtergrond .....	1
1.2 Probleemstelling .....	2
1.3 Navorsingsvrae .....	4
1.4 Doelstellings.....	4
1.5 Navorsingsprosedure .....	5
1.6 Samevatting en vooruitskouing .....	6
HOOFSTUK 2 : PRAGMATIESE MERKERS .....	7
2.1 Inleiding .....	7
2.2 Definisie van pragmatiese merkers .....	7
2.3 Vasstelling van terminologie.....	8

<b>2.4 Kenmerke van pragmatiese merkers .....</b>	<b>10</b>
<b>2.5 Die funksies van pragmatiese merkers .....</b>	<b>12</b>
2.5.1 Verskillende funksionaliteitsvlakke .....	12
2.5.2 Klassifikasie volgens funksie.....	14
2.5.2.1 Die diskoersdomein.....	16
2.5.2.2 Die sosiale domein.....	22
2.5.2.3 Die metalinguistiese domein.....	25
<b>2.6 Hoofstuksamevatting.....</b>	<b>30</b>
 <b>HOOFSTUK 3 : TEORETIESE BEGRONDING EN LITERATUUROORSIG .....</b>	<b>32</b>
 <b>3.1 Inleiding .....</b>	<b>32</b>
<b>3.2 Teoretiese raamwerk .....</b>	<b>34</b>
3.2.1 Die relevansieteorie .....	34
3.2.2 Diskoersanalise .....	37
3.2.2.1 Gesprekskoherensie .....	37
3.2.2.2 Beurtwisseling.....	39
3.2.3 Samevatting.....	40
<b>3.3 Grammatikalisasie .....</b>	<b>41</b>
<b>3.4 'n Sosiopragmatiese benadering.....</b>	<b>45</b>
3.4.1 Ouderdom as sosiopragmatiese veranderlike .....	46
3.4.1.1 Pragmatiese merkers in jeugtaal .....	46
3.4.1.2 Sosiopragmatiese studies van die kwotatiefmerker .....	48
3.4.1.3 'n Leeftydperspektief op pragmatiese merkers.....	49
3.4.1.4 Samevatting .....	51
3.4.2 Geslag as sosiopragmatiese veranderlike.....	52
<b>3.5 Hoofstuksamevatting en vooruitskouing .....</b>	<b>54</b>

<b>HOOFSTUK 4 : METODOLOGIE .....</b>	<b>56</b>
<b>4.1 Inleiding .....</b>	<b>56</b>
<b>4.2 Die korpuslinguistiek as ondersoekmetode.....</b>	<b>56</b>
4.2.1 Waarde van korpuslinguistiese metodes.....	56
4.2.2 Korpuslinguistiek en sosiolinguisiek .....	57
4.2.3 Die korpusgrootte .....	58
<b>4.3 Samestelling van die Omgangsafrikaanse korpus .....</b>	<b>59</b>
4.3.1 Keuse van deelnemers .....	60
4.3.2 Versameling van die gesproke data .....	61
4.3.2.1 Die korpus van Jong Omgangsafrikaans (JO) .....	61
4.3.2.2 Die korpus van Volwasse Omgangsafrikaans (VO) .....	62
4.3.2.3 Die korpus van Bejaarde Omgangsafrikaans (BO) .....	63
<b>4.4 Kwessies rondom die samestelling van die gesproke korpus .....</b>	<b>63</b>
4.4.1 Etiese klaring .....	63
4.4.2 Waarnemersparadoks.....	64
4.4.3 Transkripsiekwessies.....	65
4.4.2.1 Beperkinge.....	65
4.4.2.2 Transkripsiemetode.....	67
4.4.4 Metodologiese kwessies .....	69
4.4.5 Die indeling van subkorpora.....	69
<b>4.5 Dataverwerking en korpuslinguistiese funksies.....</b>	<b>71</b>
4.5.1 Woordelys.....	72
4.5.2 N-gramme.....	72
4.5.3 Konkordansie.....	73
4.5.4 Sleutelwoordanalise.....	74
4.5.5 Kollokasies .....	76
<b>4.6 Hoofstuksamevatting en vooruitskouing .....</b>	<b>77</b>
<b>HOOFSTUK 5 : ONTLEDING VAN DIE KORPUSDATA.....</b>	<b>78</b>
<b>5.1 Inleiding .....</b>	<b>78</b>

<b>5.2 Oorwegings by 'n korpusontleding van pragmatiese merkers .....</b>	<b>80</b>
<b>5.3 Ontleding van frekwente pragmatiese merkers in die korpus .....</b>	<b>82</b>
5.3.1 “Rêrig/regtig” .....	82
5.3.1.1 Oriëntasie.....	82
5.3.1.2 Frekwensie van die pragmatiese merker “rêrig/regtig” in die PO .....	84
5.3.1.3 “Rêrig/regtig” se pragmatiese funksies in die PO .....	85
5.3.1.4 Vergelyking van funksies op grond van ouderdom.....	91
5.3.1.5 Vergelyking van funksies op grond van geslag .....	92
5.3.1.6 “Rêrig” en “regtig” – eenders en anders .....	94
5.3.1.7 Samevatting.....	97
5.3.2 “Oukei” .....	98
5.3.2.1 Oriëntering.....	98
5.3.2.2 Gebruiksfrekwensie van “oukei” as pragmatiese merker .....	99
5.3.2.3 Funksies van “oukei” .....	101
5.3.2.4 Samevatting.....	115
5.3.3 “Soos” .....	116
5.3.3.1 Hoe konvensioneel is konvensioneel? Die vergelykende gebruik van “soos” .....	118
5.3.3.2 “Soos” as pragmatiese merker.....	125
5.3.3.3 Samevatting.....	141
5.3.4 “Hoor” en “hoor hier(so)” .....	142
5.3.4.1 “Hoor” as appelleerder .....	143
5.3.4.2 “Hoor hier(so)” .....	144
5.3.5 “Weet jy (wat)”, “jy weet” en “ek weet nie” .....	148
5.3.5.1 Die fokusmerker “weet jy (wat)” .....	148
5.3.5.2 Die appelleerder “jy weet” .....	150
5.3.5.3 Die skermer “ek weet nie” .....	152
5.3.5.4 Samevatting .....	153
<b>5.4 Samevatting van die data-analise .....</b>	<b>154</b>

<b>HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS .....</b>	<b>157</b>
<b>6.1 Inleiding .....</b>	<b>157</b>
<b>6.2 Opsomming van hoofstukke .....</b>	<b>157</b>
<b>6.3 Bespreking van navorsingsvrae .....</b>	<b>158</b>
6.3.1 Algemeen gebruiklike pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans .....	158
6.3.2 Die funksies van pragmatiese merkers .....	159
6.3.2.1 Die funksies van “rêrig/regtig” .....	159
6.3.2.2 Die funksies van “oukei” .....	160
6.3.2.3 Die funksies van “soos” .....	163
6.3.2.4 Die funksies van “hoor” en “hoor hier(so)” .....	167
6.3.2.5 Die funksies van “jy weet”, “weet jy (wat)” en “ek weet nie” .....	167
6.3.3 Pragmatiese merkers en die veranderlikes ouderdom en geslag .....	168
6.3.3.1 Die gebruiksfrekwensie van “rêrig/regtig” ten opsigte van ouderdom en geslag	
169	
6.3.3.2 Die gebruiksfrekwensie van “oukei” ten opsigte van ouderdom en geslag ...	170
6.3.3.3 Die gebruiksfrekwensie van “soos” ten opsigte van ouderdom en geslag ....	171
6.3.3.4 Die gebruiksfrekwensie van “hoor” en “hoor hier(so)” ten opsigte van ouderdom	
en geslag .....	172
6.3.3.5 Die gebruiksfrekwensie van “jy weet”, “weet jy (wat)” en “ek weet nie” ten	
opsigte van ouderdom en geslag .....	173
<b>6.4 Gevolgtrekkings .....</b>	<b>173</b>
<b>6.5 Beperkinge van die studie .....</b>	<b>179</b>
<b>6.6 Bydrae van die navorsing .....</b>	<b>180</b>
<b>6.7 Voorstelle vir verdere navorsing .....</b>	<b>180</b>
<b>6.8 Finale refleksie .....</b>	<b>182</b>
<b>VERWYSINGS .....</b>	<b>183</b>
<b>BYLAAG A: DEMOGRAFIESE INLIGTING VAN DEELNEMERS .....</b>	<b>194</b>

<b>BYLAAG B: VOORBEELD VAN TRANSKRIPSIE .....</b>	<b>202</b>
<b>BYLAAG C: WOORDELYSTE VAN DIE PO SE SUBKORPORA.....</b>	<b>204</b>
<b>BYLAAG D: SERTIFIKAAT VIR ETIESE KLARING .....</b>	<b>212</b>

## Lys van tabelle

Tabel 5.1:	Frekwensietelling van “rêrig/regtig” as pragmatiese merker in die subkorpora van die PO. ....	84
Tabel 5.2:	Frekwensietellings van “rêrig/regtig” as intensiveerder in die subkorpora van die PO.....	86
Tabel 5.3:	Frekwensietellings van “rêrig/regtig” as skermer in die subkorpora van die PO .....	89
Tabel 5.4:	Vergelyking van frekwensies van “rêrig” en “regtig” in die subkorpora van die PO.....	95
Tabel 5.5:	Frekwensietellings van “oukei” as pragmatiese merker in die subkorpora van die PO.....	100
Tabel 5.6:	Frekwensietellings van “oukei” as fokusmerker in die subkorpora van die PO .....	111
Tabel 5.7:	Frekwensietellings van “soos” as pragmatiese merker in die subkorpora van die PO.....	125
Tabel 5.8:	Frekwensietellings van “soos” as fokusmerker in die subkorpora van die PO .....	127
Tabel 5.9:	Frekwensietellings van “soos” as skermer in die subkorpora van die PO ...	130
Tabel 5.10:	Frekwensietellings van “soos” as skermer-fokusmerker in die subkorpora van die PO .....	132
Tabel 5.11:	Frekwensietellings van “soos” as kwotatiefmerker in die subkorpora van die PO .....	141
Tabel 5.12:	Frekwensietellings van “hoor” in die subkorpora van die PO .....	144
Tabel 5.13:	Frekwensietellings van die fokusmerker “hoor hierso” in die subkorpora van die PO.....	146
Tabel 5.14:	Frekwensietellings van die fokusmerker “weet jy (wat)” in die subkorpora van die PO .....	150
Tabel 5.15:	Frekwensietellings van die appelleerder “jy weet” in die subkorpora van die PO .....	151
Tabel 5.16:	’n Vergelyking van genormaliseerde frekwensies (per 1 000 woorde) van pragmatiese merkers.....	155
Tabel 6.1:	’n Vergelyking van genormaliseerde frekwensies (per 1 000 woorde) van pragmatiese merkers.....	174

## Lys van figure

Figuur 4.1	Die n-gram “weet jy wat nè” in konteks met behulp van die konkordansie-funksie .....	73
Figuur 4.2:	Resultate van ’n sleutelwoordanalise by vergelyking van die JO en die VO ....	75
Figuur 4.3:	Sleutelwoord-instrumentinstellings .....	75



## Lys van grafieke

Grafiek 5.1:	Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in die JO .....	85
Grafiek 5.2:	Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in die VO .....	85
Grafiek 5.3:	Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in MJO .....	93
Grafiek 5.4:	Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in VJO .....	93
Grafiek 5.5:	Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in MVO.....	93
Grafiek 5.6:	Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in VVO .....	93
Grafiek 5.7:	JO-funksieverspreiding van "regtig" .....	96
Grafiek 5.8:	JO-funksieverspreiding van "rêrig".....	96
Grafiek 5.9:	VO-funksieverspreiding van "regtig" .....	96
Grafiek 5.10:	VO-funksieverspreiding van "rêrig" .....	96
Grafiek 5.11:	'n Vergelyking van "hoor hier(so)" as eerste woord van 'n kwotatief met die totale voorkomste in die subkorpora van die PO .....	147

# Lys van afkortings

## Korpora en subkorpora van hierdie studie<sup>1</sup>

PO Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans

JO Jong Omgangsafrikaans

VJO Vroulike, jong Omgangsafrikaans

MJO Manlike, jong Omgangsafrikaans

VO Volwasse Omgangsafrikaans

VVO Vroulike, volwasse Omgangsafrikaans

MVO Manlike, volwasse Omgangsafrikaans

BO Bejaarde Omgangsafrikaans

VBO Vroulike, bejaarde Omgangsafrikaans

MBO Manlike, bejaarde Omgangsafrikaans

## Ander akronieme

BNC Britse Nasionale Korpus

COLT Bergenkorpus van Londense Tienertaal

DECTE Diachronic Electronic Corpus of Tyneside English

FAC Female Adult Corpus

ICE-SA International Corpus of English – South African English

LLC London-Lund Corpus

VKM's Vae kategoriemarkers

---

<sup>1</sup> Hierdie is nie algemeen aanvaarde afkortings nie. Die gebruiksfrekwensie hiervan is wel baie hoog in dié studie, daarom is afkortings hiervoor geskep om sodoende die leesbaarheid daarvan in die teks te vergemaklik.

# Hoofstuk 1 : Agtergrond en probleemstelling

*Die waarneming van die omgangstaal gee die mees sistematiese data vir die analise van linguistiese struktuur... (Du Plessis, 1995:93)*

## 1.1 Agtergrond

Pragmatiese merkers kan kortliks beskryf word as verbale kontekstuele leidrade (Aijmer, 2002:2) wat losweg verbind is aan die sintaktiese en semantiese raamwerk van 'n uiting (Torgersen, Gabrielatos, Hoffmann & Fox, 2011:95). Dit dra pragmatiese inligting oor en beïnvloed gevolglik die wyse waarop 'n uiting verstaan word (vgl. Andersen, 2014:17). Tydens gesproke kommunikasie dra hierdie woorde of woordklusters by tot gespreksamehang, omdat dit aan die luisteraar leidrade verskaf oor die wyse waarop die uiting geïnterpreteer moet word (Foolen, 2012:217; Schiffrin, 1987:22).

Nie alle variëteite van 'n taal vertoon dieselfde pragmatiese merkers nie en dieselfde merkers word ook nie op dieselfde wyse in al die variëteite gebruik nie. Niestandaardvariëteite toon byvoorbeeld dikwels 'n ryker verskeidenheid pragmatiese merkers as die standaardtaal. (Foolen, 2012:222). Volgens Östman (1982:147) kom pragmatiese merkers meestal voor in spontane spraak. 'n Gesproke korpus van informele Afrikaans behoort dus 'n wye reeks voorbeelde van pragmatiese merkers te bevat.

Gegewe die aantal studies en publikasies oor pragmatiese merkers en verwante onderwerpe in die buiteland, is dit duidelik dat dit 'n aktuele en relevante taalkundige navorsingsgebied is (vgl. Foolen, 2012; Schiffrin, 2003). Die meervoudige funksies daarvan, die rol wat dit speel in die ontwikkeling en handhawing van gesprekke en die frekwente voorkoms daarvan in spreektaal is, volgens Romero-Trillo (2015:1), van die redes waarom pragmatiese merkers gedurende die laaste paar dekades toenemend ontleed en beskryf is. Boonop vergemaklik beskikbare korpussagteware sistematiese ondersoeke na hierdie woordvorme in werklike taalvoorbeelde (Foolen, 2012:221).

Pragmatiese merkers is van nature vloeibaar en uitruilbaar binne 'n sinstruktuur. Gevolglik word nuwe woorde en woordkombinasies voortdurend as pragmatiese merkers geïnkorporeer (vgl. Romero-Trillo, 2019:3-4). Die verspreiding en integrasie van sulke “nuwe vorme<sup>2</sup>” in die

---

<sup>2</sup> Hierdie “nuwe vorme” verwys nie noodwendig na totaal nuwe woorde nie, maar meer dikwels na bestaande woorde wat funksieverskuiwing (grammatikalisasie) ondergaan om algaande minder grammatikale en meer pragmatiese funksies in uitings uit te voer.

taalgemeenskap bied 'n gulde geleentheid om sosiolinguistiese variasie sinchronies te bestudeer deur te bepaal hoe vinnig so 'n vorm aanvaar kan word, wie dit aanvaar en watter linguistiese en sosiolinguistiese norme daarop van toepassing gemaak kan word (Terraschke, 2013:60).

## 1.2 Probleemstelling

Resente ondersoeke na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans is uiters beperk. Die term “Omgangsafrikaans” word hier aangewend om te verwys na die spreektaalvorme van Afrikaans wat in ontspanne, intieme, niegemoniteerde kontekste voorkom soos tussen vriende – d.w.s. die spreektaal wat geassosieer word met informele situasies. Omgangsafrikaans sluit die geografiese en sosiale dialekte van Afrikaans, asook verskillende registervariëteite soos onder andere Tienerafrikaans, sleng en gesinstaal in (vgl. Ponelis, 1992:5, Saal & Lawrence, 2019:8). Omgangsafrikaans word in die literatuur gestel teenoor Standaardafrikaans wat “'n hoër aansien” geniet en “meer verhewe en versorg” is, terwyl Omgangsafrikaans “as spreektaal dien” en dus as laefunksietaalvorm gereken word (Du Preez, 2004:122).

Sover vasgestel kan word, is daar byvoorbeeld nog geen ondersoeke gedoen na die mate waarin sosiale veranderlikes korreleer met die aard, rol en funksies van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans nie. Hierdie studie het ten doel om hierdie leemte aan te spreek.

Die gebrek aan uitgebreide ondersoeke wat gebaseer is op spontane gesproke taalkorpora, moet gesien word in die konteks dat die insameling van gesproke data nie net tydrowend is nie, maar ook gepaardgaan met etiese uitdagings wat die insamelingsproses kan vertraag en bemoeilik. Die enigste bestaande Afrikaanse spreektaalkorpora wat opgespoor kon word, is:

1. Die Afrikaanse spreektaalkorpus<sup>3</sup> van die RAU-taaldiens wat in 1982 verskyn het (Kroes, 1982). Hierdie korpus is, sover vasgestel kon word, slegs beskikbaar in gedrukte formaat wat soektogte bemoeilik. Uit die aard van die saak is die taalvoorbeelde hierin vervat boonop ten minste 37 jaar oud.
2. Die Ponelis-korpus van gesproke Afrikaans (Ponelis, 1976) wat bestaan uit getranskribeerde radio-onderhoude, lesings en mondelinge vertellings wat in die vroeë 1970's ingesamel is. Dit bestaan uit ongeveer 500 000 woorde (Van Huyssteen, 2018:2).

---

<sup>3</sup> Die spontane korpus maak deel uit van 'n groter Afrikaanse spreektaalkorpus wat bestaan uit drie subkorpora, naamlik die hoofkorpus, die SAUK-korpus en die spontane korpus.

3. Die Van Rooy-korpus (34 899 woorde) bestaan uit getranskribeerde gesprekke en lesings.
4. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se spraakkorpus 1.0 wat bestaan uit 50 uur se transkripsies van die projek “Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare” (VivA, 2014, vgl. Van Huysteen, Botha & Antonites 2016).

Die gebrek aan Afrikaanse spreektaalkorpora is gevolglik ’n wesenlike korpusuitdaging waarmee linguïste te kampe het. Die samestelling van ’n korpus met omgangstaalvoorbeelde vul ’n wesenlike leemte in taalnavorsing. Só ’n korpus kan boonop as basis dien vir latere vergelykende diachroniese taalstudies.

’n Sistematiese ondersoek na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans kan lig werp op (i) die tipe pragmatiese merkers wat in Omgangsafrikaans voorkom en hul funksies, (ii) die frekwensie van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans, asook (iii) die potensiële generasie- en geslagsverskille wat waarneembaar is by die gebruik van sekere pragmatiese merkers.

Eerstens is dit tans onbekend watter pragmatiese merkers in gesproke Afrikaans gebruik word en die funksies daarvan. Pragmatiese merkers kom in alle tale voor (Romero-Trillo, 2019:4) en dit kan ook oor taalgrense heen geleen word (Andersen, 2014). Östman (1982:148) argumenteer dat pragmatiese merkers in verskillende tale ooreenkomste toon in terme van die linguïstiese kenmerke daarvan en dat pragmatiese merkers in een taal ’n ooreenkomstige pragmatiese merker in ’n ander taal sal hê wat funksie betref. Studies wat pragmatiese merkers ondersoek, is geredelik beskikbaar vir vele tale, maar daar is, sover vasgestel kon word, nog geen omvattende korpusgebaseerde studie na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans onderneem nie. Die enkele werke wat wel beskikbaar is, is gebaseer op ’n meer formele Afrikaans (vgl. Van Niekerk, 1992, 1994), intuïtiewe voorbeelde en vertaalde voorbeelde uit buitelandse bronne (vgl. De Bruyn, 1998). Vanuit ’n sosiolinguïstiese oogpunt is dit problematies, aangesien “[d]ie beste voorbeeld van omgangstaal versamel [word] in die informeelste opnamesituasie” en sosiolinguïstiese ondersoeke behoort gebaseer te wees “op ’n korpus van goeie data uit die spontane spraak” (Du Plessis, 1995:93).

Tweedens is daar, sover vasgestel kon word, geen data beskikbaar oor die frekwensie van pragmatiese merkers in hedendaagse Omgangsafrikaans nie. Internasionale navorsing toon dat pragmatiese merkers besonder frekwent voorkom in die meeste tale en veral gesproke taal (De Bruyn, 1998:127, Wierzbicka, 1991:341). In Adolphs en Carter (2013:68) se korpuslinguïstiese ondersoek na pragmatiese merkers bevind hulle dat Engelse gesprekke deurspek is met pragmatiese merkers en dat dit ’n fundamentele rol speel in gesproke

interaksie. Pragmatiese merkers is onder die top tien woordvorme in Engelse gesproke korpora, volgens Allwood (1996, soos aangehaal deur Adolphs & Carter, 2013:68). Marais (2005:25; 55-56; 95) toon aan dat die gebruik van pragmatiese merkers kenmerkend is van Tienerafrikaans, maar geen kwantitatiewe aanduiding van presies hoe frekwent dit voorkom, word verskaf nie.

Derdens is, sover bepaal kon word, nog geen data beskikbaar oor die generasie- en geslagsverskille in soverre dit die gebruik van pragmatiese merkers aangaan nie. In die internasionale literatuur wil dit voorkom asof jonger sprekers ander pragmatiese merkers as volwassenes verkies (vgl. Barbieri, 2008:71-72), dit meer frekwent gebruik (vgl. Laserna, Seih & Pennebaker, 2014:7) en ander funksies aan dieselfde merkers toeken (funksieuitbreiding) (vgl. Erman, 2001:1356). Hierdie tipe vergelykende data is egter nog nie vir Afrikaans ontgin nie. Marais (2005:25, 55-56, 95) toon wel aan dat Afrikaanse tieners sekere pragmatiese merkers gebruik, maar geen vergelyking word getref met ouer sprekers se gebruik daarvan nie. Die verskil tussen mans en vroue se gebruik van pragmatiese merkers is ook nog nie vir Afrikaans ondersoek nie.

Ten einde antwoorde op hierdie onbeantwoorde vrae te verskaf, is 'n korpus van informele Afrikaanse gesprekke saamgestel en geanaliseer. Dié analise lei tot afleidings oor die tipe pragmatiese merkers wat in Omgangsafrikaans gebruik word asook die funksies, frekwensie en verspreiding daarvan onder sprekers van verskillende ouderdomme en geslagte.

### **1.3 Navorsingsvrae**

Die navorsingsvrae wat hierdie studie wil beantwoord, is die volgende:

1. Watter pragmatiese merkers word frekwent in Omgangsafrikaans gebruik?
2. Watter funksies vervul pragmatiese merkers in Afrikaans en wat lê ten grondslag van hierdie frekwente funksiegebruike?
3. Watter gebruiksfrekwensie toon pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans ten opsigte van die ouderdom en geslag van sprekers?

### **1.4 Doelstellings**

Die primêre doelstellings van die studie kan soos volg geformuleer word:

1. Om te bepaal watter Afrikaanse pragmatiese merkers frekwent in die geselekteerde Pretoriaanse Omgangsafrikaanse korpus gebruik word.
2. Om te bepaal wat die funksies van hierdie pragmatiese merkers in Afrikaans is en wat ten grondslag van hierdie funksiegebruike lê.
3. Om die gebruiksfrekwensie van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans ten opsigte van die ouderdom en geslag van sprekers te bepaal.

Die sekondêre doelstelling van die studie behels die saamstel van 'n pragmaties geannoteerde korpus van Pretoriaanse Omgangsafrikaans.

## 1.5 Navorsingsprosedure

In die tydperk 2015-2018 is klankopnames gemaak van Afrikaanse informele gesprekke. Die deelnemers, tussen die ouderdomme van 18 en 94, het ten tyde van die opnames in Pretoria en onmiddellike omstreke gewoon en hulle is moedertaalsprekers van Afrikaans. Twee tot agt deelnemers neem aan die gesprekke deel. Daar is deurgaans gepoog om die gesprekke baie informeel en gemaklik te hou. Die waarnemersparadoks is tot die minimum beperk deur sprekers die vryheid te gee om oor enige onderwerp te praat, in groepe waarin sprekers gemaklik was. Die meeste opnames is met 'n selfoon gemaak, omdat dit geblyk het dat sprekers gewoond was daaraan en dit dus die gesprek minimaal beïnvloed het.

Die opnames is voorts ortografies getranskribeer en geannoteer. Die transkripsies is geformateer tot 'n formaat wat gelees kan word deur die korpussagteware AntConc 3.5.8. Dié korpus staan bekend as die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (PO). Die PO is egter onderverdeel in 'n aantal subkorpora, naamlik:

- die Korpus van Jong Omgangsafrikaans waarna kortliks verwys sal word as die JO,
- die Korpus van Volwasse Omgangsafrikaans waarna kortliks verwys sal word as die VO, en
- die Korpus van Bejaarde Omgangsafrikaans waarna kortliks verwys sal word as die BO.

Elkeen van hierdie subkorpora is verder opgedeel in manlike en vroulike subkorpora. Na hierdie geslagsgebaseerde subkorpora word kortliks verwys deur 'n M vir manlik of 'n V vir vroulik vooraan die afgekorte benaming te plaas, daar word byvoorbeeld na die subkorpora wat die spraak van manlike jong sprekers bevat, verwys as die MJO en die subkorpora wat die spraak van vroulike volwasse sprekers bevat as die VVO. Die struktuur en grootte van die PO en die onderskeie subkorpora word deeglik uiteengesit in afdelings 4.3 en 4.4.

Die transkripsies is vervolgens kwantitatief geanaliseer deur van die korpussagteware gebruik te maak. Met die kwantitatiewe analise as grondslag en met behulp van die onderskeie funksies van die sagteware, is kwalitatiewe analise vervolgens gedoen ten einde die navorsingsvrae te beantwoord.

## **1.6 Samevatting en vooruitskouing**

In hierdie studie is 'n korpus van Afrikaanse Omgangstaal saamgestel waarin pragmatiese merkers aan die hand van die gestelde navorsingsvrae ondersoek sal word. Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal wat die funksionele aard en gebruiksuitbreiding van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans is.

In hoofstuk 2 word die konsep "pragmatiese merker" verduidelik en gedefinieer soos wat dit in die onderhawige studie gebruik sal word.

In hoofstuk 3 word die teoretiese raamwerk uiteengesit én 'n literatuuroorsig van relevante studies wat bepaalde waarde vir hierdie studie het, word gegee.

In hoofstuk 4 word die korpuslinguistiese metodologie en die samestelling van die PO-korpus beskryf.

In hoofstuk 5 word die resultate van die kwantitatiewe data-analise bespreek, tesame met kwalitatiewe afleidings wat op grond hiervan gemaak is.

In hoofstuk 6 word die gevolgtrekkings van die studie saamgevat en die navorsingsvrae beantwoord. Die beperkinge van die studie word verder belig en voorstelle vir verdere studie word aan die hand gedoen.



## Hoofstuk 2 : Pragmatiese merkers

*Pragmatic markers (PMs) can be described as those constructions [ ] that do not generally add any specific semantic meaning to the message but contribute to the cognitive processing of the message. In general terms, they are elements of language whose original propositional meaning has been modified as they have adopted a communicative status that weaves the net of discourse between the addresser, the addressee, and the context of a given message. (Romero-Trillo 2019:1)*

### 2.1 Inleiding

Gesproke kommunikasie is 'n komplekse proses waartydens gespreksgenote van verskeie kontekstuele leidrade gebruik maak wat die gespreksgenoot<sup>4</sup> se interpretasie van die uiting fasiliteer en rig (Aijmer, 2002:2). Interpretasie in hierdie sin verwys nie net na begrip van die proposisionele inhoud van 'n uiting nie. Dit verwys ook na 'n gespreksgenoot se grootliks intuïtiewe<sup>5</sup> begrip van die spreker se ingesteldheid, houding of gevoel rakende die proposisionele betekenis en ook wat die relevansie van 'n uiting in die konteks van die groter gesprek is. Kontekstuele leidrade sluit aspekte ekstern tot die gesprek in, soos die gespreksgenote, die kommunikasiekanaal, onderwerp, geleentheid, plek en aktiwiteit, maar ook paralinguistiese merkers soos liggaamstaal en prosodiese elemente, byvoorbeeld stemtoon, klem en nadruk. Kontekstuele leidrade kan egter ook verwys na sekere talige elemente wat gebruik word om leidrade aan gespreksgenote te verskaf oor die wyse waarop 'n bepaalde uiting meewerk tot die oordra van 'n bedoelde betekenis (vgl. Foolen, 2012:217). Dit is hierdie talige elemente, oftewel pragmatiese merkers, waaroor daar in hierdie hoofstuk uitgebrei sal word en wat die onderwerp van die huidige studie is.

### 2.2 Definisie van pragmatiese merkers

Pragmatiese merkers word in die konteks van hierdie korpuslinguistiese studie gedefinieer as talige elemente (woorde of kort frases) wat vanuit 'n verskeidenheid grammatikale klasse

---

<sup>4</sup> Die term "gespreksgenoot" word bo "hoorder" of "luisteraar" verkies, aangesien daar 'n verskil is tussen iemand wat deel uitmaak van die konteks van 'n gesprek en 'n toevallige "hoorder" of "luisteraar".

<sup>5</sup> Met "intuïtiewe" word hier bloot bedoel dat die spreker tot hierdie begrip kan kom sonder om baie diep na te dink oor die bepaalde kontekstuele leidrade wat die spreker gebruik. Dit impliseer dat die leidrade bekend is aan sprekers en hoorders, en interpretasie sal so te sê outomaties in 'n sekere rigting stuur.

gegrammatikaliseer<sup>6</sup> het tot merkers wat 'n belangrike tekstuele rol speel in die dinamiese opbou en samehang van 'n gesprek, bydra tot die sosiale interaksie tussen gespreksgenote en sprekers in staat stel om op 'n bondige wyse metalinguistiese inligting rakende 'n uiting te impliseer (vgl. Erman, 2001).

## 2.3 Vasstelling van terminologie

In die literatuur is daar geen eenstemmigheid oor die eienskappe, benoeming en klassifikasie van pragmatiese merkers nie. Die navorsingsterrein is boonop relatief nuut en algemene konsensus oor basiese terminologie is nog nie bereik nie. Verskillende outeurs gebruik verskillende terme vir groepe talige, kontekstuele leidrade wat soortgelyke gespreksfunksies verrig en/of soortgelyke sintaktiese vorm toon. Volgens Romero-Trillo (2019:1) is die verskillende benamings 'n nadraai van die veelvuldige kommunikatiewe en strukturele funksies wat hierdie merkers kan verrig. Adolphs en Carter (2013:68) meen die verskillende benamings is die gevolg van die diverse navorsingsbelange en verskillende analitiese kategorieë wat deur navorsers gebruik word.

Foolen (2012:218) bied 'n bruikbare opsomming van die verskillende benamings wat gebruik word om na, op die oog af, dieselfde of oorvleuelende groepe kontekstuele leidrade te verwys. Volgens hom is die algemeenste benaming wat in die Engelse literatuur aangetref word “discourse markers” gevolg deur “pragmatic markers”, “pragmatic particles”, “discourse particles” en “particles”. In die Duitse literatuur word daar na hierdie elemente verwys as modale partikels of “Abtönungspartikel” (Foolen, 2012:218).

In die Afrikaanse literatuur word wyduiteenlopende terme gebruik, wat insluit gespreksmerkers en gambiete (vgl. Van der Merwe, 1993; Van Jaarsveld & Van Niekerk, 1994; Van Niekerk, 1992 en 1994;), pragmatiese merkers (De Bruyn, 1998), diskoersmerkers (Carstens, 1997), verbandsmerkers (Jordaan, 2014), konjunksiemerkers (Fouché, Van den Berg & Olivier, 2017), wendingskakels en houdingsadjunkte (Ponelis, 1979:294-316).

Foolen (2012:218) kom egter tot die slotsom dat “pragmatic marker” die aangewese term is, aangesien die woord “pragmatic” (anders as “discourse”) neutraal is ten opsigte van die medium van kommunikasie en omdat “marker” (anders as byvoorbeeld “partikel”) neutraal is

---

<sup>6</sup> Grammatikalisasie word in afdeling 3.3 volledig bespreek. Dit kan kortliks beskryf word as die proses waardeur woorde geleidelik nuwe betekenis/funksies verwerf, betekenisverskuiwings ondergaan of in nuwe kontekste gebruik word.

ten opsigte van formele woordsoorte soos partikels, tussenwerpsels, bywoorde en voegwoorde. Andersen (2001:40) reken die beskrywing “pragmatiese” ondersteun die onspesifieke leksikale aard en die hoë mate van kontekssensitiwiteit wat hierdie merkers vertoon.

De Bruyn (1998:128), Fraser (1996:168) en Romero-Trillo (2019:1) gebruik die term “pragmatiese merker” om die oorhoofse kategorie te benoem. Hierdie navorsers sluit diskoersmerkers as subkategorie daarvan in.

Dit is uit die literatuur duidelik dat pragmatiese merkers (dikwels gelyktydig) op verskillende vlakke werkzaam is. Dit sou dus nie sinvol wees om merkers wat dikwels gesprekstrukturerend optree, voor die voet as diskoersmerkers te klassifiseer nie, aangesien hierdie merkers in ander kontekste byvoorbeeld gebruik kan word om sosiale interaksie te ondersteun en/of metalinguisties kan optree. Erman (1987) toon byvoorbeeld aan hoe die merker “you know” veral diskoersstrukturerend optree in die sinsinisiële of -eindposisies. In hierdie gevalle word “you know” onderskeidelik gebruik om die spreekbeurt te neem of prys te gee. Sy toon egter aan dat “you know” in die middelposisie dikwels gebruik word om die gespreksgenoot by die inhoud van die uiting te betrek. Soos in voorbeeld 1 suggereer “you know” dikwels gedeelde kennis wat ’n intiemer verhouding tussen die gespreksgenote impliseer en dus in hierdie geval sosiale interaksie ondersteun.

(1) <sup>7</sup>... which was extremely nice of him but he doesn't want to do you know and then it's not a question this chap has done plenty of them ... (Erman 1987:162)

Ná ’n indieptestudie van verbandhoudende literatuur is besluit dat die term “pragmatiese merker” in hierdie studie gebruik sal word. Dié term sal die oorhoofse kategorie benoem wat talige kontekstuele leidrade bevat wat die kenmerke vertoon wat vervolgens (in afdeling 2.4) uiteengesit word. Dit is ’n breë term wat ruimte laat vir die onvoorspelbare aard van ’n korpuslinguistiese ondersoek oor gesproke omgangstaal wat in Afrikaans nog nie veel aandag geniet het nie. Die klassifikasie word nie rigied gedoen nie: Elemente wat reeds gevorderde grammatikalisasie vertoon, kan as prototipes by die kategorie pragmatiese merkers ingesluit word, en ander elemente wat begin om eienskappe van pragmatiese merkers te vertoon, kan ingesluit word as perifere voorbeelde. ’n Aantal subkategorieë word ook geïdentifiseer op grond van die verskillende funksies van pragmatiese merkers (sien afdeling 2.5.2).

---

<sup>7</sup> Voorbeelde word regdeur die dokument opeenvolgend genommer.

## 2.4 Kenmerke van pragmatiese merkers

Afhangende van die teoretiese raamwerk waaruit 'n studie gedoen is, verskil die kenmerke wat verskillende outeurs aan pragmatiese merkers toeskryf. Boonop vertoon pragmatiese merkers dikwels tweeledige of selfs meervoudige funksies (Romero-Trillo, 2019:1). Dit is dus moeilik definieerbaar en kompleks in terme van vorm en funksie (Adolphs & Carter, 2013:68). Die kategorie is ook nie staties nie – ten einde relevant en oorspronklik te bly, sluit sprekers gereeld nuwe pragmatiese merkers in by hulle taalrepertorium (Romero-Trillo, 2019:3).

In die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (PO) is talle oorgangsvorme gevind wat dit duidelik maak dat Afrikaanse pragmatiese merkers voortdurend besig is om te grammatikaliseer. Dit maak klinkklare klassifikasie problematies.

Daar is egter 'n aantal kenmerke wat redelik algemeen in die literatuur aanvaar word en wat die identifikasie van pragmatiese merkers in gesproke taal moontlik maak. Hierdie kenmerke word vervolgens gelys en bespreek.

1. Pragmatiese merkers word by uitstek met gesproke taal geassosieer. Erman (2001:1339) beperk pragmatiese merkers tot gesproke taal en mimetiese dialoog en sy vergelyk hul funksies met dié van leestekens in geskrewe taal<sup>8</sup>. Voorts kom pragmatiese merkers baie frekwent in gesproke taal voor. Volgens Luke (1987 aangehaal in Adolphs & Carter, 2013:68) kom 'n pragmatiese merker gemiddeld elke 1,5 sekondes in ononderbroke spraak voor.
2. Pragmatiese merkers word sterk geassosieer met jong sprekers (Fox Tree, 2007:297) en dit word dikwels gestigmatiseer en beskou as tekens van 'n traak-my-nie-agtige houding en 'n onvermoë om vlot te kommunikeer (Brinton, 1996:33). Dit word gevolglik beskou as onvanpas in akademiese en professionele situasies (Buchstaller, 2015:464). Hierteenoor wys Erman (2001:1353-1355) juis op die belangrike rol wat pragmatiese merkers speel om vlotheid in gesprekke te verseker.
3. Pragmatiese merkers ontwikkel deur 'n proses van grammatikalisasie<sup>9</sup>. Die oorspronklike betekenis en funksie verander algaande soos wat die woord of

---

<sup>8</sup> Dit lyk egter of pragmatiese merkers sedert die opkoms van sosiale media in toenemende mate in informele geskrewe kommunikasie gebruik word (vgl. Fox Tree, 2015:78).

<sup>9</sup> Die terme "grammatikalisasie" en "gegrammatikaliseer" word in hierdie studie gebruik om te verwys na die proses waartydens woorde geleidelik nuwe betekenis of funksies verkry.

woordkluster bykomende pragmatiese funksies verkry soos dié van fokusmerker, kwotatiefmerker, skermer of appelleerder – hierdie funksies word bespreek onder afdeling 2.5.2. Pragmatiese merkers ontwikkel vanuit 'n wye verskeidenheid woordsoorte, soos voegwoorde, bywoorde en tussenwerpsels (interjeksies) of uit geleksikaliseerde vaste uitdrukings (woordklusters) (Schiffrin, 2003:57). Aangesien dit 'n langdurige proses is, is verskillende betekenislae<sup>10</sup> op enige gegewe tydstip in die gesproke taal aanwesig (vgl. Hopper & Traugott, 2003:124-125). Aijmer (2002:21) beskou die verband tussen die oorspronklike vorm en die pragmatiese merker wat daaruit gegrammatikaliseer het, as polisemies. Sy dui byvoorbeeld aan hoe 'n pragmatiese merker soos “sort of” verskillende funksies of betekenis in die korpus vertoon, maar dat al hierdie funksies steeds verband hou met 'n prototipiese of kernbetekenis (vgl. Aijmer, 2002:21).

4. Pragmatiese merkers is slegs losweg verbind aan die sintaktiese en semantiese raamwerk van 'n uiting (Östman, 1982:153; Torgersen et al., 2011:95) en dit is semanties en grammatikaal opsioneel. Dit beskik oor geen selfstandige illokusionêre krag nie (Van Niekerk, 1994:93) en dit beïnvloed nie die waarheidsvoorwaardes van die proposisie nie (Claridge, 2013:162; Huddleston & Fairhurst, 2013:95). Dit word dikwels van die res van die uiting onderskei deurdat dit 'n selfstandige intonasie-eenheid vorm (Brinton, 1996:33; vgl. Kirsner & Van Heuven, 1996<sup>11</sup>; Romero-Trillo, 2015<sup>12</sup>).
5. Ten spyte van die feit dat dit sintakties en grammatikaal opsioneel is, dra pragmatiese merkers by tot die sukses van kommunikasie. Östman (aangehaal in De Bruyn, 1998:131) meen pragmatiese merkers stel 'n mens in staat om deur die oppervlak te kyk na wat die houding van die spreker is oor die proposisionele inhoud van sy uiting. Pragmatiese merkers is die oppervlakrealisering van die onderliggende, implisiete aspekte van die betrokke boodskap en dit is verantwoordelik vir die implisiete

---

<sup>10</sup> Hopper en Traugott (2003:125) gebruik die term “layering” en hulle bespreek dit soos volg: “Within a broad functional domain, new layers are continually emerging; in the process the older layers are not necessarily discarded, but may remain to coexist with and interact with new layers ... Layering is the synchronic result of successive grammaticalization of forms which contribute to the same domain. In any single language there is always considerable synchronic diversity within one domain.”

<sup>11</sup> Die artikel in sy geheel ondersoek prosodiese aspekte, en veral die intonasie, waarmee pragmatiese merkers uitgespreek word in Nederlands.

<sup>12</sup> Die artikel in sy geheel ondersoek prosodiese aspekte, en veral intonasie, waarmee pragmatiese merkers uitgespreek word in Engels.

verankering van die proposisionele inhoud (Östman, 1982:153). Dit bied 'n venster op die subjektiewe oordeel van die spreker oor sy uiting. Pragmatiese merkers is dus nie pragmaties opsioneel nie en gesprekke of uitings sonder (die regte) pragmatiese merkers klink vreemd en sal waarskynlik kommunikatief misluk (Brinton, 1996:35; Fraser, 2010:15).

## **2.5 Die funksies van pragmatiese merkers**

### **2.5.1 Verskillende funksionaliteitsvlakke**

Du Plessis (1995:81) toon aan dat daar tradisioneel drie funksies van taal onderskei word, naamlik die kognitiewe, evaluatiewe en affektiewe funksies. Dit word algemeen aanvaar dat pragmatiese merkers op verskillende vlakke funksioneer tydens die opbou van 'n gesprek wat grootliks aansluit by hierdie drie tradisionele funksies.

Schiffrin (1987) maak byvoorbeeld 'n gedetailleerde analise van die kontekste waarbinne merkers soos "I mean", "oh", "then", "well", "but" en "y'know" voorkom. Sy formuleer op grond van hierdie analise 'n diskoersmodel wat rekening hou met pragmatiese merkers se multifunksionaliteit deur te onderskei tussen vyf vlakke waarop hierdie merkers funksioneer, naamlik die semantiesgebaseerde ideestruktuur ("ideational structure"), die pragmatiesgebaseerde aksiestruktuur ("action structure"<sup>13</sup>) en die beurnamestruktuur ("exchange structure"<sup>14</sup>). Hierdie vlakke funksioneer binne die deelnameaamwerk ("participation framework") wat 'n aanduiding gee van die rolle van sprekers (Schiffrin, 1987:27), die manier waarop sprekers en aanhoorders by mekaar aanklank vind en sprekers se houding teenoor uitings (vgl. Aijmer, 2002:12). Die sogenaamde inligtingsgesteldheid ("information state"<sup>15</sup>) behels die organisasie en bestuur van kennis en metakennis en hou dus rekening met die kognitiewe stand van gespreksdeelnemers (Schiffrin, 1987:28). Die gespreksgenote bereik diskoerskoherensie deur middel van voortdurende betekenisonderhandeling soos wat die gesprek ontvou (Schiffrin, 1987:25). Schiffrin (1987)

---

<sup>13</sup> Die aksiestruktuur stel die patroonmatige volgorde van taalhandelinge voor wat in diskoers voorkom.

<sup>14</sup> Die beurnamestruktuur word soos volg beskryf: "a two-way capability for transmitting acoustically adequate and readily interpretable messages, feedback capabilities, contact signals, turnover signals, preemption(sic) signals, framing capabilities" (Schiffrin 1987:24-25). Dit verwys dus na die beurname in gesprekke en wat die resultaat daarvan is.

<sup>15</sup> Die inligtingsgesteldheid betrek dit wat die spreker weet, dit wat die aanhoorder weet, en dit wat die spreker weet van dit wat die ander deelnemer(s) weet.

se werk toon hoe pragmatiese merkers die verhoudings tussen naasliggende uitinge kan aandui, maar dat dit ook in die groter diskoersstruktuur werkzaam is (Schiffrin, 2003:57).

Erman (2001:1339-1340) vereenvoudig die model deur drie funksionele domeine te identifiseer waarbinne pragmatiese merkers kan funksioneer. Sy baseer haar model op gesproke korpusdata en diepgaande ondersoeke na spesifieke pragmatiese merkers (vgl. Erman, 1987). Sy identifiseer die volgende gespreksdomeine: die diskoersdomein, die sosiale domein en die metalinguistiese domein. In die diskoersdomein tree pragmatiese merkers in die hoedanigheid van tekstuele monitors op wat gebruik word om gefragmenteerde stukke diskoers saam te snoer om 'n samehangende teks te skep. Voorbeelde hiervan is pragmatiese merkers wat aandui wat die verwantskap tussen opeenvolgende uitings is, byvoorbeeld "but" in voorbeeld 2. Die "but" gee te kenne hoe die tweede uitingsegment met die eerste skakel. Ander voorbeelde van pragmatiese merkers wat as tekstuele monitors optree, word in afdeling 2.5.2.1 bespreek.

(2) Jones died last night. But he had been very ill for a long time. (Fraser, 2009:294).

In die sosiale domein tree pragmatiese merkers op as interpersoonlike monitors waardeur betekenis onderhandel word, diskoers georganiseer word in terme van sprekers en gespreksgenote en die kanaal tussen gespreksgenote oopgehou word. 'n Voorbeeld hiervan is responsmerkers wat deur luisterende gespreksgenote geuit word om aan die spreker te kenne te gee dat daar geluister en meegeleef word, soos "ja-nee", "mm" en "o". Ander voorbeelde van pragmatiese merkers wat as sosiale monitors optree, word in afdeling 2.5.2.2 bespreek.

Pragmatiese merkers met metalinguistiese funksies lewer kommentaar op die implikasie van die boodskap en die spreker se bedoelde betekenis. Dit sluit dikwels in dat die spreker hierdie merkers kan gebruik om die belang van wat gesê word aan te dui, maar ook om die spreker se mate van verbintenis tot die waarheid van die uiting aan te dui. 'n Merker soos die Nederlandse "hoor" dui in voorbeeld 3 aan dat die spreker die gespreksgenoot se aandag wil vestig op die feit dat die spreker homself van die gesprek wil verskoon. Ander voorbeelde van pragmatiese merkers wat in die metalinguistiese domein optree, word in afdeling 2.5.2.3 bespreek.

(3) Nou dag hoor! (Kirsner & Van Heuven, 1996:135)

Terwyl Schiffrin (1987) se diskoersmodel 'n goeie aanduiding gee van die multifunksionaliteit van pragmatiese merkers, is die hoofdoel van haar studie om aan te toon hoe pragmatiese merkers bydra tot die opbou van gespreksamehang. Die bepaalde model maak dus nie



voorsiening vir die klassifikasie van veral pragmatiese merkers se metalinguistiese funksies nie. In hierdie opsig is Erman (2001) se drie domeine nuttiger vir die huidige studie. Wanneer Afrikaanse pragmatiese merkers in werklike taalvoorbeelde ondersoek word, is dit duidelik dat dit, bo en behalwe die diskoers en sosiale funksies, ook dikwels metalinguistiese funksies uitvoer. Erman (2001) ontken ook nie die multifunksionaliteit van pragmatiese merkers nie en sy dui duidelik aan hoe een merker in verskillende domeine en met verskillende funksies gebruik kan word.

### **2.5.2 Klassifikasie volgens funksie<sup>16</sup>**

Verskeie pogings is reeds deur verskeie outeurs aangewend om pragmatiese merkers te klassifiseer op grond van betekenis en/of funksie. Veral Fraser (1996, 1999) poog om pragmatiese merkers, volgens funksie, te kategoriseer. Fraser (1996) tref onderskeid tussen basiese merkers, kommentaarmerkers, parallelle merkers en diskoersmerkers. 'n Aantal subkategorieë word onder elkeen van hierdie kategorieë uiteengesit. Basiese markers dra by tot die konseptuele inligting wat aandui wat die seggingskrag van die uiting gaan wees. Fraser sluit byvoorbeeld performatiewe uitdrukkings soos "I promise" en pragmatiese idiome soos "thank you" hierby in. Kommentaarmerkers sluit byvoorbeeld evalueringsmerkers in wat die spreker se beoordeling van die proposisie te kenne gee, byvoorbeeld "amazingly" asook onder meer versagtingsmerkers en beklemtoningsmerkers wat ooreenstem met onderskeidelik skermers en intensiveerders wat later in dié hoofstuk bespreek word. Parallelle merkers sluit vokatiewe merkers en spreker-ontevredenheidsmerkers in, asook merkers wat solidariteit aandui. Diskoersmerkers dra by tot die prosedurele betekenis van 'n uiting, aangesien dit die verhouding tussen opeenvolgende uitings uitdruk.

Rigiede of eenduidige vorm-funksie-klassifikasie word egter bemoeilik deur die vloeibare aard van pragmatiese merkers en daar is tans nie sprake van eenstemmigheid oor voorgestelde klassifikasies nie. Die redes hiervoor stem moontlik ooreen met dit wat voorheen aangedui is

---

<sup>16</sup> Daar is besluit om klassifikasie te baseer op die funksie van pragmatiese merkers, en nie die betekenis daarvan nie, aangesien die term "betekenis" problematies kan wees in die beskrywing van talige elemente wat besig is om te grammatikaliseer en dus by implikasie verskillende grade van grammatikaliteit en/of leksikaliteit vertoon (sien afdeling 3.3). Foolen (1993:71 e.v.) meen die beste manier om die verskillende betekenis van pragmatiese merkers te beskryf, is in terme van die kognitief-semantiese perspektief waarvolgens woordbetekenis tipies gestruktureer is in polisemiese netwerke. Dit impliseer dat die gegrammatikaliseerde pragmatiese merker tot 'n mate verband bly hou met 'n sogenaamde kernbetekenis en 'n hele aantal verwante betekenis kan vertoon. Ook Aijmer (2002:19 e.v.) beskou die betekenisverhouding tussen verskillende manifestasies van 'n pragmatiese merker as polisemies, omdat dit die wollerigheid en oorvleueling van "betekenis" kan verklaar. Die betekenisdinamika word nie verder hier bespreek nie.



vir die verskillende benamings van hierdie merkers – dit hang alles af van die benadering wat gevolg word.

Wat die oorhoofse funksie van pragmatiese merkers betref, is daar groter ooreenstemming. Dit word algemeen aanvaar dat die unieke funksie van pragmatiese merkers geleë is in die implisiete verankering van die proposisionele inhoud (Östman, 1982:153). Pragmatiese merkers word gevolglik beskou as deiktiese (Foolen, 1993:33) of indeksikale woordvorme (Aijmer, 2002:1) wat verwys na een of ander entiteit in die onmiddellike situasie<sup>17</sup>.

“Partikels veronderstellen altijd een kommunikatieproces, waarin een spreker, een hoorder, een propositionele inhoud, een houding, bedoeling, annames, verwachtingen, preferenties met betrekking tot die propositionele inhoud, mogelijk voorafgaande en volgende uitingen aanwezig zijn of verondersteld kunnen worden. Partikels brengen altijd de propositionele inhoud op een of andere manier in verband met een aspekt van deze kommunikatieve kontekst.” (Foolen, 1993:33)

en

“Words, phrases and grammatical structures can be indexed to the speaker and the hearer, to spatial and temporal dimensions of the speech situation, to an epistemic stance such as certainty and uncertainty and to affect (attitudes towards the hearer or to particular speech acts ...” (Aijmer, 2002:14)

Voorts blyk dit dat beskrywings wat óf ’n funksie-vorm óf ’n vorm-multifunksionele benadering volg, meer produktief is. Stenström, Andersen en Hasund (2002) volg ’n funksie-vorm-benadering en onderskei tussen funksies soos “intensifiers” en “tags”. Die onderskeie woordvorme wat hierdie funksies in die Bergenkorpus van Londense tienertaal (COLT)<sup>18</sup> verrig, word dan bespreek. Ook Murphy (2010) identifiseer funksies soos versterkers (“amplifiers”), skermers (“hedges”), bekragtigers (“boosters”) en vae kategoriemerkers (“vague category markers”) en bespreek woordvorme wat hierdie funksies verrig in haar Female Adult Corpus (FAC).

---

<sup>17</sup> In hoofstuk 3 word aangedui hoe die relevansieteorie van Sperber en Wilson (2006) en Gumperz (2003) se konsep van kontekstualiseringswenke, aansluit by pragmatiese merkers se rol om proposisionele inhoud implisiet te veranker.

<sup>18</sup> COLT verwys na die Bergen Corpus of London Teenage Language. Hierdie korpus bestaan uit ’n halfmiljoen woorde, getranskribeer van opnames van hoofsaaklik Londense tieners. Alhoewel dié korpus al ’n paar dekades oud is, word dit steeds deur verskeie navorsers gebruik om jeugtaal te bestudeer.

Adolphs en Carter (2013), Aijmer (2002), Andersen (2001) en Erman (1987) bespreek aan die ander kant spesifieke pragmatiese merkers in terme van hul multifunksionaliteit. Aijmer (2002) fokus byvoorbeeld op “now”, “oh” en “ah”, “just”, “sort of” en “actually” en sy bespreek verskillende funksies wat die merkers in die korpusdata verrig. Sy toon byvoorbeeld aan dat “actually” kontras, klem, uitbreiding, subjektiwiteit of ’n evaluering kan aandui.

Die huidige studie wil kontekstueel met die pragmatiese merkers omgaan ten einde gevolgtrekkings te maak oor die struktuur en funksie daarvan in Omgangsafrikaans en daarom word ’n vorm-multifunksionaliteitsbenadering gevolg. Dit beteken dat daar gepoog sal word om pragmatiese merkers te identifiseer wat frekwenter voorkom in die spraak van een groep sprekers as die ander. Verskillende kontekstuele funksies sal dan geïdentifiseer en bespreek word.

Op grond van die literatuur is ’n aantal funksies in die verskillende domeine geïdentifiseer en dit word vervolgens bespreek.

### **2.5.2.1 Die diskoersdomein**

Binne die diskoersdomein kan die volgende tipes pragmatiese merkers en funksies geïdentifiseer word:

#### **i. Diskoersmerkers**

Die uitstaande kenmerk van diskoersmerkers is hul funksie as gesprekstrukturerende meganismes. Diskoersmerkers se belangrikste funksie is om koherensie binne ’n gesprek te bewerkstellig – dit dui byvoorbeeld aan hoe ’n uiting aansluit by voorafgaande uitings, dit bepaal beurtname en beurtprysgawe en dit lui nuwe segmente in die gesprek in. Diskoersmerkers het ’n prosedurele betekenis en die spesifieke interpretasie daarvan word onderhandel tydens die opbou van ’n gesprek (Fraser, 1999:931). Van der Merwe (1993:91)<sup>19</sup> beskryf dit as “taalelemente waarvan sprekers en skrywers dikwels gebruik maak om eksplisiet in die loop van hul eie diskoers na die struktuur van die diskoers te verwys” en dit is dus “belangrike struktuurgewende meganismes binne die kader van diskoerssamehang”.

Waar ander pragmatiese merkers normaalweg in die middel- of eindposisie van ’n uiting voorkom, kom diskoersmerkers tipies aan die begin van ’n uiting of uitingsegment voor.

---

<sup>19</sup> Van der Merwe (1993) gebruik die term *gambiets* in plaas van diskoersmerkers. Die definisie stem egter ooreen met dit wat in hierdie studie met diskoersmerkers bedoel word.

Voorbeeld 4<sup>20</sup> toon die multifunksionaliteit van die diskoersmerker “but”: (i) dit lei ’n idee-eenheid in, (ii) dit dui aan dat Freda van Jack wil verskil, (iii) dit dui ’n aksie van teenspraak aan en (iv) dit toon aan dat Freda die beurt wil neem.<sup>21</sup> Voorbeeld 5 toon “wel” as diskoersmerker wat veral beurtname aandui. Voorbeeld 6 wys hoe “maar” die hoorder voorberei op ’n regstelling of verfyning van wat betref die aangebode feite.

(4) Jack: [The rabbis preach, [“Don’t intermarry”

Freda: [But I did-      [But I did say those intermarriages that we have in this country are healthy. (Schiffrin, 2003:57)

(5) Wel, ek is die oudste van vyf seuns. (Van Niekerk, 1994:98)

(6) Jan ging niet naar een restaurant, maar naar een café. (Foolen, 1993:123)

Geen bron kon gevind word wat die gebruiksfrekwensie van diskoersmerkers (soos dit hier gedefinieer word) na aanleiding van sosiolinguistiese veranderlikes ondersoek nie. Vermoedelik bemoeilik aspekte soos die gebrek aan eenstemmigheid oor wat presies kwalifiseer as diskoersmerker, verskillende stadia van grammatikalisasie, tesame met die hoë gebruiksfrekwensie in gesproke en geskrewe taal, studies van hierdie aard.

’n Hele aantal studies verreken egter die diskoersfunksies van diskoersmerkers. Daar is reeds verwys na Schiffrin (1987) se seminale studie waarin diskoersmerkers in terme van diskoerssamehang bestudeer word. In haar woorde gestel:

“The analysis of discourse markers is part of the more general analysis of discourse coherence – how speakers and hearers jointly integrate forms, meanings and actions to make overall sense out of what is said.” (Schiffrin, 1987:49).

Schiffrin (1987:31) definieer, na aanleiding van ’n korpusanalise, diskoersmerkers as “sequentially dependent elements which bracket units of talk” en sy toon aan dat woorde wat tradisioneel as voegwoorde gebruik is, soos “but” en “because”, bo en behalwe hul voegwoordelike funksies ook pragmatiese funksies vertoon.

---

<sup>20</sup> Die voorbeelde is telkens onveranderd uit die gemelde bronne geneem, behalwe dat die tersake pragmatiese merker onderstreep is. Ter wille van leesbaarheid word aanhalingstekens in sodanige gevalle weggelaat.

<sup>21</sup> Die benamings van die funksies is afhanklik van Schiffrin (1987) se vier vlakke van gesproke taal wat in afdeling 2.5.1 bespreek word.

Fraser (1999, 2006 en 2009) wil die fokus vestig op hoe diskoersmerkers geklassifiseer kan word in terme van die sintaktiese en semantiese kenmerke. Hy beywer hom vir die daarstelling van 'n definisie vir diskoersmerkers wat navorsers in staat sal stel om navorsing meer vergelykbaar te bedryf. Sy klassifikasie is egter taamlik rigied en dit sluit sommige merkers uit wat in ander navorsing (en hier) wel as diskoersmerkers beskou word.

Wat Afrikaanse diskoersmerkers betref, identifiseer Carstens (1997:304 e.v.) die volgende funksies van diskoersmerkers en, in die proses, 'n aantal Afrikaanse diskoersmerkers:

- Dit dui 'n wending in die gespreksonderwerp aan, byvoorbeeld: Net tussen jou en my, hy het nie opgedaag nie.
- Dit berei die gespreksgenote voor op die aard van die daaropvolgende uiting, byvoorbeeld: Om nou eerlik te wees, ek hou nie van kool nie.
- Dit brei die onderwerp uit, byvoorbeeld: Met dit wat hier bo gesê is in ag genome, moet 'n mens met die argument saamstem.
- Dit dui argumentering aan, byvoorbeeld: 'n Mens moenie vergeet nie, dis sy beste poging tot dusver.
- Dit dui die opinie van die spreker aan, byvoorbeeld: Soos ek dit verstaan, is dit nie prakties moontlik nie.
- Dit lei nuwe interessante inligting in, byvoorbeeld: Luister bietjie hierna: die belasting gaan verlaag word.

Carstens (1997) en Fraser (1999, 2006 en 2009) gebruik intuïtiewe voorbeelde en hulle verwys nie na korpora nie. Die genoemde navorsing oor diskoersmerkers dra egter by tot die identifikasie en akkurate beskrywing van diskoersmerkers in die PO en dit dui moontlike funksies van diskoersmerkers in tekste aan. Daar word verwag dat diskoersmerkers in spontane gesproke Omgangsafrikaans anders sal lyk as hierdie voorbeelde, byvoorbeeld dat dit heelwat korter eenhede (woorde en woordklusters) sal wees ter wille van verwerkingstyd. 'n Ondersoek na die gebruiksfrekwensie van diskoersmerkers onder sprekers van verskillende generasies en geslagte kan 'n gebrek aan kennis oor die gebruik van diskoersmerkers in spontane Omgangsafrikaans oorbrug.

## ii. Aarselingsmerkers

Aarselingsmerkers is kort, verbale elemente wat algemeen in gesproke taal gebruik word. Dit het 'n prosesseringsfunksie en word gebruik om die spreker kans te gee om sy/haar gedagtes te formuleer sonder om die beurt prys te gee. Aarselingsmerkers word dikwels beskou as onreëlmatighede in spraak of oorbodige taalgebruik deur traak-my-nie-agtige sprekers

(Laserna et al., 2014:2) en dit kan “geïnterpreteer word as onsekerheid by die huidige spreker” (Van Niekerk, 1994:95). Die bekendste voorbeelde, wat in talle tale voorkom, is “uh” of “eh” en “uhm” (sien voorbeeld 7), maar talle pragmatiese merkers wat ook in ander hoedanighede gebruik word, word soms as aarselingsmerkers ingespan.

(7) Daar’s nie baie tyd nie/, maar ek is ’n ou wat/ wat/ eh hou van fliek. (Van Niekerk, 1992:107)

Fox Tree (2007) lig uit dat die aarselingsmerkers “um” en “uh” in die populêre media gestigmatiseer word en dat dit duidelik geassosieer word met tienersprekers. Fox Tree (2007:298-299) verwys na vorige bevindinge wat aarselingsmerkers beskryf as aanduiders van ’n vertraging, moeisame produksie, ’n nuwe wending in diskoers of selfs oneerlikheid. Sy ondersoek taalhoudings rakende “um” en “uh”. Haar resultate toon dat respondente dié twee aarselingsmerkers veral met moeisame produksie assosieer.

Laserna et al. (2014) ondersoek ’n aantal aarselingsmerkers in gesproke Engels in terme van ouderdom en geslag. Dié ondersoek toon dat die aarselingsmerkers “uh” en “um” redelik vergelykbare frekwensies toon in die geslagsgroepe. Die jonger sprekers gebruik egter die merkers ietwat meer as die ouer sprekers.

Erman (2001) toon aan dat die pragmatiese merker “you know”, bykomend tot ander funksies, ook aarseling kan aandui. In ’n uiting kan dit dus ’n aanduiding daarvan wees dat die spreker besig is om die regte woord of struktuur te kies ten einde die boodskap suksesvol te enkodeer (Erman, 2001:1340). Sy vergelyk ’n volwasse korpus, genaamd die London-Lund Corpus (LLC) van gesproke Engels, met ’n tienerkorpus (COLT) en uit hierdie vergelyking bevind sy dat die volwasse sprekers “you know” meer gereeld gebruik om aarseling aan te dui as wat die tienersprekers dit doen. Haar studie bied egter geen werklike insigte oor waarom dit die geval is en of tienersprekers ander aarselingsmerkers bo “you know” verkies om aarseling aan te dui nie.

Op grond van die voorafgaande bespreking kan dus verwag word dat manlike en vroulike Afrikaanssprekende jongmense min of meer ewe veel aarselingsmerkers sal gebruik, maar dat hulle ander en meer aarselingsmerkers as volwasse en bejaarde sprekers sal gebruik.

### iii. Kwotatiefmerkers

Die kwotatiefmerker lui 'n kwotatief in. 'n Kwotatief<sup>22</sup> is 'n algemene element in gesproke taal wat oordra wat iemand op 'n ander tydstip gesê of gedink het (Terraschke, 2013:59). 'n Kwotatief bevat selde indien ooit die presiese woorde wat in die oorspronklike konteks geuiter is, en dit kan gewoonlik geïnterpreteer word as 'n samevatting, evaluasie of interpretasie van wat oorspronklik gesê is. Vološinov (1922 aangehaal in Romaine & Lange, 1991:228) vat die kompleksiteit van aangehaalde dialoog goed saam:

“... reported speech is speech within speech, utterance within utterance, and at the same time also speech about speech, utterance about utterance.”

Die belang van kwotatiewe in 'n gesprek is dus eerder dat die spreker sy houding of ingesteldheid teenoor die oorspronklike uiting openbaar as om 'n akkurate weergawe van woorde of gedagtes weer te gee. Die kwotatief verhoog die vermaaklikheidswaarde van uitings, beklemtoon die belangrikheid van 'n standpunt of maak die gesprek meer persoonlik (Romaine & Lange, 1991:268-269).

Die kwotatiefmerker word hoofsaaklik ingespan om die volgende twee tipes kwotatiewe in te lui:

- Gekonstrueerde dialoog: 'n Parafraze van wat oorspronklik gesê is.
- Interne dialoog wat verwys na gedagtes, houdings of gevoelens wat metaverteenwoordig word, maar nie noodwendig eksplisiet uitgespreek is nie (Stenström et al. 2002:116).

Tradisioneel word kwotatiewe ingelui met *verba dicendi* soos “sê” en “dink”, asook ander meer spesifieke kwotatiefmerkers soos byvoorbeeld “skree”, “vra” en “sing” (vgl. Buchstaller, 2014:34-35). Meer onlangs word sogenaamde vernuwendende kwotatiefmerkers egter in verskillende tale opgemerk. Die Engelse “be like” is die bekendste en mees nagevorste vorm, terwyl “go” ook redelik gereeld in die literatuur bespreek word. Die manier waarop “like” grondgebied van die tradisionele kwotatiefmerkers soos “say” inpalm, bied 'n verrassende blik op die diachroniese ontwikkeling van taal. Die feit dat hierdie merker baie vinnig ontwikkel en versprei het in die Engelssprekende wêreld (vgl. Buchstaller, 2015:463; Denis, 2015:213) troef die persepsie dat taalverandering baie stadig plaasvind.

---

<sup>22</sup> Die term “kwotatief” word verkies bo “aanhaling”, om onderskeid te tref tussen 'n verbatim aanhaling en die losse interpretatiewe “aanhaling” wat kenmerkend is van gesproke omgangstaal.

Fleischman en Yaguello (2004:141-142) argumenteer dat die kwotatiefmerker “be like” en die soortgelyke Franse merker “genre” vanuit die oorspronklike vergelykende betekenis gegrammatikalisier<sup>23</sup> het tot ’n aanduider dat ’n proposisie “min of meer” akkuraat is<sup>24</sup>. Hieruit ontwikkel die kwotatiefmerker wat inherent aandui dat die inhoud van die kwotatief min of meer ’n weergawe is van wat werklik gesê of gedink is. Voorbeeld 8 illustreer die Duitse ekwivalent “und er so”.

- (8) Ich sagte ihm, dass er gehen muss. Und er so ich werde es mir überlegen.  
(Ek het vir hom gesê dat ek moes gaan. En hy’s soos<sup>25</sup>: “Ek sal daarvoor dink.”)  
(Fleischman & Yaguello, 2004:143)

Marais en Coetzee (2005:257) se navorsing oor Tienerafrikaans toon aan dat soortgelyke vernuwende kwotatiefmerkers in Afrikaans bestaan. Sy vind drie innoverende kwotatiefmerkers<sup>26</sup> in haar data soos vervolgens geïllustreer word in voorbeelde 9, 10 en 11. Dit is egter nie bekend of die gebruik van hierdie kwotatiefmerkers sterker met manlike of vroulike sprekers geassosieer word nie.

- (9) En hy gaan: “Wie’t dit gesê?”  
(10) Dan is sy net soos in: “Ok, hoe laat gaan julle terug wees?”  
(11) Toe tune ek haar: “Ok, ek’s jammer.”

Die kwotatiefmerker “be like” is al deeglik ondersoek. ’n Aantal diachroniese studies bestaan wat interessante perspektiewe bied op die verspreiding van die merker onder ouderdoms- en geslagsgroepe wat verskillende Engelse variëteite<sup>27</sup> betref.

Buchstaller (2014:98-100) bied ’n opsomming van wêreldwye bevindinge aangaande die verspreiding van die niestandaardkwotatiefmerkers “be like” en “go” in terme van die sosiale veranderlikes *ouderdom* en *geslag*. Die veranderlike wat die mees stabiele invloed het op die kwotatiefmerker “be like”, is ouderdom. Frekwente gebruik van “be like” word deurgaans met jonger sprekers geassosieer. Navorsing (soos Buchstaller, 2006) toon egter dat dié kwotatiefmerker verder versprei in die taalgemeenskap, omdat sprekers wat dit in hul jeug

<sup>23</sup> Grammatikalisasie word in afdeling 3.3 bespreek.

<sup>24</sup> Dit stem dus in ’n mate ooreen met die funksie van skermers soos dit in afdeling 2.5.2.3 (iii) uiteengesit word.

<sup>25</sup> “En hy’s soos: ..” beteken hier iets soos “En toe sê hy:...”

<sup>26</sup> Marais en Coetzee (2005) verwys na hierdie woorde as “proxy”-woorde wat “sê” vervang.

<sup>27</sup> Vir ondersoekte oor die verspreiding in Kanadese Engels, sien D’Arcy (2004); Tagliamonte en D’Arcy (2004), Tagliamonte en D’Arcy (2007) en Tagliamonte en Hudson (1999). Vir ’n vergelyking tussen Jamaikaanse en Ierse Engels sien Höhn (2012). Vir meer oor die verbreiding in Australiese Engels, sien Louro (2013) en Winter (2002). Raadpleeg Terraschke (2010) vir ’n studie oor die kwotatiefmerker in Nieu-Seelandse Engels.

gebruik, dikwels die vorm aanhou gebruik wanneer hulle ouer word (vgl. Buchstaller 2006:9-11). Meer navorsing is egter nodig om vas te stel of hierdie verspreiding sal voortgaan tot in en ná hierdie sprekers se middeljare. Die kwotatiefmerker “go” word deurgaans sterk met jonger sprekers geassosieer (Buchstaller, 2006:12 ).

Bevindinge aangaande die verspreiding van hierdie nuwe kwotatiefmerkers in terme van die geslag van die spreker, is egter teenstrydig (Buchstaller, 2014:98-100). Alhoewel “be like” stereotipies met vroulike sprekers geassosieer word en sommige studies bevind dat vroulike sprekers die voortou neem met die gebruik daarvan, vind ander studies geen noemenswaardige verskil tussen manlike en vroulike sprekers se gebruik daarvan nie. ’n Derde groep studies toon dat manlike sprekers dié kwotatiefmerker inderwaarheid meer frekwent gebruik as vroulike sprekers. Hierdie bevindinge word deegliker bespreek in hoofstuk 3 onder afdeling 3.4.

Daar kan dus verwag word dat Afrikaanse kwotatiefmerkers anders as die tradisionele *verba dicendi* ook in die PO gevind sal word, wat na gelang van die mate van grammatikalisasie verspreiding onder die verskillende groepe sprekers sal toon.

### **2.5.2.2 Die sosiale domein**

Binne die sosiale domein kan die volgende tipes pragmatiese merkers en hul gepaardgaande funksies onderskei word:

#### **i. Responsmerkers**

Responsmerkers is kort, aanmoedigende boodskappe wat die spreker van gespreksgenote ontvang, terwyl hy ’n spreekbeurt waarneem (Adolphs & Carter, 2013:40). In die Engelse literatuur word hierdie pragmatiese merker soms ’n “backchannel” genoem. Van Niekerk (1992:58) noem hierdie tipe merkers “beurtondersteuningsgambiete” en sy definieer dit as “[t]ekens deur die (hoofsaaklike) hoorder wat as aanduiding vir die spreker dien dat sy boodskap verstaan word. Die hoorder maak gewoonlik geen aanspraak op ’n beurt nie, maar benadruk as ’t ware die huidige verdeling van gespreksrolle.”

Voorbeeld 12 toon die gebruik van die ondersteunende responsmerker “mm”.

- (12) <S1> Tis a lovely day but tis cold isn't it?  
<S2> Ah the days are grand shure well yesterday was a bad bad evening.



<S1> Mm.

<S2> It turned black.

(Adolphs & Carter, 2013:41)

Van Niekerk (1992:59) identifiseer drie realiserings van die beurtondersteuningsmerker, naamlik:

1. Ontvangs – dui aan dat die hoorder die spreker volg, byvoorbeeld “mm”, “uhu”, “ek sien (wat jy bedoel)”, “ja-nee” en “is reg”
2. Aansporing – dui vir die spreker aan dat die hoorder die spreker sy beurt wil laat behou, byvoorbeeld “ja-ja”. Dit gaan gewoonlik gepaard met ’n stygende intonasie.
3. Emosiebetuiging – Die hoorder se emotiewe reaksie word deur ’n interjeksie aangedui, byvoorbeeld “siestog!”, “o, nee!”, “haai” of “hokaai”.

Adolphs en Carter (2013:54) noem ’n vierde realisering, naamlik:

4. Begripsmerkers (“information receipt tokens”) waardeur die hoorder aandui dat voldoende inligting ontvang is, byvoorbeeld “right” en “okay”.

Geen inligting kon opgespoor word rakende die verspreiding en gebruiksfrekwensie van responsmerkers in terme van sosiolinguistiese veranderlikes nie.

Daar word verwag dat Afrikaanse responsmerkers in Omgangsafrikaans soortgelyke funksies sal vertoon as die voorafgaande funksies wat hier bespreek is. Dié vergelykende studie kan ’n aanduiding gee van die wyse waarop jonger, volwasse en bejaarde sprekers se gebruik van die responsmerkers van mekaar verskil, asook die rol wat geslag speel in die gebruik van responsmerkers.

## ii. Appelleerders

Appelleerders is pragmatiese merkers wat gewoonlik in ’n eindposisie aangeheg word en wat die hoorder betrek of selfs ’n respons wil uitlok. Volgens Stenström et al. (2002:167) kan appelleerders<sup>28</sup> ’n tentatiewe houding aan die kant van die spreker te kenne gee of dit kan hoflikheidshalwe gebruik word om die gespreksverhouding in stand te hou. Erman (2001:1342) toon byvoorbeeld aan hoe die appelleerder “you know” gebruik word om die gespreksgenote aan te moedig om deel van die inligting te aanvaar as ’n gegewe. Voorbeelde

---

<sup>28</sup> Stenström et al. (2002) verwys hierna as “tags”.

uit die COLT is “innit”, “eh”, “okay” en “yeah”. Voorbeeld 13 toon vervolgens hoe “okay” as appelleerder gebruik word:

- (13) Next time you say it you really are gonna wake up in hospital okay?  
(Stenström et al., 2002:179)

Marais en Coetzee (2005:257) noem voorbeelde (14 en 15) van appelleerders in Tienerafrikaans.

- (14) Jy ken daai ou, yeah.  
(15) Jy sal kom, right.

Van Niekerk (1992:62) noem onder meer ook die volgende Afrikaanse appèlle: “nie waar nie?”, “of hoe?” en “wat dink jy?”

Die gebruik van appelleerders in terme van sosiolinguistiese veranderlikes, is al voorheen ondersoek. Stenström et al. (2002:167) se data toon dat die merkers “eh”, “okay”, “right”, “yeah” en “innit” almal ’n hoër frekwensie toon in die taal van adolessente sprekers (10-13, 14-16 en 17-19 jaar) as in die taal van jonger en ouer sprekers. Wat manlike en vroulike sprekers betref, toon die verskillende appelleerders verskillende verspreidings. “Yeah” word byvoorbeeld heelwat meer deur die manlike sprekers gebruik, terwyl “innit” meer deur vroulike sprekers gebruik word. “Eh” word min of meer ewe veel deur die twee groepe gebruik.

Erman (2001) ondersoek “you know” as ’n merker met die funksie om die korrekte verstaan van uitinge te verseker. Sy vind slegs een voorbeeld van hierdie appelleringsfunksie in ’n Britse volwasse korpus, terwyl dit baie frekvent in die COLT gebruik word. Dit word egter ook baie frekvent in ’n Amerikaanse volwasse korpus gebruik. Erman (2001:1346) kom tot die slotsom dat dit nie die ouderdom is wat die bepalende faktor vir die gebruik van hierdie funksie van die appellerende “you know” is nie, maar dat dit eerder bepaal word deur die verhouding tussen die sprekers, die tipe gesprek en die onderwerp van bespreking.

Gegewe die feit dat jonger sprekers baie waarde daaraan heg om rapport met gespreksgenote te skep, is die verwagting dat ook Afrikaanse jeug meer gebruik sal maak van appelleerders as volwasse sprekers en dat die vorm van die appelleerders sal verskil. Manlike en vroulike sprekers sal moontlik ook verskillende appelleerders verkies.

### 2.5.2.3 Die metalinguistiese domein

Binne die metalinguistiese domein kan die volgende tipes pragmatiese merkers en hul gepaardgaande funksies onderskei word:

#### i. Fokusmerkers

Die fokusmerker word gebruik om die hoorder se aandag te vestig op die woord of uitingsegment wat daarop volg (Fleischman & Yaguello, 2004:131). Underhill (1988:238) definieer “fokus” as “the most significant new information in a sentence – often the point of the sentence”. Een manier om te onderskei tussen fokusmerkers en intensiveerders (wat volgende bespreek word) is die aspek van klem. Underhill (1988:234) toon aan dat “like” as fokusmerker nooit beklemtoon kan word nie en Wiese (2011:993) toon aan dat die Duitse fokusmerker “so” onbeklemtoon bly, maar langs die sinsdeel staan wat die hoofklem dra. Voorbeelde 16 en 17 toon aan hoe die Duitse “so” en Engelse “like” die fokus plaas op die sogenaamde “nuwe inligting” in die sin en dit gee terselfdertyd iets van die spreker se houding te kenne. In voorbeeld 16 druk die spreker sy opgewondenheid uit oor die mense wat hy kon leer ken. In voorbeeld 17 druk die spreker sy onthutsing uit oor die feit dat “he” vir ’n hele jaar nie ingekom het nie.

(16) So coole leute zum kennenlernen.

(So(fokus) cool mense om te leer ken.) (Wiese, 2011:991)

(17) He hadn’t come in for like a whole year. (Fleischman & Yaguello, 2004:131)

Ponelis (1979:295) se versterkende kleuradjunkte stem grootliks ooreen met fokusmerkers, soos in voorbeelde 18 en 19 gesien kan word. Weer eens sê die pragmatiese merker heelwat van die spreker se houding ten opsigte van die uiting.

(18) Ag toe, doen my die guns.

(19) Bly tog stil.

Geen navorsing oor die verspreiding van fokusmerkers onder verskillende groepe sprekers kon opgespoor word nie.

#### ii. Intensiveerders

Stenström et al. (2002:139) definieer “intensiveerders” as “items that amplify and emphasize the meaning of an adjective or adverb”. Intensiveerders toon aan dat die spreker hom- of haarself sterk tot die uiting verbind (Stenström et al., 2002:149). Die vroulike tieners in die

COLT gebruik veral die intensiveerder “really” baie frekvent, soos in voorbeeld 17 bespeur kan word. Die manlike sprekers in die COLT is meer geneig om taboewoorde soos “bloody” as intensiveerders te gebruik (vgl. Stenström et al., 2002:139).

- (20) Actually no that was the night she was really pissed off because ... I was really loud and really boisterous. (Stenström et al., 2002:139)

Murphy (2010:111) noem intensiveerders “amplifiers” en sy meen dat die vinnigste en interessantste semantiese ontwikkelinge met hierdie tipe pragmatiese merkers geassosieer word, omdat dit juis hierdie merkers is wat sprekers ruimte gee om hoorders se aandag op oorspronklike maniere te trek. Sy noem voorbeelde soos “really”, “very” en “extremely”. Marais en Coetzee (2005:252) verwys na intensiveerders soos “heavy”, “moerse”, “woes” en “flippen” wat in Tienerafrikaans voorkom, maar geen inligting oor die verspreiding onder verskeie sprekergroepe word aangebied nie.

Wat verbreiding onder verskillende ouderdomsgroepe aanbetref, lei Stenström et al. (2002:141 e.v.) op grond van korpusresultate af dat tieners en volwassenes nie dieselfde versameling intensiveerders gebruik nie, en dat die items wat wel deur albei groepe gebruik word, nie ewe frekvent gebruik word nie. Haar data wys byvoorbeeld dat volwasse sprekers die standaardintensiveerder “very” byna twee maal soveel gebruik as tieners. Ander intensiveerders soos “absolutely”, “completely”, en “totally” word egter weer heelwat meer frekvent deur tieners gebruik. Tieners gebruik ook taboevorme soos “bloody” en “fucking” frekvent.

Ito en Tagliamonte (2003:262) ondersoek die gebruik van intensiveerders in ’n korpus wat die spreektaal verteenwoordig van die verskillende sosiale klasse en ouderdomme van ’n gemeenskap in die stad York in Engeland. Hulle resultate toon dat die opkomende<sup>29</sup> intensiveerder “really” funksieuitbreiding<sup>30</sup> vertoon onder sprekers tussen 35-65 jaar oud. Die volgende generasie – die groep sprekers tussen 17 en 34 jaar oud – gebruik dié pragmatiese merker egter baie meer frekvent as die ander ouderdomsgroepe. Ito en Tagliamonte (2003:276) se gevolgtrekking is dat die een proses (funksieuitbreiding) moontlik kan lei tot die verhoogde frekwensie. Hulle studie bevestig ook die aanname dat vroulike sprekers die voortou neem wat verandering van intensiveerders betref – in hierdie geval is die middeljarige vroulike sprekers verantwoordelik vir die funksieuitbreiding van “really” (Ito & Tagliamonte, 2003:277).

---

<sup>29</sup> “Opkomende” verwys hier na “really” se toenemende gewildheid onder veral jonger sprekers.

<sup>30</sup> Funksieuitbreiding verwys na die gebruik van ’n woordvorm om nuwe, niestandaardfunksies te verrig.

Barbieri (2008) ondersoek linguistiese variasie in terme van die lewensfase van die spreker. Sy gebruik twee subkorpora uit die *American Conversation Corpus* – ’n korpus van alledaagse gesprekke, ingesamel in die 1990’s. Die subkorpora verteenwoordig onderskeidelik die spraak van sprekers tussen die ouderdomme van 15-25 en 35-60 wat sy vergelyk deur middel van sleutelwoordanalise om variasiepatrone in die spraak van die jeug en volwassenes te vergelyk (Barbieri, 2008:61-62). Een van die groot verskille wat uit dié data na vore kom, is die gebruik van sekere intensiveerders. Haar resultate toon dat intensiveerders meer frekwent gebruik word deur die jonger sprekers. Jonger sprekers verkies niestandaardintensiveerders soos “so”, “totally”, “really” en “pretty”, terwyl volwasse sprekers die standaardintensiveerder “very” meer frekwent gebruik (Barbieri, 2008:72). Sy maak die afleiding dat intensiveerders ’n belangrike manier is waarop jonger sprekers hul houding (“stance”) uitdruk (Barbieri, 2008:71). Aangesien Barbieri (2008) ’n aantal ander verskynsels ook in die artikel bespreek, word daar nie baie konkrete voorbeelde verskaf nie en moet die leser grootliks staatmaak op die outeur se oordeel.

Precht (2008) ondersoek verskille tussen die gebruik van uitdrukking van houding (“stance”) deur mans en vroue. Sy ondersoek onder meer intensiveerders<sup>31</sup>. Sy bevind dat daar nie groot verskille is tussen manlike en vroulike sprekers se gebruik van intensiveerders nie, maar dat mans wel ander vorme verkies as vroue. Vroue verkies byvoorbeeld die intensiveerder “so” statisties beduidend meer as die mans, terwyl mans “totally” meer frekwent gebruik (Precht, 2008:101).

Die verwagting bestaan dus dat die gebruik van Afrikaanse intensiveerders variasie sal toon onder sprekers van verskillende ouderdoms- en geslagsgroepe in terme van die woordvorme wat deur die verskillende groepe verkies word. Anders as Barbieri (2008) en Precht (2008) wat ’n funksie-vorm-benadering volg, word ’n vorm-funksie-benadering in hierdie studie gevolg. Daar sal dus veral bepaal word hoe die frekwensie van geïdentifiseerde intensiveerders vergelyk wat jong, volwasse en moontlik bejaarde sprekers aanbetref. Die verwagting is dat die gebruik van intensiveerders deur jonger sprekers meer frekwent sal wees.

### iii. Skermers

Skermers kan aarseling en/of die tentatiewe aard van ’n uiting aandui of dit kan gebruik word in ’n poging om die spreker of aangesprokene verleentheid te bespaar (Fleischman & Yaguello, 2004:134). Dit het ’n versagtende funksie (Marais & Coetzee, 2005:255). Murphy

---

<sup>31</sup> Sy gebruik die term “emphatics”.

(2010:49) definieer die skermingsfunksie as “a linguistic strategy used to avoid sounding too authoritative and direct”. In teenstelling met intensiveerders, dui skermers aan dat die spreker hom- of haarself nie te sterk wil verbind tot die inhoud van die uiting nie. Skelton (aangehaal in Murphy, 2010:48) verwoord die rol van skermers soos volg:

“With a hedging system, language is rendered more flexible and the world more subtle.”

Ponelis (1979:295) se kleuradjunkte met versagtende funksies is voorbeelde van Afrikaanse woorde met skermende funksies. Die skermers in voorbeelde 21 en 22 maak die uitings waarin hulle voorkom, meer subtiel.

(21) Het jy dalk iets gevra?

(22) Kan jy darem al 'n paar woorde in hulle taal sê?

Twee soorte skermers kan onderskei word, naamlik:

1. skermers wat aandui dat die spreker onseker is oor die inhoud van die uiting of dat dit wat volg “min of meer” akkuraat is<sup>32</sup> (benaderingsmerkers) (Murphy, 2010:55).
2. skermers wat gebruik word om bevale, versoeke en stellings te versag ter wille van hoflikheid – hierdie skermers maak die uiting minder dominerend en meer onderhandelbaar (Adolphs & Carter, 2013:26).

Marais en Coetzee (2005:255) verwys na die niestandaardskermers “soos” en “soort van” wat in Tienerafrikaans voorkom. Die onderstreepte “soos” in voorbeeld 23 is 'n benaderingsmerker, terwyl voorbeeld 24 'n versagting ter wille van hoflikheid illustreer.

(23) Dan's hy soos in sy sestigs.

(24) Jy sal soort van dit self moet bring. (Marais & Coetzee, 2005:257)

Die gebruik van skermers word tradisioneel met vroulike sprekers verbind. Murphy (2010:57-59) verwys onder meer na Lakoff (1975, aangehaal in Murphy, 2010:57-59) en die meer resente navorsing van Coates (1996, aangehaal in Murphy, 2010:57-59) wat meen dat skermers 'n belangrike rol in vroulike gesprekke speel. In Murphy (2010:63-83) se eie ondersoek, gebaseer op 'n gesproke korpus van Ierse gesprekke, die FAC, blyk dit dat die vroulike sprekers in hul twintigs die meeste van die skermfunksie gebruik maak. Die groep

---

<sup>32</sup> Benaderingsmerkers (“approximators”) en skermers (“hedges”) word soms as 'n afsonderlike kategorie hanteer (vgl. Erman, 2001).

sprekers in hulle 40's gebruik dit egter byna net so frekwent. Murphy (2010:63-83) skryf die frekwente gebruik toe aan die sensitiewe aard van die onderwerpe wat die sprekers in hierdie ouderdomsgroepe bespreek. Die sprekers in hul 70's en 80's gebruik skermers minder. Hierdie bejaarde sprekers is al vir jare lank vriende en kan derhalwe bekostig om reguit met mekaar te wees wanneer hulle gesels. Hulle is nie meer daarop ingestel om hul eweknieë te beïndruk nie. Die manlike data in Murphy (2010) se korpus toon dat die jonger manlike sprekers aansienlik minder as hul vroulike eweknieë skerm, terwyl die manlike sprekers in hul 70's en 80's meer skerm as die vroulike sprekers. Die manlike sprekers in hul 40's skerm byna net soveel as hul vroulike eweknieë.

Die verwagting bestaan dat Afrikaanse skermers tweërlei kan optree: ter versagting van stellings maar ook as benaderingsmerkers. Gebaseer op die literatuur lyk dit asof jonger en volwasse sprekers skermers meer sal gebruik as bejaarde sprekers en of vroue skermers meer sal gebruik as mans. Interpretasie van die resultate behoort egter rekening te hou met die aard van die gesprekke wat gevoer word.

#### **iv. Vae kategoriemarkers (VKM's)<sup>33</sup>**

Vae taal is baie algemeen, veral in informele Engelse gesprekke, en dit verrig belangrike sosiale funksies soos om 'n ontspanne atmosfeer en interpersoonlike aanklank te skep en te behou en om die aansien van die gespreksgenote te beskerm (Cutting, 2015:108). Onder vae taal hoort pragmatiese merkers soos "or something", "or stuff (like that)", "or some/anybody (like that)" en "or what/ who/whatever" onder 'n subkategorie wat Murphy (2010:85) "vague category markers" noem. Hierdie merkers kom normaalweg aan die einde van 'n uiting of uitingsegment voor, byvoorbeeld:

(25) Do you do sports and stuff? (Martínez, 2011:2453)

Hierdie VKM's lei die hoorder om die voorafgaande element te verstaan as 'n voorbeeld van 'n meer algemene versameling (Stenström et al., 2002:98-99). Cutting (2015:109) onderskei tussen adjunkte en disjunkte VKM's. Adjunkte VKM's bestaan uit "and" + 'n algemene naamwoordklaus, byvoorbeeld "and all that" en disjunkte VKM's bestaan uit "or" + 'n algemene naamwoordklaus, byvoorbeeld "or something". Die adjunkte VKM's word aangewend om te voldoen aan Grice (1989) se kwantiteitsbeginsel wat impliseer dat meer gesê kan word

---

<sup>33</sup> Alhoewel hierdie nie 'n erkende akroniem is nie, word dit in hierdie studie gebruik om sodoende onnodige herhaling te voorkom.

(Cutting, 2015:109). Die disjunkte VKM's word gebruik om te voldoen aan die kwaliteitsbeginsel om aan te dui dat wat gesê word, moontlik nie akkuraat is nie.

Marais (2005:72) gee die volgende voorbeelde van VKM's uit haar korpus van Tienerafrikaans.

(26) Dis goed en wel om te hoor van al die great bands en als ...

(27) ... maar toe hoor ek by haar vriende en stuff...

(28) ... dan word hulle druggies en wash outs en goed ...

'n Hele aantal studies is beskikbaar wat die verbreiding van VKM's ondersoek in terme van sosiolinguistiese veranderlikes. Stenström et al. (2002:100-102) bevind dat VKM's meer algemeen voorkom in gesprekke tussen hegte vriende en dit word gebruik om implisiet aan te dui dat dit nie meer nodig is om eksplisiet te kommunikeer nie, omdat beide partye weet waarna verwys word. Die mees algemene VKM in die COLT is "or something" en dit word effens meer deur vroulike sprekers as manlike sprekers gebruik. Die verskil is egter marginaal.

Martínez (2011:2467-2468) bevind dat VKM's meer algemeen voorkom in gesproke taal as in geskrewe taal en dat sommige VKM's, teen sy verwagting in, meer algemeen is in volwasse spraak as in die spraak van tieners. Sommige VKM's kom egter frekwent voor in die COLT en word soms as groeps- en identiteitsmerkers gebruik.

Volgens Cutting (2015:111) gebruik jonger sprekers meer niestandaard-, informele VKM's in vergelyking met volwasse sprekers. Voorbeelde hiervan sluit in "and stuff", "shit like that" en "and crap", terwyl die volwasse sprekers dikwels "and things" en "and so on and so forth" gebruik.

Wat Afrikaanse VKM's betref, bestaan die verwagting dat jonger en volwasse sprekers verskillende VKM's sal verkies. Dit lyk nie of die frekwente gebruik van VKM's noodwendig met jonger sprekers geassosieer word nie, maar afhang van die mate van gedeelde kennis van gespreksgenote. Dit lyk ook of die gebruik van VKM's nie noemenswaardige variasie sal toon in terme van die geslagsveranderlike nie.

## **2.6 Hoofstukseamevatting en vooruitskouing**

In die voorafgaande bespreking is pragmatiese merkers gedefinieer, veral in terme van die vlakke waarop dit in gesproke taal en veral in omgangstaal gebruik word asook die funksies wat dit verrig. 'n Oorsig is gegee oor die algemene kenmerke wat in die literatuur met pragmatiese merkers geassosieer word. Daar is ook uiteengesit waarom die term



“pragmatiese merkers” bo die ander beskikbare benamings gekies is. Vervolgens is die tipes pragmatiese merkers en die gepaardgaande pragmatiese funksies wat in die literatuur aan bod kom, bespreek in terme van die sosiolinguistiese verspreiding en deur voorbeelde geïllustreer. Alhoewel dit lyk of jonger sprekers oor die algemeen niestandaard- pragmatiese merkers meer frekwent en met meer vernuwende funksies gebruik, is dit nie altyd die geval nie.

Een van die grootste uitdagings vir studies na pragmatiese merkers is die uiteenlopende gebruik van die terme wat geassosieer word met pragmatiese merkers. In hierdie hoofstuk is 'n poging aangewend om 'n klassifikasie-model voor te hou waarvolgens pragmatiese merkers geklassifiseer kan word. Hierdie model berus op die beginsel dat pragmatiese merkers na funksie geklassifiseer behoort te word. Die vorm-multifunksionaliteitsbenadering hou verder in dat pragmatiese merkers binne die volgende funksionele domeine funksioneer: die diskoersdomein, die sosiale domein en die metalinguistiese domein.

In hoofstuk 3 word die teoretiese begroning vir die onderhawige studie uiteengesit. Ouderdom en geslag as sosiopragmatiese veranderlikes word ook in meer besonderhede bespreek.

## Hoofstuk 3 : Teoretiese begroning en literatuuroorsig

*Although different theories highlight different aspects of the functioning of PM's [pragmatic markers], the empirical findings stated in terms of a specific approach can ... rather easily be transferred to a different framework ... the field of PM studies looks, from outside, as rather divided into different schools and theories, but in practice, this is not too much of a problem for communication between researchers"* (Foolen, 2012:220).

### 3.1 Inleiding

Die teoretiese raamwerk vir hierdie studie berus op 'n kombinasie van die relevansie-, diskoers- en grammatikalisasiesteorieë. Die beste motivering hiervoor is die feit dat dié studie in 'n mate gelei is deur die korpusdata wat ondersoek is – met ander woorde die gebruik van 'n korpuslinguistiese metodologie impliseer dat die wyse waarop die studie aangepak word tot 'n mate gedryf word deur dit wat in die korpusdata na vore kom (vgl. Tognini-Bonelli, 2001).

Sperber en Wilson (2006) se relevansiesteorie bied die raamwerk wat nodig is om pragmatiese merkers se kontekstuele effek in terme van uitingrelevansie, sowel as die invloed wat dit het op verwerkingsinspanning, te ondersoek. Hierdie teorie is 'n uitbreiding van Grice (1989) se gespreksreëls wat dit duidelik in die terrein van die pragmatiek wortel. Die relevansiesteorie stel dat relevansie die belangrikste van Grice se vier gespreksvoorwaardes is, omdat 'n strewe na relevansie noodwendig sal lei tot die nakoming van die ander drie gespreksvoorwaardes, naamlik kwaliteit, kwantiteit en duidelikheid (vgl. Dessalles, 2007:277).

Die grammatikalisasiesteorie is betrek, omdat die ooglopende bewyse van voortgaande ontwikkeling van pragmatiese merkers in die taalgebruiksvoorbeelde nie ontken behoort te word nie. 'n Ondersoek na die aard van funksies van pragmatiese merkers in informele gesprekke kan beswaarlik gedoen word sonder om te verwys na die talle oorgangsvorme en voorbeelde van funksieuitbreiding wat teenwoordig is. Ten einde rekening te hou met hierdie kenmerk van pragmatiese merkers, ondersoek Andersen (2001:29-38) die moontlikheid om die relevansiesteorie met die grammatikalisasiesteorie te kombineer. Hy argumenteer dat

verbeterde oordrag van inligting (die versterking van die seggingskrag van 'n uiting<sup>34</sup>) en die strewe na ekonomie in 'n uiting uitgewys is as die twee dryfvere vir grammatikalisasie. Dit het duidelike raakpunte met die idee van optimale relevansie waarby kontekstuele effek en minimering van verwerkingsinspanning inbegrepe is (Andersen, 2001:35). Op grond hiervan meen Andersen (2001:37-38) dat die grammatikalisasieteorie en die relevansieteorie sinvol gekombineer kan word in die ondersoek na pragmatiese merkers. Deur dié twee teorieë te kombineer kan pragmatiese merkers in terme van hul sinchroniese multifunksionaliteit, maar ook in terme van hul voortdurende diachroniese ontwikkeling en gevolglike weerstand teen rigiede klassifikasie, verantwoord word.

Die aard van die korpusdata is taalgebruiksvoorbeelde in die konteks van informele gesprekke. Dit lei tot 'n behoefte om die werking van pragmatiese merkers in terme van die opbou van die struktuur van 'n gesprek te kan verantwoord. Insigte vanuit die terrein van die diskoersanalise sal dus handig te pas kom ten einde die rol wat pragmatiese merkers in die gesprek speel, te beskryf (vgl. Foolen, 2012:219-220).

Die studie het ook ten doel om die gebruiksuitbreiding van pragmatiese merkers in sprekers van verskillende ouderdomme en geslag te ondersoek. Om hierdie rede word die sosiolinguistiese tradisie betrek wat taalvariasie as middel om sosiale betekenis te skep en te reflekteer, insluit (vgl. Eckert, 2012). Schneider en Barron (2008 en 2009 opgesom in Beeching en Woodfield, 2015:3-4) het 'n teoretiese raamwerk ontwikkel wat gebruik kan word om taalvariasie vanuit 'n pragmatiese oogpunt te ondersoek. Dit kombineer sosiolinguistiese praktyke met pragmatiese perspektiewe, sodat die klem nie meer op fonologiese kenmerke val nie (vgl. Labov, 1966, 1972a en Milroy, 1980 se variasiestudies), maar op sintaktiese, leksikale en/of pragmatiese variasie.

Dit is slegs deur 'n eklektiese benadering te volg dat 'n gepaste teoretiese grondslag vir dié studie gevind kan word waarvolgens die analises op 'n sistematiese wyse gedoen kan word.

In hierdie hoofstuk word voorts uiteengesit hoe die relevansieteorie kan bydra tot die huidige studie na pragmatiese merkers. Vervolgens word ook aangedui hoe die relevansieteorie skakel met die grammatikalisasieteorie en diskoersanalise en hoe dié kombinasie tot 'n meer holistiese beskrywing van die funksies van pragmatiese merkers kan bydra. Die sosiopragmatiese veranderlikes wat in die studie ondersoek sal word, naamlik *ouderdom* en *geslag*, word ook bespreek. Die korpuslinguistiese metodologie word in hoofstuk 4 bespreek.

---

<sup>34</sup> Seggingskrag het, volgens Andersen (2001:35), die tweeledige funksie om die insiggewendheid van die uiting te verbeter en om die spreker in staat te stel om 'n ingesteldheid/houding teenoor die inhoud van die uiting oor te dra.

## 3.2 Teoretiese raamwerk

Die pragmatiek ondersoek die manier waarop daar meer inligting gekommunikeer word as wat inderwaarheid gesê word (vgl. Levinson, 2000). Van besondere belang is die pragmatiese uitgangspunt dat wanneer daar gekommunikeer word, die interpretasie van 'n uiting dikwels, en veral in spreektaal, nie ten volle weergegee word deur die proposisionele inhoud daarvan nie. Levinson (2000:6) gebruik beeldspraak wanneer hy verduidelik hoe 'n uiting bykomende betekenis moet kan abba om soveel moontlik te sê, terwyl die verwerkingstyd steeds so kort en bondig moontlik gehou word. Sprekers is onderworpe aan tydsbeperkings om hul idees te struktureer en te formuleer en moet dus 'n uiting sodanig kan verryk dat die kommunikasiedoelwit bereik en die aandag van die hoorder behou word.

Die bespreking van die aard en funksies van pragmatiese merkers in hoofstuk 2 het aangetoon hoe dit gebruik word om die proposisionele betekenis van uitings te verryk. Dit word gedoen deur die onderskeie funksies wat dit in uitings verrig. In relevansieteoretiese terme kan pragmatiese merkers beskou word as verbale stimuli wat op verskillende maniere bydra tot die relevansie van 'n uiting, terwyl dit terselfdertyd die verwerkingsinspanning beperk.

### 3.2.1 Die relevansieteorie

Die relevansieteorie is gebaseer op die beginsel dat menslike kognisie relevante stimuli, in teenstelling met minder relevante stimuli, outomaties maksimeer. Mense gee dus aandag aan dit wat vir hulle relevant is (vgl. Grundlingh, 2016:247-248). Menslike persepsie is van nature gerat om potensieel relevante stimuli te kies, potensieel relevante aannames in die geheue te aktiveer en relevante aannames op die mees produktiewe manier te prosesseer (vgl. Andersen, 2001:30). Die beginsel van relevansie is universeel, daarom is dit vir mense moontlik om gespreksgenote se kognitiewe prosesse te manipuleer en te voorspel (Sperber & Wilson, 2006:610) en kommunikasie word dus dienooreenkomstig aangepas. Suksesvolle sprekers het die vaardigheid bemeester om stimuli te produseer wat die gespreksgenoot se aandag trek, kognitiewe herwinning van sekere relevante kontekstuele gegewens aanmoedig en die hoorder begelei om die regte gevolgtrekking te maak (Sperber & Wilson, 2006:611)<sup>35</sup>.

---

<sup>35</sup> Hierdie kennis maak deel uit van die verwerwing van pragmatiese vaardighede en sosiolinguistiese variasie waarmee die mens van kleintyd af besig is. Nardy, Chevrot & Barbu (2013) toon aan dat jong kinders reeds kennis toon van hierdie tipe variasie wat onder meer gebruik word om kommunikasie meer relevant te maak.

Die relevansieteorie berus op drie fundamentele aannames:

1. Kommunikasie is intensioneel.

Die relevansieteorie is gebaseer op een van Grice (1989) se kernbeginsels, naamlik dat een van die wesenlike kenmerke van menslike kommunikasie die uitdrukking (deur die spreker) en die herkenning (deur gespreksgenote) van intensies is. Kommunikasie is 'n voorbeeld van intensionele gedrag, omdat dit betrekking het op 'n spreker se intensie om 'n effek te hê op die kognitiewe omgewing van 'n ander individu (die gespreksgenoot) (Andersen, 2001:30). 'n Uiting kan slegs relevant wees indien dit 'n positiewe kognitiewe effek, oftewel 'n betekenisvolle verandering in die hoorder se voorstelling van die wêreld, teweegbring (Sperber & Wilson, 2006:608).

2. Kommunikasie is ostensief

Ostensiewe kommunikasie maak staat op twee vlakke van intensie, naamlik die informatiewe intensie (die intensie om die gespreksgenoot in te lig oor  $x$ ) en die kommunikatiewe intensie (die intensie om die gespreksgenoot in te lig oor die spreker se informatiewe intensie). Hierdie proses berus dikwels op ostensiewe stimuli wat die hoorder se aandag trek en dit vestig op die spreker se betekenis. Die gebruik van ostensiewe stimuli kan presiese en voorspelbare verwagtinge skep oor die relevansie van die uiting (Sperber & Wilson, 2006:611). Ostensiewe stimuli moedig boonop aanvaarding van die relevansie van die spreker se uiting by die gespreksgenoot aan en dit versterk die indruk dat dit die moeite werd is om te prosesseer. Optimale relevansie word bereik wanneer die ostensiewe stimulus die moeite werd is om te prosesseer en dit die mees relevante stimulus is wat versoenbaar is met die kommunikeerder se vermoëns en voorkeure (Sperber & Wilson, 2006:612). Die ander belangrike faktor wat relevansie bepaal, is die verwerkbaarheid van die inset: Hoe groter die verwerkingskoste, hoe minder relevant is dit. Sprekers moet dus maniere vind om die relevansie van wat gesê word aan te dui en terselfdertyd die uiting op so 'n manier struktureer dat verwerkingsinspanning minimaal is.

3. Kommunikasie vereis die maak van afleidings

'n Uiting word gesien as 'n inset tot 'n afleidingsproses wat die kognitiewe omgewing van die hoorder sal beïnvloed (Andersen, 1998:150). Die aanhoorder se aktiewe rol in kommunikasie word dus beklemtoon. Gegewe die verwagting van optimale relevansie wat deur die uitspraak van 'n uiting geskep word, is dit die aanhoorder se taak om bo en behalwe die dekodering van die propositionele betekenis, ook afleidings te maak oor die

spreker se kommunikatiewe intensie, insluitend die eksplisiete en implisiete inhoud van die uiting en die spreker se houding daarteenoor (Andersen, 2001:31; Retief, 1988:65).

Die beginsel van optimale relevansie is van fundamentele belang by die interpretasie van uitings en dit lui: "Elke ostensiewe kommunikasiehandeling kommunikeer 'n veronderstelling dat dit optimaal relevant is." (Andersen, 1998:150). Soos reeds aangedui, kan die graad van relevansie bepaal word op grond van die kontekstuele implikasies wat van 'n bepaalde uiting afgelei kan word en die verwerkingsinspanning wat van die hoorder vereis word ten einde 'n afleiding van die spreker se uiting te maak (Retief, 1988:71). Relevansie word beskou as die ideale balans tussen kontekstuele effek en prosesseringskoste.

In sy oorsig oor sosiopragmatiese studies van pragmatiese merkers, meen Foolen (2012:219) dat die relevansieteorie 'n produktiewe raamwerk vir die analise van pragmatiese merkers is. In relevansieteoretiese terme kan pragmatiese merkers as ostensiewe stimuli beskou word. Dit is immers dié stimuli wat die hoorder se aandag trek, die relevansie van die uiting beklemtoon en die verwerking van die bedoelde betekenis vergemaklik (vgl. Andersen, 2001:59).

Die aanwending van pragmatiese merkers as ostensiewe stimuli word veral gesien in informele gesprekke waar die spreker slegs die spreekbeurt sal behou indien hy die hoorder kan oortuig van die relevansie van sy uiting. In die diskoersdomein plaas diskoersmerkers byvoorbeeld die uiting in verhouding met vorige uitings en dit dui aan hoe die uiting relevant is in die konteks van die huidige gesprek. Dit vergemaklik terselfdertyd die verwerking van 'n uiting, omdat dit die hoorder in staat stel om die relevante kontekstuele inligting makliker te herwin. In die sosiale domein tree pragmatiese merkers byvoorbeeld op as responsmerkers wat die hoorder kan gebruik om 'n aanduiding te gee van hoe relevant die spreker se uiting vir hom is. Net so kan appelleerders deur sprekers gebruik word om vas te stel of uitings steeds relevant is vir gespreksgenote. Op metalinguistiese vlak gebruik sprekers byvoorbeeld fokusmerkers om gespreksgenote bewus te maak van watter gedeelte van die uiting hul fokus verdien, intensiveerders om gespreksgenote te oortuig van die relevansie van 'n uiting, terwyl skermers en VKM's bydra tot die vermindering van verwerkingsinspanning deur die aanbod van inligting te beperk en gedeelde kennis op te roep. (Verwys na hoofstuk 2 vir 'n volledige beskrywing van die verskillende soorte pragmatiese merkers wat hier genoem word.)

Deur pragmatiese merkers in relevansieteoretiese terme te beskryf, kan die verskillende funksies wat daaraan toegeskryf word dus verantwoord word deur dit te beskou as stimuli wat bydra tot die optimale relevansie van 'n uiting.

Ten einde die rol van die relevansieteorie in die aanwending van pragmatiese merkers in Omgangstaal te beskryf, kom sekere diskoersanalitiese konsepte en beginsels handig te pas. Vervolgens word 'n oorsig gegee oor die konsepte en beginsels wat vir hierdie studie belangrik is.

### **3.2.2 Diskoersanalise**

Aangesien die taalgebruiksvoorbeelde wat in hierdie studie ontleed word, deel van informele gesprekke uitmaak en die struktuur en konteks van die gesprekke die beskrywing van funksies beïnvloed, is 'n aantal aannames wat uit die diskoersanalise spruit, in die onderhawige studie gebruik.

Schiffrin (1987:3) sit die sleutelaannames van diskoersanalise soos volg uiteen:

- Taal kom altyd in konteks voor.
- Taal is kontekssensitief.
- Taal is altyd kommunikatief.
- Taal is ontwerp vir kommunikasie.

Pragmatiese merkers kan beswaarlik volgens vorm en funksie beskryf word indien hierdie aannames nie in ag geneem word nie. Vervolgens word pragmatiese merkers se funksie in die skepping van gesprekskoherensie en beurtwisseling kortliks bespreek.

#### **3.2.2.1 Gesprekskoherensie**

Vir die doeleindes van hierdie studie word pragmatiese merkers beskou as bydraend tot gesprekskoherensie. Schiffrin (1987:49) definieer gesprekskoherensie as die manier waarop sprekers en hoorders gesamentlik betekenis en handeling integreer om sin te maak uit dit wat gesê word. Koherensie behels dat 'n uiting 'n logiese verband moet hê met die seggingskrag van die voorafgaande uiting en dit moet voldoen aan Grice se gespreksvoorwaardes soos uiteengesit in Van Niekerk (1992:26):

- Die spreker berei die hoorder voor op die uiting wat gaan volg.
- Die spreker tree hoflik op teenoor die hoorder.
- Die spreker hou by die waarheid.
- Die spreker verskaf die nodige inligting; nie te veel of te min nie.

In die ontleding van die taalgebruiksvoorbeelde was dit duidelik dat pragmatiese merkers gebruik word om aan Grice (1989) se gespreksvoorwaardes te voldoen. Ter illustrasie: Diskoers- en kwotatiefmerkers (en selfs aarselingsmerkers) berei die spreker voor op dit wat volg. Pragmatiese merkers word dikwels ingespan as skermers ten einde 'n uiting meer hofflik te laat klink. Benaderingsmerkers en intensiveerders dui op die verhouding van die spreker tot die waarheid van die uiting, en VKM's stel die spreker in staat om op gedeelde kennis te steun en dus nie 'n oormaat van inligting aan te bied nie.

Gumperz (2003:221) gebruik die term “contextualization cue” (kontekstualiseringswenk) om te verwys na “any verbal sign which, when processed in co-occurrence with symbolic grammatical and lexical signs, serves to construct the contextual ground for situated interpretation and thereby affects how constituent messages are understood”. Volgens Gumperz (2003:222) kan 'n spreker onmoontlik direk al die inligting uitdruk wat gespreksgenote nodig het om hul eie bydraes te beplan en hul uitings te laat aansluit by dit wat vooraf gesê word – hierdie inligting word dus implisiet uitgedruk. Dit is die kontekstualiseringswenke se taak om gespreksgenote daarop voor te berei dat 'n implisiete afleiding gemaak moet word. Gumperz (2003) beskou veral prosodiese aspekte soos intonasie, klem en stemtoon asook paralinguistiese aspekte soos aarseling, pousering en spraaktempo as kontekstualiseringswenke, maar volgens die definisie hier bo kan pragmatiese merkers bepaald ook as kontekstualiseringswenke kwalifiseer. Aijmer (2002) gebruik byvoorbeeld die term in haar bespreking van pragmatiese merkers en Foolen (2012:220) meen dat Gumperz se werk nie geïgnoreer behoort te word in 'n sosiopragmatiese ondersoek na pragmatiese merkers nie.

Soos reeds aangedui, is pragmatiese merkers daarvoor verantwoordelik om die proposisionele inhoud implisiet te veranker (Östman, 1982:153). Vanuit 'n diskoersanalitiese perspektief is spraak 'n refleksie op die direk voorafgaande uiting, maar ook die onmiddellike omstandighede en selfs gebeure uit die verlede wat oorvertel word of wat werklik beleef is. Talige kommunikasie druk dus nie net die spreker se eie gedagtes uit nie, maar is deel van 'n “kommunikatiewe ekologie” (Gumperz, 2003:221) wat die rigting van die gesprek beïnvloed en die gespreksgenote oriënteer ten opsigte van die gesprekstruktuur tydens die opbou van die gesprek.

Relevante kontekstuele inligting is nodig vir die suksesvolle interpretasie van 'n uiting. Een manier waarop pragmatiese merkers gespreksgenote oriënteer ten opsigte van konteks, is deur by te dra tot die beurtwisseling in 'n gesprek. Ten einde die beskrywing van funksies uiteen te sit, wat verwant is aan beurtwisseling, word beurtwisseling en die verwante terminologie vervolgens kortliks uiteengesit.



### 3.2.2.2 Beurtwisseling

Tydens gesprekke verwissel die gespreksgenote se luister- en praatrolle voortdurend. Sogenaamde voltooiingspunte in uitings bied aan hoorders die geleentheid om die beurt te neem (Van Niekerk, 1992:16). In die beurtwisselingsproses tydens 'n gesprek word 'n aantal taalhandelinge geïdentifiseer. Pragmatiese merkers, byvoorbeeld diskoersmerkers, word gebruik om beurtname in 'n gesprek te bewerkstellig, soos “okay” in voorbeeld 29 se tweede spreekbeurt.

- (29) <\$C><sup>36</sup> I can't say that  
<\$A> <#> okay that's uh uh now I want to ask you why did didn't you stop the vehicle you were just nine metres behind the vehicle  
(Huddlestone & Fairhurst, 2013:101).

Tweedens kan pragmatiese merkers, soos responsmerkers, daartoe bydra dat die beurt gehandhaaf word. Die huidige spreker word deur die gespreksgenoot aangemoedig om voort te gaan met sy uiting soos in voorbeeld 30 waar Spreker <S2> sy belangstelling te kenne gee deur die responsmerker “really”.

- (30) <S1> I heard John's lost his job.  
<S2> Really.  
<S1> He'd only just started, six months ago. (Adolphs & Carter, 2013:45)

Derdens kan pragmatiese merkers, soos aarselingsmerkers, die spreker help om die beurt te behou terwyl hy sy gedagtes formuleer, soos voorbeeld 31 illustreer.

- (31) Hennie: Ek weet u geniet altyd die besoekies hier aan die Vrystaat, want uh u het baie lief geword vir die Vrystaat in u dienstydkperk.  
(Van Niekerk, 1992:97)

Vierdens kan pragmatiese merkers, soos appelleerders, aandui dat die spreker gesê het wat hy wil sê en die beurt aan 'n gespreksgenoot oorgee. Voorbeeld 32 toon hoe “hè” aantoon dat 'n respons van die aangesprokene vereis word tydens 'n telefoongesprek tussen 'n moeder (mth)<sup>37</sup> en seun (son).

---

<sup>36</sup> Die oorspronklike outeurs se sprekersidentifikasiekode is behou.

<sup>37</sup> Die oorspronklike outeurs se sprekersidentifikasiekode is behou.

- (32) mth: ja weer binne. and'rs zulle we 't wel anders hadden we het wel gehoord  
hè?  
son: ja! (Mazeland & Plug, 2010:164)<sup>38</sup>

Pragmatiese merkers se diskoersregulerende funksies is 'n belangrike aspek in die beskrywing van hul funksies.

### **3.2.3 Samevatting**

Pragmatiese merkers se oorhoofse funksies in informele gesprekke kan dus soos volg opgesom word:

- Pragmatiese merkers maak uitings optimaal relevant deur die kontekstuele effek daarvan op die gespreksgenote te verhoog sodat hulle dit die moeite werd sal ag om verwerkingstyd daaraan te bestee.
- Pragmatiese merkers minimeer die verwerkingstyd wat aan die interpretasie van uitings bestee hoef te word deur as kontekstualiseringswenke op te tree wat die gespreksgenote in staat stel om die relevante konteks (intern en ekstern aan die gesprek) op te roep wat interpretasie versnel.
- Optimale relevansie en die situering van 'n uiting binne die groter en kleiner konteks van die gesprek, word behaal deur pragmatiese merkers se vermoë om diskoerskoherensie te bewerkstellig; onder meer deur die regulering van beurtname.

Terwyl oorhoofse funksies aan pragmatiese merkers toegeskryf kan word, vertoon elke pragmatiese merker ook meer gespesialiseerde en unieke funksies. Wanneer die korpusdata in ag geneem word en daar word na die verspreiding van funksies onder sprekers van verskillende ouderdomme en geslagte gekyk, kan daar nie ontken word dat sommige van hierdie funksies steeds besig is om te ontwikkel nie<sup>39</sup>. Ten einde hierdie verskillende ontwikkelende funksies te beskryf, blyk die grammatikalisasieteorie nuttig te wees. Dit word dus vervolgens kortliks bespreek.

---

<sup>38</sup> Simbole wat dui op die intonasie en tempo van die afsonderlike woorde is verwyder ter wille van leesbaarheid.

<sup>39</sup> Hierdie vorme word in hoofstuk 5 bespreek.

### 3.3 Grammatikalisasie

Uit die literatuur word dit duidelik dat outeurs wat oor pragmatiese merkers skryf die behoefte het om die verskillende ontwikkelingsstadia te kan beskryf en/of verklaar en dat hulle dikwels die grammatikalisasieteorie gebruik om dit te doen. Dié teorie word al etlike jare lank gebruik om die ontwikkeling en/of verandering van leksikale items tot grammatikale items na te spoor en te verklaar. A. Meillet het die term die eerste gebruik in 1912 in 'n artikel genaamd *L'évolution des formes grammaticales* om te verwys na “die toekenning van 'n grammatikale karakter aan 'n eens outonome woord” (Lehmann, 1985:303).

Die grammatikalisasieteorie is nuttig vir diachroniese sowel as sinchroniese studies (Lehmann 1985:303). In diachroniese ondersoek bied dit 'n teorie om die ontwikkelingsproses te verklaar. Hopper en Traugott (2003:18) definieer die proses van grammatikalisasie as “a term referring to the change whereby lexical items and constructions come in certain linguistic contexts to serve grammatical functions and, once grammaticalized, continue to develop new grammatical functions.” In sinchroniese studies word dit gebruik om die verskillende funksies wat een woordvorm kan verrig te verklaar en te kategoriseer volgens hul grammatikalisasiestatus – met ander woorde die mate waarin die bepaalde woordvorm reeds gegrammatikaliseer is.

Veral die sinchroniese perspektief behoort nuttig te wees vir die huidige studie. Die literatuur toon dat die grammatikalisieteorie waardevol is in die ondersoek na die funksies van pragmatiese merkers. Fleischman en Yaguello (2004:139-143) postuleer byvoorbeeld 'n moontlike grammatikalisasieroete vir twee soortgelyke pragmatiese merkers, naamlik die Engelse “like” en die Franse merker “genre”<sup>40</sup>. Beide merkers<sup>41</sup> ontwikkel uit 'n lekseem met 'n kernbetekenis van vergelyking, soos in voorbeeld 33.

(33) She sings like a bird. (Fleischman & Yaguello, 2004:139)

Omdat 'n vergelyking die fokus laat val op die twee elemente wat vergelyk word, brei die funksies van die woordvorme “like” en “genre” uit tot fokusmerker, soos in voorbeeld 34.

(34) She's not like depressed or anything... (Fleischman & Yaguello, 2004:131)

---

<sup>40</sup> Slegs voorbeelde wat “like” bevat word hier gebruik, ter wille van bondigheid.

<sup>41</sup> Fleischmann en Yaguello (2004:142) toon aan dat ook merkers uit ander tale moontlik 'n soortgelyke grammatikalisieroete kon volg, onder meer “tipo (che)” (Italiaans), “niinku” (Fins) en “liksom” (Sweeds).

Vergelyking impliseer dikwels benadering (A is naastenby/ min of meer soos B) wat lei tot die ontwikkeling van “like” as skermer, wat (soos aangetoon in hoofstuk 2) ’n losse verhouding tussen die spreker en die uiting aandui. Voorbeeld 35 illustreer hierdie gebruik. “Like” dui aan dat die spreker bedoel dat die dekade waarvan gepraat word, naastenby korrek is.

(35) The dress I bought, it was from like the forties... (Fleischman & Yaguello, 2004:140)

Die gebruik as skermer lê die grondslag vir die gebruik van “like” en “genre” as kwotatiefmerkers<sup>42</sup>, wat gebruik word om gekonstrueerde<sup>43</sup> en interne<sup>44</sup> dialoog in te lui en steeds hierdie losse verband tussen spreker en proposisie te kenne te gee, soos voorbeeld 36 illustreer.

(36) And I’m like, OK, how am I gonna get her ‘chief complaint’ out of her? (Fleischman & Yaguello, 2004:136)

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat dieselfde woordvorm (in hierdie geval “like”) op dieselfde tydstip in verskillende funksionele hoedanighede gebruik word en dit sal dus op ’n sekere tydstip met verskillende vlakke of lae van betekenis (“layering”) in die taal aangetref word (Hopper & Traugott, 2003:116). Voorbeeld 37 geneem uit ’n artikel van Tagliamonte en Hudson (1999:153) toon die verskillende betekenislae van “like” aan soos wat dit in een spreekbeurt in hul data aangetref is.

(37)  
The same time it hit it was like a sort of bright flash.  
I don't know how to describe it . . . like a ca-  
if a camera like flashes in your eyes  
and then you know, in kind of like Scooby Doo or something,  
how everything goes like wavy and stuff,  
and it's like out of focus and then it comes into focus,  
that's what it was like. (Tagliamonte & Hudson, 1999:153)

---

<sup>42</sup> Die aard en funksie van kwotatiefmerkers word in hoofstuk 2 bespreek.

<sup>43</sup> Gekonstrueerde dialoog verwys na ’n parafrase van wat oorspronklik gesê is. Tradisioneel word hierna verwys as direkte rede.

<sup>44</sup> Interne dialoog verwys na gedagtes, houdings of gevoelens wat metaverteenwoordig word, maar nie noodwendig eksplisiet uitgespreek is nie.

Volgens Lehmann (1985:305-306) kan die grammatikalisasiestatus van 'n woordvorm op 'n glyskaal voorgestel word van minder gegrammatikaliseer tot meer gegrammatikaliseer. Lehmann (2015:13) brei die definisie van grammatikalisasie uit om nie net die proses waartydens 'n leksikale item verander in 'n grammatikale item in te sluit nie, maar ook die proses waartydens 'n item verander van 'n minder gegrammatikaliseerde status tot 'n meer gegrammatikaliseerde status. Die mate waarin grammatikalisasie plaasgevind het, word bepaal deur aspekte rakende die outonomieit van 'n woordvorm te oorweeg. Vroeër stadiums van grammatikalisasie word geassosieer met 'n groter mate van outonomieit, terwyl die item algaande van outonomieit gestroop word soos wat dit verder grammatikaliseer.

Heine en Kuteva (2002:2) identifiseer vier interafhanklike meganismes van grammatikalisasie naamlik:

- Desemantisering (semantiese leegloping, “bleaching”) – die woordvorm ondergaan 'n verlies aan betekenisinhoud.
- Uitbreiding (konteksveralgemening) – die woordvorm word in nuwe kontekste gebruik.
- Dekategorisering – die woordvorm ondergaan 'n verlies aan morfosintaktiese eienskappe wat met die oorspronklike woord geassosieer is. Tradisioneel dui dit veral op prosesse soos klisis en affiksering.
- Erosie (fonetiese reduksie) – die woordvorm ondergaan 'n verlies aan fonetiese substansie.

Dit val buite die bestek van die huidige bespreking om hierdie kriteria volledig te bespreek en daarom word dit slegs kortliks verduidelik aan die hand van die Engelse pragmatiese merker “like”. Uit die voorafgaande bespreking oor “like”, blyk dit byvoorbeeld dat “like” algaande die kernbetekenis van “vergelyking” verloor en 'n redelike mate van desemantisering vertoon in sommige gebruiksvorms. Dit is ook duidelik dat die kontekste waarin “like” gebruik word uitbrei. Dekategorisering vind plaas, omdat “like” ontwikkel van 'n lekseem met proposisionele betekenis tot 'n woordvorm wat pragmatiese funksies vertoon. Die afleiding kan gemaak word dat “like” nog aktief besig is om te grammatikaliseer, aangesien dit steeds taamlik outonoom is en sover bepaal kon word nog geen tekens toon van fonetiese reduksie nie. 'n Woordvorm soos die appelleerder “innit” (van “isn't it”) is moontlik op 'n meer gevorderde stadium van grammatikalisasie as “like”, omdat dit reeds duidelike fonetiese reduksie ondergaan het (vgl. Stenström, 2002:167 vir 'n bespreking van “innit” as pragmatiese merker).

Die verandering van 'n grammatikalisierende vorm kan beskryf word as 'n geleidelike ontwikkeling van 'n stadium van meer algemene aanwending en groter toepassingsvariasie na 'n stadium van spesialisasie. Ten spyte van hierdie skuiwe in betekenis en funksie, behou die

grammatikalisierende of gegrammatikalisierde vorme tog 'n mate van verwantskap met die oorspronklike referensiële betekenis – daar word na hierdie verskynsel verwys as handhawing (“persistence”) (Tagliamonte & Hudson, 1999:150).

Soos reeds aangedui in hoofstuk 2, is een van die uitstaande kenmerke van pragmatiese merkers dat dit ontwikkel vanuit 'n verskeidenheid woordsoorte soos voegwoorde, bywoorde en tussenwerpsels (interjeksies) of uit geleksikalisierde vaste uitdrukkings (woordklusters) tot woordvorme met pragmatiese funksies (Schiffrin, 2003:57). Die term “grammatikalisasie” is egter nie tradisioneel gebruik om die verskuiwing van 'n leksikale vorm na 'n vorm met pragmatiese funksies te verduidelik nie. Daar is diegene wat reken pragmatiese merkers behoort nie as 'n grammatikale kategorie beskou te word nie en dat die term “pragmatikalisasie” gebruik behoort te word om te verwys na die proses waardeur 'n woord vanuit die domein van die leksis of grammatika ontwikkel om deel te word van die diskoersdomein (vgl. Claridge, 2013; Heine, 2013; Simon Vandenberg & Willems, 2011).

Diewald (2011:365) asook Degand en Evers-Vermeul (2015:78), meen die ontwikkeling van pragmatiese merkers is 'n besondere tipe grammatikalisasie en dat die term “grammatikalisasie” uitgebrei kan (en behoort te) word om ook die ontwikkeling van pragmatiese merkers in te sluit. Degand en Evers-Vermeul (2015:78) formuleer 'n aangepaste definisie vir grammatikalisasie wat die unieke ontwikkelingsprosesse van pragmatiese merkers verreken:

“The evolution of linguistic expressions from a more referential, lexically meaningful state to a more functional, elusive state, in which these expressions start to mark the clause, sentence or wider context in which they occur.” (Degand & Evers-Vermeul, 2015:78)

Vir hierdie studie word die term “grammatikalisasie” in so 'n breër konteks dus verkies bo “pragmatikalisasie”. Pragmatiese merkers kan dus beskryf word as gegrammatikalisierde vorme met unieke formele, funksionele en pragmatiese eienskappe (Aijmer, 2002:2). Ten einde 'n duideliker onderskeid te tref, kan Romero-Trillo (2001:531-532) se term “diskoersgrammatikalisasie” gebruik word om te verwys na die spesifieke grammatikalisasieproses waardeur pragmatiese merkers ontwikkel.

Hierdie benadering tot grammatikalisasie sluit aan by die gebruiksgebaseerde teorie wat aanvoer dat taalstruktuur voortkom uit taalgebruik. 'n Voorbeeld van sodanige proses is: Pragmatiese merkers word normaalweg baie frekwent gebruik deur veral jonger sprekers.

Hierdie frekwente gebruik lei tot klein veranderinge wat plaasvind in werklike taalgebruik. Sodoende vind daar geleidelike veranderinge plaas – die grammatikalisasieproses (vgl. Bybee, 2012:1). 'n Korpus, soos die PO, met voorbeelde van werklike taalgebruik is dus 'n uitstekende bron om grammatikalisierende pragmatiese merkers te ondersoek.

Die grammatikalisasie van pragmatiese merkers word voorts in die literatuur geassosieer met die innoverende aanwending daarvan deur jonger sprekers (Andersen, 2001:302). Androutsopoulos (1999:155) bring grammatikalisasie direk in verband met niestandaardvariëteite en veral die skepping van nuwe sleng. Hy meen dat die behoefte aan verhoogde seggingskrag en verbeterde uitdrukkingsvermoë (kenmerkend aan die taal van jongmense (“Jugendsprache”)) 'n belangrike motiveerder is vir grammatikalisasie. Die verwagting is dus dat meer grammatikalisierende woordvorme en funksies sigbaar sal wees in die taal van die jonger sprekers. Dit laat boonop die vraag ontstaan wat die korrelasie sou wees tussen die ouderdom van die spreker en die tipe pragmatiese merkers sowel as die funksies van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans.

### **3.4 'n Sosiopragmatiese benadering**

Du Plessis (1995:82) koppel die funksies waarvoor taal gebruik word aan die sosiale eienskappe van sprekers:

“Dit kom eenvoudig daarop neer dat die wyse waarop die funksies waarvoor taal gebruik word, sekere sosiale eienskappe van die gebruiker van 'n vorm verrai en omgekeerd dat die sosiale omgewing van 'n spreker neerslag vind in die linguistiese kode van die taalgebruiker.”

Schneider en Barron (2008 en 2009, aangehaal in Beeching en Woodfield, 2015:3-4) het 'n teoretiese raamwerk ontwikkel wat gebruik kan word om taalvariasie vanuit 'n pragmatiese oogpunt te ondersoek. Die sosiopragmatiek versoen sociolinguistiese variasiestudies en die pragmatiek deur makrosociolinguistiese faktore, soos ouderdom en geslag, vanuit 'n pragmatiese oogpunt te ondersoek en moontlike korrelasies tussen makrososiale faktore en gebruikstaal te agterhaal (Murphy, 2010:28). Dit verskil van sociolinguistiese ondersoeke na variasie, hoofsaaklik omdat die fokus nie meer op fonologiese kenmerke val nie, maar op die sintaktiese of pragmatiese kenmerke van taalgebruik. Sosiopragmatiek is ook nie 'n blote sociolinguistiese kartering van gebruikspatrone in interaksie nie, maar vereis 'n dieper ondersoek na hoe hierdie patrone gebruik word in spesifieke interaksies (Culpeper, 2009:180 in Andersen & Aijmer, 2012:2). Taalhandelinge, pragmatiese merkers en sprekerhouding,

relevansie en implikature, diskoersstruktuur en koherensie word nie soseer as teoretiese konstrunkte beskou nie. Dit word egter ondersoek in sosiokulturele kontekste om kulturele, sosiale en omstandighedsgebonde gebruiksverskille aan te toon (Andersen & Aijmer, 2012:1).

Soos reeds aangedui in hoofstuk 2, blyk dit uit die literatuur dat verskillende groepe sprekers pragmatiese merkers verskillend aanwend. Verskillende pragmatiese merkers word dus met verskillende variëteite van 'n taal geassosieer en een pragmatiese merker vertoon byvoorbeeld dikwels verskillende funksies in verskillende variëteite (Foolen, 2012:222). Ten einde hierdie aspek van pragmatiese merkers te ondersoek, word die sosiopragmatiese veranderlikes, naamlik *ouderdom* en *geslag*, gebruik om te vergelyk hoe verskillende groepe sprekers pragmatiese merkers aanwend.

### **3.4.1 Ouderdom as sosiopragmatiese veranderlike**

Dit word algemeen aanvaar dat die lewenstadium waarin 'n spreker hom- of haarself bevind sy of haar taalgebruik beïnvloed. As gevolg van pragmatiese merkers se veranderlike aard en die losse verbintenis met die hoof- proposisionele betekenis van 'n uiting, word dit dikwels dié taalelemente wat tekenend word van 'n sekere sosiale groep se taalgebruik.

Romero-Trillo (2019:3) meen dat gesproke interaksie 'n pragmatiese raamwerk moet hê met kognitiewe gleuwe wat die seggingskrag van die interaksie bymekaarhou. Hierdie kognitiewe gleuwe word dan, volgens hom, gevul deur elemente (pragmatiese merkers) wat bepaal word deur die streeks-, idiolektiese of sociolinguistiese kenmerke van die taal. Hy meen dat hierdie perspektief die diversiteit van pragmatiese merkers verklaar en dat hierdie gleuwe sprekers toelaat om kreatief met die uiting om te gaan deur voortdurend nuwe pragmatiese merkers te gebruik om dit te vul. Dit dra by tot die varsheid (en relevantheid) van uitings.

Vervolgens word 'n aantal aspekte wat uit die literatuur na vore kom bespreek. Daar word gefokus op studies van pragmatiese merkers in jeugtaal en sosiopragmatiese studies oor kwotatiefmerkers. Daarna word die leeftydperspektief op taalvariasie veral wat betref pragmatiese merkers bespreek.

#### **3.4.1.1 Pragmatiese merkers in jeugtaal**

Uit navorsing oor tiener- en jeugtaal word dit duidelik dat jonger sprekers se taal anders lyk as volwassenes se taal. Verskeie studies, soos dié van Eckert (1988) oor sosiale groepe, en spesifiek die sogenaamde Jocks (pligsgetroues) en die Burnouts (bykans rebelle), toon dat tieners taal gebruik wat hulle deel maak van 'n bepaalde sosiale groep. Marais (2005:56, 71-



72) lig uit dat pragmatiese merkers 'n tipiese kenmerk van tienertaal en ook Tienerafrikaans is. Studies soos dié van Eble (1996) oor kampussleng toon aan dat ook die ouer jeug en veral studente, 'n eie manier van praat het ter wille van 'n unieke identiteit. Stenström et al. (2002:xi) sluit pragmatiese merkers (“proxy words”, “vague words” en “small words”) in by hul omskrywing van die “slanguage” wat tieners in die COLT<sup>45</sup> gebruik en hulle verwys daarna as “van die mees prominente kenmerke van dié tieners se gesprekke”.

Indien pragmatiese merkers meer frekwent is in tienertaal as in volwassenes se taalgebruik, kan dit 'n aanduiding wees van grammatikalisasie wat besig is om plaas te vind (Foolen, 2012:224). Androutsopoulos (2000:17, aangehaal in Marais, 2005:52) meen ook dat “grammatikalisasie meer in die taalgebruik van tieners voorkom as in die taalgebruik van enige ander groep en dat dit 'n groot bron van vernuwing in sleng is”. Tieners laat hulle nie voorskryf deur taalreëls nie en hulle het meer vrymoedigheid om woorde in nuwe kontekste of met nuwe funksies te gebruik. Hierdie “vernuwing” verwys egter nie uitsluitlik na die gebruik van heeltemal nuwe vorme nie, maar ook na die gebruik van bestaande vorme op nuwe maniere (funksieuitbreiding). Androutsopoulos (2000:16, aangehaal in Marais 2005:53) verwys na die “semantiese of vormlike verandering van bestaande items”<sup>46</sup>. Marais (2005:71) identifiseer byvoorbeeld funksieuitbreiding van “soos” waar dit as fokusmerker gebruik word (“Dis soos in so nice.”).

Andersen (2001) ondersoek pragmatiese merkers in die spraak van tieners in die COLT. Hy vergelyk sy bevindinge met volwasse taalgebruiksvoorbeelde soos verkry uit die Britse Nasionale Korpus (BNC). Hy werk van die aanname af dat die gekose pragmatiese merkers (“innit”/“is it” en “like”) 'n voorbeeld is van jeugspesifieke linguistiese gedrag en taalverandering of leeftydspesifieke taalgebruik weerspieël (Andersen, 2001:19). Hy ondersoek die merkers in terme van hul pragmatiese, konteksgebonde funksies, sociolinguistiese variasie en diachroniese ontwikkeling. Hy toon aan dat beide merkers eie is aan die jonger sprekers se taalgebruik. “Innit” kom glad nie in die volwasse korpus voor nie en “like” kom baie minder en met beperkter funksies in die volwasse korpus voor (Andersen, 2001:301). Hy bespreek ook die grammatikalisasie van beide pragmatiese merkers en toon aan dat dit tipiese kenmerke van gegrammatikaliseerde vorme vertoon. Andersen (2001) se werk toon dus dat jonger

---

<sup>45</sup> Die ouderdomme van sprekers in die COLT wissel van 1 tot 59 jaar oud. Die grootste groep is die middel adolessentegroep tussen die ouderdomme van 14 en 16 (61% van die data), gevolg deur die vroeë adolessentegroep tussen die ouderdomme van 10 en 13 (24% van die data). Die laat-adolessente (17-19) en jong volwassenes (20-29) maak gesamentlik slegs 9% van die data uit.

<sup>46</sup> Semantiese of vormlike verandering van bestaande items is volgens Androutsopoulos (2000:16 aangehaal in Marais, 2005:53) een van drie prosesse waardeur slengvernuwing tot stand kan kom. Die ander twee prosesse is i) nuwe leksikale en idiomatiese skeppings en ii) ontlening en leenvertaling.

sprekers ander pragmatiese merkers gebruik as ouer sprekers en ander funksies aan gedeelde merkers toeken en dat die tekens van grammatikalisasie (frekwensie en funksieuitbreiding) veral sigbaar is in die taalgebruik van jonger sprekers.

Die pragmatiese merker wat die meeste ondersoek is in terme van verskillende sosiolinguistiese veranderlikes soos *ouderdom* en *geslag*, is die kwotatiefmerker “be like” (soos geïllustreer in voorbeeld 38).

(38) She was like, “He’s gotta be kidding.” (Haddican & Zweig, 2012:9)

Die rede hiervoor is dat “be like” beskou word as ’n voorbeeld van taalverandering wat besig is om te gebeur en daarom poog verskeie navorsers om sinchroniese vergelyking van ouderdomsgroepe te gebruik om huidige taalverandering te ondervang. Die doelwit is dikwels om aan te dui hoe dié pragmatiese merker al versprei het onder sprekers van verskillende ouderdomsgroepe. Daar word van die veronderstelling gegaan dat die innoverende gebruik van “be like” onder jonger sprekers ontstaan het en dit is nou besig om opgeneem te word in die groter taalgemeenskap soos wat sprekers ouer word. Die resultate van hierdie studies is bruikbaar vir die onderhawige studie, aangesien dit neigings onder sprekers van verskillende ouderdomme en geslagte aantoon wat moontlik van toepassing kan wees op ander pragmatiese merkers ook. Vervolgens word ’n aantal studies oor die kwotatiefmerker bespreek.

### **3.4.1.2 Sosiopragmatiese studies van die kwotatiefmerker**

Innoverende kwotatiefmerkers, en veral “be like”, word baie sterk met tiener- en jeugtaal geassosieer (vgl. Buchstaller, 2015). Ook die Nederlandse kwotatiefmerker “hebben zo iets van” word byna uitsluitlik deur jonger sprekers aanvaar (Haddican & Zweig, 2012:1) en die soortgelyke Franse “genre” word ook met jeugtaal (tienaers) geassosieer (Fleischman & Yaguello, 2004:129).

Louro (2013) ondersoek “be like” as kwotatiefmerker in Australiese Engels in ’n korpus wat bestaan uit 32,5 uur se spontane spraak in die vorm van narratiewe. Sy bevind dat die beperkinge waaraan “be like” onderworpe is, verskil in die taalgebruik van verskillende generasies. Vroulike pre-adolescente (11-13) en adolessente (14-16) is verantwoordelik vir toenemende frekwensie en funksieuitbreiding, terwyl jong volwassenes stabiel is wat betref die gebruik van “be like”.

Dit lyk egter asof sogenaamde innoverende kwotatiefmerkers (soos “be like”) na gelang van die grammatikalisasieproses ook ’n frekwente voorkoms onder ouer spreker-groepe toon. Die

kwotatiefmerker “be like” in Kanadese Engels is aanvanklik deur tieners gebruik (vgl. Tagliamonte & D’Arcy, 2004), maar ten tyde van ’n opvolgstudie (Tagliamonte & D’Arcy, 2007) word dit byna net so frekwent deur jong volwassenes (sprekers jonger as 30) gebruik. Hulle navorsing toon dus aan dat die gebruik van hierdie vorm besig is om uit te brei en dit maak nou deel uit van die algemene omgangstaal.

Barbieri (2009) vergelyk twee soortgelyke korpora van Amerikaanse Engels – die eerste dateer uit 1995/1996 en die tweede uit 2004/2005. Sy bevind dat die kwotatiefmerker “be like” die voorkeurkwotatiefmerker is vir alle sprekers onder 40-jarige ouderdom en dit kom besonder frekwent voor in die taal van jong tieners. Uit die data lyk dit asof sprekers, wat ten tyde van die eerste korpusopnames in hul tienerjare tot middel twintigs was, dié pragmatiese merker handhaaf en selfs meer frekwent gebruik in die 2004/2005-korpus.

Hierdie studies toon dus aan dat pragmatiese merkers deur verskillende ouderdomsgroepe gebruik word. Dit lyk egter of die veranderde of potensieel nuwe gebruike van pragmatiese merkers normaalweg van die jonger spreker-groepe afkomstig is en dan geleidelik deursypel na ouer spreker-groepe. Hierdie insig maak dit noodsaaklik om nie net na pragmatiese merkers as jeugtaalverskynsel te kyk nie, maar dit ook in volwasse en bejaarde spreektaal te ondersoek om sodoende ’n leeftydperspektief op die gebruik van pragmatiese merkers te verkry.

### **3.4.1.3 ’n Leeftydperspektief op pragmatiese merkers**

Soos uit die voorafgaande bespreking gesien kan word, is die meeste navorsing oor pragmatiese merkers in taalgebruiksvoorbeelde van tieners gedoen. Daar is baie minder studies oor pragmatiese merkers in studentetaal en volwassenes se taal. Behalwe vir Murphy (2010) en Buchstaller (2015) kon geen verdere navorsing oor pragmatiese merkers in bejaardes se taal opgespoor word nie.

Soos aangetoon, dui navorsing oor pragmatiese merkers en veral kwotatiefmerkers aan dat volwasse sprekers meedoen aan die verspreiding van linguistiese vorme (vgl. Barbieri, 2009; Tagliamonte & D’Arcy, 2007). Dit lei daartoe dat Labov (1972b) se skynbaretydhipotese (“apparent time hypothesis”) waarin hy postuleer dat spraakpatrone grotendeels vasgestel is teen die tyd dat vroeë volwassenheid bereik word, uitgedaag word deur byvoorbeeld die bevindinge van Buchstaller (2015:458-459), Murphy (2010:11-12) en Tagliamonte en D’Arcy (2007:213).

Buchstaller (2006:7) en Buchstaller (2015:459) meen dat alhoewel pragmatiese merkers hoofsaaklik met jeugtaal geassosieer word, volwasse sprekers ’n belangrike rol speel in die

instandhouding en verspreiding van innoverende taalverskynsels (waaronder pragmatiese merkers soos “be like” tel). Buchstaller (2015:465-466) toon aan dat volwasse sprekers waarskynlik wegstroom van “be like”, omdat dit ’n gestigmatiseerde vorm is en die gebruik daarvan nie gepas is in die werksomgewing waar volwasse sprekers hulle tipies bevind nie. Interessant genoeg toon haar data (alhoewel beperk) dat bejaarde sprekers, wat die formele arbeidsmark verlaat, “be like” wel gebruik (Buchstaller, 2015:479-150).

Murphy (2010) maak ’n sterk saak daarvoor uit dat volwasse taal nie as homogeen beskou kan word nie en sy toon aan dat ouderdomsverwante variasie plaasvind in al drie die ouderdomsgroepe wat sy ondersoek het (20’s, 40’s en 70/80’s). Sy toon aan dat die klakkelose aanname dat volwasse taalgebruik stabiel is, daartoe kan lei dat volwasse taal beskou word as vervelig en dit kry gevolglik heelwat minder akademiese aandag as jeugtaal. Sy wys voorts op die tekort aan navorsing oor die taal van gesonde bejaardes, aangesien die fokus dikwels eerder val op die taal van bejaardes wat aan toestande soos Alzheimer se siekte, depressie of afasie ly en dus taalagteruitgang toon (Murphy, 2010:11-12). Sy bepleit ’n leeftydperspektief op die taalgebruik. Sodanige leeftydperspektief erken dat taalontwikkeling gedurende die totale leeftyd van ’n spreker plaasvind en nie net gedurende die jeug nie. Die impak van “the demands, desires, concerns and preoccupations involved in and emanating from the various life stages” word dus nie geïgnoreer nie (Murphy, 2010:205-206). Sy ondersoek dan werklike taalvoorbeelde in ’n korpus van Ierse Engels deur die gebruik van skermers, VKM’s, intensiveerders<sup>47</sup>, bekragtigers (“boosters” byvoorbeeld “absolutely”), en taboevorme in die verskillende ouderdomsgroepe te vergelyk. Sy probeer die verskille te verklaar aan die hand van kontekstuele faktore. Die eerste drie kategorieë is veral van toepassing op die huidige studie en dit word dus kortliks bespreek.

Wat skermers (soos byvoorbeeld “sort of”) betref, is die frekwensie onder die 20’s- en 40’s-groepe hoër as in die 70’s-groep. Sy skryf die hoër frekwensie in die 20’s-groep toe aan die jong sprekers se behoefte daaraan om sensitiewe onderwerpe te bespreek en persoonlike inligting aan mekaar te openbaar. Sprekers smee op hierdie manier persoonlike bande met mekaar. Die skermers word gebruik om verleentheid te omseil in sensitiewe gesprekke. In hierdie lewenstadium is dit vir die sprekers belangrik om in die groep aanvaar te word en goeie verhoudings te handhaaf. Die hoër frekwensie van skermers in die 40’s-groep word toegeskryf aan die aard van die spesifieke sprekers se verhouding – hul vriendskap is nuut en onbeproof en daar is ’n strewe na die daarstel van ’n meer konkrete verhouding. Die lae frekwensie van skermers in die 70’s-groep word toegeskryf aan die feit dat hierdie groep sprekers nie oor sensitiewe onderwerpe gesels het nie en dat die vroue mekaar al baie lank ken en gevestigde

---

<sup>47</sup> Murphy (2010) gebruik die term “amplifiers”.

verhoudings het. Hulle hoef dus spreekwoordelik nie hulle woorde te tel in mekaar se geselskap nie.

Wat VKM's (soos onder meer “or something of that sort” en “ or stuff (like that)” betref, is die hoogste frekwensie gevind in die taalgebruik van die 70's-groep. Dit word toegeskryf aan die groot mate van gedeelde kennis waaroor die gespreksgenote beskik. Die 20's-groep gebruik VKM's heelwat minder – moontlik omdat hulle mekaar nog nie so lank ken nie – en die 40's-groep, wat mekaar baie kort ken, gebruik die VKM's die heel minste.

Wat intensiveerders betref toon sy aan dat die 20's-groep die intensiveerder “really” verkies bo “very”, wat die verkose vorm in die 40's- en 70's-groepe was. Die 20's-groep het ook die woord “fucking” baie frekwent gebruik. Sy skryf dit toe aan die jonger sprekers se behoefte om taal te gebruik om linguisties anders te wees as ouer groepe.

In die bespreking van die verskillende funksies van pragmatiese merkers in hoofstuk 2, is verwys na 'n aantal studies wat die korrelasie tussen spesifieke pragmatiese merkers ouderdom en geslag ondersoek. Dit word nie hier herhaal nie. Die literatuur dui duidelik aan dat ouderdom en geslag 'n invloed op die keuse en gebruik van pragmatiese merkers kan hê.

#### **3.4.1.4 Samevatting**

Op grond van die genoemde navorsing kan 'n aantal aannames aangaande die korrelasie van pragmatiese merkers met die ouderdomsveranderlike gemaak word:

- Die keuse van pragmatiese merkers wat in die kognitiewe gleuwe van 'n uiting gebruik word, hang onder meer af van die ouderdom van die spreker.
- Pragmatiese merkers kom oor die algemeen meer frekwent voor onder jonger sprekers.
- Jonger sprekers gebruik ander en dikwels meer innoverende (grammatikaliserende) pragmatiese merkers as volwasse sprekers.
- Jonger sprekers ken meer uiteenlopende funksies toe aan pragmatiese merkers as volwasse sprekers.
- Die teenwoordigheid van spesifieke pragmatiese merkers en gepaardgaande funksies in volwasse taalgebruik, kan 'n sinchroniese aanduiding gee van die pragmatiese merker se langtermynlewensvatbaarheid en mate van grammatikalisasie.

- Die eise, begeertes, bekommernisse en unieke kwessies wat die aandag verg in elke lewensfase, kan die gebruike en/of funksies van spesifieke tipes pragmatiese merkers verklaar.

### **3.4.2 Geslag as sosiopragmatiese veranderlike**

Wat as manlike of vroulike gedrag beskou word, verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Taalvariasie weerspieël mense se sosiale lidmaatskap en identiteit en dit sluit identifikasie (of nie-identifikasie) met 'n geslagsgroep in. Die ondersoek na geslag as sosiopragmatiese veranderlike kan insigte bied in die kulturele konsep van “vroulikheid” en “manlikheid” soos dit in 'n spesifieke gemeenskap bestaan. Newman, Groom, Handelman en Pennebaker (2008:12, aangehaal in Grundlingh 2018:6) meen dat “die belangstelling in taalgebruiksverskille tussen manlike en vroulike skrywers ontstaan [het] omdat taal 'n verskynsel is wat aandui hoe mans en vrouens hulle sosiale omgewings benader en interpreteer”. In 'n korpuslinguistiese ondersoek na 'n korpus van Afrikaanse poësie toon Grundlingh (2018:28) byvoorbeeld aan dat grammatikale en leksikale verskille in tekste onderskeibaar is wat korreleer met die geslag van die outeur; duidelike kenmerke kon geïdentifiseer word wat eie is aan poësie geskryf deur onderskeidelik manlik en vroulike digters. Parkins (2012) vergelyk manlike en vroulike gebruikers van sosiale media in terme van emosionele uitdrukking en bevind dat vroue hul emosies meer dikwels eksplisiet uitdruk as mans op platforms soos Twitter en Facebook.

Murphy (2010:21-24) bied 'n insiggewende oorsig van studies wat die korrelasie tussen geslag en taalgebruik ondersoek het. In haar bespreking word dit duidelik dat die sosiale rol en opvoeding van vroue oor die jare heen die perspektief op die taal van vroue beïnvloed het. Sy verwys byvoorbeeld na Lakoff (1975, aangehaal in Murphy, 2010:22) wat gemeen het vroue se taal is beperk as gevolg van die vrou se gebrek aan mag in die samelewing en daarom veroorloof die vrou haarself nie om haar sterk uit te druk nie. Voorts word vroulike gesprekke deur sommige vroeëre navorsers gekenmerk deur skinderstories en ander vertellings, terwyl mans weer met grappe en 'n gespot geassosieer word (Eggins & Slade, 1997 aangehaal in Murphy, 2010:23). Manlike taalgebruik word klaarblyklik tradisioneel geassosieer met kruer taal en minder ontsag vir hoflikheid (Murphy, 2010:23).

Daar moet egter onthou word dat taalgebruik in 'n spesifieke tydperk spesifieke kulturele en sosiale verwagtings weerspieël. In teenstelling met Lakoff se bevindinge toon Murphy (2010) byvoorbeeld in haar korpusnavorsing aan dat vroue hulself wel sterk kan uitdruk en selfs dikwels van taboevorme gebruik maak. Murphy (2010) kom egter ook tot die slotsom dat die

behoud van goeie menseverhoudings vir vroue belangrik is en hul daarom wel noop om dikwels van versagtende meganismes soos skermers gebruik te maak. Murphy (2010) se korpus toon dat hoflikheid en die beskerming van gespreksgenote se aansien hedendaags steeds vir vroue belangrik is.

Die algemene sosiolinguistiese opvatting in die literatuur wat taalverandering betref, is dat vroue die voorlopers daarvan is in die rigting van die prestigevariëteit. Mans word weer tradisioneel geassosieer met verandering in die rigting van die niestandaard- (nieprestige-) variëteit. Klassieke studies toon dat vroue uit die laer middelklas meer geneig is tot hiperkorreksie as mans uit dieselfde klas (vgl. Romaine, 2000:78).

Stenström et al. (2002) ondersoek verskeie pragmatiese merkers in Londense tienertaal en hulle tref vergelykings onder meer in terme van geslag<sup>48</sup>. In hierdie ondersoek vertoon elke pragmatiese merker egter 'n unieke verspreiding wat geslag aanbetref. Die gebruik van vae uitdrukkings (wat VKM's insluit) toon min of meer eweredige gebruiksfrekwensie onder manlike en vroulike sprekers (Stenström et al., 2002:93). Die intensiewerder "really" word weer dubbel soveel deur die vroulike sprekers gebruik, terwyl die manlike sprekers eerder die meer tradisionele "very" en taboevorme soos "fucking" en "bloody" gebruik om te intensiveer (Stenström et al., 2002:143). Hierdie navorsing dui daarop dat vroulike en manlike sprekers as groep bepaalde voorkeure het wat pragmatiese merkers betref.

Ito en Tagliamonte (2003) se ondersoek na intensiewerders ondersteun die siening dat vroue die leiding neem in die veranderinge wat betref voorkeurintensiewerders (in dié geval die keuse van "really" bo "very") en veral in die opsig dat hulle verantwoordelik is vir funksieuitbreiding<sup>49</sup>. Hulle data toon verder dat dit veral middeljarige vroue is wat die voortou neem met funksieuitbreiding en dat die jong, vroulike sprekers die voortou neem wat frekwensie aanbetref.

Die kwotatiefmerker "be like" word in die populêre literatuur stereotipies met jong, vroulike sprekers geassosieer (Buchstaller, 2014:99). Dit blyk egter dat die korrelasie tussen geslag en die gebruik van "be like" onbestendig is in die akademiese literatuur. Sommige studies toon wel aan dat die vorm geassosieer word met vroulike sprekers (vgl. Barbieri, 2009; Ferrara & Bell, 1995; Höhn, 2012). Ander studies toon egter 'n korrelasie tussen manlike sprekers en "be like" (Buchstaller, 2014:99), terwyl nog ander geen noemenswaardige verskil toon tussen die geslagsgroepe nie (Buchstaller, 2008; Tagliamonte & Hudson, 1999). Dié verskille kan egter

---

<sup>48</sup> Sien hoofstuk 2 vir 'n bespreking van 'n aantal van hierdie pragmatiese merkers.

<sup>49</sup> Funksieuitbreiding verwys na die gebruik van bestaande woordvorme om nuwe, niestandaard funksies in 'n gesprek te verrig.



verband hou met die mate waarin “be like” in verskillende taalgemeenskappe gegrammatikaliseer het, aangesien bogenoemde studies ’n wye verskeidenheid Engelse taalgemeenskappe se taalgebruik as studieonderwerp het. Ferrara en Bell (1995) toon byvoorbeeld aan dat “be like” in hul vroeëre Texas-korpus twee maal soveel deur vroulike sprekers gebruik is, maar dat dit in hul latere korpus ewe veel deur manlike en vroulike sprekers gebruik word. Hulle beskou dit as ’n teken dat “be like” toenemend versprei en aanvaar word onder verskillende groepe sprekers. Ook Tagliamonte en D’Arcy (2004:503) meen dat “be like” in die beginstadia meer deur vroulike sprekers gebruik is as deur manlike sprekers, maar dat daar gedurende die latere stadia van grammatikalisasie ’n neutralisering in terme van geslagsverskille plaasvind (vgl. ook Tagliamonte & Hudson, 1999:159).

Op grond van bogenoemde navorsing kan ’n aantal afleidings aangaande die korrelasie van pragmatiese merkers met die geslagsveranderlike gemaak word:

- Manlike en vroulike sprekers se taalgebruik verskil as gevolg van die kulturele en sosiale identiteit wat in die samelewing gehuldig word.<sup>50</sup>
- Vroulike (en veral jong vroulike) sprekers neig om die voortou te neem in die gebruik van nuwe/innoverende pragmatiese merkers en/of funksieuitbreiding van bestaande pragmatiese merkers.
- Soos wat die grammatikalisasieproses vorder, neutraliseer die geslagsverskille toenemend. Dit kan ’n aanduiding gee van die mate waarin ’n pragmatiese merker gegrammatikaliseer het.

### 3.5 Hoofstuksamevatting en vooruitskouing

In hoofstuk 3 is aangedui hoe die relevansieteorie tesame met die grammatikalisasieteorie kan bydra om die oorhoofse rol wat pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans speel, te beskryf. Gumperz (2003) se konsep van kontekstualiseringswenke is hiermee in verband gebring. Verder is die rol van pragmatiese merkers in die opbou van diskoerskoherensie en die bestuur van beurname bespreek as voorbeelde van pragmatiese merkers as ostensiewe stimuli. Hierdie merkers verhoog die relevansie van uitings en dit hou terselfdertyd die verwerkingsinspanning van die gespreksgenote so laag as moontlik deur die effektiewe oproep van relevante kontekstuele voorkennis moontlik te maak.

---

<sup>50</sup> Daar word geensins hiermee te kenne gegee dat geslag ’n eenvoudige binêre konsep is nie. Paul Baker (2014) ondersoek maniere waarop korpuslinguistiek lig kan werp op verskillende genderidentiteite.



Voorts is ouderdom en geslag as sosiopragmatiese veranderlikes bespreek deur na 'n aantal studies te verwys wat aandag skenk aan die korrelasie tussen genoemde veranderlikes en spesifieke pragmatiese merkers en hul funksies. 'n Aantal aannames is op grond hiervan gemaak om aan te dui watter bevindinge moontlik verwag kan word in die onderhawige studie na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans.

In hoofstuk 4 word die korpuslinguistiese metodologie uitvoerig bespreek deur die waarde van die korpuslinguistiek in 'n sosiopragmatiese ondersoek uit te wys en daarna die spesifieke metodologie wat in hierdie studie gevolg is, te beskryf.

## Hoofstuk 4 : Metodologie

*In the 1970s and 1980s, it was acceptable to do research on pragmatic markers based on intuitions only. This is unthinkable now. (Foolen, 2012:221)*

### 4.1 Inleiding

In hierdie studie word 'n korpuslinguistiese benadering gevolg in die ontleding van pragmatiese merkers. Soos reeds aangedui, is 'n korpus van informele Omgangsafrikaans saamgestel om as data vir hierdie studie te dien.

Hierdie hoofstuk dien 'n tweeledige doel: Eerstens word die korpuslinguistiese benadering asook die waarde daarvan vir 'n sosiopragmatiese ondersoek bespreek en tweedens word die samestellingsproses van die PO uiteengesit.

### 4.2 Die korpuslinguistiek as ondersoekmetode

'n Oplewing in korpuslinguistiese studies is die direkte resultaat van die beskikbaarheid van tegnologie wat nie net kwantitatiewe analise van groot datakomponente kan hanteer nie, maar ook die elektroniese berging van hierdie data moontlik maak (vgl. Baker, 2010:5).

#### 4.2.1 Waarde van korpuslinguistiese metodes

Wat die korpuslinguistiek as taalkundige metodologie uniek maak, is die feit dat dit dikwels meer is as net 'n metodologie wat bestaande taalkundige teorieë toets. Die korpuslinguistiek bied ook insigte oor die taal in geheel, omdat die data as verteenwoordigend van 'n taal beskou kan word (Tognini-Bonelli, 2001:53). Die korpuslinguistiek is dus uitstekend geposisioneer om bestaande teorieë te verfyn en nuwe teorieë te toets (Anthony, 2013:142). Dit word 'n kwantitatiewe paradigma waarbinne taalnavorsing gedoen kan word deur groot hoeveelhede lewensgetroue taalgebruiksvoorbeelde semi-outomaties te ondersoek (Brezina & Meyerhoff, 2014:1). Die korpuslinguistiek staan op twee bene: Die kwantitatiewe been wend instrumente aan (dit is korpussagteware en die funksies daarvan) waarmee woorde en woordgroepe opgespoor, getel en statisties ontleed kan word. Die kwalitatiewe been, aan die ander kant, ken betekenis toe deur die interpretasie van die rou statistiese data binne 'n linguistiese raamwerk soos dié van die pragmatiek of diskoersanalise (Adolphs & Carter, 2013:65).

Aanvanklik het bedenkinge bestaan oor die versoenbaarheid van korpuslinguistiese metodes en navorsing in die studieterreine van die pragmatiek en die sosiolinguistiek. Hierdie bedenkinge was as gevolg van die noodsaaklikheid van kontekstuele inligting vir sodanige studies en die oënskynlike afwesigheid daarvan in groot korpora. Hierdie voorbehoude is egter baie duidelik weerlê in 'n hele aantal studies waar korpuslinguistiese metodes verrassende insigte bied in die pragmatiese aspekte van taal (vgl. Romero-Trillo, 2008)<sup>51</sup> en in ander studies is ondersoek na die korrelasie tussen sosiolinguistiese veranderlikes en taalverskynsels vergemaklik (vgl. Baker, 2010). 'n Korpus kan baie goeie egte voorbeelde lewer van sekere pragmatiese verskynsels, aangesien die omringende teks wel kontekstuele inligting voorsien (Rühlemann, 2012:290). Volledige annotasies in kleiner korpora kan ook oplossings bied. Korpuslinguistiese metodes word as besonder waardevol beskou in ondersoek na pragmatiese merkers, omdat hierdie merkers "leksikaal relatief vasgestel is en dus in 'n korpus opgespoor kan word" (Rühlemann, 2012:296).

#### **4.2.2 Korpuslinguistiek en sosiolinguistiek**

Die korpuslinguistiek en die sosiolinguistiek toon baie ooreenkomste. Beide studieterreine het in die 1940's en 1950's ontwikkel en beide fokus op die empiriese analise van natuurlike taalgebruik (Biber, 2012:301).

Baker (2010:8-9) meen die korpuslinguistiek en die sosiolinguistiek oorvleuel in terme van hul epistemologie, fokus en omvang. Hy toon aan dat 'n korpuslinguistiese metodologie 'n groot bydrae kan lewer tot sosiolinguistiese navorsing, deur byvoorbeeld groot hoeveelhede data beskikbaar te maak en die nodige verwerkingskapasiteit en prosedures te bied waarmee taalpatrone en frekwensies vinnig en akkuraat geïdentifiseer kan word in verskillende taalpopulasies.

Baker (2010:8-9) bespreek 'n aantal ooreenkomste tussen die sosiolinguistiek en die korpuslinguistiek:

1. Albei behels die insameling en analise van natuurlike taalgebruik en beide plaas die klem op taal-in-gebruik of die sosiale konteks.

---

<sup>51</sup> Romero-Trillo (2008:1) noem die pragmatiek en die korpuslinguistiek "a mutualistic entente" en hy motiveer dit deur die volgende verduideliking: "[P]ragmatics and corpus linguistics have not only helped each other in a relationship of mutualism, but, they have also made common cause against the voices that have derided and underestimated the utility of working with real data to elucidate the patterns of language use."

2. Albei maak van kwantitatiewe metodologieë gebruik ten einde vergelykings tussen verskillende groepe te tref. Verskille en ooreenkomste is belangrik en afleidings word gebaseer op statistiese toetse.
3. Beide gebruik steekproefneming om hipoteses aangaande die groter taalpopulasie te maak.
4. Beide ondersoek variasie en verandering deur 'n verskeidenheid linguistiese kenmerke in ag te neem. Dit sluit in fonetiese, morfologiese, leksikale, grammatikale, diskoers- en pragmatiese kenmerke van taalgebruik.
5. Beide probeer, waar moontlik, kwalitatiewe verduidelikings te bied vir navorsingsbevindings.

Die korpora wat vir sosiolinguistiese studies gebruik word, lyk egter soms ietwat anders, veral wat die grootte van die korpus aanbetref.

### **4.2.3 Die korpusgrootte**

Verskillende soorte studies vereis verskillende soorte korpora. In ondersoeke waar die konteks en ander pragmatiese en/of sosiolinguistiese aspekte van belang is, kan multimiljoenwoordkorpora die afstand tussen die navorser en die taalgebruiksvoorbeelde te groot maak, omdat die navorser dan nie toegang het tot kennis oor die taalgebruikskonteks nie (vgl. Brezina & Meyerhoff, 2014:2). Die geldigheid, belang en waarde van die korpuslinguistiese ondersoeke wat uitgevoer word, is belangriker as die grootte van die korpus (Anthony, 2013:147). Die waarde van 'n korpus word immers bepaal deur die soort inligting wat daaruit onttrek kan word.

Aspekte soos intonasie, gebare en die diskoersstruktuur moet dikwels in aanmerking geneem word in ondersoeke na gesproke taal en die navorser sal in hierdie geval baat vind by 'n meer intieme kennis van die transkripsies (Rühlemann, 2012:290). Gesproke korpora is in elk geval dikwels kleiner as geskrewe korpora as gevolg van beperkinge soos die beskikbaarheid van deelnemers, etiese kwessies, asook die tyd en koste verbonde aan die transkripsieproses (vgl. Murphy, 2010:32).

Kleiner korpora kan die navorser toelaat om die invloed van sosiolinguistiese veranderlikes op 'n dieper vlak te bestudeer, aangesien die data waarmee die navorser werk meer hanteerbaar is en die navorser sal goed begronde navorsingsvrae kan formuleer (Murphy, 2010:32). Dit is hierdie oorwegings wat daartoe lei dat navorsers dikwels subkorpora gebruik

vir pragmatiese en/of sosiolinguistiese navorsing (vgl. Buchstaller, 2015; Erman, 2001; Stenström, 2014)<sup>52</sup>.

### 4.3 Samestelling van die Omgangsafrikaanse korpus

Die korpus vir die onderhawige studie bestaan uit spontane gesprekke in Afrikaans wat onder eerstetaalsprekers van Afrikaans in Pretoria versamel is. Daar sal vervolgens na hierdie korpus verwys word as die PO (vgl. afdeling 1.5).

Die PO bestaan uit 99 933 woorde van 163 verskillende sprekers. Aangesien die korrelasie tussen die ouderdom van die spreker en die gebruik van pragmatiese merkers ondersoek word, is die korpus opgedeel in verskillende subkorpora aan die hand van bepaalde ouderdomskategorieë<sup>53</sup>. Die PO bestaan dus uit drie subkorpora, naamlik Jong Omgangsafrikaans (JO<sup>54</sup>), Volwasse Omgangsafrikaans (VO) en Bejaarde Omgangsafrikaans (BO). Voldoende etnografiese inligting is beskikbaar om 'n noukeurige sosiopragmatiese ondersoek te kon uitvoer, omdat die navorser persoonlik betrokke was by die insameling en transkripsie van data. Hierdie klein korpus maak dit moontlik om elke voorbeeld van geïdentifiseerde pragmatiese merkers kontekstueel te ondersoek. Verskeie betekenisvlakke kan dus in ag geneem word.

Die transkripsies van die volledige gesprekke is beskikbaar. Hierdie transkripsies is waardevol wanneer die konteks van gesprekke in aanmerking geneem moet word vir data-interpretasie.

Vervolgens word bespreek hoe die deelnemers geselekteer is, die dataversameling, uitdagings wat gepaardgaan met gesproke korpuse, en laastens volg 'n uiteensetting van die PO.

---

<sup>52</sup> Buchstaller (2015) onttrek byvoorbeeld 96 gekose sprekers vanuit die Diachronic Electronic Corpus of Tyneside English (DECTE) wat aan sekere ouderdomsvereistes voldoen. Erman (2001) onttrek voorbeelde van tienertaal uit COLT en vergelyk dit met uittreksels van volwasse taal uit die LLC en Schiffrin se Amerikaanse korpus. Stenström (2014) gebruik vyf uittreksels uit die COLT in haar ondersoek na vae taal.

<sup>53</sup> Verwys na afdeling 4.4.4 vir 'n uiteensetting van en motivering vir hierdie ouderdomskategorieë.

<sup>54</sup> Hierdie is nie 'n aanvaarde akroniem nie, maar dit sal in hierdie studie as sodanig hanteer word om sodoende herhaling te voorkom.

### **4.3.1 Keuse van deelnemers**

Die fundamentele proefnemingskriteria is dat sprekers Afrikaans as moedertaal het en ten tyde van die opname in Pretoria, Centurion of in 'n dorp in die onmiddellike omgewing van Pretoria woonagtig moes wees.

Die meeste deelnemers was woonagtig in verskillende woonbuurte van Pretoria<sup>55</sup>, alhoewel 'n baie klein aantal sprekers (vier) woonagtig was in Brits en Bronkhorstspuit. Sommige van die jonger sprekers woon as studente in Pretoria, maar beskou steeds hul ouerhuis as hul woonadres. Hierdie inligting is weergegee as byvoorbeeld Pretoria/Bloemfontein. Vir sommige sprekers is inligting beskikbaar oor die plek waar hulle gematrikuleer het. Een spreker, 80V<sup>56</sup>, wat in Middelburg, Mpumalanga gewoon het ten tyde van die opname, het minder as drie maande tevore nog as student in Pretoria gewoon. 'n Ander spreker, 87M, werk tans in Stellenbosch, maar het in Pretoria grootgeword en het ten tyde van die onderhoud by sy ouers gekuier (verantwoordelik vir 58 woorde in die MJO). Ander sprekers wat deel was van gesprekke, maar nie in Pretoria woonagtig was nie, is uitgesluit. 'n Aantal kinders wat onbepland deel was van sekere gesprekke, se woorde is ook uitgesluit.

Die deelnemers kan beskryf word as middelklas met 'n hoë vlak van opvoeding relatief tot die individuele ouderdomme. Die deelnemers wat opgeneem is in die jonger korpus, is meestal studente wat besig is met universiteitstudies of wat klassifiseer as werkende jongmense met professionele beroepe. Daar is twee uitsonderings – 'n manlike spreker, 162M, wat sekuriteitswerk doen (verantwoordelik vir 42 woorde) en 'n manlike spreker 42M wat konstruksiewerk doen (verantwoordelik vir 88 woorde). Hierdie twee sprekers neem egter deel aan gesprekke met vriende wat besig is met universiteitstudies. Die meerderheid deelnemers in die middeljarige korpus het universiteitsopleiding of ten minste een of ander vorm van tersiêre opleiding en staan in professionele beroepe. Die bejaardes het almal matriek- of hoër kwalifikasies en hulle woon in versorgingsoorde of huise in voorstedelike gebiede van Pretoria.

Anonimiteit is streng gehandhaaf. Alle eiename is uit die transkripsies verwyder; dit sluit in die name van sprekers asook mense na wie daar verwys word en sommige plekname. Enkele eiename van beroemde sportsterre en winkels is behou ter wille van die konteks.

---

<sup>55</sup> Woonbuurte sluit in: Hatfield, Montana, Eldoraigne, Wierdapark, Equestria, Monumentpark, Waterkloof, Waterkloofrif, Erasmusrand, Queenswood, Colbyn, Waverley, Sinoville, Pierre van Ryneveld, Irene, Groenkloof en Kleinfontein.

<sup>56</sup> Ten einde anonimiteit te beskerm, is elke spreker geïdentifiseer deur 'n nommer plus 'n V (vir vroulik) of 'n M (vir manlik).

Die inligting van die afsonderlike sprekers is uiteengesit in Bylaag A.

Pretoria is 'n universiteitstad wat beteken dat baie van die mense wat tans daar woon, nie daar gebore is of daar grootgeword het nie. Studente en professionele persone gaan studeer, woon of werk daar. Daar is dus 'n voortdurende invloei van mense van regoor die land. Hierdie feit word goed verteenwoordig in die saamgestelde korpus wat data van gebore Pretorianers, sowel as die sogenaamde “inkommers” bevat.

### **4.3.2 Versameling van die gesproke data**

Data-insameling het oor 'n tydperk van vier jaar (2015 tot 2018) geskied en dit bestaan uit informele gesprekke van sprekers tussen die ouderdom van 18 en 94<sup>57</sup>. In totaal bestaan die korpus uit 99 933 woorde (annotasies, name en sprekeridentiteite uitgesluit), en aangesien informele spraak ongeveer 7 000 woorde per minuut produseer (Barbieri, 2008:62), net meer as 14 uur se klankopnames.

#### **4.3.2.1 Die korpus van Jong Omgangsafrikaans (JO)**

Die korpus van JO het bestaan uit deelnemers in die ouderdomsgroep 18-29. (Sien afdeling 4.4.4 hieronder vir 'n uitgebreide motivering vir die ouderdomsamestelling van die subkorpora.)

Die eerste stel data is, met toestemming van kykNET, verkry deur die beskikbaarstelling van 'n reeks DVD's met die programreeks getiteld “Sêr” wat in 2014 gebeeldsênd is. Dit was 'n uitsending van die nasionale serenadekompetisie waartydens deelnemende universiteite<sup>58</sup> jaarliks meeding om die titel van onderskeidelik “Beste sêr mans” en “Beste sêr dames”. Ten einde aan die fundamentele proefnemingskriteria te voldoen, is slegs die sprekers wat aan die Universiteit van Pretoria studeer, se spreekbeurte getranskribeer en as data gebruik. Die uitinge is meestal narratiewe van persoonlike ervarings. Die studente beskryf hul voorbereiding vir die groot serenadekompetisie en die afwagting net voor of net nadat hulle die verhoog betree het. Dit is een van die beste style waardeur omgangstaal ondersoek kan word, aangesien die emosies wat die sprekers beleef, hul fokus aflei van die feit dat hulle opgeneem word (vgl. Labov, 1972b:92). Die aard van die data veroorsaak dat sprekers se spreekbeurte baie kort is. Hierdie sprekers se presiese ouderdomme is nie beskikbaar nie, maar uit die gegewens is dit duidelik dat al die sprekers in die ouderdomskategorie 18-24<sup>59</sup>

---

<sup>57</sup> 'n Volledige uiteensetting van die deelnemers word in Bylaag A gegee.

<sup>58</sup> In 2014 het die volgende universiteite deelgeneem: UJ, UP, UV, US en NWU.

<sup>59</sup> Die sprekers is almal ingeskrewe senior studente (tweedejaarstudente en ouer) – al die studente wat spreekbeurte kry op 'n huiskomitee of in ander formele universiteitstrukture dien wat nie vir eerstejaarstudente beskore is nie. Geen persone wat nie ingeskrewe studente is nie, mag aan die kompetisie deelneem nie.

val. Op grond van inligting wat uit die opname verkry kon word, soos die studiejaar waarin die student is, of die dien op sekere studentestrukture, is 'n benaderde ouderdom aan elke spreker toegeken. Hierdie gedeelte maak 'n klein gedeelte van die data uit en bestaan uit 2 228 woorde van 14 sprekers; agt vroulik en ses manlik.

Die res van die data vir die JO is verkry deur klankopnames te maak op 'n universiteitskampus, in koshuise of in die woonhuise van studente in Pretoria. Hierdie gesprekke is deur die navorser self of veldwerkers opgeneem en gewoonlik met die klankopnemer van 'n selfoon. Hierdie studentegesprekke is byvoorbeeld tussen klasse opgeneem waar studente vir 'n volgende klas wag, op pad is om iets te gaan eet of in groepe op die grasperke sit en gesels. Ander gesprekke vind plaas in restaurante, ouerhuise en studentebehuising soos koshuise en gedeelde woonstelle. Daar is 'n aantal gesprekke waaraan ouer of jonger sprekers ook deelgeneem het, maar hierdie sprekers se spreekbeurt maak nie deel uit van die JO nie en dit is ingesluit by die subkorpus waar dit volgens ouderdom tuishoort. Die spontaneïteit van die gesprekke maak dié stel data waardevol. Hierdie gedeelte van die data bestaan uit 27 953 woorde van 103 sprekers waarvan 49 mans en 54 vroue is.

Wanneer die twee datastelle gekombineer word, bestaan die totale JO dus uit 30 181 woorde en 117 sprekers. Dit beteken gemiddeld 258 woorde per spreker en 'n bietjie meer as vier uur se opnames.

#### ***4.3.2.2 Die korpus van Volwasse Omgangsafrikaans (VO)***

Hierdie data is hoofsaaklik deur die navorser self versamel deur volwassenes in informele omstandighede op te neem. Die meeste deelnemers is familie, vriende of kennisse van die navorser en opnames is in die navorser se huis of in die huise van die deelnemers gemaak. Een gesprek is in 'n koffiewinkel gemaak en een gesprek was buite om 'n kamptafel tydens ete. Die volwasse sprekers wat deur studenteveldwerkers opgeneem is, is ook by dié subkorpus ingesluit (sprekers 93M, 95M, 120M, 121V, 115M, 123V, 124V, 125V). Hierdie sprekers neem deel aan gesprekke met deelnemers wat aan verskillende ouderdomsgroepe behoort (wat meestal die studenteveldwerkers insluit). Die twee veldwerkers wat gesprekke met bejaardes gevoer het, se woorde is ook by die VO ingesluit (126V en 128V). Hierdie subkorpus bestaan uit 52 984 woorde van 32 sprekers waarvan 15 mans en 17 vroue is. Dit beteken gemiddeld 1 656 woorde per spreker en ongeveer sewe en 'n half uur lank se opnames.



### **4.3.2.3 Die korpus van Bejaarde Omgangsafrikaans (BO)**

'n Verdere stel data bestaan uit gesprekke met ouer sprekers. Die meeste van hulle was op daardie tydstip inwoners van versorgingseenhede vir bejaardes in Pretoria. Die eerste veldwerker was 'n persoon wat in een van die versorgingsfasiliteite gewerk het en dus goed bekend was aan die sprekers. Die sprekers wat in ander versorgingseenhede gewoon het, was familie van die veldwerker. Geen vaste gesprekstruktuur is gevolg nie en die veldwerker het sover moontlik probeer om die ouer persone die gesprek te laat lei deur vrae te stel oor die goeie ou dae, gebeure in die versorgingseenheid, gesondheid en familie (veral kinders en kleinkinders). Die bejaardes is voor die tyd ingelig dat hulle opgeneem gaan word, en hulle moes ook eers die toestemmingsvorme teken en biografiese besonderhede invul. 'n Tweede veldwerker het 'n opname gemaak van 'n gesprek tussen haar en haar boekklub se lede by een van dié vroue se huis. Sy het 'n onderwerp<sup>60</sup> gegee waaroor die deelnemers gesels het en hul eie opinies gegee het. Hierdie deelnemers was ook bewus van die opname wat gemaak word. Ongelukkig word bejaarde mans nie goed verteenwoordig in hierdie korpus nie, bloot weens 'n gebrek aan beskikbare deelnemers. Hierdie stel data bestaan uit 16 768 woorde van 13 bejaarde sprekers waarvan slegs een manlik is en die ander 12 deelnemers vroulik. Dit dui op 'n gemiddeld van 1 290 woorde per spreker en net onder twee en 'n half uur lank se opnames.

## **4.4 Kwessies rondom die samestelling van die gesproke korpus**

Die samestelling van gesproke korpora bied unieke uitdagings. Aspekte soos etiese klaring, die waarnemersparadoks en die kwaliteit van opnames kompliseer die insamelingsproses. Die transkripsie van gesproke taal is 'n verdere uitdaging. Vervolgens word elkeen van die kwessies/uitdagings belig.

### **4.4.1 Etiese klaring**

Voor aanvang van die studie is 'n voorlegging aan Unisa se Etiese Navorsingskomitee in die Kollege vir Geesteswetenskappe gedoen waarna etiese klaring vir die studie verkry is. Streng

---

<sup>60</sup> Sy het gevra die deelnemers moet die woorde “kan”, “wil”, “sal” en “mag” in volgorde rangskik en motiveer waarom. Dit het gelei tot 'n kwasi-filosofiese gesprek met baie gewonder en gelag.

vereistes vir data-insameling en -analise is gestel waaraan voldoen moes word. Daar is onderneem om

- geen opnames te maak sonder die skriftelike toestemming van deelnemers nie.
- skriftelik aan deelnemers te stel dat deelname vrywillig is.
- geen deelnemers onder die ouderdom van 18 by die studie in te sluit nie.
- deelnemers vooraf skriftelik en mondelings in te lig oor die aard van die studie.
- deelnemers vooraf skriftelik en mondelings in te lig dat klankopnames sowel as die transkripsies vir navorsingsdoeleindes gebruik gaan word.
- deelnemers vooraf skriftelik en mondelings in te lig dat biografiese besonderhede wat vrywillig verstrekk word, gebruik sal word vir navorsingsdoeleindes.
- die anonimiteit van die deelnemers te waarborg deur alle eiename (van mense en plekke) uit die transkripsies te verwyder.
- geen betalings te maak aan deelnemers om hulle vir deelname te vergoed nie.

Die navorser en alle veldwerkers het deurgaans by al die bogenoemde ondernemings gehou. Die studie voldoen dus aan alle etiese vereistes soos bepaal deur die Etiese Navorsingskomitee van die Kollege vir Geesteswetenskappe by Unisa. Die sertifikaat wat etiese klaring bevestig, is ingesluit in Bylaag D.

#### **4.4.2 Waarnemersparadoks**

Veral by die saamstel van 'n korpus bestaande uit informele gesprekke, is die invloed van die waarnemer op die sprekers relevant. Etiese voorvereistes bepaal dat sprekers nie sonder toestemming opgeneem mag word nie. Die sprekers is dus bewus daarvan dat hulle opgeneem word, wat hulle tot 'n mate kan inhibeer om vrylik te gesels – dit staan bekend as die waarnemersparadoks. Om die waarnemersparadoks te omseil, is 'n aantal stappe egter geneem om te verseker dat die opgeneemde gesprekke so normaal en informeel moontlik kon voortgaan:

- Geen onderwerp is voorgeskryf nie. Sprekers kon self bepaal waaroor hulle praat. Die studente en volwassenes kon bloot voortgaan met die gesprek waarmee hulle besig was voor die veldwerker versoek het om hulle op te neem. Die onderhoude met die studente tydens die serenadekompetisie is gevoer toe die opwinding hoog geloop het en die sprekers se emosies sterker was as die bekommernis om korrek te praat. Die opnames van die bejaardes se gesprekke, is deur die veldwerker (wat in die aftreeoord werk) gefasiliteer. Vrae oor onderwerpe wat die sprekers na aan die hart lê,

byvoorbeeld oor die goeie ou dae, vakansies, kinders en kleinkinders, het gou die aandag van die opname afgelei en die sprekers het natuurlik gesels.

- Die veldwerkers was nie teenwoordig in die gevalle waar hul nie self aan die gesprekke deelgeneem het nie. Waar veldwerkers of die navorser wel teenwoordig was ten tyde van die opnames, het hulle op natuurlike wyse deelgeneem aan gesprekke. Die demografiese besonderhede van die veldwerkers toon groot ooreenkomste met die demografie van die ander deelnemers. Die onderhoudvoerder by die serenadeopname was byvoorbeeld byna net so oud soos die studente met wie gepraat is. Die onderhoudvoerder by die bejaardes was 'n ouer dame wat in die versorgingsoord werk en dus bekend was aan die bejaardes. Ander veldwerkers het familielede en nabyvriende of medestudente opgeneem.
- Die opneemapparaat was meestal 'n selfoon. Dit het geblyk redelik onopsigtelik te wees, aangesien mense gewoon daaraan is. Dit het nie gelyk of die opneemapparaat sprekers ongemaklik maak nie. Sprekers wat dalk nog aan die begin van gesprekke versigtig gepraat het, het gou van die opneemapparaat vergeet en heelhartig deelgeneem.
- Die meeste opnames is gedoen op plekke waar die sprekers baie tuis en gemaklik is: aan't middagete eet op die kampusgrasperk, by die huis, by goeie vriende se huise en in privaat kamers in aftreeoorde.

### **4.4.3 Transkripsiekwessies**

Die feit dat transkripsie 'n moeisame en problematiese proses is, is nie te betwyfel nie. Die woorde van Meyer (2004:66) som dit goed op:

“Transcribing speech is an extremely lengthy process, requiring the transcriber to listen to the same segments of speech over and over again until an accurate transcription is achieved.”

Ter wille van akkurate interpretasie van data moet kennis geneem word van die beperkinge van transkripsie asook die metode wat gevolg is tydens transkripsie.

#### **4.4.2.1 Beperkinge**

Adolphs en Carter (2013:11) verwys na die paradoks wat geleë is in die poging om gesproke taal deur middel van transkripsie op papier vas te lê. Gesprekke bestaan immers nie slegs uit woorde nie, maar ook uit 'n groot hoeveelheid kontekstuele, nieverbale en prosodiese tekens

wat die betekenis van wat gesê word, radikaal kan beïnvloed. 'n Geskrewe transkripsie gemaak van klankopnames kan dus nooit volkome reg laat geskied aan die talle vlakke van gesproke interaksie nie.

Tyds- en kostebepervinge speel 'n groot rol. Om informele gesprekke te transkribeer, lewer talle unieke probleme op. Die data wat op hierdie manier ingesamel word, is allermens perfek.

- Geraas is 'n weselike probleem. Kinders en studente wat skree, vliegtuie, grassnyers, televisiegedruis en selfs gelag veroorsaak dat dit moeilik is om sekere gedeeltes van die data te transkribeer.
- Hoe meer sprekers betrokke is by 'n gesprek, hoe groter is die kans vir oorvleueling of dat onderlinge gesprekke ontstaan tussen twee of meer subgroepe. Dit beïnvloed die hoorbaarheid en gemak waarmee die transkripsieproses kan plaasvind.
- Dikwels praat sprekers onduidelik of die gelyktydige reaksie op 'n uiting is so luid, dat die oorspronklike spreker nie meer gehoor kan word nie.
- Dit is moeilik om op 'n klankopname te bepaal wie presies aan die woord is. Sprekers se stemme klink dikwels baie dieselfde. Dit is moontlik dat 'n video-opname hierdie probleem kan uitskakel, maar videokameras is duur en lomper as selfone. Boonop sal sprekers, wanneer kameras gebruik word, moontlik nog meer deur die waarnemersparadoks beïnvloed word, wat die lewensgetrouheid van die data kan benadeel.
- Dit is dikwels onmoontlik om te bepaal waar uitings begin en eindig. Om hierdie rede is transkripsies in stringformaat<sup>61</sup> gedoen en nie in sinsformaat nie. Die korpus is klein en toeganklik genoeg om na die klankopnames terug te keer indien prosodiese aspekte in ag geneem moet word. Ter wille van lees- en verstaanbaarheid, is die voorbeelde wat gebruik is in hierdie studie egter verander en op normale wyse weergegee, met hoofletters en leestekens en slegs pragmatiese annotasies.

Desnieteenstaande die uitdagings, is data van hierdie aard uiters skaars en dus waardevol. Dit is sover bepaal kon word die eerste weergawe van informele Omgangsafrikaans wat digitaal en in getranskribeerde formaat beskikbaar is. Ten spyte van die data wat verloor is as gevolg van praktiese probleme, bevat die korpus steeds 99 933 woorde wat belangrike insigte kan bied oor taalpatrone in Afrikaans. Die korpus sal kan bydra tot die vasstelling van 'n taalprofiel vir sosiale, informele Omgangsafrikaans in bepaalde sosiale kontekste.

---

<sup>61</sup> Geen hoofletters of leestekens is gebruik om uitings in sinne te verdeel nie.

Die doelwitte van hierdie studie hou met ander woorde rekening met die beperkinge van die data. Wat van belang is in 'n korpuslinguistiese ondersoek na pragmatiese merkers, is veral spesifieke frekwente woordvorme en -groepe wat moontlik geassosieer kan word met bepaalde ouderdomsintervalle en geslag – 'n doelwit wat inderdaad bereik kan word met die beskikbare data. Die getranskribeerde gesprekke is geannoteer om duidelik die geslag van die sprekers aan te dui. Die ouderdomme van verskillende sprekers is beskikbaar op 'n afsonderlike lys met etnografiese inligting wat ook aandui waar die deelnemers woon en wat hul vlak van opvoeding is. Waar nodig is pragmatiese inligting in die transkripsies toegevoeg om gesprekke te kontekstualiseer, soos voorbeeld 39 illustreer.

- (39) <... Dié gesprek, wat gevoer word tussen vyf jongmense, speel af by 'n eetkamertafel nadat hulle Sondagmiddagete geëet het. Die gesprek handel oor 'n 21ste verjaardagpartytjie en die riglyne vir kleredrag – almal moet iets aantrek wat begin met 'n “p” >

#### **4.4.2.2 Transkripsiemetode**

Die opnames is ortografies getranskribeer ten einde in die korrekte formaat te wees vir gebruik in AntConc, die gekose korpussagteware. 'n Voorbeeld van die transkripsies word by Bylaag B ingesluit. Die transkripsies is baie noukeurig getranskribeer en nagegaan vir foute. Die navorser het al die transkripsies óf self behartig óf dit noukeurig nagegaan en beskik dus oor eerstehandse kennis ten opsigte van die inhoud, aard en konteks van die gesprekke en transkripsies.

Beperkte tyd, mannekrag en fondse het die navorser genoop om die transkripsies baie eenvoudig te hou. Slegs basiese annotasies is ingesluit. Die klankopnames is wel beskikbaar en transkripsies kan gevolglik in die toekoms op meer vlakke geannoteer word.

Die MP3- en MP4-opnames is na wav.-formaat omgeskakel en dit is gespeel deur van die Voicewalker 2.0.0 transkripsiesagteware (Du Bois, Corston, Holton, Norris & Field, 1999) gebruik te maak. Hierdie sagteware laat die transkribeerder toe om die klank op beheerde wyse terug te speel met die opsie om sistematies deur 'n opname te “loop” deur kort segmente daarvan te herhaal vir 'n gespesifiseerde aantal kere voordat dit na die volgende segment aanbeweeg. Die segmente oorvleuel wat die transkribeerder help om “nie gedisoriënteerd te raak nie” (Bucholtz & Du Bois, s.a.)

'n Kode is aan elke potensiële spreker toegeken ter wille van anonimiteit. Elke kode bestaan uit 'n nommer en 'n M vir manlik of 'n V vir vroulik, byvoorbeeld <54V>. Die kodes word gebruik om die spreekbeurt van verskillende sprekers aan te dui en die kode plus “naam” verwys in die spreekbeurt na gevalle waar sprekers op hul name aangespreek word, byvoorbeeld <54Vnaam>. Die sprekerkodes, sowel as enige ander pragmatiese inligting, word in driehoekhakies geplaas, omdat AntConc inligting wat in sulke hakies geplaas word, kan uitkakel wanneer dataverwerking gedoen word. Hierdie inligting is dus uitgesluit by die kwantitatiewe resultate en woordtellings.

Aangesien 'n loodsprojek aangetoon het dat die inleiding van kwotatiewe soos direkte woorde, gedagtes, gesigsuitdrukkings en gebare moontlik van belang kon wees, is die begin van kwotatiewe (sien afdeling 2.5.2.1) aangedui met “<direkte rede>” en die einde met “</direkte rede>”.

Die gebruik van Engelse woorde is aangedui, omdat sommige woorde dieselfde lyk in Afrikaans en Engels. Dit is gedoen met 'n identifikasieplaatjie (“tag”), byvoorbeeld afgeshow\_E of woorde wat op Engels of Afrikaans uitgespreek kan word soos toilet\_E. (In die voorbeelde uit die PO wat in hoofstuk 5 gebruik word, word die Engelse woorde egter in skuinsdruk aangedui ter wille van leesbaarheid.)

Omdat AntConc 'n afkappingsteken beskou as die begin van 'n nuwe woord, is sametrekingsvorme soos “hy’s” met die afkappingsteken getranskribeer, maar waar die afkappingsteken in meervoude gebruik word byvoorbeeld “foto’s”, is die woord sonder die afkappingsteken getranskribeer (“fotos”). Ook die woord “s'n” word as een woord beskou en is dus as “sn” getranskribeer. AntConc kan verstel word sodat die koppelteken nie as aanduiding van 'n nuwe woord beskou word nie; dus is woorde met koppeltekens wel met die koppelteken gespeel, byvoorbeeld <34Mnaam>-hulle.

Ander transkripsiesimbole wat van belang is, sluit in:

- <onhoorbaar> dui aan dat die spreker praat, maar dat die transkribeerder nie kon uitmaak wat gesê word nie.
- + dui daarop dat die spreker aan die woord onderbreek word en nie sy uiting voltooi nie
- </=> dui op 'n onvoltooide sin of 'n onvoltooide woord (“false start”). Die spreker val hom- of haarself in die rede of wil 'n uiting anders verwoord of regstel.

Die afgehandelde transkripsies is na geskikte txt-formaat (Unicode) lêers, leesbaar vir AntConc, omgeskakel deur middel van sagteware genaamd AntFileConverter (Anthony, 2017).

#### **4.4.4 Metodologiese kwessies**

Die gebrek aan veral informele gesproke korpora in Afrikaans is opvallend. Ouer, beskikbare korpora sou kon dien as riglyn vir data-insameling en dit sou waardevol wees vir vergelykingsdoeleindes. Ten einde variasie te kon bestudeer, was dit nodig om data van sprekers van verskillende ouderdomme in te samel.

Die saamstel van gesproke korpora wat uit informele gesprekke bestaan, is nie 'n eenvoudige taak nie. Informele gesprekke is dinamies, ongestruktureerd en onvoorspelbaar, wat dit moeilik maak om die ideaal van 'n gebalanseerde korpus te bereik. Dit is byvoorbeeld so te sê onmoontlik om sprekerbydraes te balanseer wat aantal woorde betref. In groeps gesprekke is daar dikwels een spreker wat die leiding neem en ander wat merendeels luister en terugvoer gee, maar nie noodwendig graag 'n spreekbeurt neem nie. Die aantal woorde wat hierdie sogenaamde “gespreksleiers” uiter, is dan veel meer as dié van ander sprekers. Dit was ook nie altyd moontlik om gesprekke te beperk tot sprekers uit een ouderdomsgroep nie. Sprekers verlaat die gesprek en ander sprekers begin deelneem wat moontlik nie aan die proefnemingskriteria voldoen nie. Gesprekke verdeel dikwels wanneer die gespreksgroep uit vier of meer sprekers bestaan. Voorts is die gespreksonderwerpe ook heterogeen.

Die korpus kan egter beskou word as die eerste in sy soort in Afrikaans en dit is juis in die spontaneïteit en ongestruktureerdheid van die taalgebruik waarin die waarde lê. Dit bied 'n blik op realistiese, ongestruktureerde gespreksdinamika, sins- en woordgebruik. Dit vertoon die taal van die individue met eiesoortige ideolekte, woordgebruik en taalgewoontes. Dit is die spontane, natuurlike taal wat sprekers besig wanneer hulle by vriende en/of familie is, wanneer sprekers veilig voel om bietjie te skinder, te wonder, te lag, te huil, te vloek en sommer net van alledaagse gebeure in hul lewe te vertel. Dit is die ideale data om die gebruik van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans korpuslinguisties en sosiopragmaties te ondersoek.

#### **4.4.5 Die indeling van subkorpora**

Een van die doelwitte van die onderhawige studie is om die gebruik van pragmatiese merkers in verskillende ouderdoms- en geslagsgroepe te bestudeer. Die ouderdomsindeling is gebaseer op navorsing wat gedoen is oor die invloed van ouderdom op die gebruik van

pragmatiese merkers in verskillende variëteite van Engels. Hierdie navorsing word vervolgens bespreek. Dit is 'n betreklik algemeen aanvaarde sosiolinguistiese beginsel dat die gebruik van die niestandaardvorm van “de jeugdige leeftyd na die middelleeftijd dalen en vandaar na die ouderdom weer stijgen” (Van Bree, 1996:206). Die vraag was egter waar presies die skeidslyn tussen die jeug en middeljare getrek moet word.

Uit die literatuur lyk dit of hierdie leeftydsgroepe veral op grond van hul betrokkenheid by die beroepseconomie gedefinieer word. Labov (2001:101) beskou sprekers van 30-59 jaar oud as die sprekers vir wie opgang in die arbeidsmag en familieverantwoordelikhede die relevantste is. Jonger sprekers wat nog studeer en nie voltyds in 'n beroep staan nie, beleef groter vryheid om te praat soos wat hulle wil. Sprekers wat voltyds werk en moontlik streef na 'n beter ekonomiese posisie, ervaar druk om opgevoed en bekwaam voor te kom en hulle gebruik hul taalgebruik as medeskeppend in die proses van identiteitsvestiging. Niestandaardvorme word dus doelbewus vermy, veral indien hierdie taalvorme gestigmatiseer is.

Tagliamonte en D'Arcy (2007:204) ondersoek die gestigmatiseerde pragmatiese merker “be like” onder sprekers wat in Toronto gebore en getoë is. Hulle resultate toon 'n duidelike onderskeid in die gebruik van die betrokke merker: Sprekers jonger as 30 toon hoë frekwensies van “be like” terwyl die frekwensie aansienlik laer is by sprekers ouer as 30 wat “be like” en “say” min of meer ewe veel as kwotatief gebruik. Die data toon dat sprekers ouer as 40 byna uitsluitlik “say” as kwotatief gebruik. Ook Barbieri (2009:74) toon aan dat 'n verandering wat betref die gebruik van “be like” intree rondom die ouderdom van 30.

Buchstaller (2015)<sup>62</sup> se analise van diachroniese data bevestig dat die gebruikspatrone van “be like” drasties verander tussen die sprekers 29 jaar en jonger en die sprekers in haar middeljarekorpus (tussen 30 en 60 jaar oud). Sy skryf dit, soos Labov (2001:101), toe aan veral ekonomiese druk om die standaardvariëteit van 'n taal in die werksplek te gebruik.

Uit die literatuur lyk dit dus of sprekers jonger as 30 meer van niestandaardvorme gebruik maak, terwyl sprekers ouer as 30, as gevolg van toenemende ekonomiese druk, minder gestigmatiseerde en/of niestandaardwoordvorme sal gebruik en doelbewus standaardtaal sal kies ten einde 'n identiteit geskik vir die arbeidsmark te bevestig. Die hipotese dat sprekers wat die arbeidsmark verlaat weer meer geneig is om niestandaardvorme te gebruik, is ook getoets.

---

<sup>62</sup> Buchstaller (2015) gebruik 'n korpus bestaande uit Tyneside Engels, naamlik die DECTE. Tyneside is 'n gebied in die noordooste van Engeland.



Gevolgtlik is die korpus verdeel in drie subkorpora, naamlik:

1. Die JO wat bestaan uit:
  - Vroulike Jong Omgangsafrikaans (VJO) wat gesproke woorde van 62 vroulike sprekers tussen die ouderdomme 18 en 25 (gemiddelde ouderdom  $\pm 20$  jaar) bevat.
  - Manlike Jong Omgangsafrikaans (MJO) wat gesproke woorde van 55 manlike sprekers tussen 18 en 25 jaar oud (gemiddelde ouderdom  $\pm 20$  jaar) bevat.
  
2. Die VO wat bestaan uit:
  - Vroulike Volwasse Omgangsafrikaans (VVO) wat gesproke woorde van 17 vroulike sprekers tussen die ouderdomme 30 en 59 (gemiddelde ouderdom  $\pm 40$  jaar) bevat.
  - Manlike Volwasse Omgangsafrikaans (MVO) wat gesproke woorde van 15 manlike sprekers tussen die ouderdomme 30 en 59 (gemiddelde ouderdom  $\pm 38$  jaar) bevat.
  
3. Die BO wat bestaan uit:
  - Vroulike Bejaarde Omgangsafrikaans (VBO) wat gesproke woorde van 12 vroulike sprekers tussen die ouderdomme 70 en 94 (gemiddelde ouderdom  $\pm 83$  jaar) bevat.
  - Manlike Bejaarde Omgangsafrikaans (MBO) wat gesproke woorde van een manlike spreker van 93 jaar oud bevat.

## 4.5 Dataverwerking en korpuslinguistiese funksies

Die korpus is geanaliseer deur middel van sekere funksies wat AntConc-korpussagteware bied. Sekere standaardinstellings is telkens gemaak:

1. Wat die algemene verstellings (“global settings”) betref moes die karakterbepaling (“token definition”) verander word om Afrikaans se diakritiese letters te herken as deel van woordsamestelling. Daar is gebruik gemaak van ’n gebruikersgedefinieerde karaktersameling (“user defined token class”) wat die volgende versameling ASCII-karakters insluit:
  - abcdefghijklmnopqrstuvwxyz
  - ABCDEFGHIJKLMNOPQRSTUVWXYZ
  - - en =<sup>63</sup>

---

<sup>63</sup> Die =-simbool is gebruik om aan te dui dat die spreker hom- of haarself verspreek het. Dié woorde is dus onvolledig en dit moet afsonderlik in die woordelys verskyn, tesame met die aanduiding dat dit ’n onvolledige woord is.

- êëèéôï

2. Ook onder die algemene verstellings moes die identifikasienaamplaatjies (“tags”) verander word sodat die annotasies weggesteek word, maar wel deel uitmaak van soektogte van die volgende funksies: konkordansie (“concordance”), kartering (“plot”) en lêeraansig (“file view”).

Sodra hierdie instellings gemaak is, kon die verskillende funksies wat AntConc bied, aangewend word om die data te ontleed. Die volgende korpuslinguistiese funksies is van belang wanneer daar met korpuslinguistiese sagteware soos AntConc gewerk word:

### **4.5.1 Woordelys**

Die woordelysfunksie van AntConc (“wordlist”) maak die opstel van ’n woordfrekwensielys moontlik. Alle woorde wat in die korpus voorkom, word gelys volgens die aantal kere wat die woord in die korpus voorkom. Die mees frekwente woorde is eerste gelys en die lang lys van woorde wat een of twee maal voorkom, verskyn heel laaste. Ten einde akkurate woordelyste te kon genereer, moes spesifieke besluite oor die ortografiese uitbeelding van woorde geneem word. (Kyk die voorafgaande bespreking van transkripsiekwessies). Spelfoute kan veroorsaak dat die woordtellings foutief is. Wanneer dit noukeurig deurgegaan word, kan ’n woordelys gelukkig ook nuttig wees om spel- en tikfoute te identifiseer.

Analise is begin deur verskillende woordelyste te genereer en te vergelyk. ’n Woordelys vir die PO in geheel, asook woordelyste vir die JO-, VO- en BO-subkorpora onderskeidelik, is gegenereer en vergelyk. Op hierdie manier kon 1) foute ten opsigte van spelling en ortografiese voorstelling en 2) pragmatiese merkers wat frekwent in die verskillende subkorpora voorkom, voorlopig geïdentifiseer word.

Die PO toon ’n dataverspreiding tipies aan taal: ’n klein aantal baie frekwente woorde, byvoorbeeld “ek” (3 590), “nie” (3 380), “die” (3 166), “en” (2 520) en “het” (2 358) en ’n lang lys van laefrekwensiewoorde, byvoorbeeld “liefie” (9), “bybly” (2), “tjommies” (2) en “pragtig” (1).


### **4.5.2 N-gramme**

Die term “n-gram” word in die AntConc-program gebruik vir waarna soms verwys word as woordklusters (Murphy, 2010:42), multiwoordeenhede, leksikale bondels, formulaïese spraak, “chunks” of gekonvensionaliseerde vorme (Adolphs & Carter, 2013:23).

Die n-gram-funksie stel die gebruiker in staat om vaste woordkombinasies wat frekvent voorkom, op te spoor. Die “n” in n-gram verwys na die veranderlike hoeveelheid woorde wat ingesluit kan word in hierdie soektog. Die gebruiker besluit dus of ’n twee-, drie-, vier- of vyfwoordkluster gesoek moet word. Die gebruiker bepaal ook wat die minimum frekwensie van die woordkluster in die korpus moet wees. Die n-gram-funksie lewer ’n resultaat soortgelyk aan die woordelysfunksie, maar toon die frekwensie van sekere woordkombinasies aan. Die 3-gram “weet jy wat” kom byvoorbeeld 30 keer in die totale korpus voor en die 4-gram “weet jy wat nè” vier maal.

### 4.5.3 Konkordansie

AntConc se konkordansiefunksie stel die gebruiker in staat om ’n woord in die korpus te soek en dan al die voorkomste daarvan te beskou in die korpuskonteks waarin dit verskyn. Hierdie funksie is belangrik in gevalle waar die konteks waarin ’n woord verskyn, belangrik is vir veral kwalitatiewe afleidings. Die konkordansiefunksie is van waarde om geïdentifiseerde pragmatiese merkers se funksies na te spoor en kontekstueel te bevestig. Die vier voorkomste van “weet jy wat nè” kan binne konteks beskou word, soos vervolgens geïllustreer in figuur



4.1.

Figuur 4.1 Die n-gram “weet jy wat nè” in konteks met behulp van die konkordansie-funksie

#### 4.5.4 Sleutelwoordanalise


Die sleutelwoordlystingsfunksie (“keyword list function”) maak dit moontlik om die relatiewe frekwensies van woorde in twee korpora te vergelyk om sodoende verskille in woordgebruik uit te lig (Baker, 2010:26). Hierdie funksie is nuttig om te bepaal hoe die JO-, VO- en BO-korpora van mekaar verskil in terme van die sprekers se woordkeuse en om woorde wat beduidend meer frekvent gebruik word deur ’n spesifieke sprekergroep, te identifiseer. Die sleutelwoordanalise vergelyk die woorde in ’n korpus met die woorde in ’n ander korpus – die sogenaamde verwysingskorpus (“reference corpus”) – en dit toon aan of en in watter mate die verskil in die betrokke woorde se frekwensie statisties beduidend is – die sogenaamde statistiese beduidendheidskaal (“keyness”<sup>64</sup>). Indien ’n woord statisties beduidend meer gebruik word deur een ouderdoms- of geslagsgroep as ’n ander, sal dit in die resultate van ’n sleutelwoordanalise vertoon word. Die sleutelwoorde gee inderwaarheid die uniekheid van ’n korpus weer. Figuur 4.2 (op die volgende bladsy) toon aan hoe die resultate in AntConc weergegee word. Die derde kolom vertoon byvoorbeeld die statistiese beduidendheidskaal, wat bereken is volgens die gekose statistiese instrument.

Statistiese beduidendheid kan op verskillende maniere bepaal word, waarvan die mees algemene manier is die chi-kwadraattoets (chi-square) is. Die chi-kwadraattoets veronderstel egter eweredige dataverspreiding waar waardes rondom ’n gemiddeld voorkom en wat in ’n grafiek die klassieke klokvormige kurwe sal vertoon wat dit minder geskik maak by taaldata. Taaldata toon selde indien ooit eweredige verspreiding: “They typically produce a markedly positively skewed distribution, with a pronounced ‘hump’ of a very few high-frequency words, followed by a very long tail of lots and lots of low-frequency words” (McEnery & Hardie, 2012:52). Chi-kwadraat raak voorts onbetroubaar wanneer klein hoeveelhede data gebruik word en is nie geskik vir die huidige studie nie. Die log<sup>65</sup>-waarskynlikheidstoets word verkies deur korpuslinguiste, omdat dit geen aannames maak aangaande normale verspreiding nie. ’n Afsnypunt van 95-99,9% word voorgestel om te verseker dat die beduidendheid akkuraat is.


---

<sup>64</sup> Die “keyness”-waarde verwys na die statistiese betekenis van die frekwensie van ’n sleutelwoord in ’n gegewe korpus, relatief tot ’n verwysingskorpus.

<sup>65</sup> Die “log” verwys hier na logaritmes.



Figuur 4.2: Resultate van 'n sleutelwoordanalise by vergelyking van die JO en die VO



Figuur 4.3: Sleutelwoord-instrumentinstellings

Die spesifieke instrumentinstellings (“tool preferences”) vir die sleutelwoordfunksie word in figuur 4.3 aangetoon en dit kan soos volg opgesom word:

1. Die rang, frekwensie, statistiese beduidendheidskaal, effek en die sleutelwoord self word in die resultate vertoon.
2. Alle data word hanteer asof dit in kleinletters verskyn.
3. Die gekose statistiese instrument is die log-waarskynlikheidstoets en die afsnypunt vir beduidendheid is  $p < 0,01$  (+6,63).
4. Die effek word gemeet deur die Dice-koëffisiënt.
5. Slegs die top-100-sleutelwoorde word vertoon.

Bo en behalwe die aanduiding van *die statistiese beduidendheidskaal* wat deur die sleutelwoordfunksie gebied word, is dit belangrik om ook die frekwensie en die verspreiding van die geïdentifiseerde woord in die korpus in ag te neem. Sodoende kan verseker word dat die studie nie fokus op infrekwente woord(e) wat buitengewoon baie deur een of twee sprekers gebruik word nie.

#### **4.5.5 Kollokasies**

Die belang van kollokasies is geleë in die idee dat die betekenis van 'n woord of woordkluster nie uitsluitlik in die woord of kluster geleë is nie, maar medebepaal word deur die woorde daaromheen en veral deur woorde wat 'n hoë waarskynlikheid het om daarmee saam gebruik te word (Adolphs & Carter, 2013:23).

“[C]ollocation denotes the idea that important aspects of the meaning of a word (or another linguistic unit) are not contained within the word itself, considered in isolation, but rather subsist in the characteristic associations that the word participates in, alongside other words or structures, with which it frequently co-occurs ...” (McEnery & Hardie, 2012:123)

Kollokasie verskil van woordklusters deurdat kollokasie nie noodwendig verwys na woorde wat reg naas mekaar (“adjacent”) gebruik word nie, maar na woorde wat naby aan mekaar (“in proximity”) gebruik word (McEnery & Hardie, 2012:123). Die kollokasiefunksie van AntConc word dus gebruik om woorde of woordklusters wat gereeld saam of naby aan mekaar gebruik word, te identifiseer. Die gebruiker bepaal die nabyheid van die kollokasionele terme deur waardes in te sleutel, byvoorbeeld waardes van 3L en 3R sal die kollokasiefunksie beperk om woord wat binne drie terme aan die linkerkant en drie terme aan die regterkant van 'n spesifieke woord verskyn as kollokasies te oorweeg.

## 4.6 Hoofstuksamevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig oor die korpuslinguistiese metode gegee. Eerstens is die korpuslinguistiese ondersoekmetode se waarde vir sosiolinguistiese (en gevolglik sosiopragmatiese) ondersoeke beklemtoon, waarna die samestelling van die korpus vir hierdie studie uiteengesit is.

Vervolgens word die korpuslinguistiese data-analise in hoofstuk 5 bespreek. Dit sluit die kwantitatiewe resultate in wat behaal is nadat die korpuslinguistiese funksies toegepas is op die data in die PO. Hoofstuk 6 bevat die kwalitatiewe gevolgtrekkings wat gemaak kon word uit die resultate van die data-analise.

# Hoofstuk 5 : Ontleding van die korpusdata

*Taalvariatie is niet iets chaotisch; het is mogelijk er een bepaalde orde in te ontdekken: bepaalde frequenties blijken te correleren met bepaalde factoren van talige, sociale of stilistische aard. Een homogene taalgemeenschap moge moeilijk te vinden zijn, de heterogeniteit waarvan sprake is, is echter in de meeste gevallen duidelijk gestructureerd. (Van Bree, 1996:204)*

## 5.1 Inleiding

Soos reeds aangedui, is die PO saamgestel ten einde Afrikaanse pragmatiese merkers te ondersoek. Hierdie korpus is onderverdeel in 'n aantal subkorpora<sup>66</sup>:

- Die Korpus van Jong Omgangsafrikaans (JO)
  - Die subkorpus van Manlike Jong Omgangsafrikaans (MJO)
  - Die subkorpus van Vroulike Jong Omgangsafrikaans (VJO)
- Die Korpus van Volwasse Omgangsafrikaans (VO)
  - Die subkorpus van Manlike Volwasse Omgangsafrikaans (MVO)
  - Die subkorpus van Vroulike Volwasse Omgangsafrikaans (VVO)
- Die Korpus van Bejaarde Omgangsafrikaans (BO)<sup>67</sup>

Soos in hoofstuk 4 uiteengesit, word die ontleding van die korpora gedoen met die korpuslinguistiese sagteware AntConc (Anthony, 2012). Die korpussagteware maak dit moontlik om pragmatiese merkers te soek, die frekwensie daarvan te bepaal en die voorkoms daarvan in die onderskeie subkorpora te vergelyk. AntConc se sleutelwoordfunksie (“keyword function”) is byvoorbeeld spesifiek gebruik om pragmatiese merkers op te spoor wat beduidend meer frekwent voorkom in die JO-korpus vergeleke met die VO-korpus. Die program kan ook die betrokke woord in konkordansieformaat vertoon.

Aangesien geen hedendaagse data oor Afrikaanse pragmatiese merkers in gesproke taal beskikbaar is nie, fokus hierdie studie eerstens daarop om die frekwentste pragmatiese merkers te identifiseer en die funksies daarvan binne die konteks van die uitings waarin dit voorkom, te ondersoek. Afrikaans is ryk aan pragmatiese merkers en dit is haas onmoontlik om elkeen te bespreek binne die bestek van hierdie verhandeling. Daar is dus gepoog om

---

<sup>66</sup> Raadpleeg ook hoofstuk 4 vir 'n meer volledige uiteensetting van die korpussamestelling.

<sup>67</sup> Aangesien slegs die woorde van een manlike spreker in die BO vervat is, word hierdie korpus slegs vergelykend gebruik en word die geslagsveranderlike nie ondersoek in bejaarde Omgangsafrikaans nie.



eerstens die pragmatiese merkers te identifiseer wat eie is aan die spreektaal van jonger Afrikaanssprekendes. Dit is gedoen deur 'n sleutelwoordanalise van byvoorbeeld die JO in vergelyking met die VO om ouderdomsverskille te identifiseer, of die MJO in vergelyking met die VJO om geslagsverskille, wat betref die gebruik van pragmatiese merkers, te identifiseer. Sleutelwoordanalise openbaar die belangrikste leksikale verskille tussen twee korpora, omdat dit beduidende verskille in woordgebruik<sup>68</sup> sal uitlig (vgl. Barbieri, 2008:61). Sodra die frekwente pragmatiese merkers geïdentifiseer is, kan die konkordansiefunksie gebruik word om die voorbeelde van die pragmatiese merkers in konteks te bestudeer en dit dan kwalitatief te ontleed. In sommige gevalle was die n-gram-funksie nuttig om pragmatiese merkers wat in woordklusterformaat voorkom te identifiseer en te ondersoek, byvoorbeeld die pragmatiese merkers “weet jy”, “jy weet” en “hoor hier(so)” wat in afdeling 5.3.4 bespreek word.

Die fynere analise en klassifikasie van die frekwente pragmatiese merkers is met die hand gedoen. Die ondersoek is gebaseer op en gerig deur die aard van die data en aanbieding van resultate verskil dus vir elke pragmatiese merker. Hierdie benadering is buigsaam genoeg om voorsiening te maak vir die veranderlike aard van pragmatiese merkers, en dit laat ruimte om die belangrikheid van die konteks waarbinne dit gebruik word tydens analise, in ag te neem.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar tydens die analise en/of klassifikasie van pragmatiese funksie(s) binne 'n sekere uiting, sterk gesteun moes word op die navorser se voorkennis van die Afrikaanse gesproke taal, asook die plaaslike sosiale en pragmatiese konvensies. Kennis van die groter konteks van die gesprekke, die gespreksdeelnemers en prosodiese aspekte soos intonasie, volume asook pousering het 'n rol gespeel in die klassifikasie van pragmatiese funksies. Gegewe die konteks-sensitiewe en multifunksionele aard van pragmatiese merkers is indieptekennis van pragmatiese merkers en hoe dit in die literatuur hanteer word, noodsaaklik vir die identifisering en klassifisering daarvan. Om hierdie rede (en by gebrek aan 'n ander onafhanklike kodeerder) is daar besluit dat die studieleier sou optree as 'n tweede kodeerder van die data wat die betroubaarheid en geldigheid van die ontleding sou kontroleer.

In hierdie hoofstuk word die AntConc-funksies gebruik tesame met kwalitatiewe kontekstuele ontleding om 'n oorsig te gee oor (i) 'n aantal pragmatiese merkers wat frekwent gebruik word, (ii) die funksies waarvoor dit gebruik word en (iii) die gebruik daarvan onder sprekers van verskillende ouderdoms- of geslagsgroepe te vergelyk.

---

<sup>68</sup> Inligting oor statistiese beduidendheid word in hoofstuk 4 gegee – sien afdeling 4.5.4.

## 5.2 Oorwegings by 'n korpusontleding van pragmatiese merkers

Soos in hoofstuk 4 uiteengesit, lewer die AntConc-woordelysfunksie 'n lys van al die woorde wat in 'n korpus voorkom saam met die frekwensie daarvan (vgl. Bylaag C vir 'n voorbeeld). Tipies vertoon die woordelys van 'n korpus 'n aantal baie frekwente woorde, wat gevolg word deur 'n lang lys woorde wat slegs een of twee maal in die korpus voorkom. In die PO, soos in die meeste ander korpora, is dit hoofsaaklik funksiewoorde wat baie frekwent voorkom: persoonlike voornaamwoorde, lidwoorde en voegwoorde.

'n Woordelys soos hierdie dui egter nog nie aan watter woorde besonder frekwent is in die JO in vergelyking met die VO nie. Die sleutelwoordfunksie is byvoorbeeld gebruik om die JO-korpus met die VO-korpus te vergelyk, ten einde die woordgebruik van die jonger sprekers met dié van ouer sprekers te vergelyk en te bepaal of daar woorde is, en spesifiek pragmatiese merkers, wat beduidend meer frekwent deur jong Afrikaanssprekendes gebruik word in vergelyking met volwasse en bejaarde Afrikaanssprekendes.

Die uitdagings met 'n woordelys- en 'n sleutelwoordanalise is dat alle voorkomste van 'n woord ingesluit word by die tellings en berekeninge. Elke voorkoms van die woord, soos deur die sagteware verskaf, moes dus met die hand geanaliseer en geklassifiseer word, ten einde pragmatiese gebruike van bloot proposisionele gebruike te onderskei.

Ter illustrasie: Alhoewel “nou” soms as pragmatiese merker gebruik word, word dit voor die hand liggend ook dikwels as deiktiese tydsaanduiding gebruik. Vergelyk voorbeelde 40 en 41 hier onder (beide geneem uit die MJO): In voorbeeld 40 word “nou” bloot as tydsaanduiding gebruik, maar voorbeeld 41 illustreer die pragmatiese gebruik van “nou”. Hier funksioneer dit duidelik nie as tydsaanduiding nie, maar dit dra by tot die openbaarmaking van die spreker se ingesteldheid teenoor die vorige spreker se standpunt wat in die eerste geval moontlik beskryf kan word as “ek dink nie jou plan gaan werk nie”.

Tipies word “nou”, soos wat dit in voorbeeld 40 voorkom, uitgesluit uit 'n ondersoek na pragmatiese merkers, terwyl die aanwending van “nou” as pragmatiese merker (soos in voorbeeld 41) noukeurig binne die gesprekskonteks ondersoek behoort te word om te bepaal wat die funksie(s) daarvan in dié spesifieke uiting is.

<p>(40 JO)<sup>69</sup></p> <p>&lt;59M&gt; So ons moet dit klaar uh gebou hê voor twee Maandae van <u>nou</u> af en dan die Woensdae, twee Woensdae van <u>nou</u> af het ons nog 'n prakties wat ons nog nie begin bou het nie.</p>	<p>(41 JO)</p> <p>&lt;153M&gt;... kombersie. As dit soos dit lyk dan lê ons net daar met 'n kersie en ons <i>chill</i> &lt;onhoorbaar&gt;</p> <p>&lt;155M&gt; Oukei maar die wind gaan dit, die die wind gaan die kersie mos <u>nou</u> opfoeter.</p> <p>&lt;153M&gt; Bra &lt;onhoorbaar&gt;</p> <p>&lt;154M&gt; Jy gaan dit ... jy gaan dit <u>nou</u> nie elke aand doen nie, nè.</p>
--	---

'n Tweede uitdaging by die uitsluitlike fokus op frekwensietellings en die sleutelwoordfunksie, is dat pragmatiese merkers wat nie hierdie tipe dubbele gebruik (soos byvoorbeeld “nou”) vertoon nie, moontlik wel 'n frekwente pragmatiese merker kan wees, maar nie sal opval in 'n frekwensietelling nie. Kennis van pragmatiese merkers wat in ander tale ondersoek is, het hier handig te pas gekom<sup>70</sup>. Ekwivalente van pragmatiese merkers wat hoë frekwensies in ander tale vertoon, is met AntConc se soekfunksie opgespoor en getel.

Nadat die pragmatiese merkers wat verdere ondersoek regverdig, geïdentifiseer is, is die AntConc-konkordansiefunksie gebruik om die genoemde pragmatiese merkers binne konteks te ondersoek en moontlike funksies aan elkeen toe te ken. 'n Seleksie van pragmatiese merkers is dus gemaak veral op grond van die frekwensie daarvan in PO.

<sup>69</sup> In hierdie hoofstuk sal daar telkens, saam met die voorbeeldnommer, aangedui word uit watter subkorpus die voorbeeld kom, byvoorbeeld JO verwys na die Korpus van Jong Omgangsafrikaans. Sien die afkortingslys vir 'n volledige lys van afkortings wat in hierdie verhandeling gebruik word. Die sprekeridentiteitskode, byvoorbeeld <59M>, gee 'n aanduiding van die spreker se geslag soos vroeër uiteengesit in afdeling 4.1.7.

<sup>70</sup> Ondersoeke wat die identifikasie van pragmatiese merkers beïnvloed het, het gehandel oor die Engelse “you know” (vgl. Stenström et al., 2002; Ermann, 2001), “really” (vgl. Adolphs & Carter, 2013; Murphy, 2010), “okay” (vgl. Fairhurst, 2013) asook die Nederlandse “hé” (Kirsner & Van Heuven, 1996) en “hoor” (Mazeland & Plug, 2010; Kirsner & Van Heuven, 1996).

## 5.3 Ontleding van frekwente pragmatiese merkers in die korpus

Die volgende Afrikaanse pragmatiese merkers is in die korpus geïdentifiseer aan die hand van hulle frekwensie:

1. rêrig/regtig
2. oukei
3. soos
4. hoor/hoor hier(so)
5. weet jy/jy weet/ek weet nie

Elkeen van hierdie pragmatiese merkers word vervolgens ontleed aan die hand van die volgende faktore: funksies in die konteks van die onderskeie uitings waarin dit voorkom; die gebruiksfrekwensie daarvan; en hoe die gebruiksfrekwensie korreleer met *geslag* en *ouderdom* as veranderlikes.

### 5.3.1 “Rêrig/regtig”

#### 5.3.1.1 Oriëntasie

Die pragmatiese merker “regtig” met wisselvorm “rêrig” word ondersoek op grond van die frekwensie en die funksiegebruik daarvan onder die verskillende ouderdomsgroepe. Die WAT (2019) toon ’n aantal betekenisonderskeidings van “regtig” aan, wat as volg opgesom kan word:

- Byvoeglike naamwoord met die betekenis “reg” byvoorbeeld “regtige berou” of “eg” byvoorbeeld “regtige pels”.
- Bywoord met die betekenis “inderdaad, ongetwyfeld of in ’n hoë mate”, byvoorbeeld “Dit is regtig ’n voorreg om haar te ken.” Die beklemtonende waarde word sigbaar in die sin “Regtige sterk doepa...”. Die bywoordelike “regtig” kan ook daarop wys dat iets “werklik en nie gewaan of denkbeeldig is nie”.
- Bywoord met betekenis “in werklikheid of soos dit feitelik juis is”, byvoorbeeld “Wat doen jy nou regtig?”.
- Bywoord met betekenis hoegenaamd, heeltemal of totaal”, byvoorbeeld “Ek voel regtig nie lus nie”.

- Tussenwerpsel wat gebruik word as uitroep waarmee bevestiging daarvoor gesoek word dat dit wat gesê is, inderdaad so is, of waarmee die waarheid of akkuraatheid van wat gesê is, beklemtoon word, byvoorbeeld “‘Ek het al klaar met haar man kennisgemaak,’ sê hy. ‘Regtig? Jy het my niks daarvan gesê nie’”
- Tussenwerpsel wat gebruik word as uitroep waarmee ontevredenheid, frustrasie, of dergelike uitgedruk word, byvoorbeeld “Regtig! Julle kan nou maar ophou om so 'n lawaai te maak”.

Die betekenis van “rêrig/regtig” stem in die korpus ooreen met die woordeboekdefinisie. Daar is nie werklik sprake van vernuwing wat betekenisfunksies betref nie, maar 'n ontleding van die frekwensiepatrone en funksiegebruike van die pragmatiese merker “rêrig/regtig” onder die verskillende spreker-groepe in die korpus kan waardevolle insigte bied op die voorkoms en verspreiding van hierdie gewilde pragmatiese merker.

Gesamentlik kom dié twee vorme 71 keer onder die jonger sprekers in die JO voor (dit is 2,4 keer per 1 000 woorde). Die statistiese beduidendheidswaarde van “rêrig” in vergelyking met die VO is baie hoog: +21,79<sup>71</sup>. Dit beteken dat die frekwensie statisties beduidend hoër is in die gesproke taal van die jonger sprekers as by die volwasse sprekers. Slegs een niepragmatiese gebruik van “rêrig/regtig” is in die spraak van jonger sprekers geïdentifiseer, terwyl “rêrig/regtig” gesamentlik ses keer niepragmaties gebruik word deur volwasse sprekers. Hierdie niepragmatiese gebruike is uitgesluit by die frekwensietellings en -berekeninge, maar dit dui tog op 'n veranderende fokus in die gebruik van dié woordvorm. Wanneer die voorafgaande statistiek in ag geneem word, lyk dit asof veelseggende gebruikspatrone na vore kan kom in 'n ondersoek na hierdie pragmatiese merker.

Die pragmatiese merker “rêrig/regtig” word vervolgens bespreek in terme van die frekwensie daarvan in die onderskeie subkorpora van die PO. Op grond van die voorkoms in die PO, is 'n aantal pragmatiese funksies geïdentifiseer wat deur “rêrig” en “regtig” uitgevoer word (afdeling 5.3.1.2). Daar is vervolgens met die hand 'n funksie aan elke voorkoms van hierdie merker toegeken. Hierdie funksies word in afdeling 5.3.1.3 bespreek met voorbeelde uit die korpus. Frekwensietellings volgens funksie is gemaak en vergelyk. Verskille en ooreenkomste in die gebruik van die pragmatiese merker deur spesifieke ouderdoms- en geslagsgroepe, word voorts ondersoek in onderskeidelik afdeling 5.3.1.4 en 5.3.1.5. Ten slotte word die besluit om “rêrig” en “regtig” as wisselvorme van een pragmatiese merker te hanteer in afdeling 5.3.1.6 verantwoord met verwysing na bestaande navorsing hieroor asook 'n vergelyking tussen die funksies wat deur die twee vorme uitgevoer word.

---

<sup>71</sup> Die afsnypunt vir beduidendheid is +6,63.

### 5.3.1.2 Frekwensie van die pragmatiese merker “rêrig/regtig” in die PO

In tabel 5.1 hier onder word die frekwensies van die pragmatiese merker “rêrig/regtig” in die verskillende subkorpora van die PO met mekaar vergelyk. Die vergelyking word getref tussen die voorkomste in spraak van jonger sprekers (die JO met geslagsgebaseerde subkorpora VJO en MJO) met die voorkomste in die spraak van volwasse sprekers (die VO met geslagsgebaseerde subkorpora VVO en MVO). Die frekwensie in die spraak van bejaarde sprekers (uit die BO) word ook verskaf ter wille van vergelyking.

Subkorpus	Aantal woorde in subkorpus	Voorkoms van “rêrig/regtig” <sup>72</sup>	Genormaliseerd (per 1 000 woorde)
JO	30 181	70	2,3
VJO	18 533	39	2,1
MJO	11 648	31	2,7
VO	52 984	61	1,2
VVO	33 016	52	1,6
MVO	19 968	9	0,4
BO	16768	6	0,4

Tabel 5.1: Frekwensietelling van “rêrig/regtig” as pragmatiese merker in die subkorpora van die PO.


Die jonger sprekers gebruik hierdie pragmatiese merker baie gereeld, met die jong, manlike sprekers wat dit selfs nog meer frekvent as die jong, vroulike sprekers gebruik. Die volwasse vroue gebruik die merker ook taamlik frekvent met 1,6 voorkomste per 1 000 woorde. Die volwasse mans en bejaardes gebruik die merker aansienlik minder as die ander groepe.

Alhoewel “rêrig/regtig” nie as ’n vernuwende pragmatiese merker beskou kan word nie, lyk dit of hierdie vorm tans frekvent gebruik word deur dié spreker-groepe wat normaalweg met vernuwing geassosieer word (jong sprekers en vroulike sprekers). Gegee jong mense en vroulike sprekers se geneigdheid om as voorlopers op te tree by taalvernuwing, blyk dit dat die merker die potensiaal het om in die toekoms nuwe betekenisnuanses aan te neem.


Die funksies wat in die PO geïdentifiseer is, word vervolgens aan die hand van korpusvoorbeelde bespreek.

<sup>72</sup> Slegs gevalle waar “rêrig/regtig” as pragmatiese merkers gebruik is, is ingesluit.

### 5.3.1.3 “Rêrig/regtig” se pragmatiese funksies in die PO



Grafiek 5.1: Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in die Jo



Grafiek 5.2: Funksieverspreiding van "rêrig/regtig" in die VO

Grafieke 5.1 en 5.2 vertoon die funksieverspreiding van “rêrig/regtig” in die JO en VO respektiewelik. In hierdie grafieke word die geïdentifiseerde funksies (wat ná die grafieke onder afsonderlike punte bespreek word) as persentasie van die totale aantal gebruiksvoorbeelde in die betrokke subkorpus aangedui. Dit is duidelik dat die belangrikste funksie van “rêrig/regtig”, onder jonger en volwasse sprekers, dié van intensivering is.

#### i. “Rêrig/regtig” as intensiveerder<sup>73</sup>

Die pragmatiese merker “rêrig/regtig” is byna altyd ’n woord wat met nadruk uitgespreek word en dit word gereeld gebruik om ’n spesifieke woord of gedeelte van ’n uiting te beklemtoon. Dit tree dikwels op as intensiveerder. Dit dui op ’n spreker se sterk verbintenis tot die inhoud van sy uiting. Dit word ook in sommige gevalle gebruik om die implisiete boodskap van ’n uiting, byvoorbeeld die houding van ’n spreker, te beklemtoon.

Tabel 5.2 sit die frekwensie van die gebruik van “rêrig/regtig” in die verskillende subkorpora van die PO uiteen. Die jong, manlike sprekers gebruik die intensiveerder “rêrig/regtig” die frekwentste (1,5 keer per 1 000 woorde), met die jong, vroulike sprekers marginaal minder met 1,2 voorkomste per 1 000 woorde. Volwasse, vroulike sprekers gebruik dié intensiveerder

<sup>73</sup> Vergelyk hoofstuk 2 vir ’n volledige definisie en bespreking van die intensiveringsfunksie.

aansienlik meer frekvent as hul manlike eweknieë. Dit wil voorkom of die gebruik van “rêrig/regtig” as intensiveerder by uitstek met jonger sprekers geassosieer word, en dat dit ook ’n belangrike funksie in die spraak van volwasse vroue is.

Subkorpus	Voorkoms van “rêrig/regtig” <sup>74</sup>	Genormaliseerd per 1 000 woorde
<b>JO</b>	<b>39</b>	<b>1,3</b>
VJO	22	1,2
MJO	17	1,5
<b>VO</b>	<b>33</b>	<b>0,6</b>
VVO	30	0,9
MVO	3	0,2
<b>BO</b>	<b>0</b>	<b>0,0</b>

Tabel 5.2: Frekwensietellings van “rêrig/regtig” as intensiveerder in die subkorpora van die PO

In voorbeeld 42 word “regtig” gebruik om die gedeelte wat daarop volg te beklemtoon. Dit weerspieël boonop iets van die houding van die spreker wat duidelik beïndruk is met die “suiwer Afrikaans” wat ’n omroeper op Tuks FM praat.

(42 JO) <5M> Daar is so een ou uhm van Tuks wat soos regtig suiwer Afrikaans praat en dit klink soos ... dit klink goed.

In die volgende voorbeeld word “rêrig” telkens gebruik om klem te lê op die uitingsegmente wat daarop volg. Dit dra ook by tot die geloofwaardigheid van die uiting in sy geheel – die spreker streef daarna om ’n entoesiastiese, hartlike en opregte ingesteldheid te vertoon. Die reëlmaat waarmee hierdie spreker die woord gebruik, kan moontlik aandui dat hierdie pragmatiese merker die voorkeurintensiveerder is vir hierdie manlike spreker.

(43 JO) <171M> Ek’s <spreker 171M se naam en van>. Ons is Sonop Christelike Tehuis en ek sing al vir drie jaar ser. Ek sing elke jaar ser, want dis maar

<sup>74</sup> Slegs gevalle waar “rêrig/regtig” as pragmatiese merkers gebruik is, is ingesluit.



net daai gevoel wat jy kry. Dis baie anders as 'n Serrie of as lenkmelodienk wat ons hier by Tuks het. Dis bietjie meer persoonlik. Dit is baie meer soos teater as enige iets anders so ek dink dit bring 'n kleiner groepe ouens bymekaar om bietjie saam te sing en rêrig 'n lekker tyd te hê. My hoogtepunt hierdie jaar is definitief hoe goed ons *show* is en hoe die ouens bymekaar gekom het om rêrig 'n vol sewentien minuut *show* te gee wat mense net rêrig sal *entertain* en dat hulle almal hulle harte in dit ingesit het vir ons.

“Rêrig” saam met “êrig” dien as dubbele intensiveerder. Slegs een voorbeeld hiervan word in die VJO gevind. (Sien voorbeeld 44 hier onder.)

(44 JO) <76V> ... dis *hectic* goeters rêrig êrig

Veral onder die jonger sprekers word die intensiveringsfunksie van “rêrig/regtig” soms versterk deur dit saam met vloekwoorde te gebruik. In voorbeeld 45 skok die vroulike spreker haar vriendinne met hoeveel geld dit haar uit die sak jaag om iemand se strooimeisie te wees. Sy het duidelik nou genoeg gehad daarvan.

(45 JO) <44V> So ons het driehonderd rand gegee vir die *kitchen tea* my ma en tannie <naam> moes die res betaal het. My ma was skuins befok daaroor en uhm toe hoor ek nou die dag ook: “Ja ons *budget* vir die *bachelors* is ok eintlik in sy moer in.” So ekke ... ek moet nog *paintball* balletjies gaan koop, klaar bestel, ek moet nou net nog gaan koop ... betaal daarvoor; ek moet nog skoene gaan koop vir die troue; juwele gaan koop vir die troue; my naels doen; uhm my hare gaan laat doen; helfte van my rok betaal; verblyf betaal. Ek het nie daai fokken geld nie!

<76V> Julle maak my amper bly dat ek nie een van my suster se *bridesmaids* is nie.

<44V> Wees fokken bly. Ek's rêrig ... ek's fokken oor dit. Ek's rêrig fokken oor dit.

In die volgende voorbeeld word “regtig” gebruik om die implisiete boodskap van die uiting te beklemtoon. Dit is duidelik dat die spreker (61M) oor ’n onderwerp praat wat die ander gespreksgenote nie wil hê “sy” (vermoedelik die veldwerker) moet hoor nie. 17M dring daarop aan dat 61M ophou en hy gebruik die pragmatiese merker “regtig” om sterk afkeer en verontwaardiging en selfs miskien ’n waarskuwing, aan te dui.

(46 JO) <17M> Jy maak nou net vet kak.  
<61M> Sy gaan niks hoor nie.  
<17M> Nee man, sy sal hoor.”  
<61M> Niks  
<17M> Nee ag man, nou regtig man! <verander onderwerp> Dit is *cool*, hu?

## ii. “Rêrig/regtig” as skermer<sup>75</sup>

In kontras met die intensiveringsfunksie van “rêrig/regtig” word dit in sommige gevalle ook as skermer gebruik en dikwels as onderdeel van die woordkluster “nie rêrig nie”. Hier toon die gebruik van “rêrig” saam met die dubbele “nie” aan dat die spreker ’n swak verbintenis het met die uiting as gevolg van byvoorbeeld onsekerheid oor feite, of omdat iets nie baie dikwels gebeur nie, of nie genoeg gebeur sodat dit noemenswaardig is nie. Dit kan ook moontlik eufemisties bedoel word. Tabel 5.3 sit die frekwensietellings van “rêrig/regtig” as skermer uiteen. Dit toon lae frekwensies in die volwasse korpus, met die jong sprekers wat ook hier die voortou neem.

Die skermingsfunksie is die tweede mees algemene funksie in jong sprekers se omgangstaal en dit maak 23% van die totale voorkomste van “rêrig/regtig” in die JO uit. Die skermingsfunksie is egter nie so frekvent onder volwasse sprekers nie – hulle gebruik slegs 8% van die totale voorkomste van “rêrig/regtig” as skermer wat dit slegs die vyfde grootste funksie in terme van frekwensie maak (vgl. grafieke 5.1 en 5.2).

---

<sup>75</sup> Vergelyk hoofstuk 2 vir ’n volledige definisie en bespreking van die skermingsfunksie.

Subkorpus	Voorkoms van “rêrig/regtig” <sup>76</sup>	Genormaliseerd per 1 000 woorde
JO	16	0,5
VJO	9	0,5
MJO	7	0,6
VO	5	0,1
VVO	4	0,1
MVO	1	<0,1 <sup>77</sup>
BO	0	0,0

Tabel 5.3: Frekwensietellings van “rêrig/regtig” as skemer in die subkorpora van die PO

In voorbeeld 47 wat hierna volg, kan die aanhoorder aanneem dat die hemde waarna verwys word wel vantevore gedra is, maar dat die eienaars nie genoeg geleentheid kry om dit aan te trek nie. Die spreker, 82V, wil haarself egter nie sterk aan ’n uiting verbind wat aandui dat die hemde heeltemal nutteloos is en nooit aangetrek word nie.

(47 JO) <82V> <oorvleuel> ... en hulle moes ... en hulle moes soos gister gesê het soos: “Oukei julle, kom ons gaan hierdie Vrydag om Tuks landbou weer te bemark” en dan dit nou weer jy weet: “Dit begin nou weer. Kom ons trek almal hemde aan.” Daai *cool* hemde wat ons het, want ons kry nie ’n geleentheid om dit ooit rêrig aan te trek nie.

<75V> Ja.

<82V> En dis dis *nice* om die hemde te hê, maar dan trek jy dit nie rêrig aan nie. Dan wat de hel.

### iii. “Rêrig/regtig” as responsmerker

“Rêrig/regtig” word in die JO sowel as die VO gebruik as ’n respons op ’n uiting (responsmerker) waarmee die spreker aandui dat hy/sy nie seker is of die proposisie wat in

<sup>76</sup> Slegs gevalle waar “rêrig/regtig” as pragmatiese merkers gebruik is, is ingesluit.

<sup>77</sup> Onafgerond is die genormaliseerde frekwensie 0,05.

die voorafgaande uiting gestel is, geloofwaardig is nie. Hierdie funksie is minder frekwent met 'n genormaliseerde frekwensie van 0,2 in beide die JO en VO.

Dit is die derde mees algemene funksie in die JO – 11% van die totale gebruiksvorkomste – en in die VO word dit net soveel as die appelleringsfunksie gebruik – 16% van die totale gebruiksvorkomste (vgl. grafieke 5.1 en 5.2). As responsmerker is “rêrig/regtig” ideaal om ongeloof en/of verbasing uit te druk. Alhoewel dit geïnterpreteer kan word as 'n vraag wat die “waarheid” van die voorafgaande uiting bevraagteken, word dit nie altyd met duidelike vraagintonasie uitgespreek nie. Dit klink dikwels eerder soos 'n uitroep. In voorbeeld 48 word “rêrig” gebruik saam met die uitroepe “wow” en “shit” onderskeidelik wat versterkend inwerk op die uitdrukking van verbasing.

(48 JO) <64V> Uhm <naam> en <naam> het gevry.

<almal lag>

<46V> Rêrig! Wow!

<48V> Ja gister vra <naam> vir my: “So wat weet ons van al die goed wat op treintoer gebeur het?” Dis nou <onhoorbaar>

<46V> <Naam> het 'n meisie gevry.

<45V> Ek het, ek het, ek het <haal asem in> Vertel!

<47V> *Shit*, rêrig. Hoe weet julle?

<46V> Hy't in die *club* soos 'n meisie gevat.

#### **iv. *Rêrig/regtig* as appelleerder**

Deur “rêrig/regtig” as appelleerder te gebruik, toon die spreker 'n sterk verbintenis tot die geloofwaardigheid van die voorafgaande uiting en word 'n appèl op die gespreksgenoot gemaak om dit te glo en/of ernstig op te neem. In beide die JO- en VO-korpus toon “rêrig/regtig” as appelleerder 'n genormaliseerde frekwensie van 0,2 per 1 000 woorde.

In die voorbeeld 49 praat die programaanbieder met die leier van die sergroep wat sopas die kompetisie gewen het. Sy bevestig haar emosionele uitspraak met 'n appèl op die aanhoorder.

(49 JO) <172M><sup>78</sup> Julle het sopas gewen. Hoe voel julle?

<167V> Ek dink nie daar is 'n gevoel beter in hierdie hele wêreld nie. Soos ek ek ek wil huil nou. Ek wil huil, rêrig.

<172M> Hoe trots is jy op jou meisies?

<167V> Ek kan nie soos ek ek gaan moet begin huil om dit te beskryf, rêrig.

#### v. “Rêrig/regtig” as aarselingsmerker

'n Aarselingsmerker word gebruik om die beurt te behou, terwyl die spreker sy gedagtes agtermekaar kry. Die gebruik van “rêrig/regtig” as aarselingsmerker kom nie in die spraak van die jonger deelnemers voor nie en slegs een maal in die spraak van volwassenes. Dit lyk dus of hierdie pragmatiese merker slegs by uitsondering gebruik word om hierdie funksie te verrig.

#### 5.3.1.4 Vergelyking van funksies op grond van ouderdom

Grafieke 5.1 en 5.2 illustreer duidelik dat jonger sprekers minder geneig is om “rêrig/regtig” in 'n niepragmatiese hoedanigheid te gebruik as die volwasse sprekers (vgl. die niepragmatiese gebruik op die grafieke). Die intensiveringsfunksie is die mees algemene funksie in beide subkorpora, maar dit is duidelik dat die jonger sprekers die pragmatiese merker heelwat meer as skermer gebruik (23% teenoor die 8% in die VO). Die volwasse sprekers wend die merker aan veral as affektiewe responsmerker (16%) en as appelleerder om die geloofwaardigheid van 'n uiting te bevestig (16%), wat in die JO slegs 11% en 10% onderskeidelik van die gebruiksvorkomste uitmaak. Hierdie pragmatiese merker word nie gereeld as aarselingsmerker in die PO aangewend nie. Slegs enkele dubbelsinnige voorbeelde kon in die VO opgespoor word. Dit lyk of die volwasse sprekers meer bereid is om hul verbintenis tot uitings te verklaar deur die appellerings- en intensiveringsfunksie. Jonger sprekers is aan die ander kant meer geneig om onderhandelend te kommunikeer ter wille van groeplidmaatskap. Hulle gebruik dus die skermingsfunksie meer gereeld. Hierdie sinchroniese vergelyking toon duidelik dat die jonger sprekers die pragmatiese merker anders en meer frekwent gebruik as volwasse sprekers. Die moontlikheid bestaan dat “rêrig/regtig” in die taal van die jong sprekers toenemend besig is om te grammatikaliseer en sodoende nuwe pragmatiese funksies (soos die skermingsfunksie) vertoon.

---

<sup>78</sup> <172M> is uitgesluit by die korpussoektogte aangesien die persoon nie aan die kritiese vereistes van die deelnemers voldoen het nie. Die spreekbeurte word egter hier ingesluit ter wille van konteks.

In die klein BO-korpus kom “regtig” vier maal voor en “rêrig” twee maal. Vyf van hierdie ses voorkomste van “rêrig/regtig” intensiveer wel, maar het nog ’n baie sterk verband met die kernbetekenis van “werklik” en kan dus nie werklik as pragmatiese merkers beskou word nie. (Sien voorbeeld 50 hier onder). Die oorblywende voorkoms dien as ’n responsmerker wat verbasing te kenne gee en dit is wel as pragmatiese merker geklassifiseer. Daar is dus net een werklike voorbeeld van “rêrig/regtig” as ’n pragmatiese merker in die BO (kyk tabel 5.1).

(50 BO) <147V> ... en hoë bloeddruk, maar dit is die hartprobleem veroorsaak die hoë bloeddruk dat uhm ... ek wonder ... ’n mens dink ver.


<126V> Ja.

<147V> Ek wonder of dit nie miskien genadiger is ... as jy nou regtig jousef nie meer kan help nie ...


<126V> Ek verstaan wat Tannie sê.

### **5.3.1.5 Vergelyking van funksies op grond van geslag**

’n Vergelyking van die funksieverspreiding van die pragmatiese merker “rêrig/regtig” in die spreektaal van jong manlike en vroulike sprekers, toon ooreenkomste wat betref die gebruiksfrekwensie in die onderskeie korpora (vgl. grafieke 5.3 en 5.4 wat hierna volg). Daar is geen noemenswaardige verskil tussen die gebruik van “rêrig/regtig” deur die verskillende geslagte in die JO nie. Die funksie van intensiveerder maak meer as die helfte van die gebruiksvorkomste uit met die skermingsfunksie wat in elke geval net minder as ’n kwart van die totale gebruiksvoorbeelde uitmaak.




Grafiek 5.3: Funksieverspreiding van “rêrig/regtig” in MJO




Grafiek 5.4: Funksieverspreiding van “rêrig/regtig” in VJO

Die funksieverspreiding vir die volwasse manlike en vroulike sprekers lyk egter taamlik verskillend (vgl. grafiek 5.5 en 5.6 hier onder). Volwasse, vroulike sprekers gebruik “rêrig/regtig” oorwegend intensiverend, soos die jonger sprekers, terwyl volwasse, manlike sprekers dit net so gereeld niepragmaties gebruik as intensiverend. ’n Moontlike verklaring kan wees dat manlike sprekers nie so ’n groot behoefte het om dit wat hulle sê te intensiveer nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat slegs ’n klein aantal gebruiksvoorbeelde (nege)<sup>79</sup> voorkom by volwasse, manlike sprekers (vgl. tabel 5.1). Verdere navorsing is dus nodig om meer grondige gevolgtrekkings te maak.



Grafiek 5.5: Funksieverspreiding van “rêrig/regtig” in MVO



Grafiek 5.6: Funksieverspreiding van “rêrig/regtig” in VVO

<sup>79</sup> Nege van die totale 13 voorkomste van “rêrig/regtig” kan as pragmatiese merkers beskou word.

### 5.3.1.6 “Rêrig” en “regtig” – eenders en anders

Vir die huidige studie is besluit om die twee woordvorme “rêrig” en “regtig” te benader as wisselvorme, met ander woorde, twee vormlike manifestasies van dieselfde pragmatiese merker.<sup>80</sup> Hierdie besluit is geneem op grond van (i) bestaande navorsing oor die twee vorme en (ii) die soortgelyke funksies waarvoor die merkers in Omgangsafrikaans gebruik word.

#### i. Bestaande navorsing oor die twee vorme

Conradie (2011:718) meen dat die twee vorme vanuit verskillende tale ontwikkel het – “regtig” uit die Duitse “richtig” en “rêrig” uit “reg-reg” met “antesedente in Maleis en Khoi”, maar dat die vorme “gekonvergeer het in wat vandag as één leksikale item beskou kan word, met ‘rêrig’ moontlik enigsins informeler as ‘regtig’.” In die HAT (2015:1055) word “rêrig” ook gelemmatiseer as die informele stylvariant van “regtig”.

Die PO-data bevestig die algemeen geldende beskouing dat “rêrig” sterker met informeler taalgebruik geassosieer word as “regtig” (vgl. Conradie, 2011:722; HAT, 2015:1046). “Regtig” word betreklik min deur die jong sprekers gebruik: 16 voorkomste uit 30 181 woorde (dit is 0,7 keer per 1 000 woorde) teenoor die 55 voorkomste van “rêrig” (2,3 keer per 1 000 woorde). Dit impliseer dat die vorm “rêrig” die oorweldigende voorkeurvorm onder jonger sprekers is met ’n gesamentlike gebruiksfrekwensie van 77,5%. “Rêrig” is ook in die volwasse korpus die voorkeurvorm – dié vorm word in 63,6% van die gebruiksinstanties bo “regtig” verkies. Dit lyk asof “rêrig” moontlik sterker met volwasse en jonger sprekers geassosieer kan word as met bejaarde sprekers. Die bejaarde sprekers gebruik “regtig” meer gereeld as “rêrig”.

Wat die geslagsveranderlike betref, toon die data (vgl. tabel 5.4 hier onder) dat vroulike sprekers meer geneig is om die informele stylvariant “rêrig” te gebruik in vergelyking met die manlike sprekers.

---

<sup>80</sup> Hierdeur word daar egter nie ontken dat daar moontlik wel sekere kleiner verskille tussen die twee vorme bestaan nie.




Subkorpus	Genormaliseerde frekwensie van “rêrig” (per 1 000 woorde)	Genormaliseerde frekwensie van “regtig” (per 1 000 woorde)
<b>JO</b>	<b>2,2</b>	<b>0,5</b>
VJO	2,6	0,3
MJO	1,7	0,9
<b>VO</b>	<b>0,7</b>	<b>0,4</b>
VVO	1,0	0,5
MVO	0,3	0,2
<b>BO</b>	<b>0,1</b>	<b>0,2</b>

Tabel 5.4: Vergelyking van frekwensies van “rêrig” en “regtig” in die subkorpora van die PO


Ten einde te bepaal of “rêrig” en “regtig” op soortgelyke wyse in Omgangsafrikaans gebruik word, is ’n vergelyking getref wat betref die funksies daarvan.

## ii. ’n Vergelyking van die pragmatiese funksies van die wisselvorme “rêrig” en “regtig”


Die vergelyking van “regtig” en “rêrig” in terme van pragmatiese funksies toon dat die wisselvorme, behalwe vir kleinere verskille, oorwegend gebruik word om dieselfde funksies uit te voer (vgl. grafieke 5.7, 5.8, 5.9 en 5.10 hier onder). ’n Paar verskille kan wel opgemerk word, soos dat “regtig” in die JO sterker met die appèlfunksie geassosieer word as “rêrig”. Dit kan moontlik daarop dui dat “regtig” verkies word wanneer daar ’n sterker nadruk op die woord geplaas moet word. Verdere ondersoek, veral die invloed van individuele sprekers se persoonlike voorkeur vir een van die twee vorme, sal egter gedoen moet word ten einde meer duidelikheid hieroor te kry. “Rêrig” en “regtig” word persentasiegewys bykans ewe veel as skermer gebruik – 22% en 25% onderskeidelik.




Grafiek 5.7: JO-funksieverspreiding van “regtig”



Grafiek 5.8: JO-funksieverspreiding van “rêrig”



Grafiek 5.9: VO-funksieverspreiding van “regtig”



Grafiek 5.10: VO-funksieverspreiding van “rêrig”

In die VO is dit opvallend dat “regtig” nooit as skermer gebruik word nie, terwyl 12% van die voorkomste van “rêrig” as skermers geklassifiseer kan word. Moontlik beskou volwasse, vroulike sprekers die formele en nadruklike “regtig” as onversoenbaar met ’n versagende funksie soos skerming. Soos in die JO, word “regtig” ook sterker geassosieer met die appelleringsfunksie as met die skermingsfunksie (21% teenoor 14%) wat die vermoede versterk dat sprekers sterker nadruk met “regtig” assosieer.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die frekwensie van “regtig” in dié gesproke korpus heelwat laer is as dié van “rêrig” en dat dit ’n invloed kon gehad het op die aantal funksiegebruike van funksies wat geïdentifiseer kon word.

Ten spyte van die klein verskille lyk dit of beide “regtig” en “rêrig” as pragmatiese merkers die semantiese kern van “waarheidsbevestiging” behou, terwyl dit ’n bykomende funksie verkry om iets van die spreker se ingesteldheid te kenne te gee. Daar is voorts nie radikale verskille

in die funksionele aanwending van dié twee woordvorme nie. Gevolglik word daar in hierdie ondersoek verwys na “rêrig” en “regtig” as wisselvorme van een pragmatiese merker.

### **5.3.1.7 Samevatting**

Die pragmatiese merker “rêrig/regtig” word deurgaans veral as intensiveerder gebruik. Daar is egter ook ander funksies wat besig is om te ontwikkel soos dié van skermmer, appelleerder en responsmerker wat emosies soos verbasing weergee. “Rêrig/regtig” kan dus beskou word as ’n grammatikaliserende pragmatiese merker.

“Rêrig/regtig” in die JO is statisties beduidend meer frekvent as in die VO en dit word duidelik sterk met jonger sprekers geassosieer. Die jonger sprekers gebruik “rêrig/regtig” hoofsaaklik pragmaties. Die frekwente gebruik van “rêrig/regtig” kan dui op leeftydspesifieke taalgebruik (“age grading”), maar dit is duidelik dat heelwat van die pragmatiese funksies ook deur volwasse sprekers gebruik word. Dit kan daarop dui dat die vorm wel nuwe pragmatiese funksies (soos skerming) aanneem wat geleidelik deur die breër spraakgemeenskap aanvaar word.

In terme van gebruiksfrekwensies in die geslagsgedifferensieerde subkorpora, het hierdie studie bevind dat jong, manlike sprekers die pragmatiese merker “rêrig/regtig” die frekwentste gebruik, gevolg deur jong, vroulike sprekers en dan volwasse, vroulike sprekers. Volwasse, manlike sprekers gebruik hierdie pragmatiese merker heelwat minder in vergelyking met die ander groepe.

Wat die funksieverspreiding van “rêrig/regtig” aanbetref, is daar groter ooreenkomste waarneembaar tussen die manlike en vroulike jongmense en die vroulike volwassenes. Daar is egter ’n merkbare verskil in funksieverspreiding by die manlike volwassenes, veral wat betref die intensiveringsfunksie wat minder frekvent voorkom en die niepragmatiese gebruik van die betrokke merker wat meer frekvent voorkom. Terwyl die jonger sprekers en vroulike volwassenes dit gebruik om die aandag van hul gespreksgenote te behou, lyk dit of manlike volwasse sprekers dit nie nodig ag om dit wat hulle vertel te intensiveer ten einde die aandag te behou nie. Andersins kan dit moontlik bloot die gevolg wees van die lae gebruiksfrekwensie van hierdie merker onder volwasse, manlike sprekers.

Wanneer die frekwensies van die meer informele vorm “rêrig” met dié van “regtig” vergelyk word, lyk dit of die eersgenoemde vorm wel sterker met gesproke taal geassosieer word as die formeler vorm “regtig”. In die algemeen beskou, is vroulike sprekers meer geneig om die

informele stylvariant “rêrig” in te span in vergelyking met hul manlike eweknieë. Ten spyte van klein verskille in die manier waarop “rêrig” en “regtig” gebruik word, stem die funksies van die twee vorme grootliks ooreen.

Die feit dat volwasse, vroulike sprekers nie die vorm “regtig” as skerder gebruik nie, tesame met dié vorm se gereelde gebruik as appelleerder, kan dui op dié vorm se assosiasie met ’n sterker nadruk.

## 5.3.2 “Oukei”

### 5.3.2.1 Oriëntering

“Oukei” is ’n pragmatiese leenmerker wat uit Engels oorgeneem is, maar al so deel van Afrikaans is dat dit ’n eie spelwyse verkry het en gelemmatiseer is in die AWS (2017:444) en HAT (2015:944). Andersen (2014:20) toon aan dat geleende pragmatiese merkers blootgestel word aan een of meer prosesse wanneer dit in ’n gasheertaal opgeneem word, naamlik verenging, uitbreiding en/of verskuiwing. “Oukei” kan dus tekens toon dat dit minder, meer of ander funksies in Afrikaans vervul as in Engels. Meer hieroor word in die samevatting verskaf.

Die HAT (2015:944) onderskei drie polisemiese betekenisse en toon aan dat “oukei” tot vier verskillende woordsoortklasse kan behoort:

**ou-kei** (*uit Engels, informeel*)

▣ *tw.* Ook **o-kei**

goed so; goed: *Oukei, nou kan ons verder gaan.* • *Maandag net ná tien, okei?*

▣ *b.nw., bw.* [**oukei**]

in orde; goed: *Die eerste werkdag was heel oukei.* • *Sy doen oukei in haar nuwe werk.*

▣ *ww.* [**het geoukei**]

goedkeur: *Sal jy dit asseblief vir my oukei.* • *Ek kan dit nie oukei voor ek weet wat dit gaan kos nie.*

▣ *s.nw.* [**oukeis**]

goedkeuring: *Sy pa het vir hom ’n oukei gegee om die motorfiets te koop.*

Dit is moontlik hierdie wye aanwendingsmoontlikhede wat dit so 'n gewilde pragmatiese merker maak.

Gevalle waar “oukei” as werkwoord en selfstandige naamwoord optree, is nie in die korpus gevind nie. “Oukei” as tussenwerpsel en “oukei” as byvoeglike naamwoord en bywoord is egter goed verteenwoordig in die korpus. In gevalle, soos in voorbeeld 51 en 52 hier onder, waar “oukei” as adjektief of bywoord gebruik is, tree dit egter nie as pragmatiese merker op nie, maar as lekseme met die betekenis “nie sleg nie, maar ook nie uitermatig goed nie” (in 51), en “in orde of goed” (52). Dit word nie verder hier bespreek nie, en sodanige voorkomste is ook nie by die tellings as pragmatiese merkers ingesluit nie.

<p>(51 JO)</p> <p>&lt;44V&gt; ... ek weet nie watse kak nog alles wat die psigiater vir hom voorgeskryf het nie en hy besluit op 'n gereelde basis: “Hierdie hierdie ... “ uhm hy’s <u>oukei</u>, hy hoef dit nie meer te drink nie. Dan stop hy dit nie soos klim stelselmatig ... dan’s hy net soos: “Nee, ek voel nou <u>oukei fine</u>.” Dan stop hy dit en dan as hy dinge begin skeefloop of wat ook al dan gaan kry hy vir hom uhm natuurlike generiese goeters ...</p>	<p>(52 VO)</p> <p>&lt;119V&gt; Nee, ek het dit gelees maar ek het vir haar gesê: “Sussie, oom &lt;naam&gt; sê jy’s <i>fine</i>. Hy gaan jou so paar goedjies wys in die vakansie so dis <u>oukei</u>.”</p>
--	--

### 5.3.2.2 Gebruiksfrekwensie van “oukei” as pragmatiese merker

In die PO word 308 voorkomste van “oukei” (dit is 3,1 gevalle per 1 000 woorde) gevind. Slegs 11 van hierdie voorkomste kan geklassifiseer word as niepragmaties (adjektiewe) wat 297 voorbeelde van “oukei” as pragmatiese merker laat (drie gevalle per 1 000 woorde). Tabel 5.5 gee 'n volledige uiteensetting van die gebruiksfrekwensie van die pragmatiese merker “oukei” in die verskillende korpora en subkorpora van hierdie studie. In die JO kom 141 pragmatiese voorkomste voor (dit is 4,7 gevalle per 1 000 woorde). In die VO kom 153 gevalle voor – een daarvan is getranskribeer as “kei” – 'n verkorting van “oukei” – (dit is 2,9 gevalle per 1 000 woorde). In die BO kom die pragmatiese “oukei” slegs twee maal voor wat 'n genormaliseerde frekwensie van 0,1 beteken.

Subkorpus	Aantal woorde in subkorpus	Voorkoms van “oukei”	Genormaliseerd (per 1 000 woorde)
<b>JO</b>	30 181	<b>141</b>	<b>4,7</b>
<b>VJO</b>	18 533	103	5,6
<b>MJO</b>	11 648	38	3,3
<b>VO</b>	52 984	<b>153</b>	<b>2,9</b>
<b>VVO</b>	33 016	119	3,6
<b>MVO</b>	19 968	34	1,7
<b>BO</b>	16 768	<b>2</b>	<b>0,1</b>

**Tabel 5.5: Frekwensietellings van “oukei” as pragmatiese merker in die subkorpora van die PO**

Dit is reeds uit die genormaliseerde frekwensies duidelik dat “oukei” heelwat meer voorkom in die spreektaal van jonger sprekers. Die sleutelwoordfunksie bevestig dit – die statistiese beduidendheidswaarde van “oukei” in die JO is +14,75<sup>81</sup> in vergelyking met die VO – dit wil sê dié pragmatiese merker word statisties beduidend meer frekvent gebruik in die JO. Wanneer “oukei” in die JO vergelyk word met die BO is die statistiese beduidendheidswaarde besonder hoog: +103,52. Wanneer die VO met die BO vergelyk word, het “oukei” ook ’n hoë statistiese beduidendheidswaarde, naamlik +67,24; die volwasse sprekers gebruik “oukei” dus statisties beduidend meer as die bejaarde sprekers. Dit wil voorkom asof “oukei” ’n pragmatiese merker is wat gekoppel kan word aan ’n spesifieke lewensfase (“age-grading”), naamlik die jonger sprekers, maar dat die gebruik van “oukei” ook frekvent voorkom onder volwasse sprekers. Dit is nie ’n algemene keuse vir bejaarde sprekers nie.

’n Aantal moontlike redes bestaan waarom bejaarde sprekers “oukei” minder frekvent gebruik, naamlik (i) die pragmatiese merker is nie so ingeburger onder bejaardes nie as gevolg van byvoorbeeld ’n doelbewuste wegstroom daarvan; (ii) bejaarde sprekers verkies ander pragmatiese merkers om ooreenstemmende pragmatiese funksies te verrig; of (iii) bejaarde sprekers het nie ’n behoefte na die spesifieke pragmatiese funksies wat met “oukei”

<sup>81</sup> ’n Statistiese beduidendheidswaarde van meer as +6,63 word as statisties beduidend beskou.

geassosieer word nie. Die betreklik klein BO-korpus maak dit egter onmoontlik om definitiewe gevolgtrekkings te maak weens die lae gebruiksfrekwensie van “oukei” onder die bejaarde deelnemers.

Die klassifikasie van die pragmatiese merker “oukei” was meer kompleks as dié van byvoorbeeld “rêrig/regtig”, aangesien daar by sommige voorkomste ’n sterk saak uit te maak was vir tweeledige of selfs meervoudige funksies. Multifunksionaliteit is dus ook kenmerkend van Afrikaanse pragmatiese merkers (sien afdeling 2.4).

### **5.3.2.3 Funksies van “oukei”**

Die pragmatiese merker “oukei” funksioneer in al drie funksionele domeine: die diskoersdomein, die sosiale domein en die metalinguistiese domein. (Sien afdeling 2.5.1.) Een voorkoms van “oukei” kan meer as een funksie verrig wat elkeen in ’n ander domein tuis behoort. Die volgende funksies vir dié pragmatiese merker is geïdentifiseer:

- a) Diskoersdomein
  - Diskoersmerker
  - Aarselingsmerker
- b) Sosiale domein
  - Responsmerker
  - Appelleerder
- c) Metalinguistiese domein
  - Fokusmerker

Die bogenoemde funksies word vervolgens aan die hand van voorbeelde uit die korpus bespreek.

#### **i. “Oukei” in die diskoersdomein**

“Oukei” kan optree as diskoersmerker en aarselingsmerker in die diskoersdomein.

- “Oukei” as diskoersmerker

“Oukei” kan verskillende tipes wendings in gesprekke inlui. Die term “wending” word hier breedweg gebruik om te verwys na enige verandering in die gesprek wat die rigting waarin die gesprek neig, kan verander, hetsy op diskoers- of proposisionele vlak. Dit sluit byvoorbeeld

beurtnaam deur 'n ander spreker, 'n nuwe onderwerp, 'n teenstelling in reaksie op 'n vorige uiting of uitingsegment of om 'n nuwe of volgende "stap" in die gesprek of gepaardgaande aksie aan te dui, in. Hierdie gebruike van "oukei" word normaalweg aan die begin van 'n uiting of uitingsegment aangetref.

Die gebruik van "oukei", soos in voorbeeld 53 hier onder, dui wendings in die uiting aan. Die eerste twee gebruike daarvan dui aan dat die volgende stap in kommunikasie nou gaan plaasvind. Die betrokke opname begin met hierdie uiting waarin die veldwerker as 't ware aankondig dat die gesprek kan begin, aangesien die opneemapparaat begin opneem. Die tweede "oukei" kondig aan dat sy nou gaan begin met die onderwerp waaroor sy gaan praat.

(53 JO) <74V> Oukei, wel daar gaan hy nou. Nou is hy reg. Oukei, wat ek jou wys is ek het gegaan ek het nou uhm die topic van ... oukei, dit gaan my nou pla ... uhm die *topic van the information given by uhm employers about gender*.

In voorbeeld 54 dui spreker 5M aan dat hulle nie (noudat hulle opgeneem gaan word) verder gaan praat oor boemelaars nie. Hy verander doelbewus die onderwerp en merk dit met "oukei".

(54 JO) <6M> Ons het oor geld gepraat.  
<4M> O ja oor boemelaars <lag> maar *anyway* mm wat was ek besig om te sê? O ja, toe jy vir die outjie geld gegee het ...  
<5M> Mm wat? Wat daarvan? Ons het nie reg gepraat nie.  
<4M> Nee, ek sê dis waar ons was.  
<5M> Uh ek het nie regtig iets meer te sê daarvoor nie. Oukei, die situasie is verby kom ons praat oor ekonomie.

Heelwat later in dieselfde gesprek boots 'n ander spreker, 7V, 5M na en verander doelbewus die onderwerp. Sy gebruik ook "oukei" om dit aan te dui. 5M herken die humor en hy stem laggend in met "oukei" wat hier as instemmende responsmerker optree.



(55 JO) <7V> Oukei nou gaan ons gou-gou oor rek <rekeningkunde> praat.  
 <5M> <lag> Oukei.

Voorbeeld 56 hier onder bevat 'n voorbeeld van “oukei” wat beide diskoers- en responsfunksies vertoon. In die tweede uiting hoor 7V wat 4M sê en erken sy siening met “oukei”. Sy stem egter nie saam met hom dat daar nog nie “iets soos toi-tois en goed” was nie. Diskoersfunksioneel toon hierdie gebruik van “oukei” aan dat 'n ander spreker die beurt oorneem en dat 'n wending wat betref onderwerp, verwag kan word. Responsfunksioneel dien dit as hoflike erkenning van die vorige uiting voordat daar oorgegaan word om met die vorige spreker te verskil.

(56 JO) <4M> Ja <pouse> hier is darem nie soos ... oukei wel nog nie rêrig iets soos  
 toi-tois en goed hier gewees dat ons hier is nie.  
 <7V> Oukei behalwe vir daai een dag.  
 <5M> ...TUT ... oukei ja, maar dit was nou nie 'n *major* ding nie

In voorbeeld 57 word die eerste “oukei” gebruik om aan te dui dat die spreker homself onderbreek en sy stelling kwalifiseer. Ook in voorbeeld 58 is die onderstreepte “oukei” 'n pragmatiese merker wat aandui dat die spreker, 74V, haarself onderbreek – iets omtrent die opnemer pla moontlik. Sy hervat egter byna onmiddellik weer die gesprek oor die onderwerp van haar taak.

<p>(57 JO)<sup>82</sup></p> <p>&lt;4M&gt; Ja &lt;pouse&gt; hier is darem nie soos ...  <u>oukei</u> wel nog nie rêrig iets soos toi-tois en goed hier gewees dat ons hier is nie.      &lt;7V&gt; Oukei behalwe vir daai een dag.</p>	<p>(58 JO)<sup>83</sup></p> <p>&lt;74V&gt; Oukei wel daar gaan hy nou. Nou is hy reg. Oukei wat ek jou wys is ek het gegaan ek het nou uhm die topic van ... <u>oukei</u> dit gaan my nou pla ... uhm die <i>topic</i> van <i>the information</i></p>
---	---

<sup>82</sup> Voorbeeld 56 word hier herhaal, omdat 'n ander instansie van “oukei” hier uitgehef word.

<sup>83</sup> Voorbeeld 53 word hier herhaal, omdat 'n ander instansie van “oukei” hier uitgehef word.

<5M>...TUT ... oukei ja, maar dit was nou nie 'n <i>major</i> ding nie.	<i>given by uhm employers about gender.</i>
--	---

- “Oukei” as aarselingsmerker

“Oukei” word in enkele gevalle aangewend om die spreker tyd te gun om sy/haar gedagtes te organiseer. Dit stel die spreker in staat om die beurt te neem en/of te behou. In voorbeeld 59 uit die JO gee “oukei” saam met “uhm” aan 57M tyd om weer die draad van sy storie op te tel, nadat hy onderbreek is deur 73V en 58V.

(59 JO) <57M> ... kan niks sê nie, kan niks sê nie. O uhm ...

<73V> Praat nie eers oor al die kere waaroor ons teleurgesteld is in jou nie,  
maar oukei kom ons los dit.

<58V> <lag>

<57M> Oukei uhm ek gaan o ja wat doen julle soos gaan julle vi ... Ken julle  
Toeka Makiti?

## ii. “Oukei” in die sosiale domein

“Oukei” kan optree as responsmerker en appelleerder in die sosiale domein.

- Oukei as responsmerker

Responsfunksies verwys na die funksie van “oukei” om as respons op 'n voorafgaande uiting te dien. Hierdie responsmerkers is gewoonlik sinonimies vir “dis reg so” of “goed”, maar word as pragmatiese merkers beskou, omdat dit 'n rol speel in die dinamiese opbou van 'n koherente diskoers en dit gee aan die huidige spreker 'n aanduiding van die mate waarin die gespreksgenoot die uiting relevant vind.

Drie tipes “oukei”-response is geïdentifiseer:

- Response wat instemming of toestemming aandui.  
Hierdie tipe respons word deur die spreker verwag en sal moontlik beïnvloed of die spreker voortgaan met 'n spreekbeurt of nie.
- 'n Neutrale erkenning van inligting – “ek het jou gehoor”.  
Hierdie tipe respons is opsioneel, maar dui meeleving van die gespreksgenoot aan.

- Response wat 'n aanduiding gee van die mate waarin die gespreksgenoot die uiting verstaan of nie. Dit gee dus iets te kenne van die kognitiewe toestand van die gespreksgenoot ná die vorige uiting.

Hierdie drie hoofgroepe is vloeibaar en oorvleuel dikwels. Dit is soms bykans onmoontlik om die bedoelde betekenis van 'n spesifieke responsmerker akkuraat te bepaal. Moontlik sal 'n diepgaande analise van intonasiepatrone meer lig op hierdie kwessie kan werp. Dit is egter buite die bestek van hierdie studie en die verskillende responsfunksies word vervolgens aan die hand van illustratiewe voorbeelde bespreek.

“Oukei” word in al die subkorpora van die PO as responsmerker gebruik. Hierdie responsmerker word in die PO aangewend om wyduiteenlopende reaksies op uitings of nieverbale kommunikasie van gespreksgenote aan te dui. Volwasse, vroulike sprekers gebruik 57 keer (dit is 1,7 per 1 000 woorde) die pragmatiese merker “oukei” as responsmerker teenoor die 18 voorkomste (dit is 0,9 per 1 000 woorde) in die volwasse, manlike spreektaal. Jong, vroulike sprekers gebruik dié responsmerker 42 keer (2,3 per 1 000 woorde) teenoor die 14 keer (1,2 per 1 000 woorde) van die jong, manlike sprekers.

“Oukei” word ook as respons gebruik wat aandui dat die spreker instem, toestem of saamstem met dit wat die vorige spreker gesê het. Hierdie pragmatiese merker kan binne konteks ingesteldhede reflekteer wat strek van 'n entoesiastiese tot 'n teësinige instemming. In voorbeeld 60 word “oukei” gebruik om toestemming te gee. 48V se formele aankondiging dat sy iets wil sê, is vreemd en selfs snaaks vir die gespreksgenote en hulle response dra hulle geamuseerde toestemming oor. 48V maak egter seker dat die gespreksgenote die relevansie van die komende uiting besef en sy verwag van hulle 'n bevestiging dat hulle haar 'n kans sal gun.

(60 JO) <48V> Uhm ek het net eintlik iets om te sê ...  
 <45V> Ja  
 <almaal lag>  
 <45V> Oukei  
 <64V> Oukei <48Vnaam>  
 <46V> Jy's welkom.  
 <28V> *We're all ears.*

“Oukei” as responsmerker kan ook ingespan word ter erkenning van inligting – dit wil sê om aan te dui “ek hoor wat jy sê”. Hierdie “oukei” kan op hoofsaaklik twee maniere gebruik word. Eerstens is dit ’n neutrale of taamlik neutrale terugvoerespons en tweedens kan dit ’n hoflike erkenning van inligting wees voordat die spreker met die vorige uiting gaan verskil. Voorbeeld 61 is ’n voorbeeld van ’n betreklik neutrale erkenning van wat 69V sê. 68V laat 69V egter toe om die beurt te behou.

(61 JO) <69V> ...want dit was soos negeuur die aand ... toe sê hy hy gaan ... hy wil dalk vir my soos ’n *tank* petrol ingooi elke maand.  
<68V> Oukei, dis *nice*.

In voorbeeld 62 word “oukei” gebruik om hoflikheidshalwe die voorafgaande uiting te erken, voordat die nuwe spreker ’n teenstrydige opinie uitspreek. 155M meen dat 153M se plan om met ’n kersie buite te lê, glad nie gaan werk nie. Hy erken egter eers dat hy gehoor het wat 153M sê, voordat hy sy teenargument stel.

(62 JO) <153M> ... kombersie ... as dit soos dit lyk dan lê ons net daar met ’n kersie en ons *chill* <onhoorbaar>  
<155M> Oukei, maar die wind gaan dit ... die die wind gaan die kersie mos nou opfoeter.

In ander voorbeelde in die korpus, word “oukei” gebruik om die gespreksgenoot se mate van begrip aan te dui. Meestal word “oukei” gebruik om aan te dui dat die gespreksgenoot beter verstaan, maar in enkele gevalle word dit gebruik om aan te dui dat verdere verduideliking wel nodig is, met ander woorde dat die luisteraar nog nie goed genoeg verstaan nie. Dit is opvallend dat die “oukei” by hierdie funksies dikwels voorafgegaan word deur “o” of “a” wat ook die interpretasie daarvan beïnvloed.

In voorbeeld 63 dui 89M aan met “a oukei” dat hy nou presies weet van watter restaurant 69V praat. Die “a” saam met “oukei” gee te kenne dat iets waaroor hy al lankal wonder, nou opgeklaar is. In voorbeeld 64 verstaan 122M ook nou beter met “o oukei”. Die “o” gee egter ’n tipe vertwyfeling te kenne wat moontlik kan dui op ’n voorgee-verstaan, twyfel oor die geloofwaardigheid van die voorafgaande uiting of ’n gebrek aan belangstelling en om dus die spreker aan te moedig om die vertelling vinniger af te handel.

<p>(63 JO)</p> <p>&lt;69V&gt; &lt;89Mnaam&gt; – dis die een waarvan ek jou vertel het waar &lt;naam&gt;-hulle altyd gaan eet.</p> <p>&lt;89M&gt; <u>A oukei.</u></p>	<p>(64 VO)</p> <p>&lt;127M&gt; Hy't hom hy't hom die slang het om sy arm gekrul, maar wat hy doen is dan wurg hy die slang dan</p> <p>&lt;108M&gt; Dan gaan hy bietjie</p> <p>&lt;127M&gt; Kry die slang nie asem nie dan gaan hy pap.</p> <p>&lt;122M&gt; O <u>oukei.</u></p>
--	--

In sommige gevalle, soos in voorbeeld 65, gebruik 10V “o oukei” skynbaar om aan te dui dat sy die gesprek volg, maar nog nie heeltemal verstaan nie, daarom gaan 23V voort om die situasie in meer besonderhede te verduidelik. Die “o oukei” kan egter ook daarop dui dat die gespreksgenoot nie heeltemal oortuig is van hoe “cool” hierdie vreemde optrede nou regtig is nie.

(65 JO) <23V> ... en dan gaan dans hulle in die gange en dan neem hulle 'n video daarvan en dan kyk die lektors hulle eers *weird* aan. Dan begin die die studente hande klap en dan *smile* die dosente eers. Soos hulle hulle weet eers nie heeltemal wat aangaan nie en dan ja ... maar dit is nogal *cool*/soos om almal se reaksies te sien as ...

<10V> <oorvleuel> te sien

<23V> *weird* mense net in die gang begin dans. En dan het hulle ook video's geneem van mense wat net so loop. Hulle gaan dans agter die mense en dan neem hulle hulle af.

<10V> O oukei.

<23V> Ja soos <naam> gaan staan byvoorbeeld agter jou maar jy weet nie sy is agter jou nie. <lag>

- “Oukei” as appelleerder

Slegs twee voorbeelde (in MJO) kon gevind word waar “oukei” gebruik word om ’n appèl op die aanhoorder se aandag te maak. Die merker word normaalweg aan die einde van ’n uiting of uitingsegment geplaas ten einde hierdie funksie te verrig. In voorbeeld 66 word “oukei” gebruik as oënskynlike appèl op die fiktiewe persoon wat bel elke keer as die krag tydens beurtkrag afgaan om kennis te neem dat die krag af is en dat die alarm daarom sal afgaan. Die intonasie gee boonop irritasie aan die kant van die spreker te kenne.

(66 JO) <18M> Nee dan gaan jou waaier gaan af. Nou ewe skielik begin jy sweet. Dan gaan ons alarm: “Tweeeeeeeeeet”. Dan bel die mense: “Hoor hier julle alarm gaan af.” “Die krag is af.” Sit hulle die foon neer. Tweeeeeeeeeet! Dan bel hulle weer. Naderhand kan jy nie meer slaap nie. Dis net van wag vir die oproep. “Hallo die krag is af.” Dan sit hulle weer neer.

<lag>

<20V> “Oukei, ek weet ek kan dit hoor. Dis nou irriterend.”

<18M> <oorvleuel> “Dis nie meer nodig nie, oukei!” <lag> Nee dis nogal ... dis vir my nie ’n lekker tyd nie.

In voorbeeld 67 probeer spreker 154M bewys dat spreker 153M baie liever is vir televisiekyk as wat hy wil erken. Hy sluit een van sy argumente af met “oukei” (spreekbeurt 1), maar hierdie “oukei” werk ook vooruitskouend, omdat dit aandui dat die argumente om sy redenasie te ondersteun, nie daar eindig nie, maar voortgesit sal word in ’n volgende uitingsegment. Die “oukei” maak aanspraak op die aandag van die gespreksgenote en dit verg nie werklik ’n respons van dié op wie die appèl gemaak word nie. In voorbeeld 68 wil spreker 108M seker maak die kind met wie hy praat reageer op dit wat hy sê. Hier verg die “oukei” wel ’n respons (moontlik in die vorm van ’n handeling) van die gespreksgenoot.

<p>(67 JO)</p> <p>&lt;154M&gt; Ons lê en kyk ’n fliëk, <u>oukei</u>, ...</p> <p>&lt;153M&gt; Was ’n briljante <i>movie</i> gewees, ek sal dit gee.</p>	<p>(68 VO)</p> <p>&lt;108M&gt; &lt;aan kind&gt; Jy moet ook nie al die tjippies eet nie, <u>oukei</u>. Hoor jy mm?</p>
--	--

<p>&lt;154M&gt; &lt;lag&gt; Ná die tyd &lt;naam&gt;: “Watse musiek gaan ons luister? Laat ek <i>connect</i> op jou TV.</p> <p>&lt;153M&gt; Dit was YouTube.</p> <p>&lt;154M&gt; Speel hy musiek van die op die van die op die TV deur sy foon.</p>	
--	--

In die spraak van die bejaarde deelnemers word ’n enkele instansie van “oukei” as appelleerder gevind waar die gebruik daarvan ’n gerusstellende effek op die gespreksgenoot behoort te hê, soos geïllustreer in voorbeeld 69. Die telefoon lui te midde van ’n gesprek en die bejaarde spreker antwoord. Dit is haar man wat wil hoor of alles reg is. Die “oukei hoor” word aan die einde van ’n uitingsegment gebruik om die persoon gerus te stel voordat gegroet word.

(69 BO) <136V> Ja, laat ek net hoor. Ag dis <onhoorbaar> my oupa <naam>. <telefoongesprek> Hallo, <naam>. <luister> Ja nee, jy moenie bekommer nie, ek kom. Ek is nog hier by <naam>, hoor. <luister> Nee, ek is oukei hoor. Moenie bekommer nie. Oukei hoor <luister> Goed, baai.

### iii. “Oukei” in die metalinguistiese domein

“Oukei” kan optree as fokusmerker in die metalinguistiese domein. Voorts kan “oukei” ook ingespan word as merker om die kognitiewe impak te openbaar.

- “Oukei” as fokusmerker

Wanneer die konkordansiefunksie in die sagtewareprogram Antconc ingespan word om die sinsplasing van “oukei” te bepaal, is dit opmerklik dat dié pragmatiese merker dikwels gebruik word in die beginposisie van ’n kwotatief<sup>84</sup>. “Oukei” word saam met die standaardkwotatiefmerker “sê”, maar ook saam met niestandaardkwotatiefmerkers byvoorbeeld “soos” en “dit is” gebruik. Daar is ook twee voorbeelde waar “oukei” die eerste woord in nulkwotatiewe is. As eerste woord in ’n kwotatief, plaas “oukei” die fokus op die

<sup>84</sup> Sien hoofstuk 2 vir ’n verduideliking van die term “kwotatief”. Die term “kwotatief” kan verwys na ’n verbatim aanhaling asook die losse interpretatiewe “aanhaling” (wat klanknabootsing en gesigsuitdrukking insluit) wat kenmerkend is van gesproke omgangstaal.

uitingsegment wat volg en dit berei die gespreksgenote daarop voor dat relevante inligting wat op 'n spesifieke manier geïnterpreteer moet word, nou volg. In hierdie sin funksioneer “oukei” as 't ware as 'n diskoersmerker.

“Oukei” word egter hier bespreek as 'n pragmatiese merker wat op metalinguistiese vlak funksioneer. Die primêre funksie van metalinguistiese merkers, is om iets te kenne te gee van die spreker se houding ten opsigte van die uitingsegment wat volg en/of die kognitiewe effek te openbaar wat een of ander kontekstuele stimuli op die spreker gehad het.

Tabel 5.6 hier onder sit die frekwensietellings van “oukei” as fokusmerker uiteen. Terwyl die jong, vroulike sprekers hierdie funksie 26 keer (dit is 1,4 keer per 1 000 woorde) gebruik, kon slegs drie voorbeelde in die spraak van jong manlike sprekers waargeneem word (0,3 maal per 1 000 woorde). In die volwasse korpus gebruik manlike sprekers hierdie funksie agt keer (0,4 per 1 000 woorde) en vroulike sprekers ses keer (0,2 per 1 000 woorde). Jong, vroulike sprekers neem dus die voortou met dié gebruik van “oukei”, maar die feit dat dit ook in die ander subkorpora voorkom, dui aan dat dit ook reeds besig is om na ander ouderdoms- en geslagsgroepe te versprei. Die bejaarde sprekers gebruik egter nie hierdie funksie in die PO nie.

Twee moontlike redes vir die hoë gebruiksfrekwensie onder jong vroulike sprekers is sommige individue in dié sprekergroep se voorliefde vir vertellings waarin kwotatiewe gebruik word om die gebeure meer onmiddellik en vermaaklik te maak. Vroulike sprekers word in die algemeen geassosieer met 'n groter behoefte om emosies, houdings en gedagtes aan gespreksgenote bekend te maak ter wille van die instandhouding van verhoudings en die beskerming van gespreksgenote se aansien (vgl. Precht, 2008:92)<sup>85</sup>.

<b>Subkorpus</b>	<b>Voorkoms van “oukei” as fokusmerker wat kwotatief voorafgaan</b>	<b>Genormaliseerd (per 1 000 woorde)</b>
<b>JO</b>	<b>29</b>	<b>1,0</b>
<b>VJO</b>	26	1,4
<b>MJO</b>	3	0,3
<b>VO</b>	<b>14</b>	<b>0,3</b>

<sup>85</sup> Verwys ook na die bespreking van geslag as sosiopragmatiese veranderlike in afdeling 3.4.2.



<b>VVO</b>	6	0,2
<b>MVO</b>	8	0,4
<b>BO</b>	<b>0</b>	<b>0,0</b>

**Tabel 5.6: Frekwensietellings van “oukei” as fokusmerker in die subkorpora van die PO**

Vervolgens word ’n aantal voorbeelde bespreek wat die gebruik van “oukei” as fokusmerker illustreer.

In voorbeeld 70 lui “oukei” die nulkwotatief<sup>86</sup> in, maar toon daarby aan dat die spreker geïrriteerd is met die sekuriteitsmaatskappy wat vir die soveelste keer bel. Dit is betekenisvol dat 20V die kwotatief gebruik ter illustrasie van wat ’n ander spreker, 18M, beskryf het. Die gespreksgenote bou dus saam aan ’n dinamiese, koherente narratief. Dit is boonop die pragmatiese merker “oukei” wat aan die gespreksgenote duidelik maak hoe die betrokke uiting geïnterpreteer behoort te word.

(70 JO)<sup>87</sup> <18M> Nee dan gaan jou waaier gaan af. Nou ewe skielik begin jy sweet. Dan gaan ons alarm: “Tweeeeeeeeeet”. Dan bel die mense: “Hoor hier julle alarm gaan af.” “Die krag is af.” Sit hulle die foon neer. Tweeeeeeeeeet! Dan bel hulle weer. Naderhand kan jy nie meer slaap nie. Dis net van wag vir die oproep. “Hallo die krag is af.” Dan sit hulle weer neer.

<lag>

<20V> “Oukei, ek weet ek kan dit hoor. Dis nou irriterend.”

<18M> <oorvleuel> Dis nie meer nodig nie, oukei!” <lag> Nee dis nogal ... dis vir my nie ’n lekker tyd nie.

Die kwotatief in voorbeeld 71 word aangekondig deur “jy sien mos” met “oukei” as die eerste woord van die kwotatief wat in hierdie geval veronderstelde gedagtes bevat. 74V verduidelik wat ’n mens dink ná ’n grimeerdemonstrasie, en dat die feit dat mens so mooi lyk, veroorsaak dat jy al die produkte wil koop wat bygedra het tot jou nuutgevonde skoonheid.

<sup>86</sup> ’n Nulkwotatief verwys na ’n kwotatief wat nie deur enige kwotatiefmerker ingelui word nie. Dit word gewoonlik op grond van intonasie en stemtoon van die res van die uiting onderskei.

<sup>87</sup> Voorbeeld 63 word hier herhaal, omdat ’n ander instansie van “oukei” hier ter sake is.

(71 JO) <74V> Jy sien mos: “Oukei, nou lyk ek mooi. Nou wil ek dit hê wat ek ... hoe het ek van daar tot hier gekom? Ek soek dit.”

Indien die twee voorafgaande voorbeelde vergelyk word, lyk dit of die eerste “oukei” (voorbeeld 70) op die kernbetekenis van “goed” of “reg so” terugslaan en die tweede gebruik daarvan (voorbeeld 71) op ’n aanduiding van beter begrip of insig. Sodanige gebruike is moontlik oorgangsvorme in die grammatikalisasieproses en dit kan leidrade verskaf oor die ontwikkeling van die pragmatiese merkers. Dit word egter as pragmatiese merkers geklassifiseer op grond van die feit dat dit ’n duidelike diskoersfunksie het; dit berei die gespreksgenote daarop voor dat wat volg ’n kwotatief is. Die woord dra dus by tot die vermoë van die gespreksgenote om dit wat volg as optimaal relevant te herken en om die relevante konteks op te roep wat optimale verwerkingsinspanning sal verseker.

Die multifunksionele “oukei” kan ook gebruik word om die beurt te neem of te behou, terwyl die spreker sy gedagtes orden. In hierdie hoedanigheid tree “oukei” as aarselingsmerker op.

- “Oukei” as merker wat kognitiewe impak openbaar

In sommige gevalle word “oukei” gebruik om aan te dui watter kognitiewe impak die voorafgaande uiting op die reaksie van die gespreksgenote gehad het. Dit kan byvoorbeeld aandui dat die spreker iets besef, besluit, beter verstaan of nog nie verstaan nie of oor ’n onderwerp nadink. Soms toon dit boonop die reaksie van die persoon aan, byvoorbeeld verbasing of skok, of juis dat dit glad nie verrassend is nie. Soms dui dit ook aan dat die spreker beïndruk is met wat hy/sy hoor. Intonasie en ander tussenwerpsels wat saam met “oukei” gebruik word, speel hier ’n belangrike rol. Die spreker in voorbeeld 72 gebruik “oukei” wanneer sy tot die besef kom dat sy haarself verspreek het.

(72 JO) <23V> Nee ons gaan nou praat oor <naam> wat dink ons is nie ordentlik genoeg om aan te trek ... <pouse> Ag, o oukei. <lag>

In voorbeeld 73 gee “oukei” saam met “jo” moontlik ’n kombinasie van beïndruk wees, verbasing en skok weer as 37M hoor dat 38M se groep al so ver gevorder het met hul taak,

terwyl sy groep nog niks gedoen het nie. In voorbeeld 74 spreek spreker 102M sy skok uit oor die persoon wat in die derde uiting ter sprake is, se taalgebruik. Hy (102M) verwoord hierdie geamuseerde skok deur “fok” saam met “oukei” te gebruik. Dit is waarskynlik dat hy nooit dié woorde geuiter het nie, maar dat dit dui op wat in sy gedagtes plaasgevind het tydens die gesprek waarvan vertel word.

<p>(73 JO)</p> <p>&lt;38M&gt; Ek moet nog my gedeelte skryf van wat ek in die <i>presentation</i> gaan sê, maar ons het as 'n groep <i>sort of</i> voor die jaartoetse twee keer aan die <i>presentation</i> gewerk.</p> <p>&lt;37M&gt; <u>Jo oukei</u>. Ons het nog niks gedoen nie.</p>	<p>(74 VO)</p> <p>&lt;102M&gt; Ja, so ons het, man. Moes dit maar net daai tyd ook gedoen het, maar dit wys jou net ouens hy was glad nie <i>back</i> gewees nie. Nee &lt;naam&gt; sê: “Tot op die laaste ...” en sy't hom 'n poes genoem so jy weet hoe kwaad is sy.</p> <p>&lt;108M&gt; &lt;lag&gt; Ai ou &lt;naam&gt;!</p> <p>&lt;102M&gt; Ek staan daar ... ek staan daar buite by &lt;maatskappynaam&gt;, nè, sê: “Hy's 'n klein poes.”</p> <p>&lt;108M&gt; &lt;lag&gt;</p> <p>&lt;102M&gt; <u>“Fok, oukei.”</u></p>
---	---

Dit lyk ook of “oukei” iets te kenne kan gee van wat in die gedagtes van die spreker gebeur in reaksie op een of ander stimulus. In die volgende twee voorbeelde, 75 en 76, is daar sprake van 'n (kamtige) selfkorreksie nadat onderskeidelik 20V en 44V verras is deur die ander partye waarvan daar sprake is, se optrede. Die sprekers besef telkens dat hulle hul reaksie moet aanpas op grond van die aksies of woorde van ander rolspelers. Die “oukei” lei dan hierdie korrektiewe gedagte of beskrywe optrede in. 20V deins as 't ware terug, nadat haar grappie geen effek op 'n stoere sekuriteitswag het nie. 44V deins sarkasties en kwaad terug omdat haar pa heftig reageer nadat hy hoor hoeveel haar medisyne kos. Albei voorbeelde maak deel uit van vertellings en die selfkorrektief word as 'n kwotatief aangebied, om aan gespreksgenote te openbaar wat die spreker op daardie oomblik sou gevoel en gedink het.

In hierdie twee voorbeelde hou die emosie wat te kenne gegee word, verband met 'n besef, met ander woorde 'n kognitiewe reaksie of verandering waarvan daar vertel word. Dit word

geformuleer as respons, maar is waarskynlik in die oorspronklike situasie nooit werklik hardop uitgespreek nie.

<p>(75 JO)</p> <p>&lt;2V&gt; ... nou kom hierdie oom nou hy het <i>gesuit</i> met sy uhm <i>bulletproof vest</i> en dis net <i>guns</i> waar jy kyk, nè, en dis hierdie kaalkop oom en hy lyk kwaai, nè, en ek maak hierdie <i>stupid lame</i> grappie, nè, maar hy trek nie eers 'n gesig nie. Ek is soos: "<u>Oukei</u>, <i>sorry</i>." &lt;lag&gt;</p>	<p>(76 JO)</p> <p>&lt;44V&gt; My pa wat uhm toe ek siek was ook nou ... Ek moet pille kry, alles. Nou kos die pille ook maar wat? Fok vyf, ses, sewehonderd rand, want pille is kak duur. "Kyk nou weer hoeveel kos hierdie kak!" Dan's ek soos: "<u>Oukei</u>, skuus, <i>sorry</i>. Ek sal gou-gou doodgaan."</p>
---	--

Die volgende voorbeelde uit die JO (voorbeeld 77 en 78) toon dat "oukei" gebruik word (gewoonlik as deel van 'n kwotatief) om aan te dui dat die spreker innerlik 'n saak vir homself moet uitmaak. Weer eens word dit aangebied as 'n innerlike dialoog in die vorm van 'n kwotatief.

<p>(77 JO)</p> <p>&lt;60M&gt; Ek doen, maar jy het 'n verslag om te skryf voor die einde van April uhm. Hierdie verslag moet gaan oor waar jy 'n <i>carbohydrate</i> kies en dan is jy soos: "<u>Oukei</u> hoekom is dit nou verkeerd? Hoekom glo jy dat hierdie <i>carbohydrate</i> ... dit nie 'n <i>carbohydrate</i> moet wees nie?"</p>	<p>(78 JO)</p> <p>&lt;82V&gt; En dit het <i>gesuck</i>, dit het <i>gesuck</i>, want ek wou soos na die tuinprojek toe gaan en <i>stuff</i>, maar dan kan ek nie, want dis soos: "<u>Oukei</u>, dis Vrydag en Saterdag. Ek skryf Maandag toets." Dan is dit soos van: "Ug dêmmit!"</p>
---	---

"Oukei" kan ook aankondig dat 'n besluit geneem is op grond van wat vooraf gesê is. Hierdie gebruik oorvleuel met die diskoersfunksie van "oukei" om 'n wending of nuwe "stap" in die diskoers aan te dui, soos voorbeeld 79 illustreer.

(79 JO) <54V> Watter oefeninge gebruik 'n mens om hierdie bo-magie weg te kry?

<53V> *Oh my soul* soos normale *crunches*.

...

<54V> Hierdie ... hierdie is kos? Nee *guys*, blykbaar is dit stres of alkohol een van daardie twee.

<55V> Alkohol en verkeerde kos.

<54V> Oukei *guys*, so weet julle wat gaan <spreker se naam> begin doen – ek gaan begin appels eet.

In die JO word “oukei” ook op ander maniere in verband gebring met sekere kognitiewe toestande. In voorbeeld 80 verwys “oukei” na 'n toestand waarin mens as 't ware stomgeslaan is en nie weet wat om te sê nie.

(80 JO) <72V> Dis altyd soos as jy iets iets moet *record* dan is almal soos: “Oukei.”

<lag>

<56V> “Uhm wat sê ons nou?” <lag>

Alhoewel die responsfunksies van “oukei” grootliks ooreenstem tussen die VO en die JO en volwasse sprekers “oukei” soms as responsmerker gebruik wat aandui dat hy/sy beter verstaan, word dit nie in die VO gebruik om aan te dui dat die spreker stomgeslaan is, dat iets oorweeg word, dat daar tot 'n besef gekom is of dat 'n besluit geneem is nie. Die jonger sprekers gebruik “oukei” om iets van hul kognitiewe staat aan gespreksgenote te openbaar. Hierdie funksie loop struktureel nou saam met die gebruik van “oukei” in uitingsinisiële posisie in kwotatiewe waarin gedagtes dikwels verwoord word.

#### **5.3.2.4 Samevatting**

In die PO speel die pragmatiese merker “oukei” 'n belangrike, rigtinggewende rol in die dinamiese opbou van gesprekke in die hoedanigheid van diskoersmerker, fokusmerker, aarselingsmerker en appelleerder. Dit verrig ook responsfunksies waardeur daar gereageer word op uittings. “Oukei” as responsmerker kan beurtname moontlik maak deur instemming of toestemming, as neutrale terugvoerkanal optree of die kognitiewe staat en/of ingesteldheid van 'n spreker teenoor sekere kontekstuele stimuli weergee.

Die klassifikasie van “oukei” is taamlik kompleks, omdat een voorkoms vir meer as een pragmatiese funksie verantwoordelik kan wees. “Oukei” is dus ’n veeldoelige pragmatiese merker wat lyk asof dit steeds grammatikaliseer om meer pragmatiese funksies op diskoers-, sosiale en metalinguistiese vlak te verrig. Die jonger sprekers in die PO neem die voortou met hierdie vernuwende gebruike. Dit wil voorkom asof die jonger sprekers (in die JO) “oukei” meer gereeld gebruik om iets te kenne te gee van hul kognitiewe prosesse of toestand, wat volwasse sprekers nie doen nie. Alhoewel “oukei” beduidend meer frekwent onder jonger sprekers voorkom, gebruik die volwasse sprekers dit beduidend meer as die bejaarde sprekers. “Oukei” toon ’n lae gebruiksfrekwensie onder die bejaarde sprekers wat moontlik kan dui op ’n doelbewuste wegbeweeg van ’n vroeër gestigmatiseerde pragmatiese merker. Die verlies aan stigma onder die jonger generasies is duidelik as die gebruiksfrekwensie onder volwasse sprekers beoordeel word.

Die gebruik van “oukei” as die inleidende woord van ’n kwotatief, is nóg ’n gebruik wat sterk met veral die vroulike jonger sprekers geassosieer word. Dit funksioneer op twee vlakke, naamlik diskoersfunksioneel om die gespreksgenote voor te berei op die aard van die uiting wat volg, maar ook metalinguisties omdat dit die implikasie van die proposisie en die spreker se houding daarteenoor te kenne gee.

### **5.3.3 “Soos”**

Dit het duidelik geword dat “soos” in die PO, ’n baie meer geskakeerde rol in informele, gesproke Afrikaans speel. Eerstens is die ongewoon hoë gebruiksfrekwensie opvallend in die spreektaal van die jong sprekers in vergelyking met dié van volwasse sprekers. “Soos” het die hoogste statistiese beduidendheidswaarde (+372,7) in die sleutelwoordlys wanneer die JO met die VO as kontrolekorpus vergelyk word. Dit opsigself maak ’n meer gedetailleerde ondersoek na hierdie woord en pragmatiese merker geldig.

Boonop is dit somer met die eerste oogopslag duidelik dat “soos” meer funksies vertoon as waarvoor die HAT (2015:1209) dit krediet gee. Die woordeboekbetekenis van “soos” word soos volg omskryf: “op dieselfde wyse as”, “in dieselfde graad as”, “ewe(n)as” soos in “so groot soos ’n berg” (HAT, 2015: 1209).

Aangesien hierdie ondersoek fokus op pragmatiese merkers en aangesien “soos” steeds voorkom in sy tradisionele vorm, moes intense klassifikasie met die hand gedoen word ten einde te bepaal watter gevalle as konvensioneel geklassifiseer kan word en watter gevalle as

pragmatiese merkers. Aanvanklik is gepoog om alle voorbeelde in hierdie twee kategorieë te verdeel.

In sommige gevalle is die klassifikasie redelik voor die hand liggend. Vergelyk byvoorbeeld voorbeeld 81 hier onder uit die VJO waar 'n pragmatiese “soos” (die eerste voorkoms) en 'n konvensionele “soos” (die tweede voorkoms) in een uiting voorkom.

(81 JO) <53V> Hoekom sal ek Slushy toe wil gaan? Dink jy ek het geld vir Slushy my *girl*?

<54V> O deksels. Ag nee ... maar Slushy is soos hierdie swembadpartytjie.

<55V> Waar?

...

<54V> Dis êrens daar in die verte. Dis 'n groot *event*. <Verspreking van naam> <naam> of wat ook al ... sy soos in *promote* dit soos 'n *beast*.

Dit is egter nie in alle gevalle so eenvoudig nie. Waar indeling volgens hierdie kategorieë nog maklik was in die VO-voorbeelde, was dit haas onmoontlik toe voorbeelde in die spreektaal van jong, manlike sprekers ondersoek is, en dit was steeds meer gekompliseerd in die spreektaal van jong, vroulike sprekers. Dit wil voorkom asof “soos” 'n woord is wat tans besig is om, veral onder die jonger sprekers, allerlei bykomende funksies te verkry en te midde van 'n proses van uitgebreide grammatikalisasie is. Klinkklare indelings kon eenvoudig nie gemaak word nie, omdat “soos” in talle gevalle wel nog iets van sy oorspronklike semantiese betekenis en sintaktiese plasing behou. Hierteenoor word “soos” ook op vernuwende maniere gebruik; dit vertoon uiteindelik nuwe funksies en gevolglik word dit op onkonvensionele maniere gebruik en in die uiting geplaas.

In die bespreking word daar eerstens gefokus op die konvensionele “soos” wat in sommige gevalle in 'n vernuwende gewaad aangewend word en wat illustreer hoe moeilik dit soms is om “soos” te klassifiseer. In die bespreking van die konvensionele “soos” sal aangedui word hoe hierdie tradisionele gebruiksfunksies moontlik aanleiding kon gee tot die pragmatiese funksies wat mettertyd gevolg het. Met ander woorde: daar word gepoog om 'n blik op die grammatikalisasieproses van “soos” te bied. In die tweede deel van die bespreking word gefokus op tipiese gebruike van “soos” as pragmatiese merker en die pragmatiese funksies wat dit ondervang.

### 5.3.3.1 *Hoe konvensioneel is konvensioneel? Die vergelykende gebruik van “soos”.*

In die PO word “soos” gereeld konvensioneel gebruik. Tydens klassifikasie moes hierdie konvensionele gevalle aan die vereiste voldoen dat daar van vergelyking sprake is, byvoorbeeld A is soos B, omdat A, volgens die spreker, sekere gemeenskaplike kenmerke of ooreenkomste met B vertoon. In hierdie gevalle word “soos” meestal nie as pragmatiese merker gereken nie, aangesien dit bloot voegwoordelike funksies in die sin verrig en aansluit by die woordeboekbetekenis daarvan.

Met die klassifikasie van “soos” was dit opvallend hoeveel oorgangsvorme in die data waarneembaar is. Die woord “soos” is duidelik besig om te grammatikaliseer. Ten einde hierdie grammatikaliseringproses te beskryf, word daar in hierdie eerste afdeling verwys na ’n aantal meer konvensionele gebruike van “soos” wat aanleiding kon gee dat die nuwe pragmatiese funksies kon ontwikkel. In sommige gevalle is voorbeelde van “soos” as pragmatiese merker ter vergelyking ingesluit in ’n poging om aan te dui watter tipe ontwikkelings (van konvensioneel na pragmaties) moontlik plaasgevind het.

#### i. Die “soos wat”-konstruksie

’n Ander gebruik wat onder die konvensionele aanwending van “soos” kan ressorteer, is die gebruik van die “soos wat”-konstruksie wat aandui dat twee dinge gelyktydig aan die gang is; dit kan verduidelik word as terwyl A gebeur, gebeur B. Voorbeelde van hierdie gebruik is slegs in die MVO (vyf voorkomste) en die VJO (een voorkoms) gevind. Voorbeelde 82 en 83 illustreer die “soos wat”-konstruksie.

<p>(82 JO)</p> <p>&lt;20V&gt;... en nou beplan ek soos in: “Hoe gaan ek oopsluit dat ek nou net veilig is.” Ons bly mos oorkant die parkie en alles. So uhm nou <u>soos wat</u> ek aangery kom, sien ek dis nie rêrig donker nie, nè. Toe het ons krag net aangegaan. So ons het ... soos elfuur het ons krag eers aangegaan.</p>	<p>(83 VO)</p> <p>&lt;114M&gt; Maar nou vat ek, nè, ry daai ouens Tour de France, maar partykeer moet die ou met die fiets die motorfiets <i>dodge soos wat</i> die ou, weet<sup>88</sup>, <u>soos wat</u> hulle deur &lt;[b]-geluid&gt; vorentoe skiet om weer ’n beter posisie te kry met die kamera <i>angles</i> dan moet die ou met die <i>bike</i> ... &lt;lag&gt;</p>
---	--

<sup>88</sup> Hierdie “weet” is ’n verkorting van die appelleerder “jy weet”.



In die MVO vind ons sommige voorbeelde van die “soos wat”-konstruksie waar die “wat” uitgelaat is. Ponelis (1993:376) verduidelik dat die “wat” in “soos wat” weggelaat kan word sonder dat dit sintaktiese of semantiese funksie inboet. In gesproke taal, waar die minimalisering van verwerkingsinspanning van uiterste belang is, is dit as ’t ware vanselfsprekend dat sprekers waar moontlik sal verkort en weglaat. Hierdie weglating lei egter weer tot ander ontwikkelinge wat die gebruik van ’n woord betref.

Vergelyk voorbeelde 84 en 85 waarin die “wat” in beide voorbeelde weggelaat is, en onderskeidelik deur ’n volwasse man en deur ’n jong manstudent geuiter is. Die “soos” in die MVO-voorbeeld kan vervang word met “soos wat”. Dit dui aan dat terwyl A gebeur (“jou brein groei”), gebeur B (“groei die plate”). Voorbeeld 85 skyn verwant te wees aan die “soos wat”-konstruksie, omdat dit gebruik word om twee gelyktydige gebeurtenisse te beskryf – toe die spreker sê “eksponent”, toe flits ’n blou liggie op sy foon. Die sinskonstruksie maak dit egter grammatikaal onmoontlik om ’n “wat” ná die “soos” in te voeg. Hier begin die “soos” ’n niestandaardfunksie verrig – moontlik tree dit nou eerder op as intensiveerder of dit maak deel uit van ’n uitgebreide kwotatiefmerker. (Albei hierdie funksies is in hoofstuk 2 bespreek.)

<p>(84 VO)</p> <p>&lt;105M&gt; Ek het nie geweet nie: die plate sit so <u>soos</u> jou brein groei, groei die plate en dis ’n been wat heg. Daar groei die been nou die heelyd, so hy word groter en groter en groter.</p>	<p>(85 JO)</p> <p>&lt;15M&gt; Dit is <u>soos</u> toe ek sê: “Eksponent”, toe maak hy ’n blou lig. My woorde is nie vandag mooi nie.</p>
--	---

## ii. Die voorbeeldgewende/verduidelikende “soos”

’n Ander funksie wat aansluit by die konvensionele, vergelykende funksie, is die gebruik van “soos” om ’n voorbeeld in te lui. Hierdie voorbeelde word meestal gebruik om die voorafgaande uiting te staaf, duideliker te maak of beter te verwoord. Soms word die woordkluster “soos byvoorbeeld” gebruik (vergelyk voorbeeld 86), maar meer dikwels word die (steeds veronderstelde) “byvoorbeeld” uitgelaat (vergelyk voorbeeld 87).

<p>(86 JO)</p> <p>&lt;152V&gt; Maar hoe gaan jy goeie musiek ontdek <u>soos byvoorbeeld</u> Richard Stirton as jy nou ...</p> <p>&lt;153M&gt; Ek het ...</p> <p>&lt;152V&gt; ... as jy nou nie The Voice kyk nie?</p>	<p>(87 VO)</p> <p>&lt;126V&gt; So ek het van kleins af ... Ek is van standerd vier af daar gewees ... geleer hoe om 'n wapen te hanteer.</p> <p>&lt;145V&gt; O.</p> <p>&lt;126V&gt; <u>Soos</u>: jy wys dit nie na iemand toe; die loop moet in die lug wys; jy klim nie oor die draad met die ... met dit nie; jy sit hom eers anderkant neer, dan klim jy oor. Al daai goed.</p>
---	--

In ander voorbeelde, soos voorbeeld 88, word die “soos” as ’t ware gelykgestel aan “byvoorbeeld”. Die woordkluster “soos byvoorbeeld” sou met ander woorde beswaarlik gebruik kon word, maar “soos” sal met “byvoorbeeld” vervang kan word sonder om die grammatikaliteit van die sin in te boet. Die “soos” in hierdie voorbeeld toon tekens dat dit ’n mate van grammatikalisasie ondergaan het, pragmatiese funksies bygekry het en moontlik ’n oorgangsvorm kan wees. Een belangrike leidraad is dat die “soos” taamlik losweg verbind is aan die res van die uiting en selfs weggelaat sou kon word. Alhoewel die “soos” steeds die funksie verrig om aan te dui dat wat volg ’n voorbeeld is van wat moontlik kon gebeur, tree dit ook as skermer op deur die spreker se losse verbintenis tot die proposisie aan te dui – die uiting is immers spekulerend van aard.

(88 JO) <95M> Oukei, ek’s jammer. Dis ’n *useless* mot. Sy’t vyf eiers gelê.

...<sup>89</sup>

<40M> Nee maar dalk lê sy soos vyf nou, vyf daar, vyf daar, huh?

Ook die “soos” in voorbeeld 89 toon tekens van grammatikalisasie, want alhoewel dit ’n voorbeeld inlui en kan terugslaan op die “soos byvoorbeeld”-konstruksie, toon dit groot ooreenkomste met die “soos” wat gebruik word om ’n kwotatief in te lui. (Hierdie funksie word

<sup>89</sup> Irrelevante spreekbeurt is hier uitgelaat.

in afdeling v. meer volledig bespreek.) 106V vertel van hoe sy haar suster moes help om in te pak voor hulle verhuising na Duitsland. Alles wat ingepak moes word, moes gekategoriseer word volgens items wat in die skeepskis (“container”) verskeep moet word, items wat in die tasse gepak word of items wat agterbly. Interessant genoeg illustreer hierdie herhalings van “container, Duitsland, bly” “voorbeelde” van hoe die kategoriseringsproses plaasgevind het, maar gee ook ’n idee van die spreker se gedagtes en selfs innerlike spraak. Voorbeeld 89 toon dus aan hoe die “byvoorbeeld”-konstruksie van “soos” kon grammatikaliseer tot ’n kwotatiefmerker.

(89 VO) <106V> ... want hulle nou <onhoorbaar> en as hulle daar kom ... sy’s bang daar’s ’n vertraging, want hulle sê van ses tot agt weke die *container*, maar jy kan nou nie sê: “Ja nou <onhoorbaar>” want as dit anderkant uitkom is dit winter, so sy moet klere uithou dat sy in die tasse genoeg klere vir die kinders het dat hulle darem kan *survive*. <onhoorbaar> So daar’s goed wat nog moet bly. So ons moes soos alles soos *container*, Duitsland, bly, *container*, Duitsland, bly <onhoorbaar>

Die wyse waarop die voorbeelde wat op “soos” volg die luisteraar ’n baie meer grafiese idee gee van die proposisie, was opvallend tydens die klassifikasieproses. Dit is interessant dat die spreker kies om voorbeelde te gebruik om die verwerking van die proposisie te vergemaklik, eerder as ’n eenwoordskrywing. Die voorbeelde maak waarskynlik die proposisie meer kleurrik en werklik (vergelyk voorbeeld 90). Dit is van belang, omdat daar later in die bespreking van “soos” as kwotatiefmerker verwys sal word na die manier waarop kwotatiefmerkers op soortgelyke wyse gebruik word om “voorbeelde” van gedagtes, klanke en gekonstrueerde dialoog in te lui waarvan die funksie ook is om ’n vertelling meer kleurrik en werklik te maak. Hierdie ooreenkoms tussen die voorbeeldgewende gebruik van “soos” en die kwotatiefmerker bied insig in ’n moontlike grammatikalisasieroete van “soos”.

In voorbeeld 90 vertel spreker 102M van ’n senior kollega se troue en die verskillende groepe mense wat na verskillende funksies genooi is. Vir sy gespreksgenoot, wat die betrokke persone en die opset ken, maak die frase wat ná die “soos” volg, sin – hierdie funksie was vir die “minder belangrike” mense in die bruidspaar se lewe en nie die naasbestandes nie.

(90 VO) <102M> Mm <snuif> Ja so ... maar jis wat ook 'n *rigmarole*, jy weet, ons <onhoorbaar> hoor jy mos nou alles by <naam> oor die troue. Daar's 'n ... daar's 'n funksie vir soos die werksmense en die ver familie gewees by 'n plek in Boksburg.

Hiermee tesame kon voorbeelde gevind word, waar “soos” 'n verduideliking/verklaring inlui – sien voorbeeld 91. Die volwasse spreker, 113V, verduidelik waarom “snaakse goed” oor haar komende gehooroperasie haar kwel en die verduideliking word voorafgegaan met “is soos”. In voorbeeld 92 is die jonger spreker, 142V verbaas daaroor dat haar vriende aanvoer dat sy “met mense baklei” en haar verduideliking van waarom sy so verbaas is, word ingelui deur “soos”.

<p>(91 VO)</p> <p>&lt;113V&gt; Snaakse goed, ja, snaakse goed is goed wat vir my 'n <i>issue</i> is, praktiese goed. Is <u>soos</u>: ek het mos nou al vier operasies gehad waarvan twee keer het hulle my oor afgesny dan sny hulle hom hier agter af en dan flap hulle hom so vorentoe om binne te kan kom.</p>	<p>(92 JO)</p> <p>&lt;142V&gt; Nee, maar waar waar hoor julle dat ek met mense baklei het? <u>Soos</u> ek het letterlik met niemand ...</p>
---	---

Dit is duidelik dat, alhoewel hierdie funksie nog sterk bande het met die tradisionele vergelykende funksie, dit ook diskoersfunksies aanneem. Hierdie diskoersfunksies word bevestig deur leidrade wat aan die luisteraar verskaf word en dit dien as 'n middel om die aandag van die luisteraar te behou deur 'n aanname van optimale relevansie te veronderstel. Die “soos” tree ook op soos 'n stuk wondergom tussen twee uitingsegmente. “Soos” se voegwoordelike kernfunksie beperk dus in hierdie geval steeds hoe dit gebruik kan word al verskil die sintaktiese realisering van 'n meer konvensionele aanwending daarvan. In hierdie twee voorbeelde (91 en 92) kan daar selfs geargumenteer word dat “soos” begin optree as intensiverder.

Kan hierdie voorbeelde van “soos” dan as pragmatiese merkers gereken word? 'n Aantal argumente ten gunste van klassifikasie as pragmatiese merkers word hierna gestel. Hierdie

“soos” lyk heelwat anders as die “soos” wat in die HAT (2015:1209) beskryf word en dit verrig funksies in nuwe kontekste. Dit staan aan die begin van ’n nuwe intonasie-eenheid. Dit dra baie min klem wat kan dui op fonetiese reduksie<sup>90</sup>. Dit staan ook lossers van die uiting as ’n gewone voegwoord en kan maklik weggelaat word sonder om die proposisionele inhoud van die uiting te beïnvloed.

### iii. Die “iets soos”-konstruksie

’n Ander redelik algemene gebruik van “soos” kom voor in die “iets soos”-konstruksie. Dit wil egter voorkom of daar in die spreektaal ’n neiging is om die “iets” weg te laat en net “soos” te gebruik. Die “iets soos”-konstruksie sluit aan die een kant op semantiese vlak aan by die voorafbespreekte “soos byvoorbeeld”-konstruksie en dit kan gevolg word deur ’n voorbeeld wat metonimies van aard is. In voorbeeld 93 word die “skottelgoed was” byvoorbeeld metonimies van ’n bejaarde se vrees dat sy nie meer gewone takies sal kan verrig nie.

Voorbeeld 94 dui aan hoe “soos” moontlik kon ontwikkel tot ’n fokusmerker op grond van die “iets soos”-konstruksie. Die jong, manlike spreker, 5M, dui inderwaarheid aan dat hy nie opsommings gaan maak vir “iets/n vak soos” Informatika nie. Omdat die “iets” egter nie gebruik word nie, verswak die “soos” se verband met die “iets soos”-konstruksie en die “soos” begin nou as fokusmerker optree. Die “soos” verloor dus die voorbeeldgewende funksie en dit verkry pragmatiese funksies. Dit gee byvoorbeeld iets te kenne van die spreker se ingesteldheid teenoor die vak, Informatika, en die gespreksgenote verstaan waarskynlik waarom die spreker Informatika uitsonder as ’n vak wat hy nie sal opsom nie.

<p>(93 VO)</p> <p>&lt;126V&gt; O ek verstaan maar moenie verder bekommerd wees oor oor <u>iets soos</u> tannie kan nie die skottelgoed was en dan hoop dit op en dit gaan vuil ... moenie daaroor bekommer nie ... ek sal dit ook kom was.</p>	<p>(94 JO)</p> <p>&lt;5M&gt; Nee, maar ek gaan nie <u>soos</u> Informatika opsom nie. Rêrig nie.</p>
--	--

<sup>90</sup> Heine en Kuteva (2002:2) identifiseer fonetiese reduksie as een van die tipiese prosesse wat tydens grammatikalisasie plaasvind. Grammatikalisasie en die gepaardgaande prosesse word in afdeling 3.3 bespreek.

Dit lyk ook of “iets soos” ’n bykomende funksie ontwikkel het, naamlik dat dit as skermer kan optree. Voorbeeld 95 illustreer sodanige funksie. Spreker 117V gee met “iets soos” te kenne dat sy nie seker is wat die titel van die animasiefilm is waarna sy verwys nie. In voorbeeld 96 word “soos” as skermer gebruik waar die “soos” nog baie dieselfde optree as “iets soos” en dit kon moontlik vanuit die “iets soos”-konstruksie ontwikkel. Die “soos” kan maklik vervang word met “iets soos” en dit dui aan dat 69V nie seker is hoe laat dit presies was nie. Die tweede “soos” kon moontlik ook uit ’n “iets soos”-konstruksie ontwikkel het, en dit tree hier op as fokusmerker.

<p>(95 VO)</p> <p>&lt;117V&gt; Daar’s ’n nuwe ene van ’n hondjie ook wat ook nou uitkom <u>iets soos</u> Police Patrol; nie Paw Patrol nie, Police Patrol of so iets.</p>	<p>(96 JO)<sup>91</sup></p> <p>&lt;69V&gt; ... want dit was <u>soos</u> negeuur die aand toe sê hy hy gaan ... hy wil dalk vir my <u>soos</u> ’n <i>tank</i> petrol ingooi elke maand.</p> <p>&lt;68V&gt; Oukei, dis <i>nice</i>.</p> <p>&lt;69V&gt; So dit sal my baie help &lt;pouse&gt; maar ja &lt;onhoorbaar&gt; <i>actions speak louder than words</i>.</p>
---	---

In voorbeeld 97 kom “iets soos” aan die einde van ’n uiting voor en dit word ’n voorbeeld van ’n vae kategoriemerker (VKM). Voorbeeld 98 bevat nog ’n VKM wat uit ’n “iets soos”-konstruksie kon ontwikkel het. In hierdie geval verander die “soos” na ’n fokusmerker wat die uitingsegment wat daarop volg, beklemtoon.

<p>(97 JO)</p> <p>&lt;83V&gt; Ja, soos die prys van die maer <i>future</i> is goedkoop is duurder want as die <i>July</i> van die maand hulle silo’s gebruik om dit in te stoor en dis nou die silo’s en as die silo’s leeg is dan gaan dit op of af of <u>iets soos dit</u>.</p>	<p>(98 JO)</p> <p>&lt;4M&gt; Volgende week gaan way te rof wees vir Varsity Cup.</p> <p>&lt;6M&gt; Dit gaan &lt;lag&gt; dit gaan way te rof wees vir <u>soos enige iets</u>.</p>
---	--

<sup>91</sup> Voorbeeld 96 stem ooreen met voorbeeld 61, maar word hier herhaal aangesien ’n ander pragmatiese merker hier belang word.

Daar is reeds in die voorafgaande bespreking verwys na “soos” wat as fokusmerker, skermer, VKM en kwotatiefmerker kan optree. Vervolgens word die pragmatiese funksies wat “soos” kan vervul, onder die loep geneem.

### 5.3.3.2 “Soos” as pragmatiese merker

Tabel 5.7 illustreer die frekwensiepatrone van “soos” as pragmatiese merker (PM) in die verskillende subkorpora van die PO.

Subkorpus	Gebruik van “soos” as PM	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	191	6,3
VJO	141	7,6
MJO	51	4,4
VO	46	0,9
VVO	24	0,7
MVO	22	1,1
BO	1	<0,1

Tabel 5.7: Frekwensietellings van “soos” as pragmatiese merker in die subkorpora van die PO

Dit is duidelik dat die gebruiksfrekwensie van “soos” as pragmatiese merker onder die jonger sprekers, en veral die jong, vroulike sprekers, aansienlik hoër is as in die ander subkorpora. Die pragmatiese merker “soos” kom egter voor in verskeie funksionele hoedanighede en vervolgens word “soos” as fokusmerker, skermer, aarselingsmerker en kwotatiefmerker ondersoek en bespreek.

## i. “Soos” as fokusmerker

Die fokusmerker word gebruik om die hoorder se aandag te vestig op die woord of uitingsegment wat daarop volg. Die “soos”-voorbeelde wat as fokusmerkers geklassifiseer is, toon duidelike pragmatiese eienskappe en funksies en ’n baie vae verwantskap met die tradisionele funksies. Vergelyk vervolgens voorbeelde 99-103 wat uit die verskillende subkorpora van die PO gekies is.

<p>(99 JO)</p> <p>&lt;10V&gt; Die mense hulle praat net <u>soos</u> heelyd.</p>	<p>(100 JO)</p> <p>&lt;4M&gt; TUT was gesluit vir soos ... hoe lank? ... ’n maand gesluit <u>soos</u> rêrig lank was TUT heeltemal gesluit, want die studente het soos die karre <u>soos</u> erg beskadig. Ja hulle doen dit <u>soos</u> baie. Toe het hulle dit so erg skade gedoen dat hulle dit net gesluit het en gesê het niemand kom hier in nie en toe het hulle nou tot ’n <i>compromise</i> gekom. Dit het gegaan oor die <i>student loans</i> ... nee ... mm soos <i>bursaries</i> ... daar is nie genoeg geld vir <i>bursaries</i> nie. Toe het hulle nou soos ses en dertig miljoen of iets bygegee en gesê +</p>
<p>(101 JO)</p> <p>&lt;64V&gt; Om goeters <i>actually</i> te begin <u>soos</u> finaliseer &lt;klem op elke lettergreep&gt;.</p>	<p>(103 VO)</p> <p>&lt;114M&gt; Nee, maar is dit nie in elk geval ’n reël <u>soos</u> ’n vaste reël wat jy in elk geval nie ’n prinses kan wees nie?</p>
<p>(102 VO)</p> <p>&lt;110V&gt; Sy sê sy was nie voorbereid vir daai agt graad twee seuntjies nie. Hulle het almal so ... hulle almal wil tog nou net wys hoe sterk hulle is en hoe hulle glad nie bang is nie.</p> <p>&lt;107V&gt; Ja.</p> <p>&lt;110V&gt; Hulle is <u>soos</u> <i>super cool</i>. Sy sê sy het haar hande vol gehad. Sy was doodmoeg daai aand.</p>	

Ten einde ’n beeld te kry van die uitgebreidheid van “soos” as fokusmerker, word die genormaliseerde frekwensies daarvan in die onderskeie subkorpora in tabel 5.8 weergegee. Daar moet egter rekening gehou word dat voorkomste soos dié wat onder die meer konvensionele kategorieë bespreek is, ook tekens toon dat hulle as fokusmerker gebruik word



en die tellings (soos die kategorieë) bly vloeibaar. Die voorkomste wat hier by die berekeninge ingesluit is, kan, sover bepaal kon word, geen ander funksie verrig in die spesifieke konteks as dié van fokusmerker nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die voorbeelde van “soos” wat hier ingesluit is, reeds in ’n gevorderde stadium van grammatikalisasie is.

Subkorpus	Gebruik van “soos” as fokusmerker	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	45	1,5
VJO	29	1,6
MJO	17	1,5
VO	18	0,3
VVO	10	0,3
MVO	8	0,4
BO	1	<0,1 <sup>92</sup>

Tabel 5.8: Frekwensietellings van “soos” as fokusmerker in die subkorpora van die PO

Tabel 5.8 toon aan dat daar ’n duidelike frekwensieverskil is wat betref die gebruik van “soos” as fokusmerker deur die jonger en ouer sprekers. Die gebruik van “soos” as fokusmerker word dus met jonger sprekers geassosieer. Manlike en vroulike sprekers, in die JO sowel as die VO, gebruik dié fokusmerker bykans ewe veel. Dit word dus nie met een spesifieke geslagsgroep geassosieer nie.

Die enigste pragmatiese gebruik van “soos” in die BO dien as ’n fokusmerker. Dit kan moontlik aantoon dat dit die eerste of oudste pragmatiese gebruik van “soos” in terme van grammatikalisasie is. Die bejaarde spreker (144V) wat terloops 90 jaar oud was tydens die opname, gebruik interessant genoeg ook kodewisseling – sien voorbeeld 104.

(104 BO) <126V> Nou waaroor gesels tannie-hulle ... in die eetsaal?  
<144V> Man, oor die kos ...

<sup>92</sup> Onafgerond is dié genormaliseerde frekwensie slegs 0,05.

...

<144V> jy weet, of iemand wat uh besteel is. Hulle het daar by tannie <naam> se huis ingebreek een Son= Sondaë gaan sy na haar kinders toe

...

<126V> Ja?

<144V> ... en dis soos 'n *inside job*. Hulle't of uit die stoep uit ... ek weet nie hoe dit ... hoe die dinge ... het hulle 'n venster gebreek en ingekom.

“Soos” tree ook soms saam met die woord “letterlik” op. Vyf voorbeelde van die kollokasie “soos letterlik” wat ook 'n duidelike fokusfunksie het, is in die spreektaal van jong, vroulike sprekers waargeneem. Hierdie kollokasie word nie in enige van die ander subkorpora gevind nie en vier van die voorbeelde is deur een spreker voortgebring. Die navorser het egter waargeneem dat laerskoolkinders in Pretoria hierdie kollokasie frekwent gebruik om 'n uiting te beklemtoon. Die reikwydte van dié pragmatiese merker slaan op die hele uitingsegment wat daarop volg. Dit beïnvloed met ander woorde die hele uitingsegment wat daarop volg pragmaties. In voorbeeld 105 vertel 160V van gebeure wat sy as skokkend ervaar en gebruik die fokusmerker “soos” saam met “letterlik” om die gespreksgenote se aandag op hierdie ingesteldheid van haar, asook die skokkende feite, te vestig.

(105 JO) <160V> Maar dis erg, nè. Daar was 'n meisie in ons skool gewees, soos letterlik ons het op 'n netbaltoer gegaan. Sy mag nie ... ons mag glad nie 'n foto geneem het van sy wat saam gegaan het nie, want sy mag nie op die strand gewees het in 'n bikini nie. Sy mag glad nie.

## ii. “Soos” as skermer

In die PO kan hoofsaaklik twee tipes skermers geïdentifiseer word, naamlik:

- a) Skermers wat onsekerheid aandui oor die presiese korrektheid van 'n stelling, feit of woordkeuse. Dit word soms benaderingsmerkers<sup>93</sup> genoem (vgl. Erman, 2001:1341; Fleischmann & Yaguello, 2004:134 en Fraser, 2010:19). Sien voorbeeld 106 waar 167V onseker is of dit korrek is om te sê die “nationals” is meer “local”.

---

<sup>93</sup> Kyk weer na hoofstuk 2, afdeling 2.5.2 in dié verband.

- b) Skermers wat 'n stelling versag sodat die spreker nie te direk en voorbarig oorkom nie ter wille van hoflikheid. Sien voorbeeld 107 waar die voorstel gemaak word op 'n manier wat die gespreksgenoot geleentheid gee om 'n teenvoorstel te kan maak.

<p>(106 JO)</p> <p>&lt;167V&gt; Ek dink dit gaan 'n hele ander ma= ander tipe <i>nationals</i> wees hierdie jaar as byvoorbeeld Potch uhm of Bloemfontein . Ek dink dit dis lekker ... dis <u>soos</u> bietjie meer soos half <i>local</i> en ons is gereed vir <i>nationals</i>.</p>	<p>(107 JO)</p> <p>&lt;82V&gt; ... maar ek dink ons kan dalk soos nou <u>soos</u> 'n klein pakkie tjips of <i>something</i> kry.</p>
---	--

Die “soos” in voorbeeld 108 is geklassifiseer as 'n oorgangsvorm en dit kan moontlik leidrade verskaf oor die grammatikalisasie van “soos” van vergelykende voegwoord tot skermer. In hierdie voorbeeld gebruik 36M 'n “soos” wat sintakties ooreenstem met die vergelykende of voorbeeldgewende “soos”, maar die ander skermer (“half”) en die vae uitdrukking (“en goed”) wat gebruik word, gee iets van sy verleentheid te kenne. Die “soos” werk mee as skermer. Voorbeelde soos hierdie kon moontlik gelei het tot die gebruik van “soos” om op sy eie as skermer op te tree.

- (108 JO) <30M> Ja, noudat ek agterkom, oukei, en ek word nou opgeneem en goeters, kom ek agter hoe baie Engelse woorde ek eintlik gebruik.
- <25M> Ja dit is die probleem.
- <30M> Liewers nie begin met tegnologie praat in Engels.
- <35M> Ja.
- <36M> Dit is half maar hoe jy dit meng soos op skool en goed.

“Soos” as skermer toon betreklik lae frekwensies in die PO soos gesien kan word in tabel 5.9. Die gebruik van “soos” as skermer kom byvoorbeeld glad nie voor in die manlike subkorpora MJO en MVO nie. Ook in die spraak van volwasse vroue is die gebruiksfrekwensie laag –

slegs vier voorkomste kan hier gevind word. Die VJO bevat egter 19 gevalle (dit is een keer per 1 000 woorde) wat beteken dat dit 'n betreklik frekwente pragmatiese gebruik onder jong vroulike sprekers is. Dit wil voorkom asof die skermingsfunksie wat aan “soos” gekoppel word, sterk met jong, vroulike sprekers verbind word.

Subkorpus	Gebruik van “soos” as skerner	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	19	0,6
VJO	19	1,0
MJO	0	0,0
VO	4	0,075 ≈ 0,1
VVO	4	0,1
MVO	0	0,0
BO	0	0,0

Tabel 5.9: Frekwensietellings van “soos” as skerner in die subkorpora van die PO

Dit beteken egter nie dat manlike sprekers glad nie skermers gebruik nie. In die volgende afdeling word die gebruik van “soos” met 'n tweeledige funksie – dié van skerner én fokusmerker – bespreek wat wel redelik frekwent deur manlike sprekers gebruik word.

#### i. Die tweeledige “soos”: as skerner en fokusmerker

Na aanleiding van die korpus lyk dit of sommige gevalle van “soos” tegelykertyd 'n fokus- sowel as 'n skermingsfunksie kan hê. Hierdie tweeledigheid van “soos” as skerner én fokusmerker illustreer pragmatiese merkers en veral “soos” se weerstandigheid teen rigiede klassifikasie.

Die skerner–fokusmerker word byvoorbeeld saam met getalle en tydsaanduidings gebruik om 'n benaderde aanduiding uit te druk. In voorbeeld 109 dui 20V aan dat die persentasie batterykrag van haar selfoon min of meer 12% was. Terselfdertyd beklemtoon sy egter hoe pap die battery was. In voorbeeld 110 is 151M (MJO) nie seker presies hoeveel die 3D-fliekkaartjie kos nie, maar wil terselfdertyd beklemtoon dat dit baie duur is. In voorbeeld 111 bevestig spreker 113V die erns van die gebeurtenis wat 105M beskryf deur te beklemtoon dat dit op 'n baie ongemaklike tydstip in die vroeë oggendure plaasgevind het. Sy skerm egter

ook, aangesien sy nie die presiese tyd (kan) gee nie. In voorbeeld 112 verwys 108M na sy ma (wat ver weg woon) se motor wat al baie hoë kilometers op het. Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat hy die presiese odometerlesing sal ken en hy gebruik “soos” as skermer om ’n geskatte getal aan te dui. Voorbeelde waar dieselfde skermingsfunksie by datums aangewend word, is ook in die korpus waargeneem.

<p>(109 JO)</p> <p>&lt;20V&gt; Toe het ek my darem my <i>charger</i> saam gevat my battery was <u>soos</u> op 12%<sup>94</sup>.</p>	<p>(110 JO)</p> <p>&lt;151M&gt; As jy vat ... wat? Dit is <u>soos</u> R105, R108 of iets vir ’n <i>3D ticket</i>.</p>
<p>(111 VO)</p> <p>&lt;105M&gt; Hy val agteroor met sy kop teen die bad. So die val was nie ... die aanval het niks gedoen nie, maar daar waar jy val dis wat jou blêddiewel seermaak.</p> <p>&lt;113V&gt; Dit was <u>soos</u> tweeuur die oggend.</p>	<p>(112 VO)</p> <p>&lt;108M&gt; &lt;verwys na ’n motor&gt; Hy’t nou <u>soos</u> seshonderd en iets duisend kilos...</p>

Die jonger sprekers gebruik “soos” ook om aan te dui dat oordrywing plaasvind. In voorbeeld 113 beklemtoon 73V hoe duur die bottel wyn is deur te oordryf oor hoe lank ’n mens moet spaar voordat jy dit sal kan bekostig. In voorbeeld 114 gebruik 151M “soos” nie net om aan te dui dat die getal oordryf word nie, maar beklemtoon terselfdertyd dat hulle regtig baie 3D-brille het.

<p>(113 JO)</p> <p>&lt;73V&gt; Ja, maar Diemersfontein ... jy moet <u>soos</u> ... ja, jy moet <u>soos soos</u> drie jaar spaar om daai bottel wyn te kan bekostig.</p>	<p>(114 JO)</p> <p>&lt;149M&gt; Ons het darem nog brille ons het ’n paar brille <i>actually</i>.</p> <p>&lt;151M&gt; Ek wou sê ons het <u>soos</u> honderd, want ons vergeet elke keer dan koop ons nog.</p>
---	--

<sup>94</sup> Alle getalle en afkortings, soos “R” vir “rand”, is in die transkripsies uitgeskryf ter wille van akkurate woordtelling. 12% is byvoorbeeld in die korpusdokument as “twaalf persent” getranskribeer. In die voorbeelde word die standaardskryfwyse egter gevolg om lees te vergemaklik.

Die tweeledige “soos” word in die JO in ’n paar gevalle gebruik voor ’n ietwat onbeleefde, dog humoristiese uitspraak. Dit lyk of die sprekers terselfdertyd die onbeleefde uitspraak wil versag (skermer) én beklemtoon – vergelyk voorbeelde 115 en 116.

<p>(115 JO)</p> <p>&lt;26V&gt; Ag jy is <u>soos</u> ’n <i>asshole</i> &lt;naam&gt;.</p>	<p>(116 JO)</p> <p>&lt;97M&gt; ... toe praat ons oor waarna kyk jy eerste as jy na ’n <i>girl</i> kyk toe sê ek eers toe sê ek eers toe sê ek eers: “Jy sien mos eers ... jy sien mos eers ... jy sien mos eers haar <u>soos</u> haar <i>boobs</i> en dan die res.”</p>
---	---

“Soos” as skermer-fokusmerker toon baie laer gebruiksfrekwensies onder volwassenes vergeleke met jongmense (sien tabel 5.10). Die jong, manlike sprekers neem die voortou met die gebruik van dié tweeledige pragmatiese merker.

Subkorpus	Gebruik van “soos” as skermer-fokusmerker	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	38	1,3
VJO	21	1,1
MJO	17	1,5
VO	9	0,2
VVO	4	0,1
MVO	5	0,3
BO	0	0,0

Tabel 5.10: Frekwensietellings van “soos” as skermer-fokusmerker in die subkorpora van die PO

In sommige gevalle word “soos” bloot gebruik om die spreker kans te gee om sy gedagtes te orden. In hierdie hoedanigheid tree “soos” as ’n aarselingsmerker op, wat op diskoersvlak beurtbehoud kan bewerkstellig.

## ii. “Soos” as aarselingsmerker

Aarselingsmerkers is kort, verbale elemente wat algemeen in gesproke taal gebruik word. Dit het ’n prosesseringsfunksie en word gebruik om die spreker kans te gee om sy/haar gedagtes agtermekaar te kry sonder om die beurt prys te gee. In voorbeeld 117 is dit duidelik dat 32V mooi wil dink oor wat presies sy gaan sê. Daar is drie plekke in hierdie uitingsegment waar sy so te sê van voor af begin, wat haar onsekerheid, oor hoe sy dit wat sy wil sê die beste kan verwoord, blootlê. Dit lyk of “soos” daartoe bydra dat sy die beurt kan behou ten spyte van die gebrek aan vlotheid in haar uiting. Die optrede van ’n pragmatiese merker in die hoedanighede van aarselingsmerker en skermer kan funksioneel oorvleuel. 32V en haar gespreksgenoot praat oor ’n saak wat maklik aanstoot kan gee en elke uiting moet dus versigtig geformuleer word. In voorbeeld 118 word “soos” saam met “uhm” (’n prototipiese aarselingsmerker) gebruik om die spreker tyd te gee om te probeer onthou wat hy wou sê.

<p>(117 JO)</p> <p>&lt;32V&gt;&lt;oorvleuel&gt; Ja, jy ... <u>soos</u> sien die ding is dis <u>soos</u> baie keer toe ek ... mense is die heelyd net besig om daarop te fokus.</p>	<p>(118 JO)</p> <p>&lt;60M&gt; &lt;lag&gt; Ja dis nogal <i>funny</i>. Nee, <u>soos</u> uhm in julle ... uhm ... ag nou het ek vergeet wat ek wou gesê het. <i>Ah well</i>.</p>
--	--

Enkele voorbeelde van die gebruik van “soos” as aarselingsmerker word ook in die VO aangetref.

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande bespreking dat “soos” ’n baie veelsydige pragmatiese merker is. Uit “soos” met die vergelykende funksie ontwikkel ’n “soos” wat voorbeelde en/of

verduidelikings inlui. Hieruit ontwikkel skermers en fokusmerkers en laastens ook “soos” as kwotatiefmerker – ’n merker wat aandui dat ’n kwotatief<sup>95</sup> volg.

### iii. “Soos” as kwotatiefmerker

’n Kwotatiefmerker funksioneer in die diskoersdomein en dit kondig as ’t ware aan dat ’n kwotatief volg. In hoofstuk 2 is daarop gewys dat die kwotatiefmerker (na aanleiding van die Engelse “like”) hoofsaaklik ingespan word om die volgende tipes kwotatiewe in te lui:

- ’n Kwotatiefmerker lui gekonstrueerde dialoog in, met ander woorde ’n parafrase van wat oorspronklik gesê is.
- Verder lui ’n kwotatiefmerker interne dialoog in wat verwys na gedagtes, houdings of gevoelens wat metaverteenwoordig word, maar nie noodwendig eksplisiet uitgespreek is nie (Stenström et al., 2002:116).

Daar word algemeen in die Engelse literatuur aanvaar dat die kwotatiefmerker “like” aanvanklik gebruik is om veral die spreker se interne dialoog aan te dui. Verskeie studies het egter aangetoon dat die funksies van “like” al uitgebrei het om ook gekonstrueerde dialoog in te lui in eerste- en derdepersoonvertellings (vgl. Tagliamonte & D’Arcy, 2004:496).

Dit wil voorkom dat “soos” in Afrikaans soortgelyke grammatikalisasie ondergaan het en steeds besig is om te ondergaan. Die grammatikalisasieproses in Afrikaans is oënskynlik nog betreklik nuut gegewe die groot verskeidenheid oorgangsvorme en betekenislae wat op hierdie stadium in die gesprekke voorkom.

Een sodanige oorgangsvorm word geïllustreer in voorbeeld 119. Dit toon aan hoe “soos” saam met die konvensionele kwotatiefmerker “sê” gebruik word. In hierdie uiting tree die “sê” as kwotatiefmerker op, terwyl die “soos” die losse verbintenis tot die akkuraatheid van die uiting aandui. Wat spreker 62V by in die kwotatief insluit, is nie die presiese woorde wat werklik geuiter is nie, maar ’n samevatting, illustrasie of voorbeeld van die bedoeling wat oorgedra is, tesame met ’n openbaring van die houding en emosies wat daarmee gepaardgegaan het. In hierdie voorbeeld is die verband met die konvensionele “soos” nog redelik duidelik.

Indien voorbeeld 119 met voorbeeld 120 vergelyk word, is dit nie vergesog om te argumenteer dat die gebruik van “soos” as kwotatiefmerker uit ’n gebruik van “soos” saam met ’n tradisionele kwotatiefmerker kon ontwikkel het nie. 44V ag dit nie meer nodig om die tradisionele “sê” saam met “soos” te gebruik nie. Ten spyte daarvan dat “soos” nou moet doen wat “sê” tradisioneel

---

<sup>95</sup> ’n Uitgebreide bespreking van die term “kwotatief” word in hoofstuk 2 gegee.



gedoen het, dui dit steeds 'n losse verbintenis tussen die spreker en die inhoud van die kwotatief aan.

<p>(119 JO)</p> <p>&lt;62V&gt; Ek het letterlik <u>gesê soos</u> ... ek doen dit nooit nie nooit nie ... &lt;beduie “nooit” deur hande horisontaal oor mekaar te beweeg en maak oë groot oop&gt; en ek het vir hulle gesê: “Luister, kan julle asseblief vir julle <i>manager</i> <u>sê soos</u>: ‘Moenie hierdie sous verander nie! Hoekom iets wat lekker is sleg maak?’”</p>	<p>(120 JO)</p> <p>&lt;44V&gt; ... nou saam met hulle toe kry ek 'n boodskap van &lt;naam&gt; wat sê ons kamer is <i>gebook</i>; ek en &lt;naam&gt; slaap saam. Uhm dis agthonderd en vyf= veertig rand. Ek moet net met &lt;naam&gt; regmaak. <u>Toe's ek soos</u>: “Waar de fok gaan ek agthonderd en veertig rand uitkak?” en ek stuur toe vir haar: “Hoor hier, maar &lt;naam&gt;-hulle het klaar hulle kamer soos vergroot. Hulle het die geld. Sover ek weet is die reëlings getref en dis ekstra geld en alles.” Toe bel &lt;naam&gt; my nou vanoggend. <u>Toe's hy soos</u>: “&lt;naam&gt; - hulle het dit nog nie gedoen nie, maar sal ek omgee om saam met &lt;naam&gt;?” <u>Toe's ek soos</u>: “Ek het nie 'n proleem met &lt;naam&gt; nie. Ek ... as ek verniet kon slaap, dan sou ek eerder verniet.” <u>Toe's hy soos</u>: “Oukei, maar hy sal my help met die geld.” <u>Toe's ek soos</u>: “Oukei, dankie.”</p>
---	--

In ooreenstemming met die Engelse “like” word “soos” gebruik om verskillende tipes kwotatiewe in te lui. Dit word vervolgens geïllustreer met voorbeelde uit die korpus.

- “Soos” lui gesigsuitdrukings en klanknabootsing in

In die gesproke taal word gesigsuitdrukings en/of klanknabootsing dikwels gebruik om iets van die werklikheid weer te gee, hetsy hoe die persoon waarvan vertel word, gevoel het op 'n spesifieke oomblik, wat die persoon gedoen het in reaksie op 'n gebeurtenis of wat die persoon gehoor het. Dit stem ooreen met die voorbeelde waarna daar vroeër in die bespreking van die voorbeeldgewende “soos” verwys is. Die taak van hierdie gesigsuitdrukings en/of

klanknabootsing is om die vertelling meer werklik en kleurrik te maak soos voorbeeld 121 en 122 illustreer.

<p>(121 JO)</p> <p>&lt;68V&gt; Ons het KFC geëet gisteraand en sushi die aand voor die tyd &lt;pouse&gt; en my maag het gekrimp. <i>Oh my word</i> gewoonlik kon ek redelik eet; gisteraand was ek so vol by <i>five plates</i>. Ek <u>is soos</u>: &lt;frons&gt; mm mm.</p>	<p>(122 JO)</p> <p>&lt;39V&gt; Ja ons het by MooMoo's geëet een keer daar in Brooklyn Mall, maar die lekkerste <i>wings</i>. Ek dink dit was hulle hoender <i>wings</i> en toe ons 'n volgende keer dit weer wil hê, want dit was so lekker, toe't hulle ook die sous verander en <u>toe's dit soos</u>: &lt;trek teleurgestelde gesig&gt;</p>
--	--

Voorbeelde van elk van hierdie gebruiksaanwendings kon in die PO gevind word, ten spyte daarvan dat dit baie moeilik is om te bepaal in klankopnames. Vir die gesprekke waaruit voorbeelde 121 en 122 geneem is, het die betrokke veldwerkers self die transkripsie behartig en hulle was deel van die opgeneemde gesprek. Hulle het die onderskeie gesigsuitdrukkings, wat ingelui is deur “soos”, duidelik getranskribeer.

- “Soos” lui interne dialoog in

Soos die Engelse “like”, lui die Afrikaanse “soos” ook interne dialoog in, soos in voorbeeld 123 gesien kan word.

(123 JO) <85V> Ek onthou ons het maatjies geraak in die swembad. Toe's sy so: “Ek is te vet vir hierdie.” Toe's ek soos: “Hier's my maatjie.”  
 <142V> <lag> Ja toe's ek soos: “Sy's shap<sup>96</sup>.”

---

<sup>96</sup> Die woord “shap” kom waarskynlik van die eg Suid-Afrikaanse uitdrukking “sharp” of “sharp sharp” wat “heeltemal reg” of “goed” kan beteken.

Dit lyk egter of hierdie gebruik ook reeds uitgebrei het om na die veronderstelde interne dialoog in die derde persoon te verwys. In voorbeeld 124 maak 16V van 'n kwotatief gebruik om aan te dui wat Christene, volgens haar, dink, en sy lui dit in met verskillende konstruksies wat “soos” bevat.

(124 JO) <16V> Ja, maar dit is verstaanbaar. Waar ander mense ... wel ander Christene net soos is van: “Hoor hier <sug> ek hoop hulle word 'n Christen ek hoop dit gebeur en dit gebeur,” en dan's dit: “Amen.” Maar meeste van die tyd dan's hulle ook net soos: “*Fine*, oukei, bid net wanneer dit goed gaan, wanneer dit sleg gaan,” dis die ding. Waar ek nou jy weet soos van ... ons bid nie ons hoop maar net dit gaan goed; net kalm.

- “Soos” lui gekonstrueerde dialoog in

In voorbeeld 125 uit die spraak van volwasse vroue, word 'n “soos”-konstruksie gebruik om oënskynlik direkte woorde in te lui. Dit is egter denkbeeldige woorde wat die spreker aan 'n denkbeeldige huisrower sal sê as hy juwele in hulle huis soek om te steel.

(125 VO) <104V> <lag> Dis soos: “Ek het hierdie by die vyfrand-*shop* gekoop. Dis soos sulke kraletjies wat so ingeryg is, maar jy kan dit kry as jy wil.” <lag> Al ... “Wat wil jy nog hê?”

In voorbeeld 126 lyk dit egter asof die kwotatief voorbeelde bevat van wat werklik gesê is. Die gebruik van 'n derdepersoonsvorm “my tannie” saam met “soos” toon aan dat die gebruik al van eerste persoonsvorm na derdepersoonsvorm versprei het en die vorm is dus al verder gegrammatikaliseer (vgl. Tagliamonte & D'Arcy, 2004:503).

(126 JO) <43V> Hoor hier, kan ek iets vir julle sê? Vandat ek en <naam> saam is dan's my tannie soos: “Wil jy nie asseblief gou by <naam> hoor of hy net gou hierdie *safety* hek vir ons wil kom opsit nie? Wil jy nie gou by <naam> hoor of hy hierdie kopstuk van die muur af sal haal nie?”

- Die veeldoelige rol van “soos” as kwotatiefmerker in narratiewe

Die Engelse “like” word geassosieer met kwotatiewe wat as deel van ’n narratief gebruik word. Tydens sodanige narratief is dit belangrik om die gespreksgenote se aandag te behou. ’n Langdradige vertelling sal maklik die gespreksgenote verveel of hulle die geleentheid bied om dit te onderbreek. Romaine en Lange (1991:266) dui byvoorbeeld daarop dat “‘like’ draws the listener to the internal state of the speaker in introducing constructed dialogue that dramatizes internalized feelings”. Die narratief word as ’t ware ’n opvoering (“performance”) wat die effek daarvan verhef bo die blote gee van ’n verslag (Fleischman & Yaguello, 2004:138).

Ook in die PO lyk dit asof hierdie opvoerstyl in narratiewe gebruik word en “soos” as kwotatiefmerker word sterk hiermee geassosieer. Hierdie tipe narratiewe kom die meeste onder die jong, vroulike sprekers voor wat kan bydra tot die hoë frekwensie van “soos” as kwotatiefmerker onder dié groep respondente. Behalwe vir die dramatiese waarde wat dié kwotatiefmerker toevoeg, stel “soos” as kwotatiefmerker boonop die spreker in staat om die tempo van die vertelling te versnel en die belangstelling van die gespreksgenote te behou.

In voorbeeld 127 vertoon die narratief ’n paar van die verskillende opsies wat sprekers tot hul beskikking het om ’n kwotatief in te lui. Al die kwotatiefmerkende konstruksies is uitgelig in hierdie voorbeeld.

(127 JO) <20V> My ma ... ek het mos gaan kuier, nè. Toe hmm toe toe ek daar kom, toe is my ... toe is hulle krag af, maar van tot half nege toe. Toe het ek my darem my *charger* saam gevat. My battery was soos op 12% en ek is soos: “Hoor hier, ek moet darem my ma laat weet as ek terugry” en toe hulle krag uiteindelik aangaan toe sit ek my foon op *charge* en toe ek ry toe sê sê my ma vir my: “Hoor hier, ons krag is af.” Nou dink ek “Oukei, nou gaan ek in die donker ry” en nou beplan ek soos in: “Hoe gaan ek oopsluit dat ek nou net veilig is?” Ons bly mos oorkant die parkie en alles. So uhm nou soos wat ek aangery kom sien ek dis nie rêrig donker nie, nè. Toe het ons krag net aangegaan. So ons het ... soos elfuur het ons krag eers aan gegaan.

Voorbeeld 128 illustreer hoe “soos”-konstruksies gebruik kan word om in een narratief te verwys na interne dialoog én gekonstrueerde dialoog. Die eerste kwotatief (ingelui deur “toe

is ek soos”) bevat slegs die woord “ja”. Nietemin dui dit veelseggend op die spreker se innerlike verbasing en gee dus iets van haar ingesteldheid op daardie stadium te kenne. Die tweede kwotatiefmerker (“dan’s ek soos”) lui gekonstrueerde dialoog in – die spreker het waarskynlik werklik hierdie vraag gevra, alhoewel sy moontlik nie die presiese woorde weergee nie. Die derde kwotatiefmerker (“Sy sê”) is ’n voorbeeld van ’n tradisionele kwotatiefmerker wat die *verbum dicendi* “sê” bevat. Die vierde kwotatief (ingelui deur “ek is soos”) verwys waarskynlik weer na interne dialoog – ’n vraag wat onbeleefd sou wees om uit te spreek, maar wat aan gespreksgenote openbaar wat die spreker op daardie stadium gedink het.

(128 JO) <83V> Ek lyk nie altyd so nie. Ek het vandag gegaan om *makeup* te gaan koop. Ons het so baie troues wat voor ons lê toe kort ek nou, want ek dra nie eintlik *makeup* nie. Nou sit sy daar, maar sy begin, nè. Maar dan is dit hierdie goed en hierdie roompie en dan is dit hierdie *foundation* dan hierdie een bo-oor daai en dan hierdie *powder* bo-oor en dan dit bo-oor dit en dan dit en dan doen jy dit en ek sit net daar: “Ek gaan nooit al hierdie goed doen nie soos nooit nie.” Maar ...

<81M> En dan is jou rekening soos ses en ’n half duisend as jy als wil koop.

<83V> Ja. Toe is ek soos: “Ja.”

Letterlik na die tyd nou lê al die produkte voor my dan’s ek soos: “Hoeveel kos al hierdie goed nou?”

Sy sê: “Sjoe alles!

Ek is soos: “Hoekom sit jy dit dan hier?”

Ja nee, hel toe koop ek soos ’n derde, nie eers ’n derde nie, soos ’n vyfde van alles wat hulle het. Net soos die *basics*.

Voorbeeld 129 illustreer weer hoe “soos” die pas van die vertelling kan versnel. Hier gebruik 44V ’n oorvertelling van ’n telefoongesprek met haar ma as bewys dat haar ma emosioneel swaarkry – “sy’s fokken klaar”. Die pas van die vertelling is vinnig en dit word voortgestu deur die gebruik van “soos”-konstruksies en selfs ’n nulkwotatief<sup>97</sup>. Die “soos”-konstruksie dra ook by om ’n soomlose afwisseling van sprekers teweeg te bring (vgl. die konstruksies “ek’s soos”

---

<sup>97</sup> ’n Nulkwotatief verwys na dialoog nie deur enige kwotatiefmerker aangedui word nie. Die nulkwotatief word ook nie aan ’n spesifieke spreker toegedig nie. Stemtoon en intonasie onderskei dikwels hierdie kwotatiewe van die res van die uiting (vgl. Martínez, 2013).

en “sy’s soos”). Die spreker gebruik egter steeds die tradisionele kwotatiefmerker “sê” in drie gevalle – meestal aan die begin van ’n uitingsegment.

(129 JO) <44V> Nee my ma was gisteraand ... julle verstaan nie ... sy bel my, sy sê vir my: “Uhm, waarmee is jy besig?”

Ek’s soos: “Nee ek leer.”

“O, oukei, maar moenie *worry* nie.”

Ek’s soos: “Hoekom?”

Sy’s soos: “Ek wil nie fokken huis toe gaan nie, ek wil gaan kuier.”

Ek’s soos: “Wat!”

<43V> <lag> Ja?

<44V> Sy sê vir my: “Ja ek plus bel sommer gou vir <naam> en gaan sit êrens en drink ’n dop. Ek wil nie huis toe kom nie.”

Die middag ook sy sê vir my: “Wat’s jou planne vir die middag?”

“My broer-hulle lughawe toe vat en dan tutor ek die aand.”

Sy’s soos: “O.”

Ek’s soos: “Hoekom?”

Sy’s soos: “O nee ek wou eintlik iets gaan doen het.”

Sy’s fokken kláár.

Dieselfde aanwending van “soos”, as narratiewe meganisme, is in die spreektaal van ’n volwasse man gevind, soos voorbeeld 130 illustreer. 105M verduidelik dat sy vrou nie die toilette in die winkel wil uittoets deur op hulle te sit nie, ten spyte daarvan dat hy reken dít is die enigste manier om hulle te toets. Weer eens versnel die gebruik van die kwotatief die pas van die vertelling en verhoog die dramatiese waarde daarvan.

(130 VO) <105M> Ek soek ’n *dual flush* – daai klein en groot knoppie. Dis al wat ek sê daai ding moet hê so die heel *cheapes* het mos nou net die *handletjie*. So *sorry* vir hom, hom wil ek nou nie hê en dan’s dit letterlik so dan’s dit van ag ek dink dis *eight ninety nine* is die goedkoopste *dual flush* tot by vierduisend rand.

So toe ek sê vir <naam> sê: “Hel, hierdie ding sit ’n mens op. Kom!”

Deksel op, daar sit ons, ou maat <tongklap> *check* jy vir hom.

<gespreksgenote lag>

<105M> Sy's soos: <fluister, gebare> <onhoorbaar>.

Ek's soos “Wat doen jy met hierdie ding? Maak jy koffie? Sit!”

Sy wil nie 'n hel nie, want dis nou ook as jy by die CTM inkom, dan is al die rye toilette nou daar.

- Die verspreiding van “soos” as kwotatiefmerker

Die kwotatiefmerker “soos” kom frekwent voor in Omgangsafrikaans onder jong sprekers, soos tabel 5.11 illustreer. Dit is duidelik dat die jong, vroulike sprekers die voortou neem met hierdie gebruik van “soos”. Dit stem ooreen met wat bevind is vir “like” in verskeie Engelssprekende gebiede (vgl. D’Arcy, 2007; Romaine & Lange, 1991; Tagliamonte & D’Arcy, 2004). Dit lyk egter of die gebruik besig is om oor te spoel na jong, manlike sprekers en in 'n mindere mate na volwasse sprekers. Dit is interessant dat die volwasse, manlike sprekers die kwotatiefmerker marginaal frekwenner as die vroulike sprekers gebruik.

Subkorpus	Gebruik van “soos” as kwotatiefmerker	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	89	2,9
VJO	72	3,9
MJO	17	1,5
VO	15	0,3
VVO	6	0,2
MVO	9	0,5
BO	0	0,0

Tabel 5.11: Frekwensietellings van “soos” as kwotatiefmerker in die subkorpora van die PO

### 5.3.3.3 Samevatting

Die woordvorm “soos” word op tradisionele en pragmatiese wyse baie meer frekwent deur die jonger sprekers en veral die jong, vroulike sprekers gebruik. In die voorbeelde uit die JO, en

veral die VJO, is dit duidelik dat jonger sprekers deur intonasie en die kombinasie met ander pragmatiese merkers daarin slaag om selfs sogenaamde tradisionele aanwendings van “soos” ’n pragmatiese kleur te gee sodat die merker nie meer net voegwoordelike funksies uitvoer nie, maar ook optree as skermer of fokusmerker.

“Soos” as skermer word veral met vroulike sprekers geassosieer, terwyl die manlike sprekers eerder ’n tweeledige “soos” gebruik wat gelyktydig skerm en beklemtoon. Die fokusmerker word egter deur alle ouderdoms- en geslagsgroepe gebruik en een sodanige voorbeeld is selfs in die BO waargeneem.

“Soos” as kwotatiefmerker word gebruik om gesigsuitdrukings en gebare, klanknabootsing, interne dialoog asook gekonstrueerde dialoog in die eerste en derde persoon in te lui. Die kwotatiefmerker “soos” kom in verskillende konstruksies voor en dit word suksesvol gebruik om langer narratiewe uitings vlot en vinnig oor te dra sonder om die aandag van die gespreksgenote te verloor. Jong vroulike sprekers neem die voortou in die gebruik van “soos” as kwotatiefmerker, waarskynlik as gevolg van hul neiging om langer narratiewe in gesprekke te gebruik. Hierdie hoë gebruiksfrekwensie onder jong, vroulike sprekers kan ook toegeskryf word aan hulle om hul innerlike aan gespreksgenote te openbaar (vgl. Stenström, 2014:44-45). ’n Opgevoerde kwotatief bied ’n kleurryke manier om dit te doen en verhoog die waargenome optimale relevansie van die narratief. Die gebruik van “soos” as kwotatiefmerker is egter nie vreemd in die spraak van jong mans en volwassenes nie. Dit is duidelik dat hierdie spreker-groepe deeglik bewus is van die wyse waarop “soos” ’n kwotatief kan inlui en dit ook kan gebruik. Die feit dat volwasse mans dit meer gebruik as volwasse vroue kan daarop dui dat dié vorm beskou word as ’n vorm met negatiewe prestige. Volwasse vroue wil dit daarom nie gebruik nie (sien weer afdeling 3.1.5).

#### **5.3.4 “Hoor” en “hoor hier(so)”**

Die pragmatiese merkers met “hoor” as kern, naamlik “hoor” en “hoor hier(so)”, het nie heeltemal so frekvent onder die verskillende spreker-groepe voorgekom soos die voorafbespreekte merkers nie, maar kan egter moeilik geïgnoreer word in die korpusdata. Alhoewel die merkers minder frekvent voorgekom het, het dit die potensiaal om mettertyd groter veld te wen as pragmatiese merkers. Die pragmatiese merker “hoor” kom hoofsaaklik in die eindposisie voor en tree veral op as appelleerder. “Hoor hier(so)” kom hoofsaaklik in die beginposisie van uitings voor (veral as eerste woord van ’n kwotatief) en tree op as fokusmerker. Dié twee vorme sal ná voorbeeld 131 afsonderlik bespreek word.



Dit gebeur soms dat hierdie twee vorme in dieselfde uiting voorkom. In voorbeeld 131 tree “hoor” as die tussenwerpsel op wat ten doel het om te “bevestig/ bekragtig/beklemtoon” (HAT, 2015:475). Die “hoor hier” word gebruik as eerste woord van die kwotatief, soos wat “oukei” ook soms aangewend word. “Hoor hier” verleen ’n dringendheid aan die gekonstrueerde dialoog wat daarop volg.

- (131 JO) <10V> Ek sou nie baie beïndruk gewees het as ek saam met iemand gaan koffie drink het en hy het so hemp aan nie.  
<8M> Ek het gehoor by ... ek kan nie onthou wie nie ...  
<22V> Ons sal eendag vir hom sê, hoor. “Hoor hier, *wifey*<sup>98</sup> aan, huh-uh.”  
<10V> “Huh-uh”.

Vervolgens word dié twee vorme afsonderlik bespreek.

#### **5.3.4.1 “Hoor” as appelleerder**

Wanneer die woord “hoor” alleen gebruik en gewoonlik aan die einde van ’n uiting of uitingsegment geplaas word, stem dit grootliks ooreen met “hoor” wat die HAT (2015:475) as tussenwerpsel klassifiseer en gebruik word om iets te bevestig, te bekragtig of te beklemtoon.

Die frekwensie van hierdie appelleerder is besonder laag onder die jonger sprekers – slegs sewe voorkomste (vyf daarvan in die MJO) kan in die hele JO gevind word. Dit is egter aansienlik frekwenter in die spraak van volwassenes en bejaardes met onderskeidelik 82 en 22 voorkomste, soos in tabel 5.12 geïllustreer word.

’n Moontlike rede vir die frekwente voorkoms onder volwasse en bejaarde respondente is dat die “hoor” in Afrikaans geassosieer kan word met ’n meewarige houding teenoor die aangesprokene. Dit word in die PO dikwels gebruik wanneer ouers kinders aanspreek. Bejaardes gebruik dit dikwels wanneer die jonger veldwerker of versorgers wat by die versorgingsoorde werksaam is, aangespreek word.

---

<sup>98</sup> ’n *Wifey* verwys na die sogenaamde “help-my-sterk-lyk-hempie”. ’n Los t-hemp met diep ingesnyde holtes vir moue.

Subkorpus	Gebruik van “hoor”	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	7	0,2
VJO	2	0,1
MJO	5	0,4
VO	82	1,5
VVO	46	1,4
MVO	36	1,8
BO	22	1,3

Tabel 5.12: Frekwensietellings van “hoor” in die subkorpora van die PO

Jonger sprekers is bekend daarvoor dat hulle hulle in 'n lewensfase bevind waartydens vriendskappe en groeplidmaatskap uiters belangrik is (Murphy, 2010:72; vgl. ook Eckert, 1988:186-187). Vir hierdie groep is dit belangrik om die aansien van gespreksgenote te beskerm en om vriendskappe in stand te hou, daarom sal pragmatiese merkers wat neerbuigend kan oorkom, vermy word.

#### 5.3.4.2 “Hoor hier(so)”

'n Ander pragmatiese gebruik kom relatief sterk na vore in die spraak van die jonger sprekers: “hoor” in kollokasie met “hierso” of “hier”, met ander woorde die woordkluster “hoor hier(so)”. Hierdie pragmatiese merker word as fokusmerker gebruik om gespreksgenote se aandag te vestig op die uitingsegment wat daarop volg, soos in voorbeeld 132 waar 120M die aandag van 1V wil trek. 87M is egter besig om met 1V te praat en 120M slaag eers heelwat later in die gesprek daarin om haar aandag te kry.

(132 VO) <120M> Hoor hierso, Sussa, nou ...  
 <87M> <val in die rede> Wie's wie's hierdie meisie voor hom?  
 <1V><sup>99</sup> *It's me*  
 <87M> Askies  
 <1V> *It's me*  
 <120M> Hoor hier, Sus ...  
 <87M> <val in die rede> Maar ek dog julle hou net hande vas. Nou wat is hierdie?

“Hoor hier(so)” kan ook gebruik word om die gespreksgenote se aandag te vestig op ’n wending in die gesprek, soos byvoorbeeld ’n verandering wat die onderwerp betref soos in voorbeeld 133.

(133 VO) <107V> Ek bedoel Hoërskool <skoolnaam> is daar by jou. Sal jy nie ...?  
 Dis mos ’n goeie hoërskool.  
 <110V> Ja nee wat. <naam> moet maar soontoe gaan.  
 <107V> Ja, dis baie goed. Hoor hier, gaan ons gou iets eet?  
 <110V> Ons kan, ja. Askies man, ek vergeet ...

Voorbeelde in al die subkorpora is gevind waar die woordkluster “hoor hierso” in die beginposisie van ’n kwotatief gebruik word. Voorbeeld 134 toon aan dat bejaardes ook hierdie fokusmerker as eerste woorde in kwotatiewe gebruik. Hieruit kan twee moontlike afleidings gemaak word, naamlik dat hierdie pragmatiese merker al ’n geruime tyd in Omgangsafrikaans gebruik word, of dat hierdie pragmatiese merker op ’n latere leeftyd deur ouer sprekers aanvaar en ingesluit is by hul spraak. ’n Diachroniese vergelykende studie sal lig kan werp op hierdie vraag.

(134 BO) <136V> ...maar ek sê vir haar: “Hoor hierso, ek kan jou druk en druk en druk vanoggend” <lag>

---


<sup>99</sup> 1V voldoen op grond van ouderdom nie aan die kritiese vereistes vir deelnemers aan die studie nie. Haar woorde maak dus nie deel uit van enige frekwensietellings nie. Hier word haar beurte ingesluit ter wille van konteks.

Dit is duidelik dat jong, vroulike respondente die voortou neem met die gebruik van hierdie pragmatiese merker met 1,7 gevalle per 1 000 woorde (vergelyk tabel 5.13). Voorts lyk dit of dié merker teen 'n taamlik stabiele frekwensie deur jong manlike, volwasse en bejaarde sprekers gebruik word.

Subkorpus	Gebruik van "hoor hier(so)"	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
<b>JO</b>	<b>40</b>	<b>1,3</b>
VJO	31	1,7
MJO	9	0,8
<b>VO</b>	<b>31</b>	<b>0,6</b>
VVO	19	0,6
MVO	12	0,6
<b>BO</b>	<b>10</b>	<b>0,6</b>

**Tabel 5.13: Frekwensietellings van die fokusmerker "hoor hierso" in die subkorpora van die PO**

Dit is duidelik belangrik vir jong, vroulike sprekers om voortdurend verseker te word van die betrokkenheid van hul gespreksgenote. Die tendens om grafiese vertellings te gebruik, verklaar waarskynlik gedeeltelik die hoë frekwensie van "hoor hier(so)" in die spraak van jong, vroulike sprekers. Soortgelyke ontledings van kwotatiefmerkende "soos" en fokusmerkende "oukei" verleen bykomende bewyse hiervoor. Maar hoe vergelyk die gebruik van "hoor hier(so)" as eerste woord van 'n kwotatief met die totale aantal voorkomste? Grafiek 5.11 vergelyk die totale rou frekwensie van "hoor hier(so)" in elke subkorpus met die gedeelte daarvan wat gebruik word in die beginposisie van 'n kwotatief.



**Grafiek 5.11: 'n Vergelyking van “hoor hier(so)” as eerste woord van 'n kwotatief met die totale voorkomste in die subkorpora van die PO**

Die jong manlike respondente gebruik slegs drie uit nege (33,3%) van die voorkomste van “hoor hier(so)” in die kwotatief; die volwasse, manlike respondente vier uit twaalf (33,3%) en die volwasse, vroulike respondente ietwat meer met 36,8%. Die jong, vroulike respondente gebruik egter dubbel soveel keer (64,5%) die merker “hoor hier(so)” in die beginposisie van die kwotatief. Hierdie verskynsel, tesame met die kwotatiefmerker “soos” én “oukei” as pragmatiese merker in beginposisie in 'n kwotatief, laat dit lyk asof die gebruik van narratiewe (waarin interne en gekonstrueerde dialoog 'n belangrike rol speel) sterk korreleer met die spraak van jong, vroulike sprekers. Hierdie vertellings maak klaarblyklik van 'n opstapeling van pragmatiese merkers gebruik om vloeiendheid te bewerkstellig en om die aandag van die gespreksgenote te behou deur die vermaaklikheidswaarde en tempo daarvan te verhoog. Pragmatiese merkers (en hoë gebruiksfrekwensies daarvan) word dus narratiewe hulpmiddels wat vertellings boeiender maak.

Sou dit kon beteken dat jong, vroulike sprekers beter vertelstrategieë handhaaf as hul manlike eweknieë? Of is dit dalk eerder 'n geval van 'n spesifieke spreekstyl wat by uitstek korreleer met 'n jong, vroulike identiteit? Dit lyk of die pragmatiese merker “weet jy (wat)” ooreenkomste toon met “hoor hier(so)” en die volgende ondersoek daarvoor kan moontlik meer lig werp op hierdie twee vrae.

### 5.3.5 “Weet jy (wat)”, “jy weet” en “ek weet nie”

Die pragmatiese merker met “weet” as kern, naamlik “weet jy”, “jy weet” en “ek weet nie”, het net soos die merkers “hoor” en “hoor hier(so)” ’n laer gebruiksfrekwensie as die merkers “rêrig/regtig”, “oukei” en “soos”. Die merker “weet jy” (en sy variante vorme) het egter die potensiaal om mettertyd groter veld te wen as pragmatiese merker.

Slegs die vorm “weet jy wat” is in die HAT (2015:1574) gelemmatiseer met die verklaring: “ter inleiding van ’n sin waarin die spreker iets (besonders) wil meedeel, soos in: Weet jy wat? Neil het mos toe die pos gekry.”

Hierdie drie woordklusters word vervolgens afsonderlik bespreek as pragmatiese merkers.

#### 5.3.5.1 Die fokusmerker “weet jy (wat)”

Die woordgroep “weet jy” word normaalweg gebruik as meganisme om aandag te trek en die fokus te plaas op dit wat volg. In voorbeeld 135 slaan die betekenis van “weet jy” nog in ’n mate op die betekenis “om kennis te dra van”, maar die fokusmerkende pragmatiese funksie tree steeds sterker na vore. Die “weet jy” in voorbeeld 136 maksimeer die relevansie van die uiting wat daarop volg deurdat dit die gespreksgenote betrek.

<p>(135 JO)</p> <p>&lt;23V&gt; &lt;oorvleuel&gt; Maar ons moet ook soos elke elke week ...</p> <p>&lt;10V&gt; &lt;oorvleuel&gt; ... soos ’n ... formeel soos toeknoophempie of ’n <i>jean</i> of iets aantrek.</p> <p>&lt;23V&gt; &lt;oorvleuel&gt; ... eendag ’n das of iets aantrek. Ek dink dis nogal <i>cool</i>.</p> <p>&lt;8M&gt; <u>Weet jy</u> hoe warm is dit?</p> <p>&lt;22V&gt; Dit is nogals oulik.</p>	<p>(136 JO)</p> <p>&lt;170V&gt; En <u>weet jy</u>, van studentekultuur se kant af ... met die organisering van die hele <i>event</i> wonder ek partykeer of ek by hierdie kampus is om te <i>swot</i> of om kultuur te organiseer.</p>
---	--

Die effens langer woordkluster “weet jy wat” se fokusimpak is byna nóg groter – dit is bedoel om die hoorder nuuskierig te maak en dui aan dat die inligting wat volg baie interessant of waardevol is. In die gevalle waar die bepaalde pragmatiese merker in die beginposisie van ’n kwotatief voorkom, word die langer weergawe “weet jy wat” telkens gebruik. Voorbeelde 137 en 138 illustreer dit.

<p>(137 JO)</p> <p>&lt;32V&gt; Dit is al wat jy moet doen. Jy moet hulle los <i>let them be</i>. As hulle <i>obviously</i> nou swak foute maak wat hulle self kan <i>harm</i> dan moet jy vir hulle sê want dit is jou plig soos: “Oukei dit ... <u>weet jy wat</u> &lt;naam&gt; dit is nou nie so goeie idee om <i>maruana</i> te spuit of iets nie.” &lt;lag&gt;</p> <p>&lt;16V&gt; Nee dis <i>obviously</i> nie ’n goeie idee nie.</p>	<p>(138 VO)</p> <p>&lt;117V&gt; Ja daar was twee keer wat ons gesê het: “<u>Weet jy wat</u>, ons kom haal jou tienneur,” jy weet: “So jy kan gaan tot tienneur” en sy’s oukei daarmee gewees, jy weet. Sy’t verstaan ... heeltemaal. So en dan was ek ook nie die enigste mamma wat my kind vroeg gaan haal het nie.</p> <p>So ja, mens mens ken mos nou maar die mense en dié wat ons nie geken het nie sê ek reguit: “<u>Weet jy wat</u>, ek ken nie hierdie mense nie so ons gaan jou kom haal. Hier’s vir jou ’n selfoon as daar probleme is, bel jy vir my.”</p>
---	---

In tabel 5.14 word die frekwensiepatrone van “weet jy (wat)” in die subkorpora van die PO uiteengesit. Daar is nie werklik noemenswaardige verskille in die genormaliseerde frekwensies van hierdie pragmatiese merker onder die sprekers van die verskillende subkorpora nie. Jong, manlike sprekers gebruik dit baie selde, terwyl volwasse mans en vroue dit min of meer ewe veel gebruik. Die bejaarde, vroulike sprekers gebruik “weet jy (wat)” taamlik frekwent, maar nooit as deel van ’n kwotatief nie.

Dit is egter opmerklik dat “weet jy wat” in tien gevalle in die beginposisie van ’n kwotatief gebruik word (soos in voorbeeld 137 en 138) en dat elkeen van hierdie voorkomste in die spraak van vroulike sprekers waargeneem is – ses keer in die VVO (genormaliseer 0,18) en vier keer in die VJO (genormaliseer 0,21). Weer eens korreleer die gebruik van ’n fokusmerker aan die begin van ’n kwotatief met die geslag en ouderdom van sprekers. Die feit dat volwasse

vroulike sprekers “weet jy wat” in die beginposisie van kwotatiewe gebruik, is insiggewend, omdat dit kan beteken dat volwasse vroue ook van grafiese vertellings gebruik maak, maar ander pragmatiese merkers as jonger vroulike sprekers verkies om dit mee in te kleur.

Subkorpus	Gebruik van “weet jy (wat)”	Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)
JO	16	0,5
VJO	13	0,7
MJO	3	0,3
VO	28	0,5
VVO	18	0,5
MVO	10	0,5
BO	11	0,7

Tabel 5.14: Frekwensietellings van die fokusmerker “weet jy (wat)” in die subkorpora van die PO

### 5.3.5.2 Die appelleerder “jy weet”

Die pragmatiese merker “jy weet” word, soos die meeste appelleerders, tipies aan die einde van ’n uiting of uitingsegment gebruik. Alhoewel “jy weet” aanvanklik gedeelde kennis kon veronderstel het, blyk dit uit voorbeelde uit die korpus (vgl. voorbeeld 139 uit die BO) dat hierdie pragmatiese merker nog weinig gedeelde kennis veronderstel, maar dat dit toenemend verstaan kan word as ’n bevestiging van begrip van die voorafgaande uiting.

(139 BO) <144V> Nee, ek het dit mos nou gesien en dis ’n belewenis. Ek het iewers ’n fotoalbum gehad waar waar jy die water sien val hier onder jou. Ek dink ek het dit met die trekkery verloor iewers – die fotoalbum, maar elk geval nee jy kry vir jou ’n ... Weet jy, toe ons gegaan het was daar ’n tannie en haar dogter wat ook alleen met die trein gekom het, jy weet, en ons het maar net gemeng met mekaar en so aan; gesels ... Dis baie mooi.



“Jy weet” toon ’n interessante verspreiding onder geslags- en ouderdomsgroepe (vgl. tabel 5.15). Dié pragmatiese merker kom selde voor onder jonger sprekers – in die JO was die gebruiksfrekwensie 0,3 gevalle per 1 000 woorde. Daarteenoor is dit uiters frekvent onder bejaarde sprekers (met ’n gebruiksfrekwensie van 5,7 keer per 1 000 woorde), en dit toon ook ’n matige voorkoms onder volwasse, manlike sprekers (met ’n gebruiksfrekwensie van 1,7 gevalle). Die frekwensie onder volwasse, manlike en vroulike sprekers in die PO verskil noemenswaardig – volwasse, manlike sprekers gebruik dié pragmatiese merker gereeld, terwyl volwasse vroue dit maar teen ’n frekwensie van 0,2 per 1 000 woorde aanwend. Hierdie merker word dus baie sterk geassosieer met bejaarde sprekers en volwasse, manlike sprekers. Bejaarde sprekers en manlike sprekers is tradisioneel dié groepe wat die swakste korrelasie met vernuwende vorme in taal toon. Dit is dus moontlik dat “jy weet” besig is om in gewildheid te taan en nie tans beskou word as ’n merker wat interessant en innoverend is nie. Dit kan moontlik wees dat die vorm op ’n stadium so algemeen geword het, dat dit gereduseer is tot ’n holruggeryde frase en sy trefkrag verloor het. Dit was opmerklik dat hierdie pragmatiese merker byna geen klem dra in sommige uitings nie en skaars hoorbaar geword het, wat kan dui op erosie of fonetiese reduksie (sien afdeling 3.3 oor grammatikalisasie). Ander sprekers het “jy weet” weer verkort tot “weet” – die “jy” word as ’t ware ingesluk (sien voorbeeld 83 in afdeling 5.3.3).

<b>Subkorpus</b>	<b>Gebruik van “jy weet”</b>	<b>Genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde)</b>
<b>JO</b>	<b>10</b>	<b>0,3</b>
<b>VJO</b>	8	0,4
<b>MJO</b>	2	0,2
<b>VO</b>	<b>41</b>	<b>0,8</b>
<b>VVO</b>	8	0,2
<b>MVO</b>	33	1,7
<b>BO</b>	<b>96</b>	<b>5,7</b>

**Tabel 5.15: Frekwensietellings van die appelleerder “jy weet” in die subkorpora van die PO**

Dit is dus baie moontlik dat “jy weet” onder die jonger sprekers en die vroulike, volwasse sprekers (wat tradisioneel as die vernuwers beskou word) verdring is deur ’n ander pragmatiese merker soos “verstaan (jy)”, soos voorbeeld 140 illustreer. ’n Ander appelleerder wat meeding met “jy weet” is “nè” wat ongelukkig nie binne die bestek van hierdie studie ondersoek kon word nie. Wanneer ’n sleutelwoordanalise gedoen word van die VO met die BO as verwysingskorpus, blyk dit dat “nè” ’n hoë statistiese beduidendheidswaarde van +42,09 het. Dit kom dus besonder frekwent voor in die spraak van volwassenes. Wanneer die JO en VO vergelyk word wat betref die gebruik van “nè”, is daar nie ’n statisties beduidende verskil nie, wat beteken dat die jonger en volwasse sprekers in die PO, hierdie appelleerder min of meer ewe frekwent gebruik.

(140 VO) <113V> En wat leer jy ook jou kinders, verstaan jy? lewers moet mens die streep ook trek. Jy kan nie ...

Daar is reeds genoem dat “weet jy” en “jy weet” tog nog in ’n mate ’n kernbetekenis bevat wat terugslaan op die kognitiewe vermoë van “om te weet”. Die laaste woordkluster “ek weet nie” word vervolgens in sy hoedanigheid as skermer bespreek.

### **5.3.5.3 Die skermer “ek weet nie”**

Die woordgroep “ek weet nie” word ook pragmaties aangewend. Dit word in die hoedanigheid van ’n skermer gebruik om onsekerheid aan te dui of ’n onwilligheid aan die spreker se kant om hom/haar té sterk te verbind tot ’n uiting. Die merker “ek weet nie” slaan dus nie in hierdie gevalle soseer op die proposisionele inhoud van “om nie iets te weet nie”, maar dui aan dat die spreker nog moet uitmaak wat sy houding ten opsigte van die proposisie is – dit wil sê dit dui op ’n losse verbintenis tot die waarheid of akkuraatheid van die uiting. In voorbeeld 141 gebruik die volwasse, vroulike spreker, 106V, “ek weet nie” om aan te dui dat die uitingsegment wat daarop volg net ’n voorstel is en dat dit nie beskou moet word as die enigste opsie nie. Dit is duidelik dat 106V ’n onderhandelende status wil kommunikeer en dat daar nog geensins ’n vaste besluit oor die saak geneem het nie. Dit maak die moontlikheid beskikbaar vir 110V om ’n ander opsie vir ’n uitstappie te noem.

(141 VO) <106V> ... maar toe dink ek: Wat ons kan doen ... dit ... mens moet eintlik net soos ... ag ek weet nie op 'n Sondag ná kerk gaan *strawberries* pluk of gaan ... Daar's so baie eintlik plekke wat 'n mens kan gaan.  
<110V> <oorvleuel> Daar is eintlik, ja. Ek wil nog bietjie na daai kaasplaas toe gaan.

Dit word ook gebruik om aan te dui dat die spreker nie weet of sy die regte woord of konsep gebruik nie. Die spreker gebruik in voorbeeld 142 uit die VO, “ek weet nie” om hierdie gebrek aan verbintenis tot die korrektheid van die uiting aan te dui.

(142 VO) <126V> Ja ek dink ... of 'n mooi persoonlikheid is nie aan 'n kleur gekoppel nie.  
<140V> Nee. Is dit nie wonderlik nie?  
<126V> Dis aan jou ... ek weet nie ... jou siel gekoppel.  
<140V> Ja nee.  
<126V> Iets binne-in jou. Nie aan jou velkleur nie.

Hierdie gebruik kom veral onder die volwasse sprekers voor met 13 voorkomste in VVO en agt voorkomste in die MVO. Onder jong sprekers en bejaarde sprekers was die gebruiksfrekwensie uiters beperk (JO: 1; BO: 2). Die merker “ek weet nie” kan in sommige gevalle 'n alternatief wees vir “soos” as skerm en aangesien jonger sprekers duidelik die merker “soos” verkies, kan dit moontlik 'n verklaring wees vir die lae frekwensies daarvan onder die jonger sprekers.

#### **5.3.5.4 Samevatting**

By die pragmatiese merkers “hoor”, “hoor hier(so)” en “weet jy”, “jy weet” en “ek weet nie” kan duidelike verspreidings-tendense waargeneem word in terme van die sosiale veranderlikes, *ouderdom* en *geslag*.

Die pragmatiese “hoor” stem ooreen met die baie frekwente Nederlandse “hoor”, maar is in Afrikaans nie so 'n gewilde pragmatiese merker onder die jonger sprekers nie. Dit kan moontlik

toegeskryf word daaraan dat “hoor” maklik meewarigheid aan die kant van die spreker te kenne kan gee. Jong sprekers vermy enige woordkeuse wat die gespreksgenoot as neerbuigend kan ervaar, omdat hulle in die eerste plek deur gesprek besig is om verhoudinge in stand te hou.

Die vorm “hoor hier(so)” word deur al die ouderdomsgroepe gebruik, maar dubbel soveel deur die jong, vroulike sprekers en veral in die beginposisie van kwotatiewe. Die fokusfunksie bly dieselfde te bly, of dit nou gebruik word om gespreksgenote se aandag te trek en of dit in gekonstrueerde dialoog gebruik word.

Die merker “weet jy” kom gewoonlik in uittingsinisiële posisie voor en dit ondervang ’n fokusfunksie. Alhoewel “jy weet” waarskynlik begin het as ’n merker om gedeelde kennis aan te dui, het hierdie betekenis verlore gegaan en sprekers gebruik dit meestal as leë appelleerder waarop geen reaksie verwag word nie. “Ek weet nie” is ’n merker wat duidelik geassosieer word met die volwasse sprekers en wat as skermer gebruik word om ’n losse verbintenis tussen die spreker en die proposisie aan te dui. Dit word veral met volwasse sprekers geassosieer en word moontlik vervang deur “soos” in die jonger sprekers se spraak.

## 5.4 Samevatting van die data-analise

’n Aantal pragmatiese merkers wat frekwent onder sprekers van die PO voorgekom het, is in hierdie hoofstuk ondersoek. Daar is klem gelê op die verskillende funksies wat hierdie pragmatiese merkers kan verrig deur na spesifieke voorbeelde uit die korpus te verwys. Dit het duidelik geword dat een vorm vele funksies kan verrig. “Rêrig/regtig” tree hoofsaaklik as intensieverder op, maar word ook ingespan as skermer, responsmerker, appelleerder en aarselingsmerker. “Oukei” verrig ’n wye verskeidenheid van funksies in verskillende domeine, soos diskoersmerker, aarselingsmerker, responsmerker, appelleerder en fokusmerker. Dit word egter ook gebruik om die kognitiewe impak van situasionele stimuli te kenne te gee.

“Soos” is net so veelsydig en as die groot aantal oorgangsvorme in ag geneem word, lyk dit asof dit tans teen ’n vinnige tempo grammatikaliseer en voortdurend in nuwe kontekste en met nuwe funksies gebruik word. Die twee uitstaande funksies is dié van fokusmerker en kwotatiefmerker, maar dit tree ook op as skermer, ’n tweeledige skermer-fokusmerker en aarselingsmerker.

Die verspreiding van sommige pragmatiese merkers en funksies is ondersoek ten einde afleidings te maak oor gebruikspatrone wat uit die data na vore kom. Tabel 5.16 toon ’n

samevatting van die genormaliseerde frekwensie (per 1 000 woorde) van die belangrikste pragmatiese merkers in die subkorpora van die PO.

Aangesien die keuse van pragmatiese merkers om te ondersoek gedeeltelik gebaseer was op die resultate 'n sleutelwoordanalise, is dit nie verbasend om te sien dat die jonger sprekers deurgaans die voortou neem in die gebruik daarvan nie. Ook die literatuurstudie het hierdie tipe resultaat in die vooruitsig gestel. Dit is egter verbasend in watter mate die frekwensie van pragmatiese merkers soos “oukei” en “soos” verskil. Wat die gebruik van “soos” betref, gebruik die jong, vroulike sprekers dit teen 'n verbysterende frekwensie van 7,6 keer per 1 000 woorde. Dit vergelyk met die funksiewoorde “sê” en “kan” wat frekwensies van 7 en 6,8 onderskeidelik in die PO vertoon.

Subkorpus	“Rêrig/regtig”	“Oukei”	“Soos”	“Hoor hier(so)”	“Weet jy”
<b>JO</b>	<b>2,3</b>	<b>4,7</b>	<b>6,3</b>	<b>1,3</b>	<b>0,5</b>
VJO	2,1	5,6	7,6	1,7	0,7
MJO	2,7	3,3	4,4	0,8	0,3
<b>VO</b>	<b>1,2</b>	<b>2,9</b>	<b>0,9</b>	<b>0,6</b>	<b>0,5</b>
VVO	1,6	3,6	0,7	0,6	0,5
MVO	0,4	1,7	1,1	0,6	0,5
<b>BO</b>	<b>0,4</b>	<b>0,1</b>	<b>&lt; 0,1</b>	<b>0,6</b>	<b>0,7</b>

Tabel 5.16: 'n Vergelyking van genormaliseerde frekwensies (per 1 000 woorde) van pragmatiese merkers.

Behalwe vir “rêrig/regtig” toon die jong, vroulike sprekers deurgaans beduidend hoër gebruiksfrekwensies as hulle manlike eweknieë vir die pragmatiese merkers wat ondersoek is. Die jong mans gebruik egter ook die pragmatiese merkers wat kan dui op verspreiding en aanvaarding van die vorm in die taalgemeenskap.

Die volwasse sprekers gebruik wel die ondersoekte pragmatiese merkers aansienlik minder as die jonger sprekers, maar die frekwensies wat waargeneem is, bevestig dat die volwasse sprekers hierdie vorme ken, verstaan en aanvaar. Dit lyk ook of volwasse vroue meedoen aan die verspreiding van hierdie vorme – vergelyk byvoorbeeld die frekwensies van “rêrig/regtig” en “oukei” in die VVO. Die uitsondering hier is die volwasse vroue se reaksie op “soos”.

Volwasse mans gebruik “soos” meer as 1 keer per 1 000 woorde as pragmatiese merkers. Dit is daarom vreemd dat volwasse vroue dié merker taamlik min gebruik. Die rede hiervoor kan wees dat die vorm tog effens gestigmatiseer is en dat vroue, wat bekend is daarvoor dat hulle na die prestigevariëteit streef, doelbewus wegbeweeg daarvan. Die mans aan die ander kant is bekend daarvoor dat hulle na onderlangse aansien (“covert prestige”) streef, en hulle is nie bang om “soos” te gebruik soos wat die jonger sprekers dit gebruik nie.

Die klassifikasie van die jong, vroulike sprekers se gebruik van die pragmatiese merkers het by “oukei” en “soos” die grootste uitdagings gebied, aangesien hulle dit in soveel nuwe kontekste en met nuwe betekenisnuanses gebruik. Hierdie betekenisverskuiwings sou oor ’n paar jaar met groot vrug ondersoek kon word indien ’n vergelykbare korpus opgestel sou kon word wat ’n diachroniese ondersoek moontlik sal maak.

Jong, vroulike sprekers se frekwente gebruik van pragmatiese merkers soos “soos”, maar ook “oukei” en “hoor hier(so)” kan moontlik verklaar word deur ’n tendens om grafiese narratiewe te gebruik om inligting, houdings en gevoelens aan gespreksgenote te openbaar. Pragmatiese merkers word opeengehoop gebruik, aangesien sulke narratiewe taamlik lank is en die spreker dus hard moet werk om die beurt te behou. Die kwotatiefmerker “soos” word gebruik om die tempo van die vertelling te versnel en die verwerkingsinspanning van die gespreksgenoot tot ’n minimum te beperk. Bykomende pragmatiese merkers, veral fokusmerkers, word gebruik om die aandag van die gespreksgenoot te vestig op die kwotatief. ’n Kwotatief is ’n konstruksie wat veelseggende gesigsuitdrukking, interne of gekonstrueerde dialoog bevat wat dikwels meervoudige betekenislae vertoon, soos byvoorbeeld die proposisionele inhoud plus die houding van die spreker teenoor die inhoud plus ’n beoordeling van die inhoud. Hierdeur konstrueer jong vroulike sprekers ’n uiting wat nie meer net ’n uiting is nie, maar ’n vermaaklike opvoering, selfs herkonstruksie, van die gebeure waarna verwys word. So ’n uiting kry die status van optimale relevansie (hierdie narratiewe word selde indien ooit onderbreek) en dit bied voldoende kontekstualiseringsleidrade vir gespreksgenote om die implisiete boodskap daarvan suksesvol te interpreteer.

In hierdie hoofstuk is slegs vyf verskillende pragmatiese merkers ondersoek. Verdere ondersoek na pragmatiese merkers behoort die afleidings wat in hierdie studie gemaak is, te kan bevestig of verbeter. Dit is jammer dat daar nie binne die bestek van hierdie studie ruimte is vir ’n meer volledige bespreking van Afrikaanse pragmatiese merkers nie.

In die volgende hoofstuk word ’n samevatting van die onderhawige studie gebied en bepaalde gevolgtrekkings aan die hand van die data-analise word gemaak.

# Hoofstuk 6 : Samevatting en Gevolgtrekkings

## 6.1 Inleiding

In hierdie slothoofstuk word besin oor die bevindinge van die data-analise wat in hoofstuk 5 gerapporteer is. 'n Opsomming van elke hoofstuk word aangebied waarna elke navorsingsvraag bespreek en beantwoord word aan die hand van die bevindinge en die relevante literatuur. Die beperkinge van die studie sowel as die bydrae daarvan sal daarna bespreek word. Die hoofstuk word afgesluit deur voorstelle te maak vir toekomstige navorsing en 'n kort besinning oor die studie.

## 6.2 Opsomming van hoofstukke

In hoofstuk 1 is die studie bekendgestel en die doelwitte daarvan uiteengesit. Die doel van die studie was om 'n korpus van Omgangsafrikaans saam te stel wat verteenwoordigend sou wees van verskillende ouderdoms- en geslagsgroepe ten einde die gebruik van pragmatiese merkers korpuslinguisties vergelykend te ondersoek. Die tekort aan soortgelyke studies en die gebrek aan die beskikbaarheid van data is uitgelig. Voorts is drie navorsingsvrae gestel wat die studie sou rig.

Die konsep "pragmatiese merkers" is in hoofstuk 2 bespreek en vir die doeleindes van die onderhawige studie is dit gedefinieer as talige elemente (woorde of kort frases) wat vanuit 'n verskeidenheid grammatikale klasse grammatikaliseer. Pragmatiese merkers speel 'n belangrike tekstuele rol in die dinamiese opbou en samehang van 'n gesprek, dit dra by tot die sosiale interaksie tussen gespreksgenote en stel sprekers in staat om op 'n bondige wyse metalinguistiese inligting rakende 'n uiting te impliseer. Tipiese kenmerke wat met pragmatiese merkers geassosieer word, is bespreek. Op grond van internasionale en plaaslike literatuur is 'n aantal funksies geïdentifiseer wat pragmatiese merkers in gesproke taal kan verrig. 'n Kort oorsig is gegee van bevindinge rakende die gebruik van elkeen van hierdie funksies wat reeds ondersoek is, veral met die fokus op studies wat die sosiopragmatiese veranderlikes *ouderdom* en *geslag* ondersoek het.

In hoofstuk 3 volg 'n teoretiese begroning vir die huidige studie wat 'n eklektiese benadering behels. Hierdie benadering behels 'n kombinasie van beginsels geneem uit die relevansieteorie en die diskoersanalise. Gumperz (2003) se diskoersanalitiese werk oor kontekstualiseringswenke is betrek. Die teorie van grammatikalisasie is bespreek en daar is

aangetoon wat die relevansie daarvan vir 'n studie van pragmatiese merkers is. Die studie is binne die raamwerk van die sosiopragmatiek (vgl. Beeching & Woodfield, 2015:3-4) uitgevoer en veral die moontlike effek van die sosiopragmatiese veranderlikes *ouderdom* en *geslag* is ondersoek.

In hoofstuk 4 is die korpuslinguistiese metodologie uiteengesit. Die waarde van 'n korpuslinguistiese benadering vir sosiopragmatiek is bespreek, waarna die metodologie wat in hierdie studie gebruik is, beskryf en verantwoord is.

'n Vorm-funksie-benadering is gevolg in hoofstuk 5 ten einde korpusdata te analiseer. Pragmatiese merkers is geïdentifiseer en dan volledig bespreek in terme van die verskillende funksies soos vergestalt in die taalgebruiksvoorbeelde. Daar is gepoog om gebruiksverskille tussen die verskillende spreker-groepe te agterhaal deur die frekwensie en funksies wat in die onderskeie groepe gevind is, te vergelyk.

## **6.3 Bespreking van navorsingsvrae**

### **6.3.1 *Algemeen gebruiklike pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans***

Ondersoekvraag 1 het gefokus op watter pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans frekvent gebruik word. Afrikaans is, soos die meeste ander tale, ryk aan pragmatiese merkers. Dit sou onmoontlik wees om alle Afrikaanse pragmatiese merkers te bespreek binne die bestek van dié studie. Soos in hoofstuk 5 uiteengesit, is daar gefokus op merkers wat deur sleutelwoordanalise uitgewys is as beduidend meer frekvent in die spraak van jongmense as in die spraak van die volwasse groep. Die rede vir die gebruik van die jongmense se spreektaal as bepalend in die keuse van pragmatiese merkers, is omdat sociolinguistiese studies uitgewys het dat jongmense pragmatiese merkers oorwegend meer frekvent en vernuwend aanwend (vgl. Martínez, 2011:2453; Stenström, 2014:33).

Die volgende pragmatiese merkers is geïdentifiseer as frekwente merkers in veral die spreektaal van jongmense (maar wat ook in die volwasse en bejaarde sprekers se omgangstaal waargeneem is):

- “rêrig/regtig”
- “oukei”
- “soos”



- “hoor” en “hoor hier(so)”
- “jy weet”, “weet jy” en “ek weet nie”

Ander pragmatiese merkers wat in die korpus waargeneem, en in die toekoms ondersoek kan word, sluit in:

- “nè”
- “maar”
- “net”
- “nou”
- “en goed” en “en goeters”

### **6.3.2 Die funksies van pragmatiese merkers**

Ondersoekvraag 2 poog om te peil watter funksies deur pragmatiese merkers vervul word en wat ten grondslag lê van hierdie frekwente funksiegebruike.

Die funksies van pragmatiese merkers is in hierdie korpuslinguistiese en sosiopragmatiese ondersoek vergelykend verken. Vervolgens word die funksies van elk van die vyf bespreekte frekwente pragmatiese merkers aan die hand van gepaste voorbeelde kortliks saamgevat in antwoord op ondersoekvraag 2.

Die frekwensie van pragmatiese merkers in 'n sosiopragmatiese ondersoek, behoort uitgelig te word deur na vergelykende frekwensies in die onderskeie subkorpora te verwys. Watter pragmatiese merkers geassosieer word met watter ouderdoms- of geslagsgroep en watter pragmatiese merkers meer frekwent gebruik word deur die een groep as deur die ander groepe, is hier van belang.

#### **6.3.2.1 Die funksies van “rêrig/regtig”**

“Rêrig/regtig” word in die PO gebruik om die volgende funksies te verrig:

- intensiveerder
- skermer
- responsmerker
- appelleerder

Die gewilde pragmatiese merker “rêrig” tree gereeld as intensiveerder op, byvoorbeeld:

(143) Daar is so een ou uhm van Tuks wat soos regtig suiwer Afrikaans praat en dit klink soos ... dit klink goed.<sup>100</sup>

Die funksie as intensiveerder is die uitstaande funksie en dit maak meer as die helfte van die totale gebruike van “rêrig/regtig” uit.

Dié pragmatiese merker word ook, en veral deur die jonger sprekers, as skermer gebruik soos in die voorbeeld hieronder geïllustreer:

(144) En dis dis *nice* om die hemde te hê, maar dan trek jy dit nie rêrig aan nie. Dan wat de hel.

Die respons- en appelleringsfunksies toon laer frekwensies in die korpus, maar “rêrig/regtig” word wel gebruik as responsmerker (dikwels om verbasing of verontwaardiging aan te dui) en appelleerder (om 'n appèl op gespreksgenote te maak om die uiting as die waarheid te aanvaar).

### **6.3.2.2 Die funksies van “oukei”**

Die studie het bevind dat die pragmatiese merker “oukei” frekvent ingespan word in informele Omgangsafrikaans. Hierdie bevinding staan in direkte kontras met Huddlestone en Fairhurst (2013:101-103) se gevolgtrekking dat “okay” in Suid-Afrikaanse Engels (soos gevind in die ICE-SA) nie frekvent voorkom in tipiese gesprekke<sup>101</sup> nie, maar geassosieer word met telefoongesprekke, diensleweringsgesprekke (die verskaffing van medisyne in 'n apteek) en universiteitslesings.

“Oukei” verrig die volgende funksies in die PO:

- diskoersmerker
- aarselingsmerker
- responsmerker

---

<sup>100</sup> Voorbeelde in hierdie hoofstuk word slegs ter toeligting van die meer frekwente funksies aangebied.

<sup>101</sup> Informele gesprekke (“face to face conversations”) is een van die onderafdelings van die ICE-korpora (vgl. Fairhurst, 2013:28).

- appelleerder
- fokusmerker

As diskoersmerker word “oukei” gebruik om ’n wye verskeidenheid van wendings in ’n gesprek aan te dui. Dit sluit in die oornome van ’n beurt, onderwerpsverandering, as aanduiding van ’n onderbreking of parentese en om die volgende stap in die gesprek aan te dui. In die volgende voorbeeld word “oukei” byvoorbeeld aangewend om die oornome van ’n beurt en ’n verandering van onderwerp aan te dui:

(145) <7V> Oukei nou gaan ons gou-gou oor rek <rekeningkunde> praat.

Hierdie gebruike van “oukei” stem ooreen met navorsing oor Britse korpora wat aandui dat “okay” in Engels gebruik word om “boundaries in talk” te markeer (Adolphs & Carter, 2013:70) en om onderwerpe aan te kondig of af te sluit (Adolphs & Carter, 2013:73). Ook in Suid-Afrikaanse Engels lui “okay” ’n nuwe onderwerp in en tree op as gespreksbestuursmerkers, byvoorbeeld, om die gesprek terug te neem na ’n vorige onderwerp (Huddleston & Fairhurst, 2013:101-103).

“Oukei” as responsmerker is die mees frekwente funksie (sien voorbeeld 146). Dit kan dien as neutrale erkenning van inligting of instemming, maar dit kan ook meer openbarend van die gespreksgenoot se opvatting van die uiting wees. Dit kan byvoorbeeld ’n hoflike erkenning van iemand se standpunt te kenne gee, of aandui dat die gespreksgenoot dit moeilik vind om die vorige uiting as geloofwaardig te beskou. In die volgende voorbeeld word “oukei” byvoorbeeld as responsmerker ingespan om aan te dui dat daar kennis geneem word, sonder om die beurt oor te neem:

(146) <69V> ...want dit was soos nege-uur die aand ... toe sê hy hy gaan ... hy wil dalk vir my soos ’n *tank* petrol ingooi elke maand.

<68V> Oukei, dis *nice*.

Adolphs en Carter (2013) dui aan dat “okay” in die Britse korpora wat hulle ondersoek het ook ’n belangrike responsmerker is. Hulle noem ’n aantal funksies van “okay”, soos dié van terugvoerkanale (“backchannel”) wat beurtprysgawe kan aandui (Adolphs & Carter, 2013:159)

of bloot aandui dat daar aktief geluister word, soos die “information receipt token” (Adolphs & Carter, 2013:54). Ook Precht (2008:92) identifiseer “okay” as ’n frekwente responsmerker in haar data.

“Oukei” tree voorts op as aarselingsmerker wat die spreker in staat stel om die beurt te behou terwyl hy sy gedagtes orden. Huddleston en Fairhurst (2013:102) bevind dat die Engelse “okay”, veral in die middelposisie van ’n uiting, as aarselingsmerker optree in Suid-Afrikaanse Engels soos gevind in die ICE-SA<sup>102</sup>. In die volgende voorbeeld gebruik die spreker “oukei” en “uhm” om homself tyd te gee om sy gedagtes te orden.

(147) <57M> Oukei uhm ek gaan o ja wat doen julle soos gaan julle vi ...

“Oukei” word in die PO as appelleerder deur jongmense en ’n mindere mate deur volwassenes ingespan om die gespreksgenote by die gesprek te betrek. Dit korreleer met Stenström (2014:34) se bevindinge dat “okay” frekwent as ’n appelleerder optree in die taalgebruik van tieners in COLT. Ook in Suid-Afrikaanse Engels word “okay” soortgelyk aangewend (Huddleston & Fairhurst, 2013:102). “Oukei” as appelleerder word egter betreklik min gebruik in Omgangsafrikaans in vergelyking met die Engelse navorsing wat gedoen is. Volgens Stenström et al. (2002:184) is “okay” die derde gewildste appelleerder onder die tienersprekers sowel as die volwasse sprekers in die korpora wat ondersoek is (onderskeidelik COLT en NBC). In die Afrikaanse PO word “oukei” egter betreklik min as appelleerder ingespan deur sowel die tieners as die volwasse sprekers: jonger spreker se gebruiksfrekwensie is 0,3 per 1 000 woorde, terwyl volwasse sprekers se frekwensie slegs 0,06 per 1 000 woorde is. Die rede vir die lae gebruiksfrekwensie van “oukei” as appelleerder kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat “oukei” as appelleerder in sterk kompetisie staan met ander pragmatiese merkers – soos *né* – wat ook ingespan kan word as appelleerders. Voorbeeld 148 is ’n voorbeeld van “oukei” as appelleerder.

(148) <108M> <aan kind> Jy moet ook nie al die tjippies eet nie, oukei. Hoor jy mm?

---

<sup>102</sup> Die International Corpus of English - South African English (ICE-SA) maak deel uit van ’n groter versameling korpora wat verskeie variëteite van Engels verteenwoordig. Aangesien die ICE aan streng insamelings- en transkripsievereistes moet voldoen en volgens vasgestelde kategorieë ingedeel word op grond van die tekstipe, is hierdie korpora tot ’n hoë mate vergelykbaar (Jeffrey, 2003).

In Suid-Afrikaanse Engels word “okay”, veral in die aanvangsposisie, gebruik om gespreksgenote se aandag te trek (Huddleston & Fairhurst, 2013:101). In die PO word “oukei” as fokusmerker veral met jong vroulike sprekers geassosieer. Dit kom dikwels aan die begin van ’n kwotatief voor. Volgens Huddleston en Fairhurst (2013:102) word “okay” in Suid-Afrikaanse Engels ook dikwels gebruik wanneer ’n spreker direkte rede gebruik.

Dit lyk dus of die funksies van “oukei” grootliks ooreenstem met funksies wat vir “okay” geïdentifiseer is in die literatuur oor pragmatiese merkers. Die Afrikaanse “oukei” kan ook as respons gebruik word, wat insig kan bied in die kognitiewe impak wat een of ander stimuli, soos byvoorbeeld die voorafgaande uiting, op die spreker gehad het. Dit word dikwels ingesluit by ’n kwotatief en word gebruik om iets van die gedagte-wêreld van die spreker aan die gespreksgenote te openbaar. Sover bepaal kon word, word hierdie funksie nog nie met die Engelse “okay” geassosieer nie. Die moontlikheid bestaan dus dat “oukei” in Afrikaans besig is om te grammatikaliseer om ander funksies te verrig as “okay”. In hoofstuk 5 is daar verwys na drie maniere waarop pragmatiese merkers in ’n gasheertaal opgeneem kan word, naamlik verenging, uitbreiding en/of verskuiwing (vgl. Andersen, 2014:20). Die feit dat “oukei” hierdie bykomende funksie vertoon, kan moontlik beteken dat daar sprake is van funksionele uitbreiding van die leenmerker “oukei” in Afrikaans.

### **6.3.2.3 Die funksies van “soos”**

Die ondersoek na “soos” het aan die lig gebring dat dié merker in baie gevalle nog konvensioneel aangewend word. Die manier waarop konvensionele gebruike moontlik kon lei tot nuwer pragmatiese gebruike is ondersoek en met voorbeelde belig. “Soos” as pragmatiese merker kan optree as:

- fokusmerker
- skermer
- skermer-fokusmerker
- aarselingsmerker
- kwotatiefmerker

Die fokusmerker “soos” word gebruik om die hoorder se aandag te vestig op die woord of uitingsegment wat daarop volg – soos in die voorbeeld hieronder geïllustreer:

(149) <64V> Om goeters *actually* te begin soos finaliseer <klem op elke lettergreep>.

Dié fokusfunksie word deur sprekers van al die verskillende ouderdomsgroepe gebruik. *The American Heritage Dictionary* van 1967 dokumenteer reeds die fokusfunksie van “soos” se Engelse eweknie “like” as ’n “expletive to provide emphasis or pause” soos in die voorbeeldsin *The accident was like horrible* (Romaine & Lange, 1991:245). Ook Underhill (1988) se artikel handel uitsluitlik oor “like” as fokusmerker. Dit wil dus voorkom asof hierdie funksie van “like” al vir ’n geruime tyd erken word, alhoewel dié funksie steeds beskou word as niestandaardtaalgebruik.

“Soos” as skermer word aangewend om veral een van twee funksies in Omgangsafrikaans uit te voer. Die eerste groep skermers dui aan dat die daaropvolgende gedeelte van die uiting slegs naastenby akkuraat is (benaderingsmerkers). Die tweede groep tree op in gesprekke om hoflikheidskonvensies na te kom, deur ’n uiting byvoorbeeld minder dominerend te maak (sien voorbeeld 150). Fleischman en Yaguello (2004:134) verwys na die Engelse “like” en die Franse “genre” se funksie as skermer (“hedge”). Hierdie soortgelyke merkers word ook in Engels en Frans gebruik om onderskeidelik ’n benaderde waarde aan te dui of om die uiting meer hoflik te maak.

(150) <167V> Ek dink dit gaan ’n hele ander ma= ander tipe *nationals* wees hierdie jaar as byvoorbeeld Potch uhm of Bloemfontein . Ek dink dit dis lekker ... dis soos bietjie meer soos half *local* en ons is gereed vir *nationals*.

Terwyl die fokus- en skermingsfunksies in die literatuur afsonderlik hanteer word (vgl. Fleischman & Yaguello, 2004; Levey, 2003:80), toon voorbeelde uit die PO dat hierdie twee funksies taamlik frekwent gekombineer word in Omgangsafrikaans. Daar word hierna verwys as die tweeledige skermer-fokusmerker. In hierdie gevalle word die “soos” as benaderingsmerker gebruik, maar fokus terselfdertyd die gespreksgenote se aandag op die gedeelte van die uiting wat volg. Die uitingsegment wat beklemtoon word, is dikwels onakkuraat (wat benadering noodsaak), omdat dit oordryf word – soos in die voorbeeld hieronder geïllustreer:

(151) <151M> As jy vat ... wat? Dit is soos R105, R108 of iets vir ’n *3D ticket*.

In die gevalle waar geen oordrywing plaasvind nie, word die uitingsegment ná die skermer-fokusmerker gebruik om aan te dui hoe duur, hoe vroeg of laat, of hoe baie dit is waaroor die

spreker praat. Soms word dit ook gebruik om 'n onbeleefde uitspraak gelyktydig te versag en te beklemtoon.

In die Engelse literatuur word verwys na die populêre persepsie dat “like” hoofsaaklik gebruik word as aarselingsmerker en dat dit 'n teken is van onwelsprekendheid of slordige taal. Dit word beskou as 'n woord wat lukraak in 'n uiting ingevoeg word, sonder dat dit enige bydrae maak daartoe (vgl. Fox Tree, 2007:298). Maar navorsers, soos Miller en Weinert (1995:372), maak beswaar teen die siening dat “like” hoofsaaklik as aarselingsmerker gebruik word. Miller en Weinert (1995:372) se data toon dat “like” tipies nié met aarseling geassosieer kan word nie. Gebaseer op die PO-data lyk dit of dieselfde afleiding rakende “soos” in Omgangsafrikaans gemaak kan word. Slegs 'n klein aantal voorbeelde waar “soos” as aarselingsmerker optree, kom in die PO voor. Die oorgrote meerderheid instansies van “soos” verrig 'n betekenisvolle pragmatiese funksie en selfs dié wat as aarselingsmerker optree, stel die spreker in staat om die beurt te behou en verrig dus 'n belangrike diskoersfunksie.

Die kwotatiefmerkende “soos” vertoon die hoogste frekwensie in die PO van al die funksies wat aan “soos” toegeskryf is. Dit berei die gespreksgenote voor op die veelseggende gesigsuitdrukking en klanknabootsing asook interne en gekonstrueerde dialoog wat daarop volg. Dit lyk of “soos” as kwotatief veral deur jong vroulike sprekers gebruik word om seggingskrag en tempo aan grafiese narratiewe te verleen. Voorbeeld 152 bevat 'n tipiese kwotatiewe “soos”.

(152) <43V> Hoor hier, kan ek iets vir julle sê? Vandat ek en <naam> saam is dan's my tannie soos: “Wil jy nie asseblief gou by <naam> hoor of hy net gou hierdie *safety* hek vir ons wil kom opsit nie? Wil jy nie gou by <naam> hoor of hy hierdie kopstuk van die muur af sal haal nie?”

Die Engelse ekwivalent (waarna gewoonlik verwys word as “quotative be like”) vertoon min of meer dieselfde funksies as “soos” in Afrikaans. Dit lyk egter of die gebruik van “like” as suffiks (sien voorbeeld 153) 'n invloed kon gehad het op die grammatikalisasie van “like”, terwyl eg Afrikaanse uitdrukkinge soos “soos wat” weer 'n unieke invloed op die grammatikalisasie van “soos” gehad het (sien afdeling 5.3.3.1).

(153) The sculpture looked quite human-like. (Romaine & Lange, 1991:244)

Dit is ook dalk betekenisvol dat “soos” as kwotatief dikwels in kollokasie met “van” gebruik word, terwyl geen voorsetsel saam met “like” gebruik word in Engels nie.

Dit blyk dat daar wel uit die sinchroniese data afleidings gemaak kan word oor die grammatikalisasie van die pragmatiese merker “soos”. Dit kan gedoen word omdat daar steeds verskeie betekenislae van die woordvorm “soos” in Omgangsafrikaans voorkom wat vergelyk kan word. Die PO bevat ook ’n aantal instansies wat tekenend kan wees van oorgangsvorme wat, alhoewel dit steeds konvensionele funksies uitvoer, tekens begin toon dat dit ook gelaai is met pragmatiese betekenis.

’n Moontlike grammatikalisasieroete kan afgelei word: Die konvensionele gebruik van “soos” as vergelykende voegwoord het aanleiding gegee tot die gebruik daarvan om ’n voorbeeld of illustrasie van die voorafgaande uiting in te lui. Hierdie gebruik, saam met die Afrikaanse uitdrukking “iets soos”, dra by tot die grammatikalisasie van “soos” tot skermer wat die spreker in staat stel om die verbintenis met die proposisionele inhoud van die uiting te nuanseer. Hierdie gebruik kon aanleiding gegee het tot die gebruik van “soos” saam met tradisionele *verba dicendi* (byvoorbeeld “sê”, “skree” of “roep”) in kwotatiefstrukture waar sprekers ’n losse verbintenis met die inhoud van die proposisie te kenne wou gee. Gou het die *verba dicendi* oorbodig geraak en is vervang met ’n “soos”-konstruksie (byvoorbeeld “Ek is soos van:”). Aanvanklik is veral veelseggende gesigsuitdrukkings, gebare of klanknabootsing op hierdie manier aangekondig, maar gou brei “soos” as kwotatiefmerker uit om ook gekonstrueerde dialoog in te lui. Dit brei uit van uitings in die eerste persoon na tweede en selfs derde persoon.

“Soos” in Omgangsafrikaans vertoon tekens van grammatikalisasie. Dit is duidelik dat “soos” in baie gevalle ’n verlies aan betekenisinhoud ondergaan het (desemantisering) en toenemend pragmatiese funksies verkry. Die woordvorm het reeds uitgebrei om in verskeie kontekste aangewend te word. Wanneer daar na die opnames geluister word, is daar gevalle waar “soos” al redelik foneties gereduseer is na ’n woordvorm met ’n neutrale schwa wat die [o]-klank vervang ([səs]). Die gebruiksfrekwensie van “soos” onder die verskillende sprekergroepe bied verdere leidrade rakende die grammatikalisasie van hierdie woordvorm. (Sien die bespreking hiervan by afdeling 6.3.3.3.)

Die verskillende funksies van die pragmatiese merker “soos” bied dus ’n betekenisvolle perspektief op grammatikalisasieprosesse in Afrikaans.



#### **6.3.2.4 Die funksies van “hoor” en “hoor hier(so)”**

Die pragmatiese merker “hoor” tree op as appelleerder en word normaalweg aan die einde van ’n uiting of uitingsegment geplaas:

(154) <140V> Ja, dis so lekker, hoor, want hier is hierdie wonderlike saal hier by die die aftreeoord; die kapel wat hier by is.

“Hoor” as pragmatiese merker kan gebruik word om ’n reaksie te kry van die aangesprokene, maar soms word dit gebruik om die voorafgaande uiting te beklemtoon. Hierdie pragmatiese merker stem in ’n mate ooreen met die Nederlandse “hoor”. Die Nederlandse “hoor” kom normaalweg aan die einde van die uiting voor en dit bepaal die voorafgaande uitingsegment. Mazeland en Plug (2010:161-162) beskryf die algemene funksie van die Nederlandse “hoor” as “retro-actively reinforcing or emphasizing an aspect of the preceding utterance”, maar noem ook dat ander funksies, onder meer ’n skermingsfunksie, geïdentifiseer kan word. Dit kan ’n aanduiding gee van die spreker se opregtheid, die stelling of bewering wat die spreker maak temper, of ’n gerusstelling artikuleer. Alhoewel daar nie gesê kan word dat die Afrikaanse “hoor” presies dieselfde betekenisdimensies het as die Nederlandse weergawe daarvan nie, beskryf hierdie funksies oorhoofs ook die aard van “hoor” in Afrikaans.

“Hoor hier(so)” word as fokusmerker gebruik deur veral die jong, vroulike sprekers. Dit is ’n gewilde keuse om as eerste woord van ’n kwotatief te dien en vestig die aandag op die inhoud van die kwotatief wat daarop volg soos in voorbeeld 155 hieronder:

(155) <136V> ...maar ek sê vir haar: “Hoor hierso, ek kan jou druk en druk en druk vanoggend” <lag>

Daar kon geen navorsing oor “hoor hier(so)” of soortgelyke pragmatiese merkers in ander tale gevind word nie.

#### **6.3.2.5 Die funksies van “jy weet”, “weet jy (wat)” en “ek weet nie”**

Die drie woordklusters wat *weet* as kern bevat, naamlik “jy weet”, “weet jy (wat)” en “ek weet nie”, tree op as afsonderlike pragmatiese merkers en vertoon elkeen unieke funksies.

“Jy weet” tree op as appelleerder soos in voorbeeld 156 hieronder:

(156) <144V> Ja en 'n mens bereik niks daarby nie; in elk geval nie deur deur 'n klagte nie, jy weet, deur te *moan* nie wil ek sê.

Dit lyk egter of hierdie vorm 'n leë, cliché-agtige stelswyse geword het, soveel so dat dit slegs noemenswaardige frekwensies toon in spreker-groepe wat tradisioneel nie met vernuwende taalgebruik geassosieer word nie, naamlik volwasse manlike sprekers en bejaarde sprekers.

“Weet jy (wat)” word, soos “hoor hier(so)”, dikwels gebruik in die beginposisie van 'n kwotatief. Dit tree as fokusmerker op wat die daaropvolgende uitingsegment beklemtoon soos voorbeeld 157 illustreer:

(157) <117V> So ja, mens mens ken mos nou maar die mense en dié wat ons nie geken het nie sê ek reguit: “Weet jy wat, ek ken nie hierdie mense nie so ons gaan jou kom haal. Hier's vir jou 'n selfoon as daar probleme is, bel jy vir my.”

“Ek weet nie” word gebruik wanneer sprekers 'n losser verbintenis tot 'n uiting wil aandui en dit vervul dus die funksie van skermer.

### **6.3.3 Pragmatiese merkers en die veranderlikes ouderdom en geslag**

Die derde ondersoekvraag in hierdie studie fokus op die invloed wat die sosiale veranderlikes *ouderdom* en *geslag* het op die gebruiksfrekwensie van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans.

Die gebruiksfrekwensie verskil vir die verskillende pragmatiese merkers wat ondersoek is. Vervolgens word die belangrikste gebruiksfrekwensiepatrone vir elke pragmatiese merker kortliks bespreek.

### **6.3.3.1 Die gebruiksfrekwensie van “rêrig/regtig” ten opsigte van ouderdom en geslag**

’n Sleutelwoordanalise van die PO toon aan dat jonger sprekers die pragmatiese merkers “rêrig/regtig” aansienlik meer frekvent gebruik as volwasse sprekers. Die taalgebruiksvoorbeelde van die jonger sprekers (soos vervat in die JO) bevat 70 voorbeelde (dit is 2,3 gevalle per 1 000 woorde) van “rêrig/regtig” wat as pragmatiese merker aangewend is. Dit is bykans dubbel soveel as die gebruik by volwasse sprekers wat op 1,2 per 1 000 woorde staan. Dit stem ooreen met Stenström et al. (2002:139 e.v.) se bevindinge aangaande “really” wat ’n baie gewilde intensiveerder is onder tieners in die COLT. (Vgl. die bespreking van intensiveerders in hoofstuk 2).

Stenström et al. (2002:142) dui egter aan dat die vroulike sprekers in die COLT meer intensiveerders gebruik as die manlike tieners wat ooreenstem met ander bevindinge in verband met intensiveerders wat aantoon dat dit baie sterk geassosieer word met vroulike sprekers (Holmes, aangehaal in Stenström et al., 2002:142). In die PO gebruik die jong, manlike sprekers “rêrig/regtig” as intensiveerder egter marginaal frekwenter as hul vroulike eweknieë (1,5 per 1 000 woorde teenoor 1,2 per 1 000 woorde). “Rêrig/regtig” neig om die voorkeurintensiveerder te wees van jong, manlike sprekers van Omgangsafrikaans, terwyl die vroulike sprekers moontlik ’n groter verskeidenheid intensiveerders gebruik. Om hierdie vermoede te bevestig, sal daar egter verdere navorsing gedoen moet word.

“Rêrig/regtig” as skermer word meer deur die jonger sprekers gebruik. Volwasse, vroulike sprekers gebruik wel die skermer, maar slegs teen ’n lae gebruiksfrekwensie van 0,1 per 1 000 woorde. Dit laat die vermoede ontstaan dat die skermingsfunksie van “rêrig/regtig” veral deur jonger sprekers gebruik word as gevolg van hul neiging om onderhandelend te kommunikeer en hul onwilligheid om ’n sterk verbintenis met die inhoud van ’n uiting te verklaar.

Die ander twee funksies, naamlik “rêrig/regtig” as responsmerker en appelleerder, kom taamlik min voor en so te sê ewe veel onder die verskillende ouderdomsgroepe. Volwasse, manlike sprekers gebruik wel hierdie twee funksies minder as hul vroulike eweknieë.

Aangesien nie een van die gebruike van “rêrig/regtig” werklik as vernuwend bestempel kan word nie, lyk dit of dié pragmatiese merker gekoppel word aan ’n spesifieke lewensfase, naamlik dié van jonger sprekers van Omgangsafrikaans. Dit is dus moontlik ’n voorbeeld van leeftydspesifieke taalgebruik<sup>103</sup> (“age grading”).

---

103 Leeftydspesifieke taalgebruik verwys na die verskynsel dat spesifieke tipes taalgebruik met spesifieke ouderdomme geassosieer word. Die individu gebruik dus op verskeie stadiums van sy lewe verskillende taalvorme,

### **6.3.3.2 Die gebruiksfrekwensie van “oukei” ten opsigte van ouderdom en geslag**

Uit die data-analise in hoofstuk 5 is dit duidelik dat die sosiopragmatiese veranderlikes, *ouderdom* en *geslag*, wel 'n noemenswaardige invloed het op die gebruiksfrekwensie van “oukei” asook die funksies wat daarmee geassosieer word.

“Oukei” word baie frekwent deur die jonger sprekers gebruik (jong sprekers: 4,7 keer per 1 000 woorde; volwasse sprekers: 2,9 keer per 1 000 woorde).

Wanneer die geslagsgedifferensieerde subkorpora vergelyk word, is dit die vroulike sprekers wat telkens die pragmatiese “oukei” meer frekwent gebruik as hul manlike eweknieë. Onder die groep vroulike sprekers is dit natuurlik die jong, vroulike sprekers wat “oukei” die frekwentste inspan teen 'n redelik hoë frekwensie van 5,6 keer per 1 000 woorde. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan gevind word wanneer daar na die frekwensie van responsmerkers gekyk word. Vroulike sprekers (beide jong en volwasse sprekers) gebruik “oukei” in die hoedanigheid as responsmerker bykans dubbel soveel as hul manlike eweknieë. Die rede hiervoor kan tweeledig wees: Eerstens kan dit 'n aanduiding wees van hoe belangrik response vir vroue is. Ter wille van hoflikheid gebruik vroue responsmerkers om hul meelewing aan 'n gesprek uit te druk. 'n Tweede moontlike verklaring kan wees dat die meeste veldwerkers vroulik was en dat hulle deur middel van responsmerkers die deelnemers aan die gesels moes hou. Ongeag die moontlike verklaring, blyk dit dat responsmerkers 'n belangrike meganisme is waardeur 'n gespreksgenoot kan reageer op die uiting van 'n spreker en hierdie funksie is veral van waarde vir die vroulike sprekers in die PO.

'n Ander funksie waar frekwensie aansienlik hoër is in een sprekergroep as in 'n ander, kom voor by die gebruik van “oukei” as fokusmerker in kwotatiewe. Hier neem jong, vroulike sprekers weer die voortou teenoor die jong, manlike sprekers asook die volwasse, manlike en vroulike sprekers. Weer eens kan twee moontlike redes hiervoor gegee word: Eerstens word die tipe vertellings waarin kwotatiewe gebruik word, veral in die spraak van jong, vroulike sprekers waargeneem. Tweedens word die gebruik van “oukei” as inleidende woord by kwotatiewe meestal gebruik om 'n houding, beoordeling of gevoel teenoor die inhoud van die

---

maar hierdie taalvorme sal ook in toekomstige generasies met sprekers van daardie leeftyd geassosieer word. Vanuit hierdie perspektief beskou, is die individu se taalgebruik dus onstabiel, maar die taalgebruik van die gemeenskap bly stabiel. (Buchstaller, 2006:7).

proposisie uit te druk. Hierdie openbaarmaking van die innerlike word veral in die spraak van jong, vroulike sprekers, waargeneem.

### **6.3.3.3 Die gebruiksfrekwensie van “soos” ten opsigte van ouderdom en geslag**

“Soos” kom beduidend frekwenter voor onder jongmense (6,3 voorkomste per 1 000 woorde), en veral jong vroulike sprekers (7,6 keer per 1 000 woorde), as onder ander spreker-groepe (die volwasse sprekers gebruik dit 0,9 keer per 1 000 woorde). Ten einde insig in hierdie besonder uiteenlopende frekwensies te kry, is die verskillende funksies van “soos” in die verskillende spreker-groepe vergelyk.

Alhoewel die fokusmerkende “soos” met jonger sprekers geassosieer word, is daar nie sterk aanduidings dat dit beduidend meer frekwent in ’n sekere geslagsgroep voorkom nie. Volwasse vroue gebruik dié fokusmerker ietwat meer as hul manlike eweknieë. Gegewe die aanname dat algemene verspreiding onder spreker-groepe van verskillende geslagte ’n aanduiding kan gee van die mate waarin die gegrammatikaliseerde vorm reeds versprei het, kan daar moontlik hieruit afgelei word dat die fokusfunksie reeds verder ingeburger is in die taalgemeenskap as byvoorbeeld “soos” as skermer, maar dat dit nog nie werklik ingang gevind het onder volwasse sprekers nie. Dié vorm is egter nie vreemd vir die volwasse sprekers nie en hulle kan dit verstaan en gebruik.

Die funksie van skermer word baie sterk met jong, vroulike sprekers verbind. Geen voorbeelde van “soos” as skermer kom by die manlike sprekers voor nie. Dit is nie vreemd nie, aangesien skerming tradisioneel met vroulike sprekers geassosieer word. Dit is egter betekenisvol dat volwasse vroue “soos” as skermer minder gebruik as die jonger vroue (onderskeidelik 0,1 keer teenoor 0,6 keer per 1 000 woorde). Dit kan moontlik daarop dui dat volwasse vroue die vorm nog effens gestigmatiseer vind en dat dié vroue, wat bekend is daarvoor dat hulle na die prestigevariëteit streef, doelbewus wegbeweeg daarvan. Voorts kan dit ’n sinchroniese aanduiding wees dat “soos” as skermer nog nie onder alle spreker-groepe in die taalgemeenskap voorkom nie en dus ’n taamlik resente ontwikkeling van die grammatikalisasieproses kan wees.

Die instansies waar die skermingsfunksie met die fokusfunksie gekombineer word, blyk ’n funksie te wees wat sterk met die jong sprekers geassosieer word. Jong manlike sprekers neem die voortou met die gebruik van hierdie funksie met ’n frekwensietelling van 1,5 keer per 1 000 woorde, gevolg deur jong vroulike sprekers met 1,1 keer per 1 000 woorde.

Volwassenes gebruik hierdie funksie slegs 0,2 keer per 1 000 woorde en geen voorbeelde hiervan kon in die spreektaal van bejaardes gevind word nie. Hierdie verspreiding (of dan gebrek daaraan) gee 'n sterk aanduiding dat die funksie nog nuut is, omdat dit nog nie juis deur die ouer spreker-groepe gebruik word nie. Hierdie pragmatiese merker word suksesvol gebruik om die relevansie van uitings te verhoog deurdat dit die gespreksgenote se aandag vestig op 'n uitingsegment wat belangrik is vir die kontekstuele verstaan daarvan. 'n Ander verklaring kan wees dat jonger sprekers meer geneig is tot oordrywing en daarna streef om die vermaaklikheidswaarde van hul uiting te verhoog. Dit kan dus moontlik bloot 'n voorbeeld van leeftydspesifieke taalgebruik wees. Die mate waarin "soos" as fokusmerker reeds onder die verskillende spreker-groepe versprei het, kan egter 'n aanduiding wees dat Afrikaanse volwassenes wel ook hierdie funksie van "soos" mettertyd sal aanvaar en toenemend sal begin gebruik.

Dit lyk of "soos" as kwotatiefmerker ook 'n taamlik nuwe ontwikkeling is as daar na die frekwensieverspreiding gekyk word. Jong vroulike sprekers vertoon die hoogste frekwensie (3,9 keer per 1 000 woorde) wat meer as dubbel soveel is as die jong manlike sprekers (1,5 keer per 1 000 woorde). Die kwotatief word wel deur volwasse sprekers gebruik, maar aansienlik minder frekwent (0,3 keer per 1 000 woorde) en glad nie deur die bejaarde sprekers nie. Dit is dus 'n funksie wat by uitstek met jong sprekers en veral die vroulike groep geassosieer word, maar toon potensiaal om toenemend deur die spraakgemeenskap aanvaar te word. Die moontlikheid bestaan egter dat dit 'n voorbeeld is van leeftydspesifieke taalgebruik, omdat dit veral met die kleurrike narratiewe van jongmense verbind word.

#### **6.3.3.4 Die gebruiksfrekwensie van "hoor" en "hoor hier(so)" ten opsigte van ouderdom en geslag**

Die frekwensie van die appelleerder "hoor" is besonder laag onder die jonger sprekers in vergelyking met die gebruiksfrekwensie in die spreektaal van volwassenes en bejaardes. Die frekwente voorkoms onder volwasse en bejaarde respondente kan toegeskryf word daaraan dat dié "hoor" in Afrikaans geassosieer kan word met 'n meewarige houding teenoor die aangesprokene. In die VO word dit dikwels gebruik wanneer ouers kinders aanspreek. Die bejaarde sprekers gebruik dit gereeld wanneer hulle 'n jonger veldwerker of werkers aanspreek. Vir jonger sprekers is vriendskappe en groeplidmaatskap uiters belangrik (Murphy 2010:72). Die aansien van gespreksgenote moet beskerm word om vriendskappe in stand te hou en daarom sal pragmatiese merkers wat meewarigheid aandui, merendeels vermy word.

“Hoor hier(so)” kom nie baie frekwent in die PO voor nie. Dit toon slegs ’n beduidende frekwensie in die spraak van jong vroulike sprekers. Dit word egter teen ’n lae, maar stabiele frekwensie in die ander spreker-groepe gebruik.

### **6.3.3.5 Die gebruiksfrekwensie van “jy weet”, “weet jy (wat)” en “ek weet nie” ten opsigte van ouderdom en geslag**

Die pragmatiese merker “jy weet” funksioneer as appelleerder en kom veral frekwent voor in die spraak van die volwasse mans en bejaardes in die PO. Dit word dus gebruik deur die twee groepe sprekers wat nie bekend is daarvoor dat hulle die voortou neem met nuwe vorme nie. Die lae gebruiksfrekwensie in die groepe wat in die literatuur met vernuwende taalgebruik geassosieer word (jonger sprekers en volwasse vroue) kan daarop dui dat hierdie pragmatiese merker sy seggingskrag verloor het, ’n gewoontewoord geword het en dus besig is om vervang te word met ander, nuwe appelleerders.

“Weet jy (wat)” kom ewe frekwent in die spraak van jong vroulike en bejaarde sprekers voor. Die funksies waarvoor dit aangewend word, verskil egter. Die bejaarde sprekers gebruik dié vorm om gespreksgenote se aandag te vestig op die uiting wat volg, terwyl die jong vroulike sprekers dit dikwels gebruik as eerste woord van die kwotatief.

“Ek weet nie” word veral deur volwasse sprekers gebruik om onsekerheid te kenne te gee. Dit kan insluit ’n onwilligheid om té sterk te verbind tot die waarheid van die inhoud van die proposisie. Die lae gebruiksfrekwensie onder jonger sprekers kan moontlik daarop dui dat ’n skerder soos “soos” deur hierdie spreker-groep verkies word.

## **6.4 Gevolgtrekkings**

Met die aanvang van die ondersoek (sien Hoofstuk 3) is bepaalde aannames gemaak op grond van die literatuurstudie en veral rakende die verspreiding van hierdie pragmatiese merkers onder ouderdoms- en geslagsgedifferensieerde spreker-groepe. Hierdie aannames word vervolgens bespreek met verwysing na die data-analise wat in hoofstuk 5 gedoen is.

*Aanname 1: Die keuse van pragmatiese merkers wat in die kognitiewe gleuwe van ’n uiting gebruik word, hang onder meer af van die ouderdom van die spreker.*

Die PO-data toon inderwaarheid betekenisvolle verspreidingspatrone wat die gebruik van pragmatiese merkers deur verskillende ouderdomsgroepe betref. Sekere pragmatiese merkers word deur sekere ouderdomsgroepe verkies, byvoorbeeld “soos” as pragmatiese merker word beduidend meer gebruik deur die jong sprekers as volwasse en bejaarde sprekers. Tabel 6.1 wat ook in die samevatting van hoofstuk 5 gebruik is, word weer hier onder geplaas ter illustrasie van hierdie bevinding. Die resultate laat dit egter lyk asof die idee van kognitiewe gleuwe in uitings (sien afdeling 3.4.1) dalk te simplisties is en die rol van die spraakstyl wat eie aan elke sprekergroep is, ignoreer. Die moontlikheid dat elke spraakstyl sy eie en unieke kognitiewe gleuwe sal vertoon, kan nie uitgesluit word nie. ’n Voorbeeld hiervan is die frekwente gebruik van “oukei” in die taal van jong, vroulike sprekers om iets van ’n kognitiewe impak te kenne te gee. Hierdie funksie is oënskynlik afwesig in die meeste ander groepe, wat die vermoede laat ontstaan dat ander spreker-groepe nie dieselfde behoefte het om dit wat in hul gedagtes aangaan en die verloop van besluitnemingsprosesse, openbaar te maak nie. Ouderdom speel dus wel ’n rol in die keuse van pragmatiese merkers, en die funksies waarvoor pragmatiese merkers gebruik word, stem nie noodwendig ooreen in die verskillende ouderdomsgroepe nie.

Subkorpus	“Rêrig/ regtig”	“Oukei”	“Soos”	“Hoor hier(so)”	“Weet jy”
<b>JO</b>	<b>2,3</b>	<b>4,7</b>	<b>6,3</b>	<b>1,3</b>	<b>0,5</b>
VJO	2,1	5,6	7,6	1,7	0,7
MJO	2,7	3,3	4,4	0,8	0,3
<b>VO</b>	<b>1,2</b>	<b>2,9</b>	<b>0,9</b>	<b>0,6</b>	<b>0,5</b>
VVO	1,6	3,6	0,7	0,6	0,5
MVO	0,4	1,7	1,1	0,6	0,5
<b>BO</b>	<b>0,4</b>	<b>0,1</b>	<b>&lt; 0,1</b>	<b>0,6</b>	<b>0,7</b>

**Tabel 6.1: ’n Vergelyking van genormaliseerde frekwensies (per 1 000 woorde) van pragmatiese merkers**

*Aanname 2: Pragmatiese merkers kom oor die algemeen meer frekwent voor onder jonger sprekers.*

Die data-analise het inderdaad getoon dat pragmatiese merkers oor die algemeen meer frekwent voorkom onder jonger sprekers. Inderwaarheid kom al die pragmatiese merkers wat in tabel 6.1 gelys is (met uitsondering van “weet jy”), meer frekwent onder jong sprekers as



onder volwasse sprekers voor. Ander uitsonderings is die pragmatiese merkers “hoor” en “jy weet” wat veral frekwent is onder volwassenes en bejaardes. Kollektief beskou, is dit duidelik dat jongmense pragmatiese merkers oor die algemeen baie meer frekwent gebruik as die ouer sprekergroepe. Die rol van geslag moet egter nie onderspeel word nie. Daar is dikwels ’n groot verskil in gebruiksfrekwensie tussen die manlike en vroulike sprekers in die JO. Hierdie verskil sal later, onder aannames 7 en 8, in meer besonderhede bespreek word.

*Aanname 3: Jonger sprekers gebruik ander en dikwels meer innoverende (grammatikaliserende) pragmatiese merkers as volwasse sprekers.*

Die ondersoek na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans dui aan dat daar weinig innoverende pragmatiese merkers gebruik word wat uitsluitlik met ’n bepaalde ouderdomsgroep geassosieer word. Die enigste pragmatiese merker wat sterk assosiasie toon met die jonger sprekers is die merker “soos”. Wat egter baie duidelik na vore gekom het, was dat die jonger sprekers dikwels uiteenlopende funksies toeken aan ’n bestaande pragmatiese merker. Aanname 4, wat vervolgens bespreek word, hou hiermee verband.

*Aanname 4: Jonger sprekers ken meer uiteenlopende funksies toe aan pragmatiese merkers as volwasse sprekers.*

Die data-analise het ongetwyfeld getoon dat jong sprekers meer uiteenlopende funksies toeken aan pragmatiese merkers. Die klassifikasieproses volgens funksie vir “oukei” was byvoorbeeld ingewikkeld vir die gebruiksvoorbeelde van jong mans en selfs nog meer ingewikkeld by die ondersoek na gebruiksvoorbeelde van jong, vroulike sprekers omdat hierdie sprekergroepe “oukei” met soveel uiteenlopende betekenisnuanses aanwend. In voorbeeld 158 word “oukei” gebruik om die stomgeslane sprekers se kognitiewe prosesse weer te gee. Ook by “soos” vertoon die gebruiksvoorbeelde van die jong, vroulike sprekers talle moeilik klassifiseerbare vorme wat moontlik oorgangsvorme vir, tot nou toe, onbekende funksies kan wees. Die verskil lê dus nie noodwendig by die vorm van die pragmatiese merker nie, maar die uiteenlopende funksies waarvoor ’n spesifieke pragmatiese merker gebruik kan word.

- (158) <72V> Dis altyd soos as jy iets iets moet *record* dan is almal soos: “Oukei.”  
<lag>  
<56V> “Uhm wat sê ons nou?” <lag>

*Aanname 5: Die teenwoordigheid van spesifieke pragmatiese merkers en gepaardgaande funksies in volwasse taalgebruik, kan 'n sinchroniese aanduiding gee van die pragmatiese merker se langtermynlewensvatbaarheid en mate van grammatikalisasie.*

Alhoewel aanname 5 getoets moet word in 'n diachroniese ondersoek, kan hier tog afleidings in verband met die verspreiding van merkers gemaak word. Dit blyk dat merkers wat 'n redelik stabiele frekwensie onder veral volwasse mans en bejaardes toon, "ouer" pragmatiese merkers is wat al in 'n gevorderde stadium van grammatikalisasie is, byvoorbeeld "weet jy", "rêrig/regtig" en selfs "hoor hier(so)". Die feit dat daar so 'n dramatiese verskil in frekwensie is tussen bejaardes en volwassenes se gebruik van "oukei" kan byvoorbeeld 'n aanduiding wees dat dié merker op 'n stadium gestigmatiseer was en dat die gebruik daarvan vermy is. Op soortgelyke wyse kan die lae frekwensie van "soos" onder volwasse vroue moontlik daarop dui dat daar 'n doelbewuste wegbeweeg is daarvan as gevolg van prestige-verwante redes.

*Aanname 6: Die eise, begeertes, bekommernisse en unieke kwessies wat die aandag verg in elke lewensfase, kan die gebruike en/of funksies van spesifieke tipes pragmatiese merkers verklaar.*

Baie van die verskynsels wat vanuit die data na vore gekom het, kon inderdaad verklaar word deur na die ouderdoms- of geslagspesifieke tendense te verwys soos dit in die literatuur na vore kom. Die merkbare afwesigheid van skermers in die spraak van manlike sprekers en die frekwente gebruik daarvan deur vroue, kan daarop dui dat vroue meer ingestel is op hoflikheid en die instandhouding van goeie verhoudings. Die pragmatiese merker wat die sterkste nadruk het, naamlik "rêrig/regtig", is die enigste merker wat (marginaal) meer frekvent deur jong mans gebruik word as deur hul vroulike eweknieë. Die sosialisering van mans om meer doelgerig te wees en met sekerheid op te tree, kan dalk lei tot die voorkeur vir pragmatiese merkers wat dit verwoord.

*Aanname 7: Vroulike (en veral jong vroulike) sprekers neem die voortou in die gebruik van nuwe/innoverende pragmatiese merkers en/of funksieuitbreiding van bestaande pragmatiese merkers.*

Die frekwensiedata van die PO (vergelyk weer na tabel 6.1) toon duidelik aan dat die pragmatiese merkers wat ondersoek is, baie frekvent deur vroulike sprekers gebruik word.

Die ondersoek het egter geen bewyse gevind van nuwe vorme van pragmatiese merkers wat uitsluitlik deur jong, vroulike sprekers gebruik word nie. Jong vroue is veral geneig om nuwe (niestandaard)funksies aan pragmatiese merkers toe te ken en te gebruik wat lei tot betekenisverruiming. Hierdie verruiming van betekenis sou in sekere gevalle moontlik later in woordeboeke erken kon word.

*Aanname 8: Soos wat die grammatikalisasieproses vorder, neutraliseer die geslagsverskille toenemend. Dit kan 'n aanduiding gee van die mate waarin 'n pragmatiese merker gegrammatikaliseer het.*

Hierdie aanname sal slegs bewys kan word deur 'n diachroniese studie uit te voer. Die sinchroniese data in hierdie studie gee egter 'n aanduiding dat hierdie aanname geldig kan wees. Verallyn in gevalle waar die frekwensies van die onderskeie funksies van byvoorbeeld "soos" vergelyk word, lyk dit asof die funksies wat waarskynlik eerste ontwikkel het, 'n meer eweredige verspreiding onder manlike en vroulike sprekers toon. Die fokusmerkende funksie van "soos" is waarskynlik die funksie wat eerste sou moes grammatikaliseer om weer aanleiding te gee tot die skermings- en kwotatiefmerkende funksies (vgl. Fleischman & Yaguello, 2004:139-141). Daar kan dus argumentsonthalwe aangeneem word dat die fokusmerkende "soos" die vorm is wat die verste gegrammatikaliseerd behoort te wees.

'n Vergelyking van die genormaliseerde frekwensies van die fokusmerkende "soos" toon 'n eweredige verspreiding onder manlike en vroulike jong sprekers. Ook by die volwasse sprekers is daar byna geen verskil tussen die frekwensies van die onderskeie geslagsgroepe nie. "Soos" as kwotatiefmerker toon egter groot verskille wanneer die geslagsgedifferensieerde korpora vergelyk word. Die jong vroue gebruik die kwotatiefmerker meer as dubbel soveel as die jong mans. Indien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die grammatikalisasie van "soos" relatief onlangs tot die ontstaan van die kwotatiefmerker gelei het, en daar verder aangeneem word dat die jong, vroulike sprekers die voortou in die ontwikkeling geneem het, kan die feit dat hierdie funksie nie so frekwent onder die manlike sprekers voorkom nie toegeskryf word aan die nuutheid van hierdie funksie. Dit bied ondersteuning vir die aanname rakende die neutralisasie van geslagsverskille soos grammatikalisasie toeneem.

Addisioneel tot die aannames wat hierbo bespreek is, het hierdie studie bevind dat jong, vroulike sprekers se geneigdheid om grafiese narratiewe te gebruik om inligting, houdings en gevoelens aan gespreksgenote te openbaar, 'n baie spesifieke aanwending van 'n aantal

pragmatiese merkers tot gevolg het. Aangesien sulke narratiewe taamlik lank is en die spreker dus hard moet werk om die beurt te behou, word pragmatiese merkers opeengestapel – meer spesifiek bestaan hierdie konstruksies normaalweg uit 'n kwotatiefmerker, byvoorbeeld “soos” tesame met een of meer fokusmerkers, soos “hoor hier(so)”. Die kwotatiefmerker “soos” word gebruik om die tempo van die vertelling te versnel en die verwerkingsinspanning van die gespreksgenoot tot 'n minimum te beperk. Dit vervang die tradisionele *verba dicendi* byvoorbeeld “sê”, “skree” of “roep” terwyl dit terselfdertyd aandui dat die kwotatief 'n subjektiewe voorstelling is van wat oorspronklik gesê of gedink is. Die inhoud van die kwotatief vertoon dikwels meervoudige betekenislake wat kontekstualiseringswenke ter wille van suksesvolle interpretasie vereis. Om dié rede word bykomende pragmatiese merkers, veral fokusmerkers, gebruik om die aandag van die gespreksgenoot te vestig op die kwotatief – 'n konstruksie wat veelseggende gesigsuitdrukking en/of interne of gekonstrueerde dialoog bevat en taamlike verwerkingsinspanning kan vereis.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat sprekers se strewe na optimale relevansie hul noop om van gepaste kontekstuele stimuli of dan kontekstualiseringswenke in die vorm van pragmatiese merkers gebruik te maak. Dit lei tot 'n immer herhalende patroon. Die kontekstualiseringswenke word voortdurend ontwikkel en verfyn deur die welsprekendste lede van 'n sprekergroep – waarskynlik die jong, vroulike sprekers, gemotiveer deur hul behoefte aan groeplidmaatskap, wat welsprekendheid veronderstel. Toenemende gebruik deur meer en meer sprekers veroorsaak uiteindelik dat pragmatiese merkers tot 'n groot mate geoutomatiseer word en dan makliker kan versprei na ander groeperings van sprekers wat die sukses van hierdie kontekstualiseringswenke eerstehands ervaar en dan naboots. Die volgorde van die aanvaarding van 'n pragmatiese merker na aanleiding van vorm of funksie sal waarskynlik wees: jong, vroulike sprekers; dan jong, manlike sprekers; volwasse vroue en eers wanneer die vorm nie werklik meer nuut is nie, die volwasse mans en bejaardes. Die outomatisering lei noodwendig daartoe dat die vorm afgestomp raak en nie meer die seggingskrag het wat dit oorspronklik gehad het nie. Dit lei dan weer daartoe dat die welsprekendes (waarskynlik die jong, vroulike sprekers) nuwe funksies en vorme sal ondersoek en begin gebruik ten einde die verlangde effek tydens die vertel van hul narratiewe te verkry. Die nuwe vorm sal al hoe meer frekwent gebruik word. Vir jare daarna sal die oorblyfsels van die geoutomatiseerde vorm nog waargeneem word in die spraak van die nabootsers (vergelyk die frekwensiedata van “jy weet”) en dit sal hulle dalk kenmerk as lid van 'n “ouer”, en moontlik minder welsprekende groep.

Uit hierdie illustrasie is dit voor die hand liggend dat die immer grammatikaliserende pragmatiese merkers 'n belangrike taalvorm kan wees waarrondom diachroniese

taalverandering in aksie ondersoek kan word. Labov (2001:74-75) waarsku dat taalvariasie nie by verstek as taalverandering beskou kan word nie. Stabiele taalvariasie wat oor generasies heen dieselfde bly, is volgens hom meer algemeen as taalvariasie wat tot taalverandering lei. Data oor veral die verspreiding van taalvorme onder verskillende ouderdomsgroepe in verskillende tydperke moet in ag geneem word voordat enige afleidings gemaak word oor die rigting waarin taalverandering beweeg. Taalverandering beweeg dikwels nie slegs in een rigting nie en veranderinge wat plaasgevind het, kan omkeer en weer na die oorspronklike vorm terugkeer (vgl. Buchstaller, 2006:3). Van Bree (1996:204) meen egter dat taalvariasie die plek is waar taalverandering dikwels “betrap kan word”. Volgens hom veronderstel taalverandering taalvariasie. Wanneer taalverandering nagespoor word, word dit dus gedoen deur ’n sistematiese ondersoek na taalvariasiepatrone.

## **6.5 Beperkinge van die studie**

Die belangrikste beperking van dié studie is die beperkte omvang van die korpus wat weens beperkte tyd en hulpbronne genoodsaak is. Die JO-korpus bevat spraakvoorbeelde van ’n hele aantal jonger sprekers, maar die gemiddelde lengte van die opnames is kort. Die VO-korpus bevat langer opgeneemde gesprekke, maar bevat die spraak van ’n beperkte aantal volwasse sprekers. Die BO-korpus is nie goed gebalanseerd wat geslag aanbetref nie, aangesien dit slegs een gesprek met ’n bejaarde manlike spreker bevat. Dit bevat ook betreklik min bejaarde sprekers. Voorts toon die korpus ook gebreke wat betref die insluiting van bruin en swart Afrikaanssprekendes. ’n Meer verteenwoordigende korpus van die Afrikaanse spraakgemeenskap word in die vooruitsig gestel wat moontlik nuwe insigte kan bied oor die voorkomingsfrekwensie en funksiegebruik van pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans.

Die korpus is voorts beperk wat die geografiese area, waarin die sprekers hul bevind, betref. Dit kan uitgebrei word om sprekers van ander geografiese streke in Suid-Afrika in te sluit. Dit is ideaal sou wees dat ’n span taalkundiges saamwerk om ’n gesproke korpus van Omgangsafrikaans te skep wat hierdie tekortkominge kan aanspreek. Korpusbou is ’n moeisame proses en hierdie korpus kan verder aangevul word deur die beskikbaarstelling van meer tyd en hulpbronne deur relevante Afrikaanse instansies.

Ten spyte van die beperkinge van die onderhawige studie, poeg hierdie studie om ’n bydrae te lewer tot die navorsing oor Omgangsafrikaans, en spesifiek dan pragmatiese merkers in Afrikaans.

## 6.6 Bydrae van die navorsing

Soos aangedui in hoofstuk 1, is daar 'n duidelike leemte te bespeur in navorsing oor pragmatiese merkers in Afrikaans. 'n Studie na pragmatiese hulpmiddels kan waardevolle insigte bied in die hedendaagse gebruik van Afrikaans en veranderinge wat besig is om plaas te vind. Die studie bied moontlik ook insigte in die terminologiese problematiek rondom pragmatiese merkers en dit belig die behoefte aan 'n duideliker konseptuele raamwerk wanneer dit by die klassifikasie van pragmatiese merkers kom. Die navorsing oor pragmatiese merkers laat vrae ontstaan oor die woordsoortelike klassifikasie van woorde as gevolg van die vloeibare en grammatikaliserende aard daarvan. Leemtes in die leksikografiese verklarings van woorde in sommige Afrikaanse woordeboeke kan ook met verdere studie bevestig word.

Die navorsing wat gebaseer is op 'n spreektaalkorpus, dra veral by in terme van die beskikbaarheid van outentieke spraakvoorbeelde van Omgangsafrikaans in informele situasies. Alhoewel die korpus uitgebrei kan word, bied dit reeds heelwat insigte in die gebruik van Afrikaans deur verskillende ouderdomsgroepe in Pretoria en omliggende areas. Die korpus van Omgangsafrikaans, alhoewel beperk, bied die geleentheid dat eietydse talige verskynsels vergelykend ondersoek kan word. Dit bied 'n ideale platform om die grammatikalisasieprosesse wat in Afrikaans aan die gang is, te beskryf.<sup>104</sup>

Die wesenlike waarde van hierdie korpuslinguistiese studie lê daarin dat dit as 'n basisstudie kan dien vir toekomstige navorsing na die ontwikkelingspatrone in pragmatiese merkers in Afrikaans, en as sodanig kan daar dan, by wyse van vergelykende studies, geldige gevolgtrekkings gemaak word oor taalveranderingstendense by pragmatiese merkers.

## 6.7 Voorstelle vir verdere navorsing

'n Diepgaande studie kan oor die funksie-vorm-korrelasie van pragmatiese merkers gedoen word. Hierdie benadering kan lig werp op die verskillende moontlike pragmatiese merkers wat

---

<sup>104</sup> López-Couso (2016) beklemtoon die produktiewe verhouding wat tussen korpuslinguistiek en grammatikalisasienavorsing kan bestaan veral omdat korpuslinguistiek 'n gegronde empiriese metodologie vir die herkenning en dokumentasie van grammatikalisasieprosesse bied en die grammatikalisasieteorie aan die ander kant kwalitatiewe beskrywing van die korpuslinguistiese resultate moontlik maak (López-Couso, 2016:7).

gebruik kan word om 'n funksie, byvoorbeeld skerming of intensivering, te verrig (vgl. Stenström et al., 2002). Sodoende kan bepaal word of 'n sprekergroep 'n spesifieke merker bo ander merkers verkies, wat meer insig kan bied in die rol van pragmatiese merkers as versterkers van groepsidentiteit.

Daar is nog verskeie Afrikaanse pragmatiese merkers wat met groot vrug ondersoek kan word in terme van hul funksies, verspreiding en aard wat nie in hierdie studie aandag geniet het nie. Afrikaanse pragmatiese merkers toon beslis ooreenkomste met soortgelyke merkers in ander tale wat vorm, funksie en grammatikalisasie betref. Ooreenkomste tussen die Nederlandse "hé" en die Afrikaanse "né" kan byvoorbeeld ondersoek word (vgl. Mazeland & Plug, 2010). Ander Afrikaanse pragmatiese merkers wat taamlik frekwent voorkom in die PO is:

- "nou"
- "dan"
- "en goed" / "en goeters(e)"
- "maar"
- "so"
- "ja-nee"
- "ag"
- "bietjie"
- "mos"
- "verstaan"
- "wel"
- "wat ook al"
- "iets soos dit"

Die korrelasie tussen intonasie en funksies van pragmatiese merkers is ook nog nie ondersoek in Afrikaans nie. Die literatuur toon dat intonasie en pragmatiese merkers in byvoorbeeld Engels baie nou saamwerk ten einde optimale relevansie te bereik (vgl. Romero-Trillo, 2015).

Vergelykende studies van pragmatiese merkers in geskrewe en gesproke taal, kan belangrike insigte bied. Vergelykings kan ook gedoen word wat betref die gebruik van pragmatiese merkers in verskillende gesproke en geskrewe genres, byvoorbeeld formele spraak (vgl. Biber, 1993).

Pragmatiese merkers wat vanuit ander tale geleen word, kan ondersoek word om te bepaal of betekenisuitbreiding of -inperking plaasgevind het in Afrikaans. Voorbeelde hiervan is

“oukei”, “shame” en ander modewoorde soos “actually” en “obviously” wat taamlik frekwent in Omgangsafrikaans as pragmatiese merkers gebruik word (vgl. Andersen, 2014).

Pragmatiese merkers bied die ideale geleentheid om taalverandering te bestudeer soos wat dit plaasvind. Die sinchroniese bevindinge van hierdie studie kan getoets word deur 'n diachroniese studie indien 'n vergelykbare korpus saamgestel word en vergelyk word met die PO. Op hierdie manier kan betekenisvolle taalveranderingstendense moontlik nagespeur word (vgl. Barbieri, 2009; Buchstaller, 2015).

## **6.8 Finale refleksie**

Daar word gehoop dat die PO 'n bydrae sal lewer tot die uitbreiding van navorsing na eietydse Omgangsafrikaans. Die doel met die spreektaalkorpus is om dit mettertyd beskikbaar te stel aan belangstellendes vir navorsingsdoeleindes. Die wesenlike waarde van hierdie Omgangsafrikaanse korpus is dat dit 'n sinchroniese blik bied op die informele taalgebruik van Afrikaanssprekendes tydens 'n spesifieke tydperk en dit kan moontlik, indien die korpus uitgebrei en meer verteenwoordigend gemaak word, as beginpunt gebruik word om taalverandering in Afrikaans na te speur.



# Verwysings

- Adolphs, S. & Carter, R. 2013. *Spoken corpus linguistics: from monomodal to multimodal*. New York: Routledge.
- Aijmer, K. 2002. *English discourse particles: evidence from a corpus*. Amsterdam: John Benjamins.
- Andersen, G. 1998. The pragmatic marker *like* from a relevance-theoretic perspective. In: Jucker, A.H. & Ziv, Y. (eds.). *Discourse markers: descriptions and theory*. Amsterdam: John Benjamins, 147-170.
- Andersen, G. 2001. *Pragmatic markers and sociolinguistic variation*. Amsterdam: John Benjamins.
- Andersen, G. 2014. Pragmatic borrowing. *Journal of Pragmatics*, 67:17-33.
- Andersen, G. & Aijmer, K. 2012. *Pragmatics of society*. Berlyn: De Gruyter Mouton.
- Androutsopoulos, J.K. 1999. Grammaticalization in Young People's Language. The case of German. In: Belemans, R. & Vandekerckhove, R. (reds.) *Variation in (sub)standard language*, Amsterdam, 155–176.
- Anthony, L. [Rekenaarsagteware]. 2012. AntConc. (weergawe 3.3.5). Tokio: Waseda University.
- Anthony, L. 2013. A Critical Look at Software Tools in Corpus Linguistics. *Linguistic Research* 30(2):141-161.
- Anthony, L. [Rekenaarsagteware]. 2017. AntFileConverter (weergawe 1.2.1) Tokio: Waseda University.
- AWS (Afrikaanse woordelys en spelreëls). 2017. s.v. "oukei". 11de uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Baker, P. 2010. *Sociolinguistics and corpus linguistics*. Edinburg: Edinburgh University Press.
- Baker, P. 2014. *Using Corpora to Analyse Gender*. Londen: Bloomsbury.

- Barbieri, F. 2008. Patterns of age-based linguistic variation in American English. *Journal of Sociolinguistics*, 12(1):58-88.
- Barbieri, F. 2009. Quotative *be like* in American English: ephemeral or here to stay? *English World-Wide*, 30(1):68-90.
- Beeching, K. & Woodfield, H. 2015. *Researching sociopragmatic variability*. Londen: Palgrave Macmillan.
- Biber, D. 1993. Using register diversified corpora for general language studies. *Computational Linguistics*, 19(2):219-241.
- Biber, D. 2012. Resensie: *Sociolinguistics and Corpus Linguistics* deur Paul Baker en *Corpus and Sociolinguistics: Investigating Age and Gender in Female Talk* deur Bróna Murphy. *Journal of Sociolinguistics*, 16(2):283-307.
- Brezina, V. & Meyerhoff, M. 2014. Significant or random? A critical review of sociolinguistic generalisations based on large corpora. *International Journal of Corpus Linguistics*, 19(1):1-28.
- Brinton, L.J. 1996. *Pragmatic markers in English. grammaticalization and discourse function*. Berlyn: Mouton de Gruyter.
- Bucholtz, M. & Du Bois, J.W. s.a. Transcription in action: resources for the representation of linguistic interaction. Beskikbaar by <http://transcription.projects.linguistics.ucsb.edu/tools.html>. Datum geraadpleeg: 31 Julie 2019.
- Buchstaller, I. 2006. Diagnostics of age-graded linguistic behaviour: the case of the quotative system. *Journal of Sociolinguistics*, 10(1):3-30.
- Buchstaller, I. 2008. The localization of global linguistic variants. *English World Wide*, 29(1):15-44.
- Buchstaller, I. 2014. *Quotatives: new trends and sociolinguistic implications*. Oxford: Wiley Blackwell.
- Buchstaller, I. 2015. Exploring linguistic malleability across the life span: age-specific patterns in quotative use. *Language in Society*, 44(4):457-496.

- Bybee, J.L. 2012. Usage-based theory and grammaticalization. In: Heine, B. & Narrog, H. *The Oxford Handbook of Grammaticalization*.  
doi:10.1093/oxfordhb/9780199586783.013.0006
- Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek: 'n inleiding*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. 2018. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Claridge, C. 2013. The evolution of three pragmatic markers: *as it were*, *so to speak/say* and *if you like*. *Journal of Historical Pragmatics*, 14(2):161-184.
- Conradie, C.J. 2011. Is regtig rêrig Duits richtig? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):716-729.
- Cutting, J. 2015. Dingsbums *und so*: beliefs about German vague language. *Journal of Pragmatics*, 85:108-121.
- D'Arcy, A. 2004. Contextualizing St John's youth English within the Canadian quotative system. *Journal of English Linguistics*, 32(4):323-345.
- D'Arcy, A. 2007. *Like* and language ideology: disentangling fact from fiction. *American Speech*, 82(4):386-419.
- De Bruyn, P. 1998. Pragmatiese merkers: die verwaarloosde rededeel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(4):127-135.
- Degand, L. & Evers-Vermeul, J. 2015. Grammaticalization or pragmaticalization of discourse markers? *Journal of Historical Pragmatics*, 16(1):59-85.
- Denis, D. 2015. The development of pragmatic markers in Canadian English. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, University of Toronto.
- Dessalles, J-L. 2007. *Why we talk: the evolutionary origins of language*. Oxford: Oxford University Press.
- De Villiers, A. 1985. *Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans van Pretoria*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Diewald, G. 2011. Pragmaticalization (defined) as grammaticalization of discourse functions, *Linguistics*, 49(2):365-390.

- Du Bois, J.W., Corston, S. , Holton, G., Norris, R. & Field, K. [Rekenaarsagteware]. 1999. Voicewalker (weergawe 2.0.0). Santa Barbara: University of California. Beskikbaar by <http://transcription.projects.linguistics.ucsb.edu/tools.html>
- Du Plessis, H. 1995. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Kagiso.
- Du Preez, P.I. 2004. 'n *Sosiolinguistiese ondersoek na die gebruik van tienertaalaan die hand van Jackie Nagtegaal se Daar's vis in die punch*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.
- Eble, C. 1996. American college slang. In: Schneider, E.W. (red.) *Focus on the USA*. Philadelphia: John Benjamins, 289-296.
- Eckert, P. 1988. Adolescent social structure and the spread of linguistic change. *Language in Society*, 17(2):183-207
- Eckert, P. 2012. Three waves of variation study: the emergence of meaning in the study of sociolinguistic variation. *Annual Review of Anthropology*, 41:87-100.
- Erman, B. 1987. Pragmatic expressions in English: a study of *you know*, *you see* and *I mean* in face-to-face conversation. Ongepubliseerde doktorsale tesis, Stockholm Universiteit.
- Erman, B. 2001. Pragmatic markers revisited with a focus on *you know* in adult and adolescent talk. *Journal of Pragmatics*, 33(9):1337-1359.
- Fairhurst, M. 2013. The pragmatic markers *anyway*, *okay* and *shame*: a comparative study of two African varieties of English. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Ferrara, K. & Bell, B. 1995. Sociolinguistic variation and discourse function of constructed dialogue introducers: the case of *be + like*. *American Speech*, 70(3):265-290.
- Fleischman, S. & Yaguello, M. 2004. Discourse markers across languages. In: Moder, C.L. en Martinovic, A. (reds.) *Discourse across languages and cultures*, Amsterdam: John Benjamins, 129-148.
- Foolen, A.P. 1993. *De betekenis van partikels. een dokumentatie van de stand van het onderzoek met bijzondere aandacht voor "maar"*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Katholieke Universiteit Nijmegen.

- Foolen, A.P. 2012. Pragmatic markers in a sociopragmatic perspective. In: Andersen, G. & Aijmer, K. *Pragmatics of society*. Berlin: De Gruyter Mouton, 217-242.
- Fouché, N.; Van den Berg, R. & Olivier, J. 2017. Carstens se raamwerk van Afrikaanse konjunksiemerkers: 'n akkurater en vollediger weergawe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(3):814-836.
- Fox Tree, J.E. 2007. Folk notions of um and uh, you know, and like. *Text & Talk: An Interdisciplinary Journal of Language, Discourse & Communication Studies*, 27(3):297-314.
- Fox Tree, J.E. 2015. Discourse markers in writing. *Discourse Studies*, 17(1):64-82.
- Fraser, B. 1996. Pragmatic markers. *Pragmatics*, 6(2):167-190.
- Fraser, B. 1999. What are discourse markers? *Journal of Pragmatics*, 31(7):931-952.
- Fraser, B. 2006. Towards a theory of discourse markers. In: Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*, Amsterdam: Elsevier, 189-205.
- Fraser, B. 2009. An account of discourse markers. *International Review of Pragmatics*, 1(2): 293-320.
- Fraser, B. 2010. Pragmatic competence: the case of hedging. *New approaches to hedging*, 1(1):15-34.
- Grice, H.P. 1989. *Studies in the way of words*. Cambridge: Harvard University Press.
- Grundlingh, L. 2016. Interpreting 'PJ Powers': a relevance-theoretic approach. *Language Matters* 47(2):246-268.
- Grundlingh, L. 2018. Die grammatikale en leksikale eienskappe van geselekteerde Afrikaanse gedigte. *Litnet Akademies* 15(2):51-79.
- Gumperz, J.J. 2003. Interactional sociolinguistics: a personal perspective. In: Tannen, D.; Hamilton, H. & Schiffrin, D. (reds.). *The handbook of discourse analysis*. Oxford: Blackwell, 309-321.
- Haddican, W. & Zweig, E. 2012. The syntax of manner quotative constructions in English and Dutch. *Linguistic Variation*, 12(1):1-25.

- HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). 2015. s.v. “hoor”. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). 2015. s.v. “oukei”. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). 2015. s.v. “rêrig”. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). 2015. s.v. “soos”. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). 2015. s.v. “weet jy wat”. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Heine, B. & Kuteva, T. 2002. *World lexicon of grammaticalization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heine, B. 2013. On discourse markers: Grammaticalization, pragmaticalization, or something else? *Linguistics* 51(6), 1205-1247.
- Hopper, P.J. & Traugott, E.C. 2003. *Grammaticalization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Höhn, N. 2012. And they were all like “What’s going on?”: new quotatives in Jamaican and Irish English. In: Hundt, M. & Gut, U. (reds.). *Mapping unity and diversity worldwide: corpus-based studies of new Englishes*. Amsterdam: John Benjamins, 43:263-290.
- Huddleston, K. & Fairhurst, M. 2013. The pragmatic markers anyway, okay and shame: a South African English corpus study. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42:93-110.
- Ito, R. & Tagliamonte, S. 2003. Well weird, right dodgy, very strange, really cool: layering and recycling in English intensifiers. *Language in Society*, (2):257-279.
- Jeffrey, C. 2003. On compiling a corpus of South African English. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 21(4):341-344.
- Jordaan, A. 2014. *Die gebruik van metadiskoers in Afrikaans T1-skryfwerk van eerstejaar-universiteitstudente*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

- Kirsner, R. & Van Heuven, V. 1996. Boundary tones and the semantics of the Dutch final particles *hè*, *hoor*, *zeg*, and *joh*. In: Cremers, C. & Den Dikken, M. (eds.). *Linguistics in the Netherlands 1996*. Amsterdam: John Benjamins, 133-146.
- Kroes, H. 1982. *Die frekwensiebepaling van die kernwoordeskat en sekere strukture van die Afrikaanse spreektaal*. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Labov, W. 1966. *The Social Stratification of English in New York City*. Washington: Centre of Applied Linguistics.
- Labov W. 1972a. *Language in the inner city*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
- Labov, W. 1972b. *Sociolinguistic patterns*. Oxford: Blackwell.
- Labov, W. 2001. *Principles of linguistic change: social factors*. Volume 2. Oxford: Blackwell.
- Lakoff, R. 1975. *Language and woman's place*. New York: Harper Row.
- Laserna, C.M.; Seih, Y. & Pennebaker, J.W. 2014. Um ... who like says *you know*: filler word use as a function of age, gender, and personality. *Journal of Language and Social Psychology*, 33(3):328-338.
- Lehmann, C. 1985. Grammaticalization: synchronic variation and diachronic change. *Lingua e Stile*, 20:303-318.
- Lehmann, C. 2015. *Thoughts on grammaticalization*. Berlin: Language Science Press.
- Levey, S. 2003. He's like "Do it now!" and I'm like "No!". *English Today*, 19(1):24-32.
- Levinson, S.C. 2000. *Presumptive meanings: the theory of generalized conversational implicature*. Massachusetts: MIT Press.
- Louro, C.R. 2013. Quotatives down under: be like in cross-generational Australian English speech. *English World-Wide*, 34(1):48-76.
- López-Couso, M.J., 2016. Continuing the dialogue between corpus linguistics and grammaticalization theory: three case studies. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory*, 12(1):7-29.
- Marais, S. 2005. *Afrikaanse tienertaal*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.

- Marais, S. & Coetzee, A. 2005. Tienerafrikaans. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(2):244-259.
- Martínez, I.M.P. 2011. "I might, I might go I mean it depends on money things and stuff". A preliminary analysis of general extenders in British teenagers' discourse. *Journal of Pragmatics*, 43(9):2452-2470.
- Martínez, I.M.P. 2013. Zero quoting in the speech of British and Spanish teenagers: A contrastive corpus-based study. *Discourse Studies* 15(4):439-462.
- Mazeland, H. & Plug, L. 2010. Doing confirmation with *ja/nee hoor*: sequential and prosodic characteristics of a Dutch discourse particle. In: Barth-Weingarten, D.; Reber, E. & Selting, M. (reds.) *Prosody in interaction*. Amsterdam: John Benjamins, 161-188.
- McEnery, T. & Hardie, A. 2012. *Corpus linguistics: method, theory and practice*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Meyer, C.F. 2004. *English corpus linguistics. an introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Miller, J. & Weinert, R. 1995. The function of like in dialogue. *Journal of Pragmatics*, 23:365-393.
- Milroy L. 1980. *Language and Social Networks*. Oxford: Blackwell
- Murphy, B. 2010. *Corpus and sociolinguistics: investigating age and gender in female talk*. Philadelphia: John Benjamins.
- Nardy, A.; Chevrot, J-P. & Barbu, S. 2013. The acquisition of sociolinguistic variation: looking back and thinking ahead. *Linguistics*, 51(2):255-284.
- Östman, J-O. 1982. The symbiotic relationship between pragmatic particles and impromptu speech. In: Enkvist, N.E. (red.). *Impromptu speech: a symposium. Papers contributed to a symposium on problems in the linguistic study of impromptu speech*. Washington: ERIC Clearinghouse, 147-177.
- Parkins, R. 2012. Gender and emotional expressiveness: an analysis of prosodic features in emotional expression. *Griffith Working Papers in Pragmatics and Intercultural Communication* 5(1):46-54.
- Ponelis, F.A. 1976. *Ponelis korpus van Gesproke Afrikaans 1.0*. Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.



- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Duisburg papers on research in language and culture 18. Frankfurt: Peter Lang.
- Ponelis, F.A. 1998. Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie. Universiteit van Stellenbosch, *Annale* 1998(1):1–80.
- Precht, K. 2008. Sex similarities and differences in stance in informal American conversation. *Journal of Sociolinguistics*, 12(1):89-111.
- Retief, R. 1988. Verskoon my, maar bedoel u nou ...? (Kommunikasie interpretasie, relevansie). *South African Journal of Linguistics*, 6(2):59-74.
- Romaine, S. 2000. *Language in society. An introduction to sociolinguistics*. New York: Oxford University Press.
- Romaine, S. & Lange, D. 1991. The use of like as a marker of reported speech and thought: a case of grammaticalization in progress. *American Speech*, 66(3):227-279.
- Romero-Trillo, J. 2001. A mathematical model for the analysis of variation in discourse. *Journal of Linguistics*, 37(3):527-550.
- Romero-Trillo, J. (red.). 2008. *Pragmatics and corpus linguistics: a mutualistic entente*. Berlyn: Mouton de Gruyter.
- Romero-Trillo, J. 2015. Prosodic modeling and position analysis of pragmatic markers in English conversation. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory*, 14(1):169-195.
- Romero-Trillo, J. 2019. Pragmatic markers. In: Chapelle, C.A. (red.) *The encyclopedia of applied linguistics*. DOI: 10.1002/9781405198431.wbeal0929.pub2
- Rühlemann, C. 2012. What can a corpus tell us about pragmatics? In: O’Keeffe, A. & McCarthy, M. (reds.). *The Routledge handbook of corpus linguistics*. Londen: Routledge, 288-302.
- Saal, E.O. & Lawrence, D. 2019. “Ons skryf soos ons praat”: Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)* 16(1). Beskikbaar by: [www.litnet.co.za/ons-skryf-soos-ons-praat-informalisering-van-geskrewe-afrikaans-onder-afrikaanse-tieners/](http://www.litnet.co.za/ons-skryf-soos-ons-praat-informalisering-van-geskrewe-afrikaans-onder-afrikaanse-tieners/) (Datum geraadpleeg: 1 Mei 2019).

- Schiffrin, D. 1987. *Discourse markers*. New York: Cambridge University Press.
- Schiffrin, D. 2003. Discourse markers: language, meaning, and context. In: Schiffrin, D.; Tannen, D. & Hamilton, H. (reds.), *The handbook of discourse analysis*, Oxford: Blackwell, 54-75.
- Simon-Vandenberghe, A. & Willems, D. 2011. Crosslinguistic data as evidence in the grammaticalization debate: The case of discourse markers. *Linguistics* 49(2), 333-364.
- Sperber, D. & Wilson, D. 2006. Relevance theory. In: Horn, L.R. & Ward, G. (reds.) *The handbook of pragmatics*. Oxford: Blackwell, 607-632.
- Stenström, A-B. 2014. Avoid silence! Keep talking!: pragmatic markers as phatic devices in teenage conversation. *Functions of Language*, 21(1): 30-49.
- Stenström, A-B.; Andersen, G. & Hasund, I.K. 2002. *Trends in teenage talk: corpus compilation, analysis and findings*. Amsterdam: John Benjamins.
- Tagliamonte, S.A. & Hudson, R. 1999. *Be like* et al. beyond America: the quotative system in British and Canadian youth. *Journal of Sociolinguistics*, 3(2):147-172.
- Tagliamonte, S.A. & D'Arcy, A. 2004. *He's like, she's like*: the quotative system in Canadian youth. *Journal of Sociolinguistics*, 8(4):493-541.
- Tagliamonte, S.A. & D'Arcy, A. 2007. Frequency and variation in the community grammar: tracking a new change through the generations. *Language Variation and Change*, 19(2):199-217.
- Terraschke, A. 2010. "And I was like 'ah yeah, what are they talking about?'" : the use of quotatives in New Zealand English. In: De Beuzeville, L. & Peters, P. (eds.). *Selected papers from the 2008 conference of the Australian linguistics society*. Sydney: University of Sydney.
- Terraschke, A. 2013. A classification system for describing quotative content. *Journal of Pragmatics*, 47(1):59-74.
- Tognini-Bonelli, E. 2001. *Corpus linguistics at work*. Amsterdam: John Benjamins.
- Torgersen, E.N.; Gabrielatos, C.; Hoffmann, S. & Fox, S. 2011. A corpus-based study of pragmatic markers in London English. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory*, 7(1):93-118.

- Underhill, R. 1988. Like is, like, focus. *American Speech*, 63(3):234-246.
- Van Bree, C. 1996. *Historische taalkunde*. Leuven: Acco.
- Van der Merwe, G.S. 1993. Gambiete. *South African Journal of Linguistics*, 11(15):91-106.
- Van Huyssteen, G.B., 2018, 'n Korpusondersoek na *huidiglik*. *Literator* 39(2).  
DOI:10.4102/lit.v39i2.1527 (Datum geraadpleeg: 8 November 2019).
- Van Huyssteen, G.B.; Botha, M. & Antonites, A. 2016. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en markbehoefes in die Afrikaanse gemeenskap. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):410-437.
- Van Jaarsveld, G. & Van Niekerk, A. 1994. Wat bind beurte? *South African Journal of Linguistics*, 12(3):84-89.
- Van Niekerk, A. 1992. Die omskrywing en klassifikasie van gespreksmerkers as kontekstuele leidrade in Afrikaanse gesprekke. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.
- Van Niekerk, A. 1994. Wel...uh...wat ek wou vra: wat is 'n gambiet? *South African Journal of Linguistics*, 12(3):89-99.
- VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans). 2014. Korpusportaal. Beskikbaar by: <http://korpus.viva-afrikaans.org/whitelab-oop/explore/corpus> (Datum geraadpleeg: 27 September 2019).
- WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal). 2019. s.v. "regtig". Beskikbaar: [www.woordeboek.co.za](http://www.woordeboek.co.za) (Datum geraadpleeg: 1 Desember 2019).
- Wierzbicka, A. 1991. *Cross-cultural pragmatics: the semantics of human interaction*. Berlyn: Mouton de Gruyter.
- Wiese, H. 2011. So as focus marker in German. *Linguistics*, 49(5):991-1039.
- Winter, J. 2002. Discourse quotatives in Australian English: adolescents performing voices. *Australian Journal of Linguistics*, 22(1):5-21.

## Bylaag A: Demografiese inligting van deelnemers

Hierdie bylaag bevat tabelle waarin die demografiese inligting van die sprekers weergegee word.

- Tabel A1: Sprekerdemografie Jong Omgangsafrikaans (JO)
- Tabel A2: Sprekerdemografie Volwasse Omgangsafrikaans (VO)
- Tabel A3: Sprekerdemografie Bejaarde Omgangsafrikaans (BO)

**Tabel A1: Sprekerdemografie jong Omgangsafrikaans (JO)**

Spreker ID	Ouderdom	Matrikuleer in	Huidige blyplek	Lewensfase	Geslag <sup>105</sup>
155	17	Pretoria	Pretoria	skolier	M
4	18	Pretoria	Pretoria	student	M
5	18	Pretoria	Pretoria	student	M
6	18	Pretoria	Pretoria	student	M
7	18	Pretoria	Pretoria	student	V
8	18	?	Pretoria	student	M
9	18	?	Pretoria	student	M
10	18	?	Pretoria	student	V
11	18	Pretoria	Pretoria	student	V
12	18	Pretoria	Pretoria	student	M
154	18	Pretoria	PVR <sup>106</sup> , Pretoria	student	M
169	18	?	Pretoria	student	V
15	19	Pretoria	Pretoria	student	M
16	19	?	Pretoria	student	V
17	19	?	Pretoria	student	M
18	19	?	Pretoria	student	M
19	19	?	Pretoria	student	V
20	19	?	Pretoria	student	V

<sup>105</sup> M=manlik; V=vroulik

<sup>106</sup> Pierre van Ryneveld

21	19	?	Pretoria	student	V
22	19	?	Pretoria	student	V
23	19	Centurion	Pretoria	student	V
24	19	?	Pretoria	student	M
25	19	Pretoria	Pretoria	student	M
26	19	Pretoria	Pretoria	student	V
27	19	Johannesburg	Pretoria	student	V
28	19	Randburg	Pretoria	student	V
29	19	Pretoria	Pretoria	student	V
168	19	?	Pretoria	student	V
170	19	?	Pretoria	student	V
176	19	?	Pretoria	student	M
177	19	?	Pretoria	student	M
178	19	?	Pretoria	student	V
179	19	?	Pretoria	student	V
30	20	Pretoria	Pretoria	student	M
31	20	Pretoria	Pretoria	student	M
32	20	?	Pretoria	student	V
33	20	?	Pretoria	student	M
34	20	?	Pretoria	student	M
35	20	Pretoria	Pretoria	student	M
36	20	Pretoria	Pretoria	student	M
37	20	Springs	Pretoria	student	M
38	20	Vereeniging	Pretoria	student	M
39	20	Pretoria	Pretoria	student	V
40	20	?	Pretoria	student	M
41	20	Pretoria	Montana, Pretoria	student	M
42	20	Pretoria	Pretoria	student	M
43	20	Krugersdorp	Pretoria	student	V
44	20	Centurion	Wierdapark, Pretoria	student	V
45	20	Ermelo	Pretoria	student	V
46	20	Pretoria	Pretoria	student	V
47	20	Pretoria	Pretoria	student	V

48	20	Vanderbijlpark	Pretoria	student	V
49	20	Bronkhorstspuit	Bronkhorstspuit	werkend	M
50	20	Bronkhorstspuit	Pretoria	student	M
51	20	Pretoria	Pretoria	student	M
52	20	Brits (geb. Pta)	Pretoria	student	V
53	20	Pretoria	Pretoria	student	V
54	20	Johannesburg	Pretoria	student	V
55	20	Kempton Park	Pretoria	student	V
56	20	Boksburg	Pretoria/Brakpan	student	V
57	20	Pretoria	Pretoria	student	M
58	20	Pretoria	Pretoria	student	V
85	20	Johannesburg	Pretoria	student	V
97	20	Pretoria	Pretoria	student	M
98	20	Pretoria	Pretoria	student	V
142	20	Pretoria	Pretoria	student	V
149	20	?	Pretoria	student	M
151	20	Pretoria	Pretoria	student	M
163	20	Pretoria	Pretoria	student	V
167	20	?	Pretoria	student	V
173	20	?	Pretoria	student	V
174	20	?	Pretoria	student	M
180	20	?	Pretoria	student	V
181	20	?	Pretoria	student	M
148	20	?	Pretoria	onbekend	M
59	21	?	Pretoria	student	M
60	21	?	Pretoria	student	M
61	21	?	Pretoria	student	M
62	21	Vereeniging	Pretoria	student	V
63	21	Pretoria	Sinoville, Pretoria	student	M
64	21	Ermelo	Pretoria	student	V
65	21	Phalaborwa	Pretoria /Bloemfnt	student	V
66	21	Phalaborwa	Pretoria/Tzaneen	student	V
67	21	Centurion	Centurion	student	V

68	21	Pretoria	Pretoria	student	V
69	21	Pretoria	Pretoria	student	V
70	21	Pretoria	Pretoria	student	M
71	21	Pretoria	Pretoria	student	M
72	21	Pretoria	Pretoria	student	V
73	21	George	Pretoria	student	V
164	21	Pretoria	Pretoria	student	M
171	21	?	Pretoria	student	M
74	22	Delmas	Pretoria	student	V
75	22	?	Pretoria	student	V
76	22	Pretoria	Pretoria	student	V
77	22	Centurion	Centurion	student	M
78	22	Centurion	Pretoria	student	M
79	22	Pretoria	Pretoria	student	M
153	22	Pretoria	PVR, Pretoria	student	M
157	22	Vryheid	Pretoria	student	V
158	22	Roodepoort	Pretoria	student	V
159	22	Newcastle	Pretoria	student	V
160	22	Naboomspruit	Pretoria	student	V
161	22	Warmbad	Pretoria	student	V
162	22	Pretoria	Pretoria	werkend	M
165	22	Pretoria	Centurion	student	M
175	22	?	Pretoria	student	M
80	23	Middelburg MP	Middelburg MP	werkend	V
81	23	Pretoria	Pretoria	student	M
82	23	?	Pretoria	student	V
83	23	Secunda	Pretoria	student	V
84	23	?	Pretoria	student	V
149	23	Pretoria	Pretoria	werkend	M
150	23	Pretoria	Pretoria	werkend	V
152	23	?	Pretoria	werkend	V
87	24	Pretoria	Stellenbosch	werkend	M
89	25	Pretoria	Equestria, Pretoria	werkend	M

## Statistiek

Gemiddelde ouderdom	20,2
Gemiddelde ouderdom: mans	20,2
Gemiddelde ouderdom: vroue	20,3
Aantal vroulike sprekers	62
Aantal manlike sprekers	53

**Tabel A2: Sprekerdemografie van volwasse Omgangsafrikaans (VO)**

Spreker ID	Ouderdom	Matrikuleer in	Huidige blyplek	Lewensfase	Geslag
93	30	Pretoria	Colbyn, Pretoria	werkend	M
94	31	Middelburg MP	Lyttelton, Centurion	werkend, ongetroud	M
95	31	Port Elizabeth	Colbyn, Pretoria	werkend	M
96	32	Phalaborwa	Waterkloofrif, Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
99	32	Pretoria	Pierre van Ryneveld, Pretoria	Werkend, getroud, kinders	V
100	32	Pretoria	Erasmusrand, Pretoria	getroud, kinders	V
101	33	Pretoria	Lyttelton, Centurion	werkend, ongetroud	V
102	33	Secunda	Pierre van Ryneveld, Pretoria	werkend, ongetroud	M
104	35	Evander	Waterkloof, Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
105	36	Vryburg	Irene, Centurion	werkend, getroud, kinders	M
106	36	Kroonstad	Waverley Pretoria	werkend, getroud, kinders	V



107	36	Pretoria	Pierneefrant Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
108	36	Kroonstad	Erasmusrand Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
110	36	Evander	Erasmusrand, Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
111	36	Pretoria	Pierre van Ryneveld, Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
112	36	Pretoria	Erasmusrand, Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
113	37	Klerksdorp	Irene, Centurion	tuisteskepper, getroud, kinders	V
114	37	Pretoria	Waterkloofrif, Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
116	38	George	Waverley Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
117	41	Jan Kempdorp	Waterkloofrif, Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
118	42	Rustenburg	Waterkloof, Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
119	43	Benoni	Irene, Centurion	werkend, getroud, kinders	V
120	44	Pretoria	Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
121	45	Pretoria	Waverley, Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
115	46	Pretoria	Waverley, Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
122	46	Pretoria	Pretoria	werkend, ongetroud	M
123	47	Polokwane	Pretoria	werkend, getroud, kinders	V
124	48	Pretoria	Montana, Pretoria	werkend, getroud, kinders	V

125	48	Pretoria	Brits	werkend, getroud, kinders	V
126	49	Pretoria	Monumentpark, Pretoria	ongetroud, werkend	V
127	52	Kroonstad	Waterkloofrif, Pretoria	werkend, getroud, kinders	M
128	56	Polokwane	Pretoria	deelydse student, werkend, ongetroud, kinders	V

### Statistiek

Gemiddelde ouderdom	39,4
Gemiddelde ouderdom: mans	38,3
Gemiddelde ouderdom: vroue	40,4
Aantal vroulike sprekers	17
Aantal manlike sprekers	15

**Tabel A3: Sprekerdemografie van bejaarde Omgangsafrikaans (BO)**

Spreker ID	Ouderdom	Matrikuleer in	Huidige blyplek	Lewensfase	Geslag
134	71	Witrivier	Pretoria	bejaarde	V
135	76	Stellenbosch	Pretoria	bejaarde	V
136	77	Witbank	Pretoria	bejaarde	V
137	78	Worcester	Pretoria	bejaarde	V

138	81	Pretoria	Pretoria	bejaarde	V
139	82	Pretoria	Pretoria	bejaarde	V
140	83	Vereeniging	Waterkloof, Pretoria	bejaarde	V
141	83	Pretoria	Pretoria	bejaarde	V
143	88	Ventersdorp	Waterkloof, Pretoria	bejaarde	V
144	90	Kaapstad	Waterkloof, Pretoria	bejaarde	V
145	90	Vryheid	Waterkloof, Pretoria	bejaarde	V
146	93	Paarl	Waterkloof, Pretoria	bejaarde	M
147	94	Bloemfontein	Pretoria	bejaarde	V

### Statistiek

Gemiddelde ouderdom	83,5
Gemiddelde ouderdom: mans	93
Gemiddelde ouderdom: vroue	82,8
Aantal vroulike sprekers	12
Aantal manlike sprekers	1

## Bylaag B: Voorbeeld van transkripsie

*Die transkripsie wat hier weergegee word, bevat slegs jong, manlike sprekers en dit is dus in sy geheel ingesluit by die MJO<sup>107</sup>.*

<153M> ek dink ek soek nie 'n TV in my huis nie

<154M> hoekom nie

<155M> ek wou nou net sê wat gaan die kinders doen uhm hulle gaan bordspeletjies speel

<153M> my tjom hulle gaan lees

<154M> <lag> hulle gaan lees

<153M> ek kyk Binnelanders dis al

<onhoorbaar>

<153M> maar dis net omdat dit is soos as ek by die huis kom dan sit my ma en my pa daar en dan sit ons daar ons almal sit en dan kyk ons saam Binnelanders en dan as dit verby is is dit weg

<154M> dis die familietyd ja dis die familietyd Binnelanders

<154M> maar dan gaan lê jy dan gaan lê in jou bed en kyk YouTube

<153M> oukei ek doen kyk YouTube so nou en dan want jy stuur vir my klomp links\_E <direkte rede> hey dude\_E gaan kyk hierdie gaan kyk hierdie </direkte rede>

<154M> oukei dan kry hy nou dan kry hy nou byvoorbeeld dan

<154M> ons lê en kyk 'n fliëk oukei

<153M> was 'n briljante movie\_E gewees ek sal dit gee

<154M> <lag> na die tyd <naam> watse musiek gaan ons luister laat ek connect\_E op jou TV\_E

<153M> dit was YouTube

<154M> speel hy musiek van die op die van die op die TV deur sy foon

<153M> oukei maar

<154M> dis nou weer 'n ander ding wat

<153M> ek sal seker maak daar's vet speakers\_E in my huis

<154M> soos hierdie

<155M> jy't nog nie my luidsprekers gehoor nie

---

<sup>107</sup> Dié transkripsie is onveranderd uit die korpus geneem. Die hoofletter- en leestekengebruik is dus nie aangepas nie, en Engelse woorde word steeds met annotasies aangedui.

<153M> so daar sal musiek wees in my huis maar nie 'n TV nie

<154M> ja

<155M> nee maar soos ek sê

<153M> want ek en my vrou gaan nie heel aand sit en TV kyk nie ons gaan chat\_E <gebare vingerklappe> boom\_E

<lag>

<153M> en

<153M> ek het

<153M> ag wie kyk dit anyway\_E

<155M> dankie wie kyk dit anyways\_E

<155M> ja behalwe nou vir jou

<153M> nee nee so ek ek wil eerder saam my vrou

<154M> kwaliteit kwaliteittyd spandeer

<153M> kwaliteittyd sterre kyk uhm

<154M> kombersie piekniek

<153M> kombersie as dit soos dit lyk dan lê ons net daar met 'n kersie en ons chill\_E

<onhoorbaar>

<155M> oukei maar die wind gaan dit die die wind gaan die kersie mos nou opfoeter

<153M> bra <onhoorbaar>

<154M> jy gaan dit jy gaan dit nou nie elke aand doen nie nè

## Bylaag C: Woordelyste van die PO se subkorpora

Hier onder volg die eerste 200 woorde uit die resultate van die woordelysfunksie van AntConc uitgevoer op die JO, VO en BO onderskeidelik. Die eerste getal verwys na die rangnommer, die tweede na die gebruiksfrekwensie van die woordvorm in die PO en daarna volg die woordvorm ter sprake. Woorde met potensiaal om as pragmatiese merkers gereken te word, is in vetdruk geplaas. Die gebruiksfrekwensie van die woorde wat die potensiaal het om as pragmatiese merker te op te tree – d.i. die woorde in vetdruk – in die tabel hieronder dui op die totale voorkomsvrekwensie van die woorde in die korpus, en nie slegs op die pragmatiese gebruike van die woorde nie. So byvoorbeeld toon “maar” ’n baie hoë frekwensietelling, maar dit sluit beide die pragmatiese en niepragmatiese gebruike van “maar” in.

JO	VO	BO
#Word Types: 2820 #Word Tokens: 30181	#Word Types: 4197 #Word Tokens: 52984	#Word Types: 1881 #Word Tokens: 16768
1 1193 ek	1 1764 nie	1 705 ek
2 1104 nie	2 1705 die	2 635 en
3 814 het	3 1692 ek	3 623 die
4 812 die	4 1215 ja	4 511 nie
5 801 is	5 1190 en	5 422 ja
6 697 dit	6 1128 het	6 416 het
7 645 jy	7 1009 dit	7 323 'n
8 630 en	8 952 is	8 315 jy
9 584 ons	9 944 <b>nou</b>	9 315 <b>nou</b>
10 537 ja	10 936 jy	10 296 is
11 462 <b>soos</b>	11 934 so	11 289 <b>maar</b>
12 445 gaan	12 926 <b>maar</b>	12 282 dit
13 423 wat	13 861 'n	13 254 hulle
14 420 <b>maar</b>	14 855 hy	14 239 wat
15 401 vir	15 722 dis	15 225 my
16 397 <b>nou</b>	16 722 ons	16 216 toe

17	381	my	17	660	hulle	17	192	ons
18	366	<b>dan</b>	18	635	wat	18	184	vir
19	344	hulle	19	585	toe	19	176	<b>dan</b>
20	338	dis	20	583	sy	20	172	in
21	333	hy	21	575	vir	21	168	daar
22	304	<b>so</b>	22	530	sê	22	163	dis
23	293	net	23	520	<b>dan</b>	23	162	was
24	283	toe	24	489	in	24	161	<b>so</b>
25	276	in	25	464	daar	25	156	sy
26	245	nee	26	457	gaan	26	153	nee
27	220	van	27	452	s	27	153	<b>weet</b>
28	215	jou	28	445	kan	28	139	kan
29	215	moet	29	443	my	29	131	hy
30	211	sê	30	422	nee	30	129	gaan
31	204	kan	31	412	net	31	129	sê
32	198	sy	32	407	was	32	108	van
33	187	daar	33	390	daai	33	105	baie
34	187	met	34	337	moet	34	104	ook
35	177	op	35	332	want	35	102	met
36	177	<b>weet</b>	36	327	as	36	96	as
37	171	as	37	317	t <sup>108</sup>	37	93	te
38	165	daai	38	304	ook	38	93	<b>uh</b>
39	165	te	39	294	jou	39	91	by
40	165	was	40	284	op	40	90	op
41	159	om	41	277	by	41	88	jou
42	153	s <sup>109</sup>	42	272	baie	42	83	wil
43	147	want	43	269	tannie	43	81	moet
44	143	<b>oukei</b>	44	266	van	44	80	s
45	141	hierdie	45	262	hom	45	78	om

<sup>108</sup> Hierdie “t” verwys na die “het” as deel van die saamgetrekte vorm, byvoorbeeld “hy’t” (i.p.v. “hy het”).

<sup>109</sup> Hierdie “s” verwys na die “is” as deel van ’n saamgetrekte vorm, byvoorbeeld “hy’s” (i.p.v. “hy is”).

46	140	ook	46	261	met	46	77	t
47	134	baie	47	254	of	47	76	kom
48	128	dink	48	239	te	48	75	net
49	128	of	49	230	dink	49	72	al
50	126	doen	50	230	weet	50	72	sal
51	123	<b>uhm</b>	51	228	om	51	71	nog
52	121	al	52	224	<b>o</b>	52	68	want
53	115	julle	53	221	wil	53	67	<b>goed</b>
54	106	een	54	212	lekker	54	66	doen
55	104	nog	55	191	al	55	64	of
56	102	<b>o</b>	56	186	sal	56	63	hier
57	101	jaar	57	178	kom	57	58	daai
58	100	by	58	178	nog	58	57	<b>e</b>
59	95	hoe	59	174	<b>mos</b>	59	55	haar
60	95	wil	60	168	hierdie	60	51	aan
61	94	kom	61	166	<b>goed</b>	61	51	een
62	90	hom	62	161	<b>oukei</b>	62	49	kyk
63	89	sal	63	161	soos	63	48	lekker
64	87	hier	64	159	doen	64	44	<b>bietjie</b>
65	80	hoekom	65	157	se	65	44	mense
66	79	<b>hoor</b>	66	155	een	66	43	kry
67	78	eers	67	153	hier	67	43	meer
68	76	wees	68	152	haar	68	43	na
69	73	kyk	69	152	kyk	69	42	dink
70	73	praat	70	147	hoor	70	42	weer
71	72	waar	71	143	<b>nè</b>	71	41	<b>hoor</b>
72	69	<b>mm</b>	72	133	<b>bietjie</b>	72	40	mens
73	69	<b>rêrig</b>	73	132	hoe	73	37	gehad
74	69	sit	74	129	sit	74	37	<b>o</b>
75	68	haar	75	124	kry	75	36	kinders
76	67	mense	76	123	<b>uhm</b>	76	35	altyd



77	67	<b>nè</b>	77	122	mens	77	35	hierdie
78	66	iets	78	121	aan	78	35	<b>uhm</b>
79	65	oor	79	118	ou	79	33	dat
80	64	af	80	117	julle	80	31	<b>ag</b>
81	63	<b>goed</b>	81	104	<b>ag</b>	81	30	af
82	63	kry	82	100	ding	82	30	eers
83	62	t	83	100	eintlik	83	30	hom
84	61	gesê	84	98	iets	84	30	twee
85	60	ding	85	98	kinders	85	30	tyd
86	60	twee	86	95	weer	86	29	ander
87	59	<b>bietjie</b>	87	94	twee	87	29	bly
88	59	lekker	88	92	na	88	29	groot
89	56	aan	89	90	ander	89	29	huis
90	55	dat	90	90	maak	90	29	<b>mm</b>
91	54	maak	91	89	oor	91	29	se
92	52	se	92	89	wees	92	29	waar
93	51	meer	93	88	sien	93	28	hoe
94	48	huis	94	84	<b>mm</b>	94	28	sien
95	48	<b>mos</b>	95	83	af	95	28	sit
96	48	uit	96	83	mense	96	28	<b>soos</b>
97	47	elke	97	83	werk	97	27	hierso
98	44	almal	98	80	gesê	98	27	maak
99	44	gedoen	99	80	huis	99	26	man
100	44	gewees	100	78	jaar	100	25	mag
101	41	alles	101	76	<b>ja-nee</b>	101	25	mooi
102	41	sien	102	76	waar	102	25	word
103	40	ander	103	75	altyd	103	24	help
104	40	<b>goeters</b>	104	75	hou	104	24	plek
105	39	eintlik	105	74	dat	105	24	uit
106	39	hou	106	74	gee	106	23	gewees
107	39	lyk	107	74	hoekom	107	23	iets

108	39	<b>uh</b>	108	72	groot	108	22	alles
109	39	weer	109	71	mooi	109	22	saam
110	39	wie	110	71	ry	110	21	jaar
111	38	hierso	111	68	gehad	111	21	niks
112	38	saam	112	66	eers	112	21	oor
113	36	begin	113	66	ma	113	20	gee
114	36	iemand	114	65	hê	114	20	hou
115	36	keer	115	61	man	115	19	dag
116	36	werk	116	61	seker	116	19	ma
117	34	laat	117	61	uit	117	19	<b>mos</b>
118	34	mens	118	60	dag	118	19	praat
119	33	drie	119	60	meer	119	19	tot
120	33	geld	120	59	jis	120	18	deur
121	33	niks	121	57	bly	121	18	gesê
122	33	tyd	122	57	darem	122	18	reg
123	33	voor	123	57	gewees	123	17	dinge
124	32	hê	124	56	keer	124	17	geval
125	32	klas	125	56	saam	125	17	ry
126	31	<b>ag</b>	126	55	dankie	126	17	seker
127	31	pa	127	55	oom	127	16	drie
128	31	rand	128	55	praat	128	16	iemand
129	31	<b>verstaan</b>	129	54	reg	129	16	jong
130	29	bly	130	51	sulke	130	16	kind
131	29	mooi	131	51	vat	131	16	kon
132	29	na	132	50	begin	132	16	loop
133	29	vat	133	50	uh	133	16	musiek
134	29	volgende	134	49	alles	134	16	tannie
135	28	gee	135	49	<b>verstaan</b>	135	16	vandag
136	28	koop	136	48	almal	136	15	ding
137	28	ma	137	47	slaap	137	15	eintlik
138	28	ou	138	46	niks	138	15	elk

139	28	week	139	45	iemand	139	15	elke
140	27	dalk	140	45	lyk	140	15	hele
141	27	sou	141	45	onthou	141	15	lank
142	27	tot	142	45	voel	142	15	sulke
143	26	altyd	143	45	word	143	14	dokter
144	26	gehad	144	44	eet	144	14	eet
145	25	klaar	145	44	gedoen	145	14	hê
146	25	man	146	43	help	146	14	moes
147	25	moes	147	43	nogal	147	14	vrou
148	25	word	148	43	<b>rêrig</b>	148	13	als
149	24	eet	149	43	vyf	149	13	gekry
150	24	fokken	150	42	skool	150	13	kamer
151	24	reg	151	42	staan	151	13	klaar
152	24	vra	152	40	drie	152	13	sing
153	24	<b>wel</b>	153	39	dalk	153	12	besig
154	23	dag	154	39	hele	154	12	darem
155	23	klink	155	39	hierso	155	12	dié
156	22	foon	156	39	kant	156	12	dogter
157	22	nooit	157	39	nooit	157	12	gebeur
158	22	wou	158	39	tot	158	12	gedoen
159	21	jis	159	38	kon	159	12	omdat
160	21	laas	160	38	plek	160	12	ou
161	21	vandag	161	38	speel	161	12	sou
162	20	betaal	162	38	tyd	162	12	verander
163	20	cool	163	37	agter	163	12	wou
164	20	groot	164	37	laat	164	11	gegaan
165	20	voel	165	37	lank	165	11	gekom
166	20	wys	166	37	lat	166	11	gery
167	19	besig	167	37	ses	167	11	graag
168	19	hele	168	36	anders	168	11	hang
169	19	trek	169	35	goeie	169	11	koop

170	19	watse	170	35	lê	170	11	nodig
171	18	eerste	171	35	slang	171	11	staan
172	18	engels	172	35	voor	172	11	suster
173	18	gedink	173	34	kos	173	11	terug
174	18	gepraat	174	34	mag	174	11	vier
175	18	help	175	33	moes	175	11	wees
176	18	letterlik	176	32	eerste	176	10	almal
177	18	speel	177	32	elke	177	10	gebly
178	18	staan	178	32	gekry	178	10	kuier
179	17	dieselfde	179	32	klaar	179	10	natuurlik
180	17	gebeur	180	32	rand	180	10	speel
181	17	gehoor	181	32	vier	181	10	verlede
182	17	gekry	182	32	volgende	182	9	aand
183	17	leer	183	31	gesien	183	9	begin
184	17	neem	184	31	kind	184	9	dankie
185	17	sulke	185	30	bedoel	185	9	gelukkig
186	17	vyf	186	30	bel	186	9	gemaak
187	16	aand	187	30	duik	187	9	keer
188	16	aantrek	188	30	geld	188	9	kerk
189	16	daarvan	189	30	klein	189	9	laat
190	16	darem	190	30	terug	190	9	lewe
191	16	gou	191	30	week	191	9	naam
192	16	i <sup>110</sup>	192	29	gebeur	192	9	onthou
193	16	omdat	193	29	gesels	193	9	plaas
194	16	paar	194	29	moenie	194	9	pretoria
195	16	<b>regtig</b>	195	29	u	195	9	raak
196	16	steeds	196	28	gou	196	9	verby
197	16	swot	197	28	sommer	197	9	vertel
198	16	vertel	198	27	foon	198	9	voor
199	16	wag	199	27	gebruik	199	9	week

<sup>110</sup> Hierdie “i” verwys na die Engelse “l” wat 16 keer in die JO voorkom.

200	15	<b>actually</b>	200	27	gedink	200	9	<b>wel</b>
-----	----	-----------------	-----	----	--------	-----	---	------------

## Bylaag D: Sertifikaat vir etiese klaring



### COLLEGE OF HUMAN SCIENCES RESEARCH ETHICS REVIEW COMMITTEE

Registration number: REC-240816-052

6 February 2017

2017-CHS-004  
Mrs Fourie  
Student Number: 33786313

Dear Mrs Fourie

**Decision: Ethics Approval**

Name: Mrs Fourie  
Department of Afrikaans and Theory of Literature  
afourietjie@gmail.com  
0792234548

**Proposal:** 'n Korpuslinguistiese ondersoek na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans (A corpus linguistic study of pragmatic markers in colloquial Afrikaans).

**Qualification:** Honours Bachelors of Arts: Afrikaans

Thank you for the application for research ethics clearance by the College of Human Sciences Research Ethics Review Committee. Final approval is granted for the duration of the research period.

*The application was reviewed in compliance with the Unisa Policy on Research Ethics by the College of Human Sciences Research Ethics Review Committee on 3 February 2017 and given ethical clearance.*

*The proposed research may commence with the proviso that:*

University of South Africa  
Pretter Street, Muckleneuk Ridge, City of Tshwane  
PO Box 392 UNISA 0003 South Africa  
Telephone: +27 12 429 3111 Facsimile: +27 12 429 4150  
www.unisa.ac.za

- 1) *The researcher/s will ensure that the research project adheres to the values and principles expressed in the UNISA Policy on Research Ethics.*
- 2) *Any adverse circumstance arising in the undertaking of the research project that is relevant to the ethicality of the study, as well as changes in the methodology, should be communicated in writing to the CHS Ethics Review Committee. An amended application could be requested if there are substantial existing proposal, especially if those changes affect any of the study-related risks for the research participants.*
- 3) *The researcher will ensure that the research project adheres to any applicable national legislation, professional codes of conduct, institutional guidelines and scientific standards relevant to the specific field of study.*

**Note:**

*The reference number [top right corner of this communiqué] should be clearly indicated on all forms of communication [e.g. Webmail, E-mail messages, letters] with the intended research participants, as well as with the College of Human Sciences Research Ethics Review Committee.*

Kind regards,



Professor AH Mavhandu-Mudzusi  
Chair: CHS Ethics Review Committee  
Department of Health Studies  
Tel: 012 429 2055  
Cell: 082 406 2494  
Email: mmudza@unisa.ac.za



Professor RMH Moeketsi  
Executive Dean: College of Human Sciences

